'N HISTORIES - KRITIESE STUDIE VAN SPRAAKONDERRIG AAN TRANSVAALSE SKOLE 1838 - 1951.

Deur

T. LE ROUX.

'n Proefskrif vir die graad van
Doctor Educationis van die
Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys.

V O O R W O O R D.

Ongeveer 'n kwart eeu gelede het opvoedkundiges die noodsaaklikheid van spraakonderrig begin besef, nie om van die kinders spraakkunstenaars te maak nie, maar om hulle te help om hulle alledaagse spraakuitings te verbeter.

Vir baie jare is Nederlands beskou as die moedertaal van die Afrikaanssprekende kind, en tog was dit 'n taal wat hy nooit gepraat het nie en baie min gehoor het, want die handelstaal was hoofsaaklik Engels. Toe Afrikaans uiteindelik as 'n offisiële taal erken is, was die algemene mening dat dit nie vir 'n Afrikaanse kind nodig is om te leer om Afrikaans te praat nie. Noudat Afrikaans in die handel, op die kansel, in die universiteite en in die skole gepraat word, kom meer en meer persone onder die indruk dat Afrikaans doeltreffender gepraat kan word. In hierdie proefskrif word 'n uiteensetting gegee van wat reeds in Transvaal aan spraakonderrig gedoen is, en 'n leerplan word aan die hand gedoen in 'n poging om die onderwys meer doelgerig te maak.

Die werk kon alleen gedoen word omdat soveel mense daarmee gehelp het. Dit is my aangename plig om my dank te betuig aan my vrou vir haar aanmoediging en getroue ondersteuning; aan die tweehonderd en ses hoofde van skole wat, ten spyte van baie werk, tog nog die vraelyste beantwoord het; aan die Transvaalse Onderwysdepartement vir sekere inligting en aan die Sekretarisse van die Onderwysdepartemente van die ander provinsies vir afskrifte van hul leerplanne. Dan moet ek ook my besondere waardering uitspreek vir die hulp wat prof. dr. P. de V. Pienaar van die Witwatersrandse Universiteit en die personeel van die Spraakkliniek verleen het deur

inligting te verstrek en boeke oor spraak en spraak-onderrig aan te beveel en ook om die boeke aan te stuur. As die studie enige waarde het, is dit te danke aan die bekwame leiding van prof. dr. J. Chr. Coetzee wat, ten spyte van sy menigvuldige en veeleisende werksaamhede, nog die tyd gevind het om as promoter op te tree. Sy besondere wye kennis, sy breë ervaring en sy diepgaande kritiek het dit n voorreg gemaak om sake met hom te bespreek.

INHOUD.

Afdeling A.	Bladsy.
n Histories- Kritiese Studie van Spraakonderrig	1 - 172
Hoofstuk I. Spraakonderrig in die Transvaal 1838 tot 1939.	1 - 54
1. Spraakonderrig in die Suid-Afrikaanse Republiek.	1
a. Inleiding.	1
b. Onderwys gedurende die Tydperk 1838 - 1851	2
c. Die begin van Georganiseerde Onderwys.	5
d. Nederlands word die Wetlike ~~Voertaal~~ in Gesubsidieerde Skole	11
2. Engels en Nederlands is Voertale	20
a. Kampskole	20
b. Engels is Voertaal	22
c. Nederlands word ook Voertaal naas	

ERRATA.

Toe die bladsye genommer is, is die getalle 73 en 319 per abuis weggelaat. Bladsye 74 en 320 volg dus op bladsye 72 en 318 respektiewelik.

Bladsy.

(iii) Dramatisering 81

(iv) Hardoplees 82

3. Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans (Huistaal) 1948. 84

a. Praat. 84

b. Voordrag en Koorpraat 96

c. Dramatisering 97

d. Hardoplees. 98

e. Samevatting van bespreking 99

4. Wenke. 100

5. Belangrikheid van Spraak in Departementele Eksamens. 101

a. Juniorsertifikaateksamen 101

b. Eindeksamen van die Middelbare Skool 102

6. Opleiding van Onderwysers 103

7. Belangrikheid van Spraak Benadruk. 105

8. Spraakgesteurdes 106

9. Samevatting van die Bespreking oor die Huidige Onderrig van Spraak in Transvaal. 108

Hoofstuk III. Bespreking van die Leerplanne van die Ander Provinsies. 113 - 168

1. Die Leerplan vir die Kaapprovinsie. 113

a. Die Leerplan vir Laerskole 113

(i) Die Inleiding. 113

(a) Mondelinge Stelwerk 114

(b) Spraakonderrig 116

(c) Samevatting van die Bespreking. 118

(d) Voordrag. 119

(e) Lees. 120

(ii) Die Leerplanne vir elke afsonderlike standerd. 121

(a) Mondelinge Stelwerk. 121

(b) Voordrag 139

(c) Lees 141

Bladsy.

b. Leerplanne vir Middelbare Klasse 142

(i) Juniorsertifikaateksamen 142

(ii) Senior Sertifikaateksamen 143

2. Die Leerplanne vir Natal. 144

a. Laerskole. 144

(i) Die Inleiding. 144

(a) Luister 145

(b) Praat. 145

(c) Lees en Voordrag. 146

(ii) Die Leerplanne vir elke Afsonderlike Standerd 147

(iii) Samevatting van die Bespreking 151

b. Vereistes by Eksamens van die Middelbare Skool 154

3. Die Leerplanne vir die Oranje-Vrystaat 154

a. Die Leerplan vir Laerskole 154

(i) Die Voorwoord 154

(a) Spreeklesse 154

(b) Lees 155

(ii) Die Leerplanne vir elke Afsonderlike Standerd 155

(a) Mondelinge Werk 156

(b) Voordrag 160

(c) Lees 160

(iii) Samevatting van die Bespreking 161

b. Mondelinge Werk aan Middelbare Skole 163

4. Samevatting van die Bespreking oor die Leerplanne van die Kaapprovinsie, Natal en Oranje-Vrystaat. 163

Oorsig van die hele Tydperk Bespreek in Afdeling A. 169

Afdeling B.	Bladsy.
Kritiese Opname Deur Middel van n Vraelys.	173 - 283
Hoofstuk IV. Doelstellings met Spraakonderrig	173 - 222
1. Inleiding	173
2. Die Ondersoek	173
3. Die Keuse van Doelstellings	176
4. Byvoeging van Doelstellings	181
a. Doelstellings wat bygevoeg kan word	183
b. Bespreking van Antwoorde	185
c. Samevatting van die Bespreking	187
5. Doel met Spraakonderrig in Elke Standerd	189
a. Samevatting van Antwoorde	189
b. Bespreking van Antwoorde	191
c. Beskouing oor Elke Doelstelling afsonderlik	204
6. Belangrikheid van Doelstellings	219
Hoofstuk V. Metodiek van Spraakonderrig en Tydbesteding	223 - 254
1. Inleiding	223
2. Metodiek van Spraakonderrig	224
a. Bespreking van Antwoorde	224
b. Samevatting van Antwoorde	243
3. Tyd aan Spraakonderrig Bestee	247
4. Belangrikheid van Spraak	254
Hoofstuk VI. Samevatting, Gevolgtrekkings en Implikasies	255 - 283
1. Samevatting	255
a. Belangrikheid van Spraakonderrig	255
b. Kennis van Spraakonderrig	256
(i) Keuse van Doelstellings	256
(ii) Byvoeging van Doelstellings	257
(iii) Hoe n doelwit bereik word	258
(iv) Voorskrifte vir elke standerd	265 .

Bladsy

(v) Aansluiting van die Middelbare skoolkursus by die kursus van die Laerskool 267

2. Gevolgtrekkings. 268

3. Implikasies 274

Afdeling C.

Konstruktiewe Deel. 284 - 381

Hoofstuk VII. Die Probleem van Spraakonderrig. 284 - 347

1. Spraakonderrig en Opvoeding. 284

2. Waarom Spraak Onderrig Moet Word. 285

3. Doel met Spraakonderrig 287

4. Spraakonderrig vir Normale Leerlinge 288

a. Motivering 289

b. Die onderrig in Fisiese Spraakvaardigheide. 290

(i) Asemhaling. 290

(ii) Voortbrenging van Stem. 292

(iii) Artikulasie en Uitspraak. 293

(iv) Duidelikheid 295

(v) Algemeen 297

c. Die Gebruik van die Ritmies-Melodiese Eienskappe van Spraak. 297

(i) Intonasie 298

(ii) Klem 300

(iii) Tydsduur en Tempo 301

(iv) Pousering 302

(v) Samevatting 303

d. Gelaatsuitdrukking, Gebare en Bewegings 304

e. Verskerping van Gehoor en Luisteroefeninge 305

f. Die Ontwikkeling van die Denke 308

g. Die Ontwikkeling van die Persoonlikheid 309

h. Spraaksituasies 311

Bladsy

(i) Die Geselskuns 312

(ii) Vertelling van n Verhaal. 314

(iii) Verslag doen 316

(iv) Beraadslaging 317

(v) Die Hou van n Toespraak 324

(vi) Debat 332

1. Vertolkende Funksie van Spraak 335

(i) Hardoplees 336

(ii) Resiteer 338

(iii) Koorpraat 339

(iv) Toneelopvoering 339

5. Beoordeling van Spraak 342

6. Onderrig van Spraakgesteurdes 344

Hoofstuk VIII. Voorgestelde Leerplanne vir Spraakonderrig 348 - 381

(a) Aanlering van die Gesproke Taal 348

1. Stadium van Voortaalkundige Beheer. 348

2. Oorgang na Eintlike Taal 349

3. Verwerwing van Beheer oor die Gesproke Woord 350

(b) Voorgestelde Leerplan. 352

1. Inleiding. 352

2. Die Leerplan 357

3. Die Bespreking van die Leerplan. 376

Bylae 382

Bibliografie 386

TABELLE.

Nommer.	Onderwerp.	Bladsy.
I	Opsomming van Vereistes van die 1940 - Leerplan	72
II	Opsomming van Vereistes van die 1948 - Leerplan	95
III	Aantal Leerlinge deur Spraak-kliniek behandel	108
IV	Samevatting van die Voorskrifte vir Mondelinge Stelwerk (Kaap-Provinsie).	134
V	Persentasie Hoofde wat Vraelys Beantwoord het	175
VI	Verspreiding van Skole	175
VII	Aantal Skole wat Verskillende Doelstellings Beoog	177
VIII	Persentasie Skole wat Doelstellings Beoog wat nie Doelwitte van Spraak-onderrig is nie.	181
IX	Aantal Hoofde wat doelstellings by-gevoeg het	182
X	Standerds waarin Doelstellings Beoog word	190
XI	Persentasie Skole wat verbetering van Uitspraak in standerd VI Beoog	205
XII	Persentasie Skole wat duidelikheid in standerd VI beoog	209
XIII	Persentasie Skole wat stembeheer in standerd VI beoog	212
XIV	Persentasie Skole wat die ontwikkeling van logiese denke in standerd VI beoog	219
XV	Belangrikheid van doelstellings	220
XVI	Samevatting van Beskrywings van hoofde hoe doelstellings bereik kan word	245
XVII	Rangskikking van doelstellings volgens die persentasie aanneemlike antwoorde	246
XVIII	Gemiddelde Aantal ure per week aan Spreeklesse bestee	248
XIX	Persentasies van Minimum Klastye aan spraakonderrig afgestaan	249

TABELLE (vervolg)

Nommer.	Onderwerp.	Bladsy.
XX	Gemiddelde aantal doelstellings vir elke standerd	250
XXI	Gemiddelde tyd per doelstelling.	251
XXII	Lys van afdelings in volgorde van belangrikheid.	253
XXIII	Redes vir volgorde van afdelings	253
XXIV	Frekwensieverspreiding van die persentasie aanneemlike antwoorde.	264

A F D E L I N G A.

'N HISTORIES - KRITIESE STUDIE VAN SPRAAKONDERRIG.

H O O F S T U K I.

SPRAAKONDERRIG IN DIE TRANSVAAL 1838-1939.

1. Spraakonderrig in die Suid-Afrikaanse Republiek.

(a). Inleiding.

Aangesien daar min gegewens in verband met spraakonderrig vir die tydperk onder behandeling is, sal dit nodig wees om indirek vas te stel wat gedoen is.

Dit moet bepaal word wat die voertaal van die onderrig was, want as die voertaal en die omgangstaal dieselfde was of as die voertaal soms as spreektaal gebruik is, is dit moontlik dat die spraak van die leerlinge terloops kon verbeter het deur dat hulle die taal korrek op skool gepraat het, alhoewel spraak miskien nie doelbewus onderrig is nie.

Tweedens sal die spraak van die leerlinge deur die taalkennis van die onderwyser beïnvloed word. Die leerlinge is geneig om die onderwyser na te doen en daarom oefen sy voorbeeld n groot invloed uit.[1)]

Dit is nodig om te weet wat die doel met die onderwys was, want daaruit sal afgelei kan word hoe belangrik spraak was en of daar enige moontlikheid bestaan het dat op korrekte spraak aangedring moes word.

Die aanleer van n taal word baie beïnvloed deur die emosionele reaksies wat in die leerling veroorsaak word,[2)] en daarom is dit belangrik om te weet wat die gesindheid van die ouers van die leerlinge teenoor die voertaal was.

---

1. (a) Transvaalse Onderwysdepartement: Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans (Huistaal) 1940, 7.
   (b) Ballard: Teaching and Testing of English, 17.
2. Taute: Opvoedende Onderwys, 349.

Ten laaste sal die peil van die onderwys in die algemeen en in besonder van die mondelinge werk soos lees en voordrag ook 'n aanduiding gee van die peil van spraakonderrig.

b. Onderwys gedurende die Tydperk 1838-1851.

Vir die Voortrekker was sy godsdiens 'n werklikheid. Hy kon net op die Almagtige steun om hom en sy gesin uit die gevare te red wat hom heeldag bedreig het. Veel vriende het hy nie in die Kaapkolonie gehad nie en hy het geweet dat hy in tyd van nood nie veel hulp van hulle kon verwag nie. Die Bybel het hom getroos en bemoedig, en volgens die voorskrifte wat daarin vervat is, het hy sy lewe probeer inrig. Daarom was hy vasbeslote dat sy kinders ook moes leer om die Bybel te lees en dat hulle lidmate van die kerk moes word.

Dit was vir die jongmense van die grootste belang dat hulle aangeneem word want daardeur het hulle nie alleen lidmate van die kerk geword nie maar ook burgers van die staat.[1] Voordat die katkisante aangeneem kon word, moes hulle 'n sekere minimum kennis besit. Aan die gestelde minimum het die kerk hom onverbiddelik gehou.[2] Gevolglik was die doel van die onderwys die onderrig van die kinders vir die aanneming.[3] Daarvoor was nodig dat die kinders die Bybel kon lees, die geestelike liedere kon sing, die vrae uit die kategismus kon beantwoord en so 'n bietjie kon skrywe. Die hele inhoud van die onderwys was dus in die meeste gevalle lees, sing, skryf, syferwerk en godsdiens.[4]

---

1. Lugtenburg : Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek, 11.
2. T.a.p.
3. Lautsversameling, Band 9, stuk 1351.
4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 16.

Dit val te betwyfel of veel van die persone wat die Voortrekkerkinders onderrig het, Nederlands kon praat. Aangesien min onderwysers saam met die grensboere getrek het, is baie van die kinders deur hul ouers, familielede of soms deur slawe[1] onderrig. Die meerderheid van hierdie persone wat as onderwysers moes optree, het in die Kaapkolonie ver van kerke en skole gewoon[2] en min van hulle het die voorreg gehad om 'n skool te besoek. Die meeste van hulle is deur hul ouers of rondgaande onderwysers bekwaam vir die aanneming. Die persone wat skole kon besoek, het ook nie goeie onderwysers gehad nie[3] en in verslae is die onbevredigende toestand van die onderwys in die Kaapkolonie herhaaldelik beklemtoon.[4] Die volwasse Voortrekkers wat die kinders moes onderrig, kon dus heelwaarskynlik Nederlands lees omdat dit 'n vereiste vir die aanneming was, maar aangesien hul so min onderrig ontvang het, is dit onwaarskynlik dat veel van hulle Nederlands kon praat. Dit was ook nie nodig om Nederlands te praat nie, want dit was nie 'n vereiste vir die aanneming nie en die omgangstaal was toe alreeds Afrikaans.[5]

Die boere was nie gekant teen Nederlands nie. Een van die redes waarom die grensboere besluit het om te trek, was die taalproklamasie van Lord Charles Somerset waarin bepaal is dat Engels die enigste offisiële taal sou wees. Die boere was nie onwillig om Engels te leer nie maar hulle was gekant teen die verdringing van Nederlands wat die taal van hul Bybel was. Hul kinders moes leer om Nederlands te lees maar dit was nie nodig om die taal te praat nie.

1.:Preller: Voortrekker Mense, Deel I, 209
2. Du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 159 et seq.
3. Ibid, 207.
4. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 52 en 63.

Die doel van die onderwys was hoofsaaklik om aan die vereistes van die kerk te voldoen. In die verslag van di. A. Murray en J. Neethling onder die opskrif "Het Overvaalsche," gepubliseer in die "Amsterdamsche Courant" is daarvan melding gemaak dat die meeste leerlinge kon lees en skrywe en dat hulle die Bybel geken het.[1] 'n Groot aantal is dan ook aangeneem. Hier volg twee uittreksels: "De gemeente (Lydenburg) is zeer afgelegen, en heeft weinig middelen van beschaving ... maar komt met mij ter katechisatie en ziet hunne jongelieden eene kennis der Schrift aan den dag liggen die selfs menigen bovenlandschen jongeling niet euwel zoude staan"[2]. En verder: "Spoedig had ik (in die Zoutpansberg) 22 kinderen van 6 tot 13 jaren ... tot mijne vreugde echter bevond ik, dat meer dan de helft der aanwezige kinderen met meerder of minder vlugheid lezen kon; dat ze allen eenig onderwijs hadden genoten."[3] Alhoewel die katkisante die vrae mondeling beantwoord het, is dit geen bewys dat hulle Nederlands kon praat nie, want die vrae en antwoorde van die kategismus is van buite geleer.[4] Dus, om aangeneem te word, moes die jongmense kon lees, maar dit was nie nodig om Nederlands te praat nie.

'n Oörsig van die tydperk (1838-1851) wys dat gedurende die veelbewoë tye gedurende die Groot Trek en daarna, toe die Voortrekkers hulle in die nuwe land begin vestig het, moes die kinders oral help, want daar was baie werk en arbeid was skaars.

---

1. Lautsversameling, Band 16, afdeling 1654, stukke 6, 7, 8 en 9.
2. Ibid., stuk 8.
3. Ibid., stuk 9.
4. Du Plessis : Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek, 311.

Daar was dus min tyd vir onderwys en alleen die minimum wat nodig was vir die aanneming, is onderrig. Die kerk het nie die praat van Nederlands verlang nie en min van die ouers wat die kinders moes onderrig, kon die taal praat. As omgangstaal is Nederlands ook nie gebesig nie. Dit kan dus goed begryp word dat geen aandag aan die praat van Nederlands bestee is nie.

c. Die Begin van Georganiseerde Onderwys.
(1852 - 1880).

Sedert 1840 is daar in Holland belang gestel in die wedervaringe van die Voortrekkers en is daar gepoog om handelsbetrekkinge met die Boere in Natal aan te knoop. Die Boere het die Hollanders gevra om hul o.a. opgeleide onderwysers en n predikant te stuur. Hoogleraar D. Lauts het hom veral beywer om aan die versoek te voldoen en hy het daarin geslaag om in 1852 drie onderwysers, H. van der Linden, J.S. Spruyt en W. Poen, na Transvaal te stuur. Die drie onderwysers is op die sitting van die Volksraad in Maart 1852 dan ook benoem. In 1853 het die eerste predikant, ds. D. van der Hoff, in Transveal aangekom.[1)]

Na die koms van die drie opgeleide onderwysers en die predikant uit Holland is n begin gemaak met die organiseer van die onderwys; reglemente is opgestel en wetgewing is ingedien. Die onderwys het onder die beheer van die staat gekom en die vakke wat onderrig moes word, is bepaal. Later is die lys van vakke verder uitgebrei. In 1874 is onderskeid gemaak tussen (a) gewone laer onderwys (b) uitgebreide laer onderwys en (c) hoër onderwys.[2)] Nêrens in die reglemente, wette of lys van vakke is melding van spraakonderrig vir leerlinge gemaak nie.

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 19.

Aan die begin van hierdie tydperk was daar dus in Transvaal ten minste drie onderwysers wat Nederlands kon praat. Later het nog meer uit Holland bygekom, maar die onderwysers uit Holland was maar gering in aantal. Die Transvalers wat die onderwysers-eksamen in die sestiger jare afgelê het, was seker maar swak onderlê in die Nederlandse spreektaal. Cornelis Botha (Jnr.), 'n kwekeling op Potchefstroom, was die eerste kandidaat in die eerste eksamen wat deur die Algemene Kommissie op 2 Maart 1860 afgeneem is.[1] Sy opleiding onder Van der Linden het tien maande geduur en hy was maar sestien jaar oud. Hy kon heelwaarskynlik maar min Nederlands praat maar tog is 'n sertifikaat van die vierde rang aan hom toegeken. In die oorgrote meerderheid van gevalle moes die ouers nog self hulle kinders onderrig of moes hulle rondgaande onderwysers huur. Min van die ouers of die rondgaande onderwysers kon Nederlands praat.

Eers in 1874[2] is die vereistes vir onderwysers-sertifikate duidelik bepaal. Van die onderwysers van die derde klas is o.a. verwag:- "Naauwkeurig en natuurlijk lezen met eene beschaafd uitspraak. De lezers moeten daarbij blijk geven dat zij het gelezene verstaan... Vaardigheid om zich, zowel mondeling als schriftelijk, juist en gemakkelijk uit te drukken. Zij word beoordeeld naar de wijze, waarop vragen, in den loop van het examen gedaan, zijn beantwoord...." Vir die onderwysers van die tweede en eerste klasse was sie vereistes: "Betreffelijk de Hollandsche en Engelsche talen ----- Eene goede uitspraak der taal waarin het examen word afgelegd. Vaardigheid in

het overzetten uit en in de taal. Kennis van de gronden der spraakkunst. Vaardigheid in het spreken dier taal." Die voorskrifte was egter net vir n jaar van krag en kon dus nie veel invloed op die opleiding van onderwysers uitoefen nie. Dit is egter belangrik daar dit die eerste keer is sedert die „Schoolorder" van de Mist in 1804 dat die praat van n taal spesiaal genoem is. [1]

Baie Hollanders het egter gou in onguns by die Transvalers geraak, [2] met die gevolg dat die ouers meer en meer gekant geraak het teen Nederlands, die taal van die Hollanders. [3] Die bevolking het stadigaan besef dat Nederlands nie hul taal is nie en die „Genootskap van Regte Afrikaners," wat in 1875 gestig is, het sterk pleidooie gelewer vir die erkenning van Afrikaans as taal. Bowendien kon baie Transvalers Nederlands nie meer goed begryp nie; dit het ds. V.d. Hoff alreeds vroeg besef [4] en later het ds. S.J. du Toit geskrywe : „tegelijkertijd moet egter, vir duisende en duisende onder die Hollandssprekende bevolking, die Hollandse Bijbel beskouw worde als n geslote boek" [5]

Die meeste ouers en rondgaande onderwysers wat nog die oorgrote meerderheid van kinders moes onderrig, kon Nederlands nie praat nie en kon die gesproke taal nie te goed verstaan nie. [6] Dit staan dus vas dat die voertaal by die onderrig van die meeste leerlinge Afrikaans of verafrikaanste Nederlands was. Lugtenburg beweer dat Engels ook in die paar erkende skole Nederlands stadigaan verdring het. Hy skrywe: „Die haat teen die Hollanders was ook

---

1. Du Toit : Onderwys in Kaapland, 53 en ook Malherbe: Education in South Africa, 50.
2. (a) Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek, 46.
   (b) Notule van die Volksraad gedateer 5 November 1858, Argiefstukke R975/66 en R1151/56.
3. Du Toit: Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, 109.
4. Engelbrecht : Geschiedenis v.d. Ned. Hervormde Kerk in Zuid Afrika, Bylae LXXXII.

een van die redes, wat die mense na die Engelse skole en meesters gedryf het. Die Kaapse predikante het hierin sterk saamgewerk. Die teorie dat op die skool tog maar Engels geleer moes word, want dat Hollands wel vanself sou kom, het destyds baie algemeen gewees. So het die onderwys deur medium van Hollands dus gaandeweg afgeneem terwyl die Engelse klasse en die Engelsmedium skole in grootte en invloed toegeneem het."[1]

Die volk het sy invloed laat geld en in die onderwyswet van 1874 is bepaal dat elke ouer of voog die voertaal (Nederlands of Engels) vir die onderwys van sy kind kon kies. Die belangrikste rede waarom Nederlands nie heeltemal verdwyn het nie, was die feit dat dit die taal van die Bybel en die Kerk was.[2]

Vir die grootste gedeelte van die ouers het die doel met die onderwys nog steeds oorwegend die godsdienstige gebly. So het byvoorbeeld die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gelui: "Die Kerkrade moet orals toesien dat daar goeie onderwysers is wat die kinders nie alleen leer lees en skryf en hulle in die spraakkuns en ander kundighede onderrig nie, maar ook in die Godsaligheid en in die kategismus"[3] Dit is egter al meer en meer besef dat daar ook ander doelstellings kan wees. Die owerheid het in 1859 in die reglement ook melding van verstandelike ontwikkeling gemaak: "Het wordt aan den onderwijzer gelaten hoedanig hij zijn onderwijs wil regelen, indien het zelve slechts aan het doel, namelijk de ontwikkeling der verstandelijke en zedelijke vermogens der kinderen beantwoordt."

---

1. Lugtenburg: Geskiedenis v.d. Onderwys in die S.A. Republiek, 103.
2. Zuid-Africaan van 30 September 1852.
3. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal, 5.

In dieselfde reglement van 1859 is daar vir die leerlinge nog 'n doelwit gestel nl. 'n eksamen en 'n prys vir vlyt. Artikel 16: „Er zal elk jaar in tegenwoordigheid der school commissie een openbaar onderzoek (examen) over de schooljeugd plaats hebben, en de onderwijzer zal bij die gelegenheid, de kinderen, welke zich door vlijt en ordelijkheid onderscheiden hebben, aan de commissie voordragen welke hun daarvoor met prijsgeschenken zal vereeren."

Dat die peil van die onderwys nie baie hoog was nie, kan goed begryp word. Min opgeleide onderwysers en min skole het slegs enkele ouers in die geleentheid gestel om hul kinders deur bevoegde persone te laat onderrig. In 1876 was daar in die hele Republiek net agt erkende skole met 'n inskrywing van 151 leerlinge. [1] Vyf jaar vroeër het president Burgers gesien in watter treurige toestand die onderwys, veral op die platteland, verkeer het en tog het die ouers hulle ingespan om hul kinders te laat leer sodat 'n „analfabeet 'n rara avis" was. [2]

'n Terugblik op die bespreking van hierdie tydperk (1852-1880) laat blyk dat daar min aandag aan die mondelinge gebruik van Nederlands bestee is. In geen een van die reglemente of wette is die praat van die taal voorgeskryf nie en al was dit, dan was daar baie min van die onderwysers of die ouers wat hul kinders moes onderrig, wat self die taal kon praat. Die voertaal by die onderrig van die oorgrote meerderheid van die leerlinge was dus óf Afrikaans óf 'n gebroke Nederlands. 'n Groot deel van die bevolking was gekant teen die Hollanders en hul taal,

---

1. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek, 107
2. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 132.

Nederlands en sou nie hul kinders aanmoedig om die taal te praat nie; sommige ouers, onder die invloed van die Genootskap van Regte Afrikaners, wou Afrikaans as voertaal hê en ander wou weer hul kinders deur medium Engels laat onderrig. Dit was nie nodig om Nederlands te praat om aangenoem te word nie en onder mekaar het die boere Afrikaans gepraat. Die meeste leerlinge het dus geleer om Nederlands te lees en te skrywe sodat hulle aangenoem kon word maar hulle het nie geleer om die taal, te beheersig nie.

Daar was egter 'n paar uitsonderings. Die skoolkommissie het op 2 Januarie 1860 aan die Uitvoerende Raad oor die skool op Potchefstroom (onderwyser H. v.d. Linden) o.a. gerapporteer: „Vooral trof ook ons goedkeurende aandacht de vrijmoedigheid der kinderen in het openbaar spreken (Men zou dit onderwijs in de welsprekendheid kunnen noemen, wanneer deze of gene een stuk uit de bijbelsche geschiedenis aan zijne mederleerlingen of ook naar de Commissie zich wendende verhaalde".[1] So ook het die plaaslike skoolkommissie op Pretoria in 1865 o.a. gerapporteer: „Zoowel die vragen door den Onderwijzer (den heer H. Stiemens), als die door de leden der School Commissie gedaan, zijn met vrijmoedigheid en naauwkeurigheid door de leerlingen beantwoord." [2]

Die twee onderwysers, v.d. Linden en Stiemens, het dus hul leerlinge so ver gebring dat hulle met vrymoedigheid kon praat. Of dit deur doelbewuste spraakonderrig gedoen is en of die leerlinge dit so terloops gedurende die skooldag aangeleer het, is nie bekend nie.

---

1. Staatssekretaris Band 29 R. 3414.
2. Staats Courant Nr. 86 van 25 Februarie 1865.

Blykbaar egter het die leerlinge nie Nederlands gepraat nie, want gewoonweg het hul nie lank genoeg op skool gebly[1] om die taal te leer praat nie. Van der Linden self was verwonderd oor die taal wat die Boere gepraat het: .... "Ik verstond de Broeders zeer goed."[2] Ook het J. Groenendaal in 1850 aan die "Nieuwe Rotterdamsche Courant" geskrywe: "Er word vloeijend en welluidend Hollandsch gesproken en dit nog veel suiverder dan in menige plaats in Nederland zelf."[3] Afrikaans was volgens Groenendaal nader aan die algemeen beskaafde Nederlands as sommige dialekte in Holland en die ooreenkoms is heelwaarskynlik een van die redes waarom die Hollandse onderwysers nooit melding van uitspraak gemaak het nie en nooit ernstige pogings aangewend het om die kinders te leer om Nederlands te praat nie.

Gedurende die paar jaar 1877 tot 1881, wat die Transvaal onder Britse beheer was, is nie veel verandering in die onderwys aangebring nie. En in die verslae wat opgestel en rapporte wat uitgebring is, is geen melding van spraakonderrig gemaak nie.

d. <u>Nederlands word die Wetlike Voertaal in Gesubsidieerde Skole (1882-1899)</u>.

In 1882 is ds. S.J. du Toit tot Superintendent van Opvoeding van die Transvaal benoem. Sy wetgewing het by die volksraad aangepas en in die onderwyswet is onder andere bepaal dat dit die plig van die ouers is om te sorg vir die opvoeding van hul kinders terwyl die staat geldelike hulp verleen; dat die voertaal die Nederduitse taal moet wees en dat die skole geïnspekteer moet word.

---

1. Lautsversameling Band 9, Stuk 1351.
2. Aangehaal uit Engelbrecht: Geschiedenis v.d. Ned. Hervormde Kerk in Zuid Afrika, Bylae XXXIV.

'n Kommissie van Eksaminatore is in die lewe geroep om die sogenaamde Schoolwedstrydexamen en eksamens vir onderwysersertifikate af te neem. [1] Dr. N. Mansvelt, wat in Oktober 1891 diens as Superintendent van Onderwys aanvaar het, het 'n konsep-onderwyswet opgestel waarin weer bepaal is dat Nederlands die voertaal in die skole moet wees. [2] Die wet is deur die Volksraad met enkele, minder belangrike wysigings aanvaar.

Die meeste ouers het nog van die skool verwag om die kinders vir die aanneming voor te berei. So het 'n inspekteur in 'n sekere skool gevind dat die kinders nie rekene leer nie omdat hulle net vir die aanneming bekwaam word. [3] Om die rede het 'n ander inspekteur voorgestel dat die Kerk die vereistes vir die aanneming hoër moes maak, want sodoende sou ouers verplig word om gesubsidieerde skole op te rig. [4] Dit was nie nodig om Nederlands te praat om aangeneem te word nie en dus is dit heeltemal verstaanbaar dat geen aandag aan die onderrig van praat van Nederlands bestee sou word nie. Om te bekwaam vir die aanneming was dit nie nodig dat 'n kind lank op skool moes bly nie en daarom sou die leerlinge ook nie in die geleentheid gestel wees om toevallig te leer om Nederlands te praat nie. Baie ouers het ook verwag dat hul kinders moes leer sodat hul 'n betrekking kon kry. Meer en meer jong mense is deur ekonomiese druk verplig om werk in die stede te gaan soek. Baie boere is swaar getref deur droogtes, sprinkane, koors en die runderpes, en daarom het hulle hul kinders laat leer om op 'n ander manier 'n bestaan te maak. [5] Lede van die Volksraad het

---

1. Wet nr. 1 van 1882.
2. Wet nr. 8 van 1892.
3. Verslag van die Departement van Onderwys, 1889,45
4. Verslag van die Superintendent van Onderwys, 1898,82

daarvoor gepleit dat die kinders van Transvaal net so goed onderrig moes word soos die vreemdelinge: „dat niet altijd de betrekkingen opgevuld moesten worden met vreemdelingen." [1] Die persone wat die „Schoolwedstrijdexamen" afgelê het, het in n beter kans gestaan om n betrekking te kry. Om die eksamen af te lê, was dit nie nodig om Nederlands te praat nie en om n betrekking te kry, moes n seun Afrikaans (die omgangstaal) en Engels kon praat. Dit sou dus onbillik wees om te verwag dat onderwysers tyd aan die praat van Nederlands moes bestee.

Net na die Eerste Vryheidsoorlog het die stryd om die erkenning van Afrikaans begin. Prof. J. Lion Cachet en n ander lid van die Genootskap van Regte Afrikaners het by president Kruger en die Driemanskap ernstig aangedring op die offisiële erkenning van Afrikaans. Die Driemanskap was eenparig daarvoor maar wou hê dat die volk daarvoor moes vra. [2] In 1882 het ds. du Toit in ‚De Getuige' (bladsy 49) geskrywe: „Geheel ons wetenschappelijke vorming was tot nu toe te zeer in handen der vreemden. Vreemdelingen waren de leermeesters onzer jeugd. Gevolglik werd 't onderwijs zelf in vreemden geest gegeven. Onze kinderen werden meestal in eene vreemde taal ..... naar vreemde beginselen opgeleid .... Door middel van een vreemde taal werden onze kinderen geleerd; in een nazeggen wat zij niet verstaan, bestond merendeels hunne zoogenaamde geleerdheid; zij moeten zich gewennem als apen of papegaaien na te praten wat hun voorgezegd werd; en zoo werden hunne

---

1. Notule Eerste Volksraad 15 Mei 1891, Art. 63.
2. Du Toit : Ds. S.J. du Toit in weg en Werk, 112.

geestesvermogens verstompt in plaats van gescherpt in de school....". Ds. Du Toit, wat bostaande stuk geskryf het, het in dieselfde jaar bepaal dat die voertaal van die skole Nederlands sou wees. Uit n brief blyk dit egter of hy nie van plan was om die betrokke artikel van die wet baie streng toe te pas nie.[1] Baie ouers het hul kinders deur medium Engels laat onderrig, heelwaarskynlik omdat hulle gereken het dat Nederlands van self kom en omdat hul kinders Engels moes ken as hulle betrekkings in die stede of dorpe wou kry. Die toenemende gebruik van Engels is in die Volksraad besprook [2] en dr. Mansvelt was ook daarvan bewus; [3] miskien daarom het hy hom onverbiddelik gehou by die bepaling van die wet dat Nederlands die voertaal moes wees. Hy sou nie tevrede wees as daar op die kwartaalstaat Hollandse of Afrikaanse name verskyn het nie; hy moes die versekering kry dat die onderwysers Nederlands op skool besig: „De bedoeling der Wet is, dat alle onderricht in de gewone vakken van onderwijs door middel der Hollandsche taal zal gegeven worden." [4] Soos uit inspeksierapporte blyk, is Afrikaans ook nie as voertaal geduld nie, [5] maar sommige onderwysers het naderhand Afrikaans met opset gebruik. [6]

Spraakonderrig is in geen leergang gemeld nie. Die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk van Transvaal in Oktober 1881 het nie spraakonderrig in sy leergang opgeneem nie.[7] Die vereistes vir die ver-

---

1. Lugtenburg: Die Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek, 137.
2. Notule Eerste Volksraad 3 Oktober 1884 Art. 748 ook Notule Eerste Volksraad 1893 Art. 91.
3. Mansvelt: Het Onderwijs in Zuid-Afrika, 29 en 30, en Verslag van Superintendent van Onderwys 1898, 5.
4. Schoolgids, 1892, 7.
5. Verslag van Schoolinspectiën 3e kwartaal 1897, 222.
6. Ibid; 2e kwartaal 1897, 59.
7. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal, 20.

skillende standerds in bylae C van die Onderwysverslag vir 1882 maak ook geen melding van die praat van Nederlands nie. In 1891 het die Superintendent gesê dat die minimum wat van die taalonderwys verwag kan word, is dat elke burger van die land die geskrewe wette moes kon lees en verstaan.[1] Die "Schoolgids", wat vir die eerste keer in 1892 uitgegee is, het bevat (i) die lys vakke wat in elke skool onderrig moes word, (ii) die tyd wat aan elke vak bestee moes word, (iii) die vereistes in elke vak vir elke standerd en (iv) wenke aan onderwysers, skoolkommissies en ouers. Spraakonderrig is nie in die lys vakke ingesluit nie. 'n Nuwe vak, "Aanschouwingsonderwijs", is in 1895 ingevoer met die doel om kinders te leer om "gedachten in korte volledige zinnen" uit te druk. Tydens die onderrig van die vak moes die kinders soveel moontlik praat.[2] Die vak kon gebruik gewees het vir die uitbreiding van die woordeskat. Of die vak ooit algemeen onderrig is, kan nie bepaal word nie, want geeneen van die inspekteurs het daaroor gerapporteer nie.

Vervolgens word die wenke in verband met lees en resiteer behandel, want die afdelings van taal kon invloed op die spraak uitgeoefen het.

Lees. Sedert 1888 was lees een van die vakke vir die "Schoolwedstrijdexamen" en onderwyserseksamens vir die "tweede en derde klas. Die vereistes was: "Duidelik en vloeiend lezen, met in achtneming der leestekens en van de beteekenis van woorden."[3]

---

1. Staats Courant van 13 April 1892, 2.
2. Schoolgids 1895, 25.
3. Algemene Bepaling omtrent de examens en de Toelatingen 1893, 11.

In 1892 is bepaal dat aan leesonderrig in die laer klasse 7 uit die 25 uur van n skoolweek bestee moes word en in die middelbare klasse 2½ tot 4 uur. Die onderwyser is gevra „toch vooral zorg te dragen voor nauwkeurigheid van uitspraak en natuurlijkheid van lees toon." [1] Die kinders in Standerds I en II moes losstaande woorde en sinnetjies lees, maar vanaf standerd III moes hulle duidelik en vloeiend lees. [2] In 1894 moes die inspekteurs lees as een van die hoofvakke beskou. [3] Die tyd vir leesonderrig is in die laer klasse in 1895 tot 5 uur verminder. Lees is vanaf 1897 by die verskillende eksamens beskou as n gewone vak waarin n kandidaat slegs 30 persent van die maksimum punte moes behaal om te slaag [4] en in die daaropvolgende jaar is die tyd vir leesonderrig verder tot 4 uur verminder.

Resitasie. Die doel met resitasie-onderrig was die vermeerdering van die woordeskat en begrippe van die leerlinge. [5] Aan die vak moes een uur per week in alle klasse (laer en middelbaar) afgestaan word. Die vereistes was net dat die kinders „verzen uit het hoofd" moes leer. [6] In 1897 is besluit dat resitasie n byvak vir die eksamens sou wees en dat n kandidaat 20 persent van die maksimum punte moes behaal om te slaag. [7]

Taalkunde. In 1898 is die volgende aan die hand gedoen: „In standaard I b.v. moet het grootste gedeelte van de uren, uitgetrokken voor taal onderwijs aan spreekoefeningen gewijd worden." [8]

---

1. Schoolgids 1892, 15.
2. Ibid., 25 et seq.
3. Verslag van Schoolinspectiën 1894, 99.
4. Schoolgids 1897, 27.
5. Staats Courant 19 April 1893, 392.
6. Schoolgids 1892, 25 et seq.
7. Schoolgids 1897, 27.
8. Schoolgids 1898, 38.

Die Superintendent het dus wenke aan die hand gedoen maar die ouers is nie verplig om te handel soos die hoof van die Onderwysdepartement verlang het nie want die ouers moes die skole oprig en die onderwysers huur. Hierdie werk is deur skoolkommissies namens die ouers gedoen. Die staatsubsidie is aan skoolkommissies uitbetaal. Arm omgewings het dus onderwysers gehuur wat gewillig was om vir 'n lae besoldiging te werk, sodat die bydraes van die ouers nie te hoog sou wees nie. [1] Toe die subsidie verhoog is, het die onderwysers nie noodwendig 'n hoër salaris ontvang nie; soms is net die bydraes van die ouers verminder.[2] Die skoolkommissies was dus by magte om aan die onderwyser voor te skryf wat onderrig moes word en hoe dit gedoen moes word.

Daar was 'n groot tekort aan bevoegde onderwysers. Daar is vertel dat sommige onderwysers nie eens hul naam kon teken nie. [3] Baie het voldoen aan die beskrywing „Als de kinderen toch maar tot lidmaat konden daar opgeleid worden. Nu, ja, waren die onderwijzer amper goed genoeg voor." [4] Die Staatspresident het egter die soort onderwysers verdedig. [5] Mettertyd het die persentasie gekwalifiseerde onderwysers hoër geword totdat dit in 1898 ses-en-veertig persent bereik het. Baie van die aspirantonderwysers het egter dit self net so ver as standerd IV, V of VI gebring, [6] terwyl een kwekeling nie aan die eise van standerd II kon voldoen nie.[7] Baie van

---

1. Notule Eerste Volksraad 13 Junie 1885, Art. 400.
2. Notule Eerste Volksraad 15 Mei 1891, Art. 66.
3. Notule Eerste Volksraad 7 Junie 1889, Art. 388.
4. Gedenkboek van V.O.O.Z.A., 66.
5. Notule Eerste Volksraad 7 Junie 1889, Art. 388.
6. Bot: Honderd Jaar van Onderwys in Transvaal, 43.
7. Verslag van Schoolinspectiën 3de kw. 1897, Rietfonteinskool.

die onderwysers kon Nederlands nie korrek praat nie. Sedert 1891 het die inspekteurs hieroor gerapporteer en in 1892 is dikwels geskrywe: „Hollandsch van den onderwijzer slecht" of „Onderwijzer zwak in die taal." Vanaf 1897 was daar onderwysers wat nie Nederlands wou praat nie. 'n Inspekteur het gerapporteer: „De onderwijzer moet, waar hij 't Nederlandsch vrij goed machtig is, zich niet door verkeerde raadgevingen laten verleiden tot het gebruik van 't Afrikaansch in de school."[1] In 1890 was die peil van die onderwys oor die algemeen nie hoog nie. Inspekteur C.G. de Jonge het geskrywe:

"Gaat het onderwijs in de Z.A. Republiek vooruit? ... en het antwoord dat hierop gegeven moet worden luidt: De inspecties leeren, dat er vooruitgang is, maar nauwelijks merkbaar! Het onderwijs is nog gebrekkig". Oor die mondelingewerk het hy geskrywe: „de leerling leest, zonder te weten wat hij leest." [2] Van die praat van die taal het hy geen melding gemaak nie en in geen een van die inspeksierapporte van daardie jaar is dit gemeld nie. Blykbaar het die onderwys langsamerhand verbeter, want die inspekteurs het gesorg dat die werk gedoen is. [3] Die mondelinge werk het egter nog onbevredigend gebly. Herhaaldelik is in inspeksierapporte daarop gewys dat die leestoon te sangerig is, dat die leerlinge nie verstaan wat hulle lees nie en dat die resitasies nie goed voorgedra word nie. In die laaste verslag van die Superintendent van Onderwys het

---

1. Verslag van Schoolinspectiën 2de kwartaal 1897, 59.
2. Verslag van die Onderwysdepartement vir 1890, Bylae B.
3. Gedenkboek van V.O.O.Z.A., 65.

die inspekteurs hul algemene indrukke van die onderwys gegee. Inspekteur Moerdijk het geskrywe: „Bij 't voortgezet leesonderwijs laten toon en uitspraak dikwijls nog zeer veel te wenschen over..... 't Reciteren is op de meeste scholen nog zeer zwak: 't bestaat meestal in 't opdreunen van eenige woorden die maar ten halwe worden begrepen." [1] Inspekteurs H. Visscher, T.C. Stoffberg en H. Moore het saamgestem dat die kinders nie goed lees nie. [2]

Daar het blykbaar 'n mate van verset teen die gebruik van Nederlands by 'n deel van die onderwysers ontstaan, wat miskien deels toe te skrywe is aan die feit dat die verhouding tussen die Transvalers en die Hollanders nie goed was nie en blykbaar nog steeds versleg het. Die Superintendent het gekla dat Hollandse onderwysers en hyself ook onvriendelik behandel is selfs deur lede van die Volksraad. [3] Dat die gevoel taamlik algemeen was, blyk uit die volgende aanhaling „Wat mij betreft, doet het mij leed, dat de groote meerderheid van ons ‚Afrikaanders' de Hollanders niet verdragen kan of ten minste niet veel van de Hollanders houdt." [4] Die Hollanders het verder in onguns geraak omdat hulle voor die jong Transvalers werk gekry het. [5] Ook wou sommige Transvalers nie meer Nederlands gebruik nie, omdat hulle gevoel het dat Afrikaans hul taal is. Hiervan is die eerste keer melding gemaak in die inspeksierapporte van 1895. [6] Sommige onderwysers het Afrikaans in die

---

1. Verslag van Superintendent van Onderwys 1898, 88.
2. Ibid., 102 et seq.
3. Verslag van die Superintendent van Onderwys 1898, 5.
4. Du Plessis : Uit de Geskiedenis v.d. Z.A. Republiek, 227.
5. Ibid., 299.
6. Verslag van Schoolinspektiën, 4de kwartaal, 17.

skool gebruik en het aan die kinders vertel dat Afrikaans hul taal is, dat dit die taal van die skool behoort te wees en dat hulle Nederlands nie nodig het nie. [1] Sargent het later ingesien dat die bevolking teen Nederlands gekant was [2] en Doman sê dat die leerlinge die taal teësinnig geleer het. [3]

In 1894 het die Superintendent die onderwysers daarop attent gemaak dat hulle te veel praat in die klas en dat die leerlinge nie voldoende geleentheid kry om „datgene wat in hun geest tot klaarheid gekomen is en daarvan hun eigendom is geworden, in welgekozen woorden ook aan anderen mede te deelen." [4] Die doel met die oefening was blykbaar die uitbreiding van die woordeskat en nie soseer die verbetering van spraak nie. In die inspeksierapporte van 1895 is geen melding van praat gemaak nie, maar in 1896 is heelwat daaroor geskrywe; in die rapporte van 1897 is praat drie keer genoem en in 1898 net een keer. Blykbaar was die belangstelling in praat dus maar van korte duur.

Om te kan bepaal hoeveel aan spraakonderrig gedurende die tydperk (1882 tot 1899) gedoen is, word hieronder 'n kort oorsig gegee. Sover dit die voertaal van die skool aangaan, was die toestand eienaardig: die wet het die onderwyser verplig om Nederlands te praat (as hy kon) maar die oorgrote meerderheid van die leerlinge het op skool met die onderwyser Afrikaans gepraat.

---

1. Lugtenburg: Geskiedenis v.d. Onderwys in die S.A. Republiek, 206.
2. Report of the Acting Director of Education, Transvaal and Orange River Colony for the half year ending June 30th, 1901, 15.
3. F.H. Doman: 'n Histories-Kritiese Studie van die Hollands-Afrikaanse Leergange van die Laer- en Middelbare Skole (Verhandeling vir M.Ed. Graad, P.U.K).
4. Verslag van die Superintendent van Onderwys, 1894, 5.

Geen Afrikanerseun sou dit gewaag het om tuis, op straat of op skool Nederlands te praat nie, al kon hy dit doen, want sy ouers en maats sou hom bespot het.[1] 'n Groot gedeelte van die bevolking was teen die Hollanders en hul taal, Nederlands, gekant en daarom het sommige onderwysers met opset Afrikaans as voertaal gebesig. Omdat die ouers die skole opgerig en die onderwysers gehuur het, kon hulle voorskryf wat en hoe die kinders moes leer. Aangesien die kinders oor die algemeen nie lank op skool kon bly nie, het die ouers hul nie onnodige dinge laat leer nie, en om Nederlands te praat was nie nodig vir die aanneming nie en ook nie nodig om 'n betrekking te kry nie; die meeste van die publiek het òf Afrikaans òf Engels gepraat. Van owerheidsweë is eers teen die einde van die tydperk melding van praat gemaak en die peil bereik in die mondelinge werk, lees en resiteer, was so laag dat dit geen invloed op spraak kon uitoefen nie.

Die ouers het verlang dat hul kinders Nederlands, die taal van die Bybel, moes kon lees maar nie dat hul dit moes praat nie. Dit is dus heeltemal seker dat min aandag aan spraakonderrig bestee is.

2. Engels en Nederlands is Voertale.

a. Kampskole.

Gedurende die oorlog was die ouers baie begerig dat hulle kinders in die kampe moes leer[2] en oral in die konsentrasiekampe is "kampskole" opgerig.[3] Sargent, die Direkteur van Onderwys, het besluit dat

---

1. Mondelinge mededeling deur mnr T.D. Bosman (Snr.), prokureur op Lichtenburg. Hy het die Wes-Endskool op Pretoria besoek vanaf 1895 tot 1899.
2. Report of the Director of Education (Tvl. & O.R.C.) Nov. 1900 - February 1904, 5.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 73.

Bybelgeskiedenis aan Afrikaners deur medium Nederlands onderrig sou word; dat hulle geleer moes word om Nederlands te lees en te skrywe maar dat die voertaal vir die onderrig van al die ander vakke Engels moes wees. [1] Gebruik is gemaak van plaaslike onderwysers, maar die toenemende aantal kinders in die kampe het n groot tekort aan onderwysers veroorsaak. Die tekort is aangevul deur die invoer van n groot aantal leerkragte uit alle dele van die Britse Ryk. [2] Die leerkragte kon nie Nederlands praat nie en dus is daar maar min tyd (indien enige) aan die spraakonderrig van die moedertaal bestee.

Na die sluiting van die vredesverdrag op Vereeniging is die moeste gesinne uit die kampe terug na hul vorige woonplekke. Daar is alles verwoes en verlate aangetref en die boer moes weer van nuuts af begin opbou. Die bevolking was verarmd en arbeid was skaars, en daarom moes die kinders ook maar hand bysit. Daar was dus min tyd vir onderwys- en aan spraakonderrig is sekor niks gedoen nie want min mense het nog Nederlands gepraat.

b. Engels is Voertaal (1902 - 1906.)

Die onderwyswet, Ordonnansie Nr. 7 van 1903, het bepaal dat, as ouers daarom vra, hul kinders Bybelonderrig vir hoogstens twee uur per week deur medium Nederlands kon ontvang en verder dat hul kinders Nederlands as taal kon leer vir hoogstens drie uur per week. Die bepalinge het voldoen aan artikel 5 van die vredesverdrag. Alhoewel dit nie uitdruklik so geskrywe staan

---

1. Report of the Acting Director of Education (Tvl. & O.R.C.) Jan. to June 1901, 14 et seq.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 73.

nie, was Engels die voertaal vir die onderrig van al die ander vakke. Vir sover dit die tale betref, was die toestand dat die Afrikaanse kinders Afrikaans buite die skool gepraat het, Engels in die skool moes praat en Nederlands kon leer. Lord Selborne het in 1905 die moeilikheid ingesien waarin die jong kinders verkeer wat vir die eerste keer skool toe kom, en daarom het hy bepaal dat die voertaal in die laer klasse die taal moes wees wat die leerlinge die beste verstaan. Sodra die kind egter voldoende kennis van Engels gehad het, moes Engels die voertaal word. [1] Dit was waarskynlik die eerste amptelike erkenning van Afrikaans as voertaal.

Baie ouers was nie daarmee gediend dat Engels die voertaal moes wees nie en daarom is privaat-skole met Nederlands as voertaal gestig, die sogenaamde „C.N.O. Skole".

Die onderwyswet het verder bepaal dat die skole onder die beheer van die regering sou wees. Dit het meegebring dat die inhoud en metodiek van die onderwys van owerheidswee bepaal kon word. Dit was dan ook verpligtend dat alle leerlinge Engels moes leer; Nederlands sou onderrig word aan die kinders wie se ouers daarom gevra het. Die afdelings van die tale, Engels en Nederlands, wat voorgekryf is, het praat nie ingesluit nie alhoewel in die geval van Duits en Frans dit wel genoem is. Die mondelinge werk in Engels en Nederlands het bestaan uit lees en resiteer. [2] Later is die praat van Engels bygevoeg; [3] die byvoeging moes

---

1. Minute on Education by Lord Selborne, 17th November, 1905.
2. Code of Regulations, 1903.
3. Transvaal Education Department Report for 1904, 56.

gedoen word want Engels was die voertaal. Die vereistes waaraan in elke klas van die laerskool voldoen moes word was:-

Lees: duidelik en intelligent lees uit n leesboek wat geskik is vir daardie klas.

Resiteer : n Aantal poëtis duidelik en intelligent voordra.

Praat: Van leerlinge in standerds I, II en III is verwag om eenvoudige mondelinge beskrywings te doen. Leerlinge in standerd IV moes n gelese gedeelte skriftelik of mondeling kon weergee en leerlinge in standerd V moes eenvoudige stelwerk mondeling en skriftelik kon verrig. Vir die hoër klasse is geen melding van "praat" gemaak nie.

Vir die aanleer van Engels en Nederlands is aan die hand gedoen dat die taal deur medium van daardie taal self onderrig moes word en dat baie gebruik van spreeklesse gemaak moes word.[1]

Om die werk hierbo uiteengesit te doen, moes onderwysers gevind word. Daar was n ernstige tekort aan opgeleide onderwysers en Sargent het dadelik met die opleiding van geskikte persone begin. In die Transvaal is gedurende September 1902 hiermee begin.[2] Om die onderwysersertifikaat van die derde klas te behaal, moes die kandidaat in Engels slaag. Die punte wat aan die mondelinge gedeelte van die eksamen toegeken is, was (a) lees 70, (b) resiteer 30 en (c) mondelinge en skriftelike stelwerk 70, uit n groottotaal van 200. Dit is nie bekend hoeveel punte aan mondelinge stelwerk

---

1. Transvaal Education Department Report 1903, 108 et seq.
2. Report of the Director of Education (Tvl. & O.R.C.) 1900 - 1904, 27.

toegeken is nie, maar die totaal vir mondelinge werk moes dus meer as die helfte van die groottotaal gewees het. Dit wys hoe belangrik mondelinge werk beskou is. Nederlands was nie 'n verpligte vak nie en die kandidaat vir die laer eksamen moes maar 'n standerd IV peil in Nederlands bereik; van hom is verwag om te lees, resiteer en praat. Vir die hoër eksamen was praat nie 'n vereiste nie. Onderwysers in goewermentskole moes Engels kon praat [1] omdat Engels die voertaal was.

Sargent het die meeste van die plaaslike onderwysers in diens geneem en moes toe nog baie van Engeland en die Britse Ryk hierheen bring. Van die Hollanders het min aan regeringskole gewerk; die meeste van hulle wat nog in die land was, het onderrig aan die C.N.O. Skole gegee. Al die onderwysers moes Engels kon praat maar daar was min bevoegde onderwysers vir die onderrig van Nederlands. [2]

Die inspekteurs het gevind dat die leerlinge baie gretig was om te leer, baie gretiger as die gemiddelde kind in Engeland. Een van die inspekteurs het geskrywe: "It is impossible to speak too highly of the character of the children, their obedience and willingness to learn." [3] Die ouers het ook baie belang in die vordering van hul kinders gestel, [4] met die gevolg dat die kinders baie goeie vordering in Engels gemaak het. Selborne het in sy minute geskrywe: "The Boer child shows a wonderful aptitude for learning languages" [5] en 'n inspekteur het

---

1. Regulations as to the Conditions of Service for Teachers on the Regular Teaching Staff of the Education Department 1903, Appendix I to Appendix VI.
2. Report of the Transvaal Education Department 1904, 35.
3. Ibid., 1903, 20.
4. T.a.p.
5. Minute of Lord Selborne, 17th November, 1905.

gerapporteer: "The Boer children in the Government schools are acquiring a sound knowledge of the English language, and many can converse fluently in it."[1] Dit was egter nie die geval met Nederlands nie. In die taal was die peil nie hoog nie en N. Hofmeyer het daarvoor die volgende redes gegee:-[2]

(i) Ouers het wel gevra dat hul kinders Nederlands moes leer, maar sommiges het gevra dat daaraan minder tyd as drie uur per week bestee moes word.

(ii) Daar was 'n tekort aan opgeleide onderwysers wat die taal kon praat.

(iii) Die ouers het nooit hul kinders aangemoedig om Nederlands korrek te praat nie; hulle was tevrede as die kinders die Bybel en koerante kon lees en 'n eenvoudige briefie sonder foute kon skrywe.

Een van die vereistes vir Engels wat 'n doelstelling by spraakonderrig is, is later bygevoeg: "Clear and consecutive speech".[3] Dit moes die verantwoordelikheid wees van alle onderwysers: "In connection with the teaching of English, it should be remembered that almost every lesson, whatever the subject, is a language lesson. Clear expression is a cause as well as an effect of clear thought, and slovenly English should be as strongly condemned in science and mathematical lessons as in language lessons .. If clear and articulate speech is always insisted on, the time given to reading aloud may become less and less."[4] Die be-

---

1. Report of the Transvaal Education Department 1906, 62.
2. Report of the Transvaal Education Department 1904, 22.
3. Ibid., 56.
4. T.a.p.

staande aanhaling wys dat die skrywer 'n goeie begrip van die waarde van taal en spraak gehad het, maar hier is net van Engels en nie ook van Nederlands gepraat nie. Wat ook onduidelik is, is of die skrywer aan Afrikaanse kinders gedink het wat die nuwe voertaal, Engels, wat vir hulle 'n vreemde taal was, moes aanleer, en of sy bedoeling was om aan te dui hoe ook die Engelse kinders hul taal beter moes leer praat.

In die oorsig van die tydperk 1902 tot 1906 hieronder word die praat van Engels en Nederlands deur die leerlinge bespreek. Wat die praat van Engels betref, het daar wel verbetering ingetree. Al die onderwysers kon Engels praat en die kinders moes dit op skool praat en moes dit ook praat as hulle 'n betrekking wou gehad het. Die kinders was gretig om te leer en het goeie vordering gemaak. Hier en daar het die inspekteurs ook gevind dat onderwysers spraak in Engels onderrig het: "Throughout the more formal English lessons of the middle forms facility and grace of expression both spoken and written were cultivated."[1] In die meeste gevalle egter het spraak verbeter omdat die leerlinge die taal moes praat en nie omdat daar doelbewuste spraakonderrig gegee is nie.

In die geval van Nederlands was dit heeltemal anders. Die meeste onderwysers kon die taal self nie goed praat nie; 'n standerd IV peil was goed genoeg vir die onderwyser en dus was die taal wat die Afrikaanse leerlinge gedurende Bybellesse gehoor het, selde korrekte Nederlands. Selborne het verwag dat onderwysers met die kleintjies Afrikaans moes praat en nie Nederlands nie. Die spreeklesse wat gedurende die taallesse gegee

---

1. Reports of Inspectors of Schools in Report of Transvaal Education Department, 1903, 21

moes word, is gegee nie met die bedoeling om die spraak te verbeter nie maar om die taal aan te leer. Die ouers het hulle ook nie daaraan gesteur of die kinders Nederlands kon praat of nie, solank hulle die Bybel kon lees en 'n bietjie kon skrywe; dit was nie nodig om Nederlands te praat nie, want elke Afrikaner het verstaan as Afrikaans gepraat word. Daar was ook geen voorskrifte in verband met spraakonderrig nie; die lees en resiteer het ook nie veel tot spraakonderrig bygedra nie, want dit kan aangeneem word dat die kinders gedurende die paar uur vir Nederlands hoofsaaklik Afrikaans gepraat het. Dit is dus heeltemal duidelik dat min ouers sou versoek dat hul kinders geleer moes word om Nederlands te praat.

c. Nederlands word ook Voertaal naas Engels tot Standerd III (1907 - 1910).

Teen die einde van 1906 is aan die Transvaal selfbestuur toegestaan en gedurende die volgende jaar is 'n nuwe onderwyswet (Nr. 25 van 1907) aangeneem. Wat die voertaal betref, het die wet onder andere bepaal dat dit die moedertaal moet wees totdat standerd III voltooi is. Daarna moes Engels as voertaal gebruik word behalwe dat, op versoek van 'n skoolbestuur, Nederlands as voertaal vir hoogstens twee vakke gebruik kon word. Verder moes Nederlands as vak aan alle leerlinge onderrig word behalwe as die ouers daarteen beswaar maak. Voldoende kennis van Engels egter was 'n vereiste vir die bevordering van 'n leerling na 'n hoër standerd.

Die bepalinge van die wet het nie aan al die eise van die leiers van die C.N.O. beweging voldoen nie, maar tog was die bepalinge so aanneemlik dat die meeste C.N.O. skole, waar die voertaal Nederlands was, tot die

regeringstelsel toegetree het. [1] Baie ouers was bly dat soveel tyd aan Nederlands afgestaan is, [2] maar andere wou hul kinders van die begin af deur medium Engels laat onderrig. [3]

Die wet het die onderwys in die Transvaal bestendig, met die gevolg dat die Direkteur van Onderwys meer van sy tyd aan professionele sake kon wy. [4] So is daar dan in 1909 n nuwe leerplan opgestel, waartoe die hele onderwysprofessie bygedra het. Die mondelinge werk wat in die moedertaal verlang is, was soos volg:- [5]

Substanderds: Die mondelinge saamstel van sinne - waarneming en weergawe van wat waargeneem is.

Standerd I: Mondelinge beskrywing van n voorwerp of prent. Die beskrywing behoort mettertyd saamhangend, aaneengeskakeld en behoorlik gerangskik te wees. Duidelik en natuurlik voordra van gediggies. Duidelik, natuurlik en verstaanbaar lees.

Standerd II: Uitbreiding van die mondelinge uitdrukking van gedagtes in verband met voorwerpe of prente. Die geheue moet ook stof lewer vir so n les. Die vermoë om te vergelyk en te onderskei, moet ontwikkel word. Die mondelinge weergawe van n kort stukkie deur die onderwyser voorgelees. Die voordra van gepaste gediggies moet duidelik en natuurlik wees. Die duidelike, natuurlike en verstandige lees van geskikte gedeeltes.

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 99.
2. Report of the Transvaal Education Department 1908, 102
3. Ibid., 1910, 57.
4. Ibid., 1909, 1.
5. Bepalingen en Leergangen 1909, 28 et seq.

Standerd VII: Die mondelinge beskrywing van n gebeurtenis of voorval. Die weergee van n kort verhaal. Die weergee van n kort stukkie deur die onderwyser voorgelees.

Voordrag en lees soos vir standerd II.

Standerd IV: Die mondelinge of skriftelike beskrywing van n gebeurtenis of voorval. Die mondelinge of skriftelike weergawe van n stuk deur die onderwyser voorgelees. Die weergee van n ingewikkelde verhaal in eenvoudige woorde. Die skrywe van n brief.

Voordrag en lees soos vir standerd II.

Vir standerds V, VI en VII is daar nog voorskrifte vir lees en voordrag wat baie ooreenkom met diè van standerd IV, maar van praat word geen melding gemaak nie.

Onder die bepalinge vir middelbare skole is daar n algemene stelling: "De leerling moet geoefend worden in de kunst van gemakkelik en duidelik spreken, zowel in gewone gesprekvorm als in verhaalvorm, zoëls b.v. in 't beschrijven van een gebeurtenis of 't weergeven van 't gelezene."[1)]

Die leerplan vir praat in die sub-standerds en standerd I is opgestel om die ontwikkeling van die denke van die leerling te bevorder en om die kind te leer luister, maar van die aanleer van die elementêre spraakvaardighede en die gebruik van spraakeienskappe is niks gesê nie. Dit wil voorkom asof die praat in die laer klasse net n inleiding was tot die skrifte-

---

1. Bepalingen en Leergangen 1909, 85.

like werk in die hoër klasse. Standerd IV was blykbaar die oorgangsstadium en daarom was die vereistes „mondeling of skriftelik"; in standerd V is geen melding van mondelinge werk gemaak nie. Weliswaar was die vereistes vir lees en voordrag: natuurlikheid, duidelikheid en verstaanbaarheid maar die omskrywings is baie vaag.

Die doel met taalonderrig is baie duidelik uiteengesit, naamlik dat die kinders moes leer om die taal te praat, skrywe en verstaan. Die belangrikheid van praat is herhaaldelik beklemtoon; [1] so moes die leer van grammatika nie n doel op homself wees nie, maar dit moes dien as hulpmiddel om die praat en skryf van die taal te verbeter.[2] Die Direkteur het teen die agteruitgang van spraak gewaarsku en verder geskrywe: „The ramifications of language into the intellectual, aesthetic, and moral life of a people are far-reaching. It is, indeed, not too much to say that to the stability and nobility of the whole fabric of spiritual culture a pure, refined, and lofty style of speech and writing stands in the relation of the necessary cement." [3]

As bostaande sitaat waar is, kon die doelwitte wat die Direkteur met die onderwys beoog het, nie sonder spraakonderrig bereik word nie. Hy het geskrywe: „the main object in sending a child to school is to give him a love of truth and a taste for the beautiful" [4] en weer: „Innerlike kracht voor vooruitgang is .... van

---

1. (a) Bepalingen en Leergangen 1909, 3, 27 en 83.
   (b) Report of the Transvaal Education Department 1907, 66.
2. Bepalingen en Leergangen 1909, 27.
3. Report of the Transvaal Education Department 1910, 62.
4. Ibid., 1908, 95.

veel meer belang dan vooruitgang zelf; en als dé lagere school die ontwikkeld heeft, dan heeft zij haar hoogste roeping vervuld".[1] Die doel van die onderwys moes die ontwikkeling van die hele mens insluit.[2] Dus het die Direkteur die skole gewaarsku dat leerlinge nie alleen vir eksamens afgerig moes word nie.[3] Die ouers egter was baie gretig dat hul kinders n sertifikaat moes verwerf om sodoende n betrekking te kry,[4] maar vir die verwerwing van n sertifikaat was spraakonderrig nie nodig nie.

Die meeste van die aspirantonderwysers wat spraak sou moes onderrig, het maar swak in die mondelinge werk gevaar. Die eksaminatore het van die kandidate wat die laer eksamen afgelê het, gerapporteer: „De kandidaten voor het lager gedeelte lazen vrij goed, reciteerden slecht en spraken nog slechter."[5] Die kandidate sou nooit iets aan Hollandssprekende leerlinge deur middel van Nederlands kon verduidelik nie.[6] Ook van die kandidate vir die hoër eksamen in Nederlands kon net n paar bevredigend praat.[7] Die ander onderwysers wat nie in Transvaal opgelei is nie maar wat tot die Transvaalse diens toegetree het, was oor die algemeen swak gekwalifiseer. Die Direkteur het geskrywe: „the qualifications of these recruits, whether their general or professional standing is considered, are deplorably

---

1. Departementele Omsendbrief Nr. 2 van November 1908, 17.
2. Bepalingen en Leergangen 1909, 5 en 10.
3. Ibid., 5.
4. Report of the Transvaal Education Department 1910, 130.
5. Examination Reports: Teachers Third Class Certificate. Examinations, December, 1907.
6. Ibid., 1908.
7. T.a.p.

low". [1] So het die inspekteurs gevind dat 'n groot gedeelte van die onderwysers Nederlands nie behoorlik magtig was nie: „Wat het onderwijzend personeel betreft, voor zooverre het 't Hollands aangaat, vindt men een klein deel goed voor hun taak toegerust, een groter deel kan beschouwd worden als redelik, terwijl er een aanzienlik deel is, dat met de beste wil van de wereld vooralsnog geen recht aan het Hollands kan laten geschieden."[2]

In die leerplan is die onderwysers daarop gewys dat 'n persoon nie noodwendig sy moedertaal vlot en noukeurig kan gebruik nie. [3] Tog het die inspekteurs steeds gevind dat onderwysers nie 'n spesifieke doelwit met 'n spreekles [4] gehad nie en dat hulle nie geweet het hoe om spraak te onderrig nie. [5] Die tekortkominge het die inspekteurs raakgesien maar daar is niks gedoen om aan die onderwysers leiding te verskaf nie. Inspekteur M. White [6] het baie waardevolle wenke gegee, maar dit was gedurende 'n bespreking van die onderrig van Engels as tweede taal. Min onderwysers sou die wenke op die onderrig van die moedertaal toepas.

Die peil in die verskillende afdelings van die mondelinge werk in tale wat bereik is, was ook oor die algemeen nie hoog nie, sodat die werk nie veel tot die verbetering van spraak kon bydra nie.

Lees: Die inspekteurs het gevind dat lees oor die algemeen swak is: „'t is een vlug achterelkaar uitspreken van een reeks woorden, zonder toon en

---

1. (a) Report of the Transvaal Education Department, 1909, 21.
   (b) Ibid., 1907, 19
2. (a) Ibid., 1908, 98.
   (b) Ibid., 1909, 104.
   (c) Ibid., 1910, 126.
3. Bepalingenen Leergangen 1909, 85.
4. Report of the Transvaal Education Department for 1909, 75.
5. Ibid., 1910, 135.

zonder gevoel."[1] Ook die Direkteur het gesê dat lees meganies is.[2] Daar is verder op gewys dat 'n oordrewe waarde aan lees geheg is.[3]

Resiteer: Die voordra van gedigte was blykbaar nog swakker as die lees.[4] Hiervan het een inspekteur geskrywe: "Recitation remains a means by which the inspector is put to the torture."[5]

Praat: In spraakonderrig in Nederlands is die swakste werk gedoen, want baie onderwysers kon die taal self nie praat nie.[6] Die Direkteur het ook daarop gewys dat die leerlinge nie vlot en suiwer praat nie.[7]

Die departementele eksamens het ook nie gehelp om spraakonderrig aan te moedig nie. In die eksamen vir die "Einddiploma" van die laerskool het die mondelinge werk (lees, resiteer en praat) net 60 punte uit 'n groottotaal van 200 getel. Aan die einde van die vierde jaar aan 'n middelbare skool kon 'n leerling die "School Certifikaat" eksamen aflê en daarvoor het lees, resiteer en praat gesamentlik 60 punte uit 300 getel.[8]

Oorsig van die Tydperk 1907 tot 1910.

Nederlands was ook 'n voertaal tot standerd III en daarom sou die kinders dit miskien meer in die skool hoor. Die leerplan het die lees, resiteer en praat van die taal voorgeskrywe, maar vir lees en resiteer was die voorskrifte vaag, en dit wil voorkom asof die spraak-

---

1. Reports of Inspectors of Schools 1908: Verslag van W. Klooster.
2. Report of the Transvaal Education Department 1909, 26.
3. Reports of Inspectors of Schools 1909: Verslae van Ligertwood en H.P. Mills.
4. (a) Ibid., 1909: Verslag van W. Klooster.
   (b) Ibid., 1910: Verslag van J.P. Botha.
5. Ibid., 1909: Verslag van J.H. Corbett.
6. Ibid., 1908: Verslag van W. Klooster.
7. Report of the Transvaal Education Department, 1909, 26.
8. Dept. Circulaire Nr. 8 van 1910, 15.

lesse nie die verbetering van spraak ten doel gehad het nie, maar dat die lesse 'n vooroefening vir die skriftelike werk van die hoër klasse moes wees. Vir die bereiking van die doel van die onderwys en van die taalonderwys in besonder soos deur die opvoedkundiges uiteengesit, is spraakonderrig onontbeerlik, maar die ouers wou hê dat hul kinders in die eksamens moes slaag sodat hul goeie betrekkings kon kry; vir die slaag van eksamens was spraakonderrig nie belangrik nie. Baie onderwysers self net Nederlands maar swak gepraat en hulle het baie leiding in verband met spraakonderrig nodig gehad maar dit nie ontvang nie. Die peil wat in die mondelinge afdelings van taalonderrig soos lees en resiteer bereik is, was ook nie so hoog dat dit veel invloed op die spraak kon uitoefen nie. Inteendeel het een van die inspekteurs in verband met lees verklaar: „that a child can read fluently in a language which he cannot speak or write seems to me to be dangerous".[1] Voordrag het miskien ook 'n nadelige invloed uitgeoefen. 'n Inspekteur het geskrywe: „The temptation sometimes steals upon one to advise the discontinuance of an exercise which (in the school concerned) is only calculated to encourage slovenliness in speech".[2] Alhoewel Nederlands die voertaal was, het die leerlinge dit nie gepraat nie. 'n Inspekteur het aangaande Nederlands gerapporteer: „the child speaks one form of the language and writes another".[3] Die ouers wou nie hê dat hul kinders Nederlands moes kon praat nie maar dat hulle die

---

1. (a) Reports of Inspectors of Schools, 1909: Verslag van Ligertwood.
   (b) Ibid., 1908 : Verslag van H.E. Mills.
2. Ibid., 1910 : Verslag van J.P. Botha.
3. T.a.p.

Bybel moes kon lees en in eksamens moes slaag om betrekkings te kry. Dit is dus heeltemal seker dat maar min aan spraakonderrig in Nederlands gedoen is.

d. Gelykstelling van Nederlands en Engels as Voertale (1911 - 1914.)

Ordonnansie Nr. 5 van 1911 (bekend as die Rissik Ordonnansie) waarin Nederlands en Engels as voertale in regeringskole gelyk gestel is, is op 12 Oktober 1911 aangeneem. Daarin is bepaal dat die huistaal van die leerling die voertaal moes wees tot en met standerd IV; daarna kon die ouer kies in watter taal sy kind verder onderrig moes word. Die gevolg hiervan was dat leerlinge tot die hoogste klas in regeringskole onderrig deur medium Nederlands kon ontvang.

Die leerplanne vir tale is in 1913 gewysig toe die „Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen" uitgegee is. Omdat een onderwyser in die kleiner skole vir soveel standerds moes les gee, is die leerplan vereenvoudig. Baie wenke is ook in die inleiding gegee. Spreekoefeninge moes hoofsaak wees in die aanvangsonderrig van die tale; die onderwyser moes so min moontlik en die kinders so veel moontlik praat. Die onderwyser moes toesien dat die leerlinge hul monde goed oopmaak, dat die uitspraak altyd duidelik en korrek is, en dat n foutiewe antwoord nie herhaal word nie. [1] In groep I (substanderds) moes daar op uitspraak gelet word en gehooroefeninge moes gegee word met die skrywe van diktee. Die kinders in Groep II (standerds I en II) moes aangemoedig word om te praat. As daar tyd voor was, kon groepe III en IV (standerds III tot VI) aangaan met die werk van groep II;

---

1. Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen 1913, 22.

as daar nie tyd was nie, moes die leerlinge gedurende die leesles praat. Aan die einde van standerd VI moes die leerling kon verstaan wat ander mense sê en moes hy self soos n beskaafde mens praat. [1] Die vereistes soos in hierdie leerplan uiteengesit, het dus aan die onderwyser minder hulp gebied as die van die leerplan van 1909.

Van aspirant onderwysers is verwag om n kursus in albei tale te deurloop en die eksamen sou uit n mondelinge en n skriftelike deel bestaan. [2] Meer as die helfte van die groottotaal punte vir die Derdeklassertifikaat is aan die mondelinge eksamen toegeken. [3] Die onderwysers wat tot die diens toegetree het, was oor die algemeen beter vir spraakonderrig toegerus. [4]

Die peil van die mondelinge werk was nog nie hoog nie. Die inspekteurs het gevind dat te veel leerlinge nie verstaan wat hulle lees nie, [5] en ook dat die voordrag nie baie geslaag is nie. [6] Die onderwysers het al meer en meer van spreekoefeninge gebruik gemaak om die taal te onderrig, [7] maar sommige het nog te veel op die leesboek gesteun. [8] Te veel van die onderwysers was ook nie by magte om Nederlands suiwer genoeg te besig nie. [9]

---

1. Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen 1913, 26.
2. Ordonnansie Nr. 5 van 1911, art. 13b.
3. Regulations Governing the Training of Teachers, 1911.
4. Departement van Onderwijs Transvaal : Rapport voor 1911, 70.
5. Reports of Inspectors of Schools 1913 : Verslag van T.C. Stoffberg.
6. Rapporten van de Inspekteurs van Scholen 1911; Verslag van J.H. Corbett.
7. Ibid., Verslae van H.P. Mills en H. Visscher.
8. (a) Ibid: Verslag van F.P. Hoogenhout;

Aan die begin van 1912 het die Direkteur gepleit vir n „suiwer aksent" [1] en aan die einde van 1912 kon hy konstateer dat daar vooruitgang op die gebied was, maar moes byvoeg: „the standard of language is deplorably low ..... the greatest need is to awaken public opinion and especially school opinion ... to the low standard of speech which prevails". [2] Die Direkteur het wenke aan die hand gedoen vir die verbetering van spraak, [3] en sommige inspekteurs het ook volledig oor uitspraak in Engels gerapporteer; [4] maar in verband met die praat van Nederlands deur leerlinge is niks gesê nie. Dit is blykbaar nie van leerlinge verwag om Nederlands te praat nie, want die bewoording van die Rissik Ordonnansie het tot misverstand gelei; die benaming „huistaal" in plaas van „moedertaal" is deur sommige inspekteurs vertolk as die taal wat in die huis gepraat word, dit wil sê Afrikaans en daarom het Afrikaans die voertaal in sommige skole geword.[5] Van spraakonderrig in Nederlands het daar dus niks tereg gekom nie.

3. <u>Afrikaans word Voertaal (1914 - 1939.)</u>

a. <u>Afrikaans net as Voertaal Gebesig.</u>

<u>(1914 - 1917).</u>

Uiteindelik het die Provinsiale Raad besef hoe moeilik dit vir die Afrikaanse kind is om deur medium van n byna vreemde taal onderrig te word. So is op 24 Junie 1914 besluit dat aan die Uitvoerende Komitee op-

---

1. Dept. Circulaire Nr. 16 van 1912, 17.
2. Report of the Transvaal Education Department for 1912, 67 et seq.
3. Report of the Transvaal Education Department for 1912, 76 et seq.
4. Rapporten van de Inspekteurs van Scholen 1913, Verslag van J.H. Corbett.
5. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1919, 164.

gedra word om te sorg dat Afrikaans ook as voertaal in die skole erken moes word. As 'n skoolkommissie dit verkies het, kon hulle Nederlands as voertaal in hulle skool behou. [1]

Die besluit van die Provinsiale Raad het nie veel verandering in die skole te weeg gebring nie, want, volgens die inspekteurs, is Afrikaans reeds lank as voertaal gebesig. [2]

Die waarde van spreekoefeninge as middel om 'n taal aan te leer, is herhaaldelik beklemtoon.[3] Daar is ook beweer dat die onderwysers die tegniek van spreeklesse nie goed begryp het nie en dat hulle meer leiding moes ontvang. [4] Dus het daar die eienaardige toestand ontstaan dat spreeklesse nodig is vir die aanleer van Nederlands maar dat Afrikaans as voertaal gebruik kon word. Aangesien baie onderwysers Nederlands nie goed magtig was nie, kan aangeneem word dat Nederlands deur medium Afrikaans onderrig is. Dit is dus heeltemal onwaarskynlik dat spraak in Nederlands onderrig is. Spraak in Afrikaans sou egter ook nie onderrig word nie, aangesien Afrikaans nog nie as vak in die leerplan erken is nie.

Onderwysers is egter gewaarsku dat hulle hul eie spraak krities moes beskou en die peil van gesproke Afrikaans hoog moes hou. [5]

Gedurende die tyd is daar deur W. Klooster 'n pleidooi vir spraakonderrig as sodanig gelewer.

---

1. Notule van die Eerste Sessie van die Tweede Provinsiale Raad.
2. (a) Reports of Inspectors of Schools 1916: Verslag van W. Klooster.
   (b) Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement 1917, 140 en 155.
3. (a) Report of the Transvaal Education Department 1914, 83.
   (b) Ibid., 1915, 118.
   Reports of Inspectors of Schools 1915: Verslag

In 1915 het hy gesê dat onderwysers n beter kennis van fonetiek en van spraakvaardighede behoort te hê. [1] Die volgende jaar het hy daarop gewys dat leerlinge opgevoed en dat hul karakter opgebou moes word deur hulle te leer om te praat, sien, dink, speel en sing. Hy het oefeninge aanbeveel waardeur die spiere van die tong, lippe en mond geoefen kon word.[2]

Dit het al gou duidelik geword dat die toestand op die skole waar Nederlands as taal onderrig is en waar Afrikaans as voertaal gebruik is, ongesond was en beide Engelse en Afrikaanse inspekteurs het gevra dat Afrikaans ook as vak op skool onderrig moes word [3].

b. <u>Afrikaans as Vak Onderrig,</u>

<u>(1917 - 1939).</u>

In 1917 is skole toegelaat om Afrikaans as vak in die substanderds te onderrig en elke jaar daarna in een standerd hoër, sodat na ses jaar Afrikaans in die hele laerskool ingevoer sou wees. [4] Die erkenning van Afrikaans as vak is oor die algemeen met groot vreugde begroet, [5] want die meeste kinders het Afrikaans gepraat.[6] Daar was n klagte dat sommige skole die vak te gou in al die standerds ingevoer het, [7] maar een van die inspekteurs het die snelle vordering verdedig deur te skrywe dat

---

1. Reports of Inspectors of Schools 1915 : Verslag van W. Klooster.
2. Ibid., 1916 : Verslag van W. Klooster.
3. (a) Reports of Inspectors of Schools, 1916: Verslag van Ligertwood.
   (b) Ibid., 1917: Verslag van H. Visscher en J.M. van der Lingen.
   (c) Reports on Examinations, 1914: Report on Dutch (Higher) Composition.
4. Notule van die Provinsiale Raad, 15 November 1917.
5. Verslag van die Inspekteurs van Skole 1917 en 1921, Verslag van A.J. de Vos.
6. Ibid., 1917, Verslag van P.M. v.d. Lingen.
7. Ibid., 1918, Verslag van A. Stephen.

Nederlands n blok aan die been van die Afrikaanse kind was. [1]

Die Transvaalse Onderwysdepartement het gedurende 1917 hersiene leerplanne vir die vernaamste vakke vir al die klasse vanaf die grade tot standerd X uitgegee. [2] Vir so ver dit die mondelinge werk in die huistaal aangaan, [3] is daar min veranderings op die 1909 leerplan aangebring.

Lees: Die vereistes vir lees tot en met standerd VI is dieselfde in albei leerplanne, met ander woorde die leerling is verwag om duidelik, verstandig en natuurlik te lees. In 1917 is egter bygevoeg dat leerlinge in standerd VI gebruik moes maak van „handgebaren" by die lees van gedigte.

Resiteer: Volgens die 1917 leerplan moes die leerlinge reeds vanaf standerd I met gevoel voordra en in standerd VI moes veral op „zuiverheid van taal" gelet word.

In een opsig is die leerplan verbeter, want in 1909 is die vertolking van gevoelens eers in standerd V verwag. In n ander opsig egter is die leerplan minder goed: „op natuurlike wijze voordragen" van 1909 is weggelaat en „zuiverheid van taal" is ingevoeg. Wat eintlik met „zuiverheid van taal" in voordrag bedoel word, is nie duidelik nie; die leerling herhaal tog die woorde van die skrywer.

Praat: Die werk wat voorgeskryf is vir die substanderds en standerd I in albei die 1909 en 1917 leerplanne, is dieselfde. Van die leerlinge in standerd II is

---

1. Verslae van Inspekteurs van Skole 1919: Verslag van P.M. v.d. Lingen.
2. Leergangen voor de Voornaamste Vakken onderwezen

in 1917 verwag om voorwerpe met mekaar te verlyk, maar in 1909 moes hulle die voorwerpe vergelyk en van mekaar onderskei. Verder is daar geen verskil tussen die twee leerplanne van hierdie klas nie.

Van leerlinge in standerd III is verwag om 'n gelese stuk mondeling weer te gee in die vorm van antwoorde op 'n reeks vrae en net skriftelike antwoorde is op skriftelike vrae verwag, terwyl in 1909 skriftelike vrae mondeling beantwoord moes word. Die navertel van die leerlinge van 'n stuk wat deur die onderwyser voorgelees is, is in 1917 weggelaat; daarmee is luisteroefeninge uitgeskakel.

Die 1917 leerplan het vir leerlinge in standerd IV die mondelinge weergawe van die inhoud van 'n kort stuk voorgeskryf. Hierdie voorskrif het die navertel van 'n stuk wat deur die onderwyser voorgelees is, en die weergee van 'n ingewikkelde verhaal in eenvoudige woorde in eie 1909 leerplan vervang. Die vereistes van die 1909 leerplan was 'n luisteroefening en 'n oefening vir die ontwikkeling van tydsbegrip by die leerlinge. Die voorskrif van 1917 is so vaag gestel dat dit geen spesifieke doelwit beoog nie.

Die vereistes vir standerds V en VI is dieselfde in albei leerplanne; daar is van leerlinge vir sover dit praat aangaan, min verlang.

Die leerplan van 1909 het die werk net tot by standerd VII voorgeskryf, maar die een van 1917 het die vereistes tot by standerd X uiteengesit. In die middelbare klasse is 'n studie van die klanke en oefeninge in welsprekendheid voorgeskryf, maar geen verdere leiding is aan die onderwyser gebied nie.

Sover dit die mondelinge werk betref, is die leerplanne van 1917 minder volledig as die van 1909. Daar is wel vroeër begin met die gebruik van intonasie in die vertolking van gevoelens in die voordrag, en in die middelbare skool is die klanke bestudeer en is oefeninge in welsprekendheid (wat dit ook alles mag insluit) verlang. Daarenteen is die luisteroefeninge van 1909 weggelaat en ook die oefeninge vir die ontwikkeling van tydsbegrip. Verder is die vereistes in 1917 so vaag gestel dat dit moontlik was dat die onderwysers al die werk kon doen en nogtans nie die spraak van leerlinge sou verbeter nie.

'n Verdere gewysigde leerplan is in 1929 uitgegee. [1] Die leerplan het net die vereistes tot standerd VI voorgeskryf. Net die afdelings oor mondelinge werk in die huistaal word hieronder behandel. [2]

Lees: Die vereistes vir lees het onveranderd gebly, behalwe dat die lees van gedigte en die gebruik van handgebare soos in 1917 voorgeskryf vir leerlinge in standerd VI weggelaat is.

Voordrag: Vanaf standerd II is van die leerlinge verwag om geskikte stukke poësie en prosa duidelik en met gevoel op te sê. In standerd I is net duidelikheid en natuurlikheid verwag. Wat „natuurlikheid" insluit, is nie gesê nie. Dit word veronderstel dat dit nie die vertolking van gevoelens is nie, want die woorde „met gevoel opzeggen" word gebruik in die 1917 leerplan maar is hier weggelaat.

---

1. Regulasies betreffende Laerskole vir Blanke Kinders met wenke Insake Leergange, 1929.
2. Ibid., 8 et seq.

Praat: Vir die substanderds is die leerplanne van 1909, 1917 en 1929 presies dieselfe. In die leerplan van 1929 is van leerlinge in standerd I verwag om handelinge en n voorwerp of plaat te beskrywe. Die beskrywing van n handeling kom nie in die 1917 leerplan voor nie; miskien moes die leerlinge hierdeur meer werkwoorde aanleer.

Uit die standerd II leerplan van 1929 is weggelaat die voorskrif dat leerlinge die gewoonte om vergelykinge te maak, moes aanleer; die tref van vergelykinge is noodsaaklik vir die ontwikkeling van abstrakte denkakte. Van die leerlinge is verwag om n mondelinge beskrywing te gee waarvan die geheue en sintuie die inhoud moes verstrek. Hulle moes ook in staat wees om n stukkie mondeling weer te gee wat deur die onderwyser voorgelees is; dus luisteroefeninge.

Al wat van die leerlinge in standerd III verwag is, is die mondelinge beskrywing van n gebeurtenis of die vertelling van n voorval of verhaal.

In standerd IV moes die leerlinge n gebeurtenis of verhaal mondeling en skriftelik beskrywe en die inhoud van n kort stuk mondeling of skriftelik weergee.

Vir leerlinge in standerds V en VI is geen mondelinge werk voorgeskrywe nie, alhoewel punte vir mondelinge werk in die eindeksamen van die laerskool toegeken is. [1)]

---

1. (a) Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement 1912, 33.
   (b) Departementele Omsendbrief Nr. 40 van 1930, 6.

Die verskil in die waarde wat aan spraakonderrig in die leerplanne van 1917 en 1929 geheg is, kan duidelik in die inleidings gesien word.

In 1917 is geskryf: „De studie van een levende taal bestaat uit drie hoofddelen die in 't algemeen kunnen aangeduid worden door de termen litteratuur, spraakkunst en vaardigheid ..... Vaardigheid ..... moet insluiten:- (1) duidelik en zuiver spreken. Klankleer en oefeningen in de welsprekendheid zullen daartoe bijdragen. Nog belangrijker, misschien, is de noodzakelikheid om ten allen tijde, zowel in de school als op het speelterrein, op zuiver spreken aan te dringen." [1]

Volgens die algemene inleiding tot die leerplanne van 1929 moes die laerskoolkursus vir onder andere lees, skrywe en reken voorsiening maak; van praat is daar geen melding gemaak nie. [2] In die inleiding tot die tale egter is geskrywe: „Wat albei die tale betref word die grootste waarde geheg aan die bekwaamheid om hulle te gebruik: om hulle te praat, te lees en te skryf." [3]

Vir die klasse aan middelbare skole is in 1929 geen mondelinge werk voorgeskrywe nie, maar daar is 'n mondelinge eksamen afgeneem by beide trappe I en II van die Middelbareskool-sertifikaateksamen [4] en later ook by die Juniorsertifikaateksamen. [5]

'n Vergelyking van die leerplanne van 1909, 1917 en 1929 toon dat die vereistes vir lees min gewysig is. By die voordra van gediggies het die leerplan van 1917 die eerste keer melding van die vertolking

---

1. Leergangen 1917, 8.
2. Regulasies betreffende Laerskole vir Blanke Kinders 1929, 6.
3. Ibid., 8.
4. (a) Departementele Omsendbrief Nr. 20 van 1927, 2.
   (b) Handboek van die Transvaalse Middelbareskool-Sertifikaat 1929 - 1930.
5. Departementele Omsendbrief Nr. 59 van 1933, 3.

van gevoelens gemaak; dit is in die leerplan van 1929 behou, maar daarmee is in n hoër standerd begin. Praat in die substanderds en standerd I is ongeveer dieselfde in al drie die leerplanne; in hoër standerds skryf die 1909 leerplan voor dat daar vir drie jaar luisteroefeninge sal wees, terwyl die leerplanne van 1917 en 1929 net een jaar daaraan bestee; die 1909 leerplan beoog die ontwikkeling van die tydsbegrip van leerlinge, maar in die ander leerplanne word dit weggelaat; die oefeninge in die 1909 leerplan sal ook meehelp om die abstrakte denkakte te ontwikkel; in die 1917 leerplan word vir die middelbare klasse die kennis van klanke en oefeninge in welsprekendheid beklemtoon; die leerplanne van 1909 en 1929 skryf net die werk voor tot standerd VI. Sover die spraakonderrig aangaan, is die leerplan van 1929 die swakste opgestel en het dit die minste leiding aan onderwysers gegee.

Om uit te vind of spraak as belangrik beskou is, is dit nodig om te bepaal wat die doel met die onderwys was. Die Direkteur van Onderwys het by geleentheid van n inspekteurskonferensie die doel van die onderwys bespreek. [1] Hy het o.a. gesê: „Aanpassing is een idee dat zich schijnt te verheffen boven de eenzydigheid van vele stellingen over het doel van opvoeding." Hy het verder verduidelik dat die indiwidu hom moet kan aanpas. (i) by die wêreld van die natuur - dit sluit in die waarneming van dinge in die natuur, die klassifikasie van die dinge en die verstaan van die natuurwette wat die

---

1. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement 1919, 221 et seq.

grondslag van die klassifikasie vorm; (ii) by die sociale wereld" of beskawing en (iii) by die "morele orde of wereld van moraliteit."[1] Inspekteurs Kinney,[2] Thompson[3] en v.d. Lingen[3] het verskillende aspekte van dieselfde stelling beklemtoon. Om hierdie doelwit te bereik, is onder andere spraakonderrig nodig, hoewel daar so min in die leerplanne hieromtrent gemeld is.

Ook die punte wat in die eksamen toegeken is, het nie die belangrikheid van spraak op die voorgrond gebring nie. In 1930 is in die eindeksamen van die laerskool ongeveer 16 persent van die punte vir die hele eksamen in die huistaal toegewys aan mondelinge werk, praat, lees en resiteer; aan praat alleen is net 8 persent van die punte toegeken.[4] In die Eindeksamen van die Middelbare Skool (Trap II) is ongeveer 11 persent aan mondelinge werk in 1922 toegewys, terwyl aan praat in 1927 vier en n half persent toegesê is; in 1929 tien persent en sedert 1934 nege en n half persent.[5] Ook in die Juniorsertifikaat-eksamen is aan praat minder as 7 persent van die groot-totaalpunte vir die huistaal toegesê.[6] Al wat van die kandidate verwag is, is: "Bedrewenheid in die beant-woording van vrae oor wat gelees of geresiteer is en die voer van n gesprek oor onderwerpe van algemene belang."[7]

---

1. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement 1919, 247.
2. Ibid., 266.
3. Ibid., 270.
4. Departementele Omsendbrief Nr. 40 van 1930, 6.
5. Sien Regulasies vir Eindeksamen uitgegee in 1922, 1925, 1927, 1929, en 1934.
6. (a) Departementele Omsendbrief Nr. 59 van 1933, 3.
   (b) Regulasies Sillabusse vir die Transvaalse Junior-sertifikaat, 1934 en 1938.
   (c) Handboeke vir die Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen, 1942 en 1947.
7. Regulasies Eindeksamen 1922, 9.

dat met „eie taal gemors word." [1] Vir die behaal van onderwysersertifikate was mondelinge werk nog steeds baie belangrik maar, alhoewel die helfte van die punte vir die taaltoets aan mondelinge werk toegeken is, het die punte vir praat in 1918 maar tien persent van die groottotaal getel. [2] In 1927 egter is die punte wat aan praat toegeken is, tot vyf-en-twintig persent van die groottotaal vermeerder. [3]

Die Onderwysdepartement het erken dat spraakvorming in skole kon verbeter en daarom is in 1929 'n komitee van inspekteurs benoem om die saak te ondersoek. Die komitee het bevind [4] dat daar te veel onderwysers was wat nie besef het dat die leerlinge hul spraakklanke foutief uiter nie terwyl andere geen poging aangewend het om foutiewe uitspraak te verbeter nie. Die komitee het neergelê dat 'n onderwyser behoort (i) te weet wat die aangenome standaard van korrekte spraak is; (ii) die afwykings te kan ontdek; (iii) kennis te dra van die bou en werking van die spraakorgane. Die komitee het aanbeveel dat die opleiding in spraakvorming aan normaalkolleges meer aandag moes geniet; dat alle onderwysers in die geleentheid gestel moes word om by gerieflike sentrums klasse by te woon om hulle in spraak-

---

1. Verslag van die Transvaalse Onderwysdept., 1925, 141.
2. Regulations Governing the Training of Teachers, 1918, 8.
3. Regulasies Betreffende die Opleiding van Europese Onderwysers, 1927, 6.
4. Departementele Omsendbrief Nr. 33 van Junie, 1929, 4.

vorming te bekwaam en dat hulle aantekeninge moes hou van spraakfoute wat deur die leerlinge gemaak word, sodat hoofde sodanige foute kon klassifiseer en die behandeling daarvan in hul werkskemas kon opneem.

Die vereistes vir die mondelinge deel van die onderwyserseksamen is in 1934 so gestel:-[1]

(i) Bespreking van o.a. taalonderwys, goeie uitspraak en voordrag.

(ii) Toneelopvoering deur studente, voordrag, vertelling en debatte; stukke prosa en poësie behoort van buite geleer te word; hardoplees; behandeling van spraakgebreke.

(iii) Proeflesse.

(iv) Praktiese toegepaste fonetiek in verband met (i), (ii) en (iii) dit is standaard uitspraak en hoe om tussen goeie en slegte uitspraak en styl te onderskei.

Die hoof van die Onderwyserkollege op Johannesburg het aan die einde van 1935 gerapporteer dat alle studente in kortkursus (nie langer as ses maande nie) in spraakonderrig en fonetiek aan die Universiteit sou volg.[2]

'n Oorsig van Tydperk : 1917 - 1939.

Toe Afrikaans as vak ingevoer is, is die leerlinge van die knellende bande van Nederlands losgemaak en het dit gelyk asof hulle in Afrikaans goeie vordering gemaak het.[3] Al gou egter is uitgevind dat die Afrikaans wat die kind gebesig het voordat hy die skool besoek het, min verbetering op skool ondergaan het.[4]

---

1. Sillabusse vir die Opleidingskursus vir die Transvaalse Onderwysersdiploma 1934.
2. Verslag van die hoof van die Johannesburgse Onderwyserskollege, 1935.
3. (a) Verslag van die Transvaalse Onderwysdept., 1918 162 en 164.

Daar is herhaaldelik gekla oor die gebrek aan sisteem by die onderrig van Afrikaans. [1] Later het die Afrikaans op skool verbeter omdat die onderwysers dit tot die waardigheid van 'n taal verhef het, [2] sodat in 1933 geskrywe kon word dat „waar Afrikaans tot kort gelede al te dikwels op 'n slordige manier geskryf en op 'n nog slordiger manier gepraat is, is daar nou werklik verbetering". [3]

Die invoering van Afrikaans as vak is oor die algemeen met vreugde verwelkom omdat die leerlinge die taal kon verstaan en praat. Daar was persone wat ingesien het dat die Afrikaanse kind moes leer om sy huistaal te praat, maar blykbaar het niemand spraakonderrig as 'n selfstandige onderdeel van taalonderrig beskou nie, want in die leerplanne is daaromtrent nie veel leiding gegee nie. Spreeklesse was blykbaar 'n middel om die taal aan te leer en in standerd IV is praat geleidelik deur skrif vervang en daarna is praat heeltemal op die agtergrond geskuiwe. Miskien moes die leerlinge terloops leer hoe om Afrikaans goed te praat. Intussen het die hoogste amptenare van die Onderwysdepartement hul doelstellings met onderwys uiteengesit en vir die verwesenliking van hul ideale was spraakonderrig onontbeerlik, maar alhoewel hulle geweet het hoeveel waarde ouers aan die slaag van eksamens geheg het, het hulle praat nog verder laat verwaarloos deur 'n baie klein persentasie van die punte daaraan toe te ken. In die begin het baie onderwysers self Afrikaans swak gepraat, maar

---

1.(a) Verslag van die Transvaalse Onderwysdept., 1924, 127.
(b) Ibid., 1927, 131 en 91.
2. Ibid., 1929., 76.
3. Rapporte van Inspekteurs, 1933: Verslag van W.T. Hurter.

mettertyd het die spraak van die onderwysers verbeter en terselfdertyd het die leerlinge ook Afrikaans beter gepraat. Die verbetering wat hier ingetree het, is heelwaarskynlik toe te skrywe aan 'n beter kennis van die grammatika, met ander woorde Afrikaans is meer grammatikaal korrek gebesig. Nie een van die inspekteurs het gerapporteer oor die stembeheer of die gebruik van die spraakeienskappe deur die onderwyser of leerlinge nie en het ook nie oor spraakonderrig as vak verslag gedoen nie. Dit wil dus voorkom asof enige verbetering in die praat van Afrikaans heel toevallig gekom het en nie as gevolg van doelbewuste spraakonderrig nie. Die onderwysers het blykbaar geglo dat die leerlinge kan praat en dat dit sy plig is om hulle te leer skrywe, want die skriftelike word as die belangrikste deel van die werk beskou daar die Onderwysdepartement soveel meer punte daarvoor in die eksamens toeken. Gedurende die lesse het die onderwysers heelwaarskynlik die leerlinge hier en daar op verkeerde uitspraak en miskien pousering gewys, maar nêrens in al die offisiële stukke is gevind dat spraak doelbewus onderrig is nie.

4. 'n Terugblik oor die Hele Tydperk.
1838 - 1939.

Vanaf die tyd dat die eerste kind van die Voortrekkers in die Transvaal onderrig is tot 1917 was Nederlands die taal wat die kind op skool moes aanleer. Die meeste kinders het die taal nooit tuis gepraat nie en daar was ook geen bewoegredes waarom hy die taal moes praat nie. Die sterkste dryfveer vir die meeste kinders om te leer, was om hulle te bekwaam vir die aanneming, en vir die aanneming was die praat van Nederlands nie

nodig nie. Om n betrekking te kry, was dit ook nie nodig om Nederlands te praat nie, want die meeste mense het Afrikaans of Engels gepraat. Baie van die ouers en ander persone wat as onderwysers moes optree, kom ook nie Nederlands praat nie en later, toe n hoër persentasie onderwysers opgelei is, was dit nog moeilik om onderwysers te kry wat Nederlands goed kon praat. Die leerplanne en wenke wat opgestel is, het hier en daar van spraak en spraakonderrig melding gemaak, maar daar was geen sistematiese uiteensetting van die werk nie en doeltreffende spraak was nie n vereiste om te slaag terwyl die inspekteurs oor die algemeen ook nie besonder daarop gelet het nie. Daar is wel vereistes in verband met hardoplees en resiteer voorgeskryf, maar hierdie twee spraakaktiwiteite is as twee afsonderlike „vakke" beskou en nie as integrale dele van spraak nie. Onder hierdie omstandighede word dit vermoed dat daar geen doelbewuste spraakonderrig gegee is nie, en die vermoede word versterk deur die verslae van inspekteurs waarin die peil wat in die meeste ander „vakke" bereik is, gemeld word, maar waarin baie min melding van spraak gemaak is.

Tussen 1914 en 1917 word die eienaardige verskynsel aangetref dat Afrikaans as voertaal gebruik word maar dat Nederlands as moedertaal aangeleer word. Gedurende hierdie tydperk was daar geen melding van spraakonderrig nie.

Na 1917 kon Afrikaans beide as voertaal gebruik en as moedertaal geleer word. Soos verwag kan word, het die leerlinge met baie vrymoedigheid in die klaskamers gepraat en het hulle baie goeie vordering in die meeste vakke gemaak. Waarskuwings is egter gou gehoor dat die peil van Afrikaans hoog gehou moes

word. en dat n studie van die taal gemaak moes word. Leerboeke vir onderwysers en leerlinge is in Afrikaans opgestel; die spelling is vasgelê en die Afrikaanse letterkunde het baie uitgebrei. Langsamerhand het meer en meer persone die aandag op spraak gevestig en hier en daar is so n bietjie daaraan gedoen, maar spraak-onderrig is nie stelselmatig uiteengesit in die leer-planne nie en in die meeste inspekteursverslae is daar-van ook nie melding gemaak nie. In die meeste skole was daar dan blykbaar ook geen doelbewuste spraak-onderrig nie.

H O O F S T U K II

KRITIESE STUDIE VAN DIE HUIDIGE ONDERRIG VAN SPRAAK IN TRANSVAAL.

1. Inleiding.

Die verskyning van die verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, onder voorsitterskap van ds. W. Nicol, op 29 Junie 1939 het die jongste tydperk ingelui. Alhoewel die Kommissie se opdrag nie die breedvoerige behandeling van die leerplanne [1] ingesluit het nie, is sekere aanbevelings gemaak, onder andere dat sillabusse in al die skoolvakke vir al die standerds vanaf graad I tot standerd VIII opgestel moes word. [2] Net voordat die Kommissie se verslag verskyn het, het die Transvaalse Onderwysdepartement besluit om die laerskoolleerplan te hersien en is voorsitters van vakkomitees benoem.[3]

Die vakkomitees het vir al die standerds tot en met standerd VIII konsepleerplanne opgestel wat aan skole uitgestuur is. Onderwysers is gevra om opbouende kritiek te lewer, en, nadat die baie aanbevelings van onderwysers oorweeg is, het 'n hersiene uitgawe van die leerplanne verskyn. Die leerplanne het in 1941 in werking getree. Die Direkteur het belowe dat verdere opmerkings wat uit die praktiese toepassing sou voortvloei, later oorweeg sou word en

---

1. Verslag van die Provinsiale Onderwyskomissie, 151.
2. Ibid., 153.
3. Algemene Omsendbrief Nr. 14 van 1939.

dat die leerplanne dienooreenkomstig gewysig sou kon word. [1] In 1942 is die leerplanne herdruk en in 1948 is n verdere gewysigde uitgawe uitgegee.

Die leerplanne bevat dus die weloorwoë menings van die hele onderwysprofessie en die opstelling en wysiging het oor n tydperk van ongeveer agt jaar gestrek.

Aangesien die leerplanne van 1940 en 1942 dieselfde is vir sover dit die tale aangaan, word hier net die leerplanne van 1940 en 1948 bespreek.

2. VOORGESTELDE LEERPLAN VIR AFRIKAANS (HUISTAAL) 1940.

Vir die doel van hierdie proefskrif word net die mondelinge werk bespreek soos aan die hand gedoen in die leerplan vir Afrikaans (Huistaal) wat uitgewerk is vir al die standerds vanaf die grade-klasse tot en met standerd VIII.

a. Inleiding tot die Leerplan.

In die algemene inleiding word die strekking van die leerplan behandel en wenke aan die onderwysers gegee. Op bladsye 3, 4 en 5 word die mondelinge werk, praat, lees en resiteer, behandel. In die bespreking hieronder word die wenke in die inleiding eers gegee en daarna volg die bespreking van die wenk.

(i) Die onderwyser word daarop gewys dat as die kind op skool kom, hy reeds ongeveer 6 jaar die huistaal gepraat het. Op hierdie bekwaamheid om die taal te kan praat, moet die onderwyser voortbou.

Aan die onderwyser is nie vertel hoever die normale kind op hierdie leeftyd gevorder is, wat hy al-

---

1. Verslag van die Tvlse. Onderwysdept. 1940, 20.

reeds bemeester het en wat daar nog te doen is nie.

(ii) Dit sal die onderwyser se werk wees om foute in uitspraak, woordegebruik, sinswendinge en so meer te verbeter sodat die kind in alle opsigte leer om beskaaf te praat.

Daar is ingesien dat die verbetering van uitspraak moet plaasvind sodra die kind op skool kom. Hiermee kan nie gewag word nie, want hoe langer die kind woorde verkeerd uitspreek, hoe moeiliker dit word om die afwykende uitspraak af te leer. Foutiewe uitspraak kan ook 'n skeiding tussen die leerling en sy medeleerlinge veroorsaak en hierdeur kan sielkundige versteurings ontstaan. Uitspraak is nie weer in die leerplan beklemtoon nie maar miskien het die opstellers van die leerplan veronderstel dat dit gedurende voordraglesse (sien (v) bladsy 58 hieronder) gedoen sou word.

(iii) Die kennis van mondelinge taalgebruik moet ook uitgebrei word.

Wat bedoel word met "kennis van mondelinge taalgebruik" is nie duidelik nie. Daar is baie kennis in verband met spraak wat opgedoen kan word maar oor die algemeen is dit te gevorderd vir kinders in hierdie klasse. Vir hulle is spraak 'n vaardigheid wat aangeleer moet word en wat dan 'n wysiging moet ondergaan om by verskillende geleenthede aan te pas. Veel teoretiese kennis hoef die leerlinge van "mondelinge taalgebruik" nie te hê nie.

(iv) In die leerplan is daarop gewys dat spraak nie alleen gedurende die taalles onderrig moet word nie maar dat lesse in alle vakke die geleentheid bied vir die beoefening van die korrekte mondelinge gebruik van die taal. Die

vermoë om n taal goed te gebruik, word verwerf deur die taal te gebruik.

Hierdie stelling bevat twee groot waarhede en dit behoort onder die aandag van alle onderwysers gebring te word.

In die leerplanne van al die ander vakke is die onderwysers egter nie gevra om op spraak te let nie, en die onderwysers is nie gevra om leerlinge soveel moontlik geleentheid bied om te praat en sodoende baie oefening in spraak te kry nie. As al die onderwysers in hierdie opsig nie saam werk nie, kom die leerling onder die indruk dat hy gedurende die taalles op sy taal moet let maar dat gedurende die ander lesse hy kan praat soos hy wil; met ander woorde dat goeie spraak n gril van die taalonderwyser is maar dat dit van geen belang buite daardie klas is nie. Die voorskrif sal dus meebring dat alle onderwysers, ook die van die natuurwetenskaplike vakke, n grondige kennis van spraak sal moet hê.

(v) Voordrag is n middel om goeie uitspraak te herken; om onderwyser en kind te help om deur hulle self te hoor, hulle eie uitspraak te verbeter; om deur kennis van die werking van die spraakorgane, die gewone spraakgebreke te behandel en uit te skakel.

Die bewerings toon duidelik hoe min helderheid daar in verband met spraakonderrig is. Voordrag is tog seker nie n <u>middel</u> om goeie uitspraak te herken nie; dit is n middel om die leerling te leer om gevoelens te vertolk, om sy gevoelslewe te verryk en om letterkunde te waardeer. Foutiewe uitspraak kan gedurende voordrag waargeneem word net soos in enige ander spraaksituasie,

maar dit behoort nie gedurende hierdie les verbeter te word nie. Korrekte uitspraak word aangeleer gedurende n afsonderlike les en dan word die vaardigheid gebruik in spraaksituasies soos hardoplees, voordrag en praat in die klaskamer of op die speelterrein.

Verder moet daar spesiale oefeninge aan leerlinge gegee word om hul gehoor te verskerp sodat hulle altyd krities teenoor hulle eie uitspraak sal staan en te alle tye hul uitspraak sal probeer verbeter. Uitspraak kan alleen verbeter word as die leerling besef dat sy uitspraak afwykings toon. Die onderwyser se uitspraak behoort reg te wees en hy moet nie terwyl hy alreeds voor n klas staan, moeilikheid met uitspraak hê nie. In dieselfde leerplan (sien inleiding tot die werk van die grade) is gesê dat die voorbeeld van die onderwyser n magtige faktor is en daarom moet sy uitspraak reg wees voordat hy as onderwyser optree.

Dit is nie duidelik waarom „kennis van die werking van die spraakorgane" onder voordrag gemeld word nie. Die kennis is noodsaaklik, maar ongelukkig word nêrens in die leerplan weer hiervan melding gemaak nie en dit word dus aan die onderwyser oorgelaat om dit in graad I of in standerd VIII aan die kinders te leer. Elke onderwyser stel sy werkskema op volgens die voorskrifte vir sy standerd en dus sal aan geen klas die „kennis van die werking van die spraakorgane" gebring word nie.

Die behandeling en uitskakeling van „gewone spraakgebreke" is n baie moeilike taak en duur maande en soms jare, en dit is die werk van spraakterapeute en nie klasonderwysers nie. As onder „gewone" bedoel word „minder ernstige", dan kan die klasonderwyser miskien help maar liefs onder toesig van of met behulp van n

opgeleide persoon, want praat is 'n liggaamlik-siellike aktiwiteit. [1] Die oorsaak of gevolg van 'n geringe spraakafwyking kan moontlik 'n sielkundige steuring wees wat nie so maklik uit die weg geruim kan word nie en wat, met verkeerde behandeling, baie groter afmetings kan aanneem.

As al hierdie werk gedurende die voordragles gedoen moet word, sal daar van die voordrag as sodanig niks tereg kom nie. Al die vaardighede moet vooraf ingeoefen word en dan gedurende die voordragles (of enige ander spraaksituasie) toegepas word om die gewenste resultaat te verkry.

(vi) Koorpraat is 'n uitstekende middel om oefening te gee in artikulasie, goeie uitspraak, ritme, korrekte frasering, ens. Dit leer die kinders fyn oplet en konsentreer.

Net soos by voordrag, is koorpraat nie 'n middel om oefening in artikulasie ens. te gee nie; die doel met koorpraat is iets heel verskillend. Vir oefeninge in artikulasie en goeie uitspraak is ander lesse nodig en dan word die vaardighede toegepas op koorpraat en in enige ander spraaksituasie.

Dit word nie gesê wat ritme alles insluit nie en dit val te betwyfel of baie onderwysers daaronder toonhoogte, klem en tydsduur [2] sal verstaan. Ook die gebruik van hierdie eienskappe van taal moet in ander lesse aangeleer word en alleen hul gebruik om 'n sekere doel te bereik, vind gedurende koorpraat plaas. Waarom ritme ook nie onder voordrag gemeld is nie, word nie verduidelik nie.

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 65.
2. Pienaar : Die Afrikaanse Spreektaal, 72.

Korrekte frasering hoort tuis by praat, luidlees en voordrag sowel as by koorpraat. Dit is dus ook n vaardigheid wat afsonderlik aangeleer en in spraaksituasies toegepas moet word.

(vii) In die inleiding tot die leerplan word beklemtoon dat die voorbeeld van die onderwyser groot invloed uitoefen. In die inleiding tot die taalwerk van die grade (bladsy 9) is geskrywe: „Die voorbeeld van die onderwyser is n magtige faktor - miskien die magtigste - ten goede of ten kwade."

Dit word dus verondersteld dat alle onderwysers, in watter klas of vir watter vak ookal, spraakbewus is en dat hulle voldoende spraakonderrig gedurende hul opleiding ontvang het.

Die inleiding wys dat die belangrikheid van sekere aspekte van spraakonderrig in n mate besef is en dat die aard van spraak beter verstaan is. In hierdie opsig is dit beter as enige ander vorige offisiële stuk. Uit die inleiding egter kan duidelik gesien word dat daar nog nie voldoende helderheid oor spraakonderrig is nie. Die vaardighede moet eers doelbewus verwerf word en die gebruik van die ritmies-melodiese eienskappe moet aangeleer word deur gebruik te maak van enige materiaal soos byvoorbeeld los klanke, prosa of poësie, en daarna vind die toepassing plaas in die mondelinge werk soos hardoplees, voordrag, koorpraat en praat sodat die besondere doel van elke afdeling van die mondelinge werk bereik kan word.

Dit is soms ook nie heeltemal duidelik of die spreekoefeninge gebruik moet word om die kennis van taal

te vermeerder nie en of hulle spraakonderrig moet bevorder nie.

Sommige van die fisiese vaardighede soos asembeheer, gebruik van stembande en resonatore, en van die ritmies-melodiese eienskappe soos toonhoogte, intonasie, stemkleur en so meer, word nooit genoem nie. Hierdie eienskappe kan nie almal onder „ritme" ingesluit word nie. In elk geval saal min onderwysers dit so vertolk en begryp. Daar word ook te min waarde aan die verskerping van die gehoor en aan luisteroefeninge geheg.

By wyse van vergelyking moet hier gemeld word dat in die inleiding tot die „Suggested Syllabus for English (Home Language) 1940" spraakonderrig in baie meer besonderhede uiteengesit is. Daarin is melding gemaak van asemhalingsoefeninge, klankdril en oefeninge van lip en tong om die spiere beweegliker te maak. Die waarde van die voorbeeld van die onderwyser word beklemtoon en ook die uitwerking van sy spraak op die leerlinge. Die aandag van die onderwyser word gevestig op uitspraak, artikulasie, intonasie, frasering, stembuiging, verandering van tempo, ens. Dit is ook gesê dat die gewone klasonderwyser nie ernstige spraakafwykinge moet behandel nie. In die inleiding tot die werk van middelbare klasse (standerds VI tot VIII) word aan die hand gedoen dat leerlinge die fonetiese alfabet aanleer.

Die inleiding word net hier aangehaal om te wys dat daar wel persone is wat van spraakonderrig kennis dra. Die inleiding word nie verder bespreek nie.

b. Leerplan vir Afrikaans (Huistaal.)

Die leerplan vir elke klas is verdeel in drie afdelings: mondelinge werk, lees en skriftelike werk. Lees is nie by mondelinge werk ingesluit nie, heelwaarskynlik omdat lees in die hoër klasse oorwegend stillees word. Onder mondelinge werk is ingesluit praat, dramatisering, koorpraat en sameprakies. Alhoewel die opstellers van die leerplan dit blykbaar nie so ingesien het nie, word praat vir twee doeleindes gebruik, naamlik om spraakonderrig te bevorder en om taalkennis te verwerf soos byvoorbeeld in standerd III: „Bewuste gebruik van die volgende sinsoorte: stelling, vraag, uitroep, bevel, verbod; wisselvorme. Opsetlike uitbreiding van die taalskat; woordvorming."

In hierdie bespreking word dan die volgende behandel (i) praat - net vir sover dit spraakonderrig aangaan; (ii) voordrag, koorpraat en samesprakies; (iii) dramatisering en (iv) hardoplees. Elk van bogenoemde afdelings sal vir al die klasse bespreek word om sodoende die ontwikkelingsgang beter te kan sien. Die vereistes van die leerplan sal tussen aanhalingstekens gegee word.

(i) Praat.

Grade I en II: „Voorlees of vertel deur die onderwyser en navertel deur die leerlinge van stories, fabels ens. Al die leervakke (veral sang en sangspeletjies) moet hiertoe bydra".

Aangesien die inhoud en die woorde vir hulle interessant is, sal hierdie oefening die kleintjies vrymoedig maak en sal hulle meer op hulle gemak in die skool voel. Dit is ook 'n luisteroefening wat vir hulle aan die begin van hulle skoolloopbaan noodsaaklik is.

Aan spraakonderrig word egter gedurende hierdie twee jaar niks meer gedoen nie. Die kleintjies kan hul eie ervarings vertel en kan leer hoe om n voorwerp wat hulle kan sien, te beskrywe. Die verwerwing van die vaardighede is gedurende hierdie jare van die grootste belang.

Standerd I: (a) „Voorlees of vertel deur die onderwyser van n groot verskeidenheid verhale en navertel deur die leerlinge."

(b) „Die noukeurig uitdruk van gedagtes."

Die oefening (a) hierbo is alreeds bespreek. Noukeurigheid (vereiste (b)) is baie belangrik, maar daar moet aan die onderwysers meer leiding verskaf word, want die vrae ontstaan watter gedagtes uitgedruk moet word en wie moet bepaal dat die gedagtes noukeurig is. Om noukeurigheid te kry, kan n leerling n voorwerp in die kamer so beskrywe dat die ander leerlinge die naam van die voorwerp kan raai.

Hier word ook heeltemal te min werk in verband met spraakonderrig gedoen; die kinders word net geleer hoe om te luister en hoe om noukeurig te wees.

Standerd II: (a) „Mondelinge weergawe van wat gehoor of gelees is."

(b) „Vertel van wat waargeneem is."

(c) „Voltooiing van onvolledige verhaaltjies."

Die mondelinge weergawe van wat gehoor of gelees is, vereiste (a), kan oefeninge in spraakonderrig wees; n weergawe van wat gehoor is, is n luisteroefening en die weergawe van wat gehoor of gelees is, is n spraaksituasie waarin daar gelet kan word op logiese gedagtegang, tydsbegrip, intonasie en alles wat op spraak betrekking het. Alles hang af van die doel met hierdie oefeninge.

Gewoonlik is die weergawe van wat gehoor is, n luisteroefening en die weergawe van wat gelees is, n toets om te sien of die leerlinge verstaan wat hulle gelees het, en as sodanig het dit niks met spraakonderrig te doen nie. Die stelling is dus baie vaag en gee ook min leiding.

Net so ook kan vereiste (b) „vertel van wat waargeneem is" verkeerd vertolk word. As die waarneming as belangrik beskou word, val dit buite die bestek van spraakonderrig, terwyl as die vertelling die belangrikste is, kan dit n waardevolle oefening wees. Dit word egter nie verduidelik waarop gedurende die vertelling gelet moet word nie; dit kan miskien gemik wees op noukeurigheid, uitspraak, asemhaling, intonasie of almal tesame. Die meeste onderwysers sal geen besondere doelwit hê nie en sal tevrede wees solank die kind net praat.

Die voltooiing van onvolledige verhaaltjies, voorskrif (c), sal meewerk om die verbeelding van die kind te ontwikkel. Dit kan ook dien om die leerling voor te berei vir toesprakies wat in die hoër klasse gehou moet word. Om toesprakies te hou moet die kind vrymoedig wees en moet hy geleer word om te dink terwyl hy praat. Dit is twyfelagtig of die beskroomde kind enige voordeel uit die voltooiing van verhale sal trek, behalwe as vooraf pogings aangewend word om vrymoedigheid aan te kweek. Die gebruik van vaardighede en spraakeienskappe kan nie gedurende die oefening verbeter word nie, want dan sal die verbeelding gestrem word. Die verbetering sal daarna moet plaasvind.

<u>Standerd III</u>: (a) „Mondelinge weergawe van wat gehoor, gelees of waargeneem is, soos byvoorbeeld n beskrywing van bekende plekke, geboue, dorpe, persone ens."

(b) „Voltooiing van onvolledige verhaaltjies (moeiliker voorbeelde as in standerd II.")

Voorskrif (a) hierbo is alreeds bespreek behalwe dat die beskrywings van plekke, geboue, dorpe en persone verlang word. Dit kan n waardevolle oefening wees om noukeurigheid aan te kweek. Veral is die beskrywing van persone belangrik as dit nie net tot die uiterlike beperk word nie; daardeur kan die leerling mensekennis opdoen wat daartoe sal bydra dat hy letterkunde beter sal kan verstaan en dit beter deur spraak sal kan vertolk.

Die voltooiing van onvolledige verhaaltjies, voorskrif (b), is ook al voorheen bespreek.

Standerd IV: (a) „Mondelinge weergawe van wat gehoor, gelees, of waargeneem is."

(b) „Kinders moet nou geleer word om hul gedagtes in samegestelde sinne uit te druk en hulle nie alleen tot enkelvoudige sinne te bepaal nie."

(c) „Gepastheid van taal by situasie."

(d) „Voltooiing van onvolledige verhale."

(e) „Besprekings oor welbekende onderwerpe en sake van algemene belang."

(f) „Fantasie - vertellings."

(a) en (d) is alreeds hierbo bespreek.

Die vermoë om samegestelde sinne te gebruik, voorskrif (b), hang af van die vermoë van die kind om die onderlinge verband tussen voorwerpe of gebeurtenisse te sien; met ander woorde dit is afhanklik van die denkvermoë van die leerling. Hierdie vermoë kan nie na willekeur by die kind gewek word nie en het al lank voor hierdie stadium ontluik; [1] die ontwikkeling daarvan

---

1. Watts: The language and Mental Development of Children. 69

moes in die gradeklasse begin het deur die vergelyking van die eienskappe van n verskeidenheid van voorwerpe.

Die vereiste „gepastheid van taal by situasie", (c) hierbo, is te wyd om van veel waarde te wees. Die leerlinge is heelwaarskynlik al in n laer klas daarop gewys dat as hulle n vrolike verhaal vertel, hulle vertelling dan ook opgewek moet wees. Die vraag kan gestel word by watter situasie die taal moet pas. Van n elfjarige kind kan nie te veel verwag word nie en dus moes die opstellers liewer gesê het watter situasies hulle in gedagte gehad het. Daar bestaan ook n sterk twyfel of daar veel onderwysers is wat die voorskrif sal begryp; n paar voorbeelde sou dit baie maklik verstaanbaar gemaak het.

Besprekings, vereiste (c), kan baie waardevolle oefeninge wees maar dan moet die doel van die bespreking vir almal heeltemal duidelik wees. Hier word nie gesê of n enkele leerling n saak moet bespreek en of al die leerlinge daaraan moet deelneem nie.

Verdraagsaamheid kan bevorder word deur n bespreking waarin elke leerling sy mening oor n saak uitspreek; die klas word dan daarop gewys dat hoewel die menings van mekaar verskil, die meeste leerlinge goeie redes het vir die menings wat hulle huldig. Op hierdie manier kan ander goeie gesindhede ook aangekweek word deur gebruik te maak van die vorm van n bespreking.
Die eintlike bespreking is n gesamentlike denke van n groep persone met een doel, naamlik om die beste oplossing van n probleem te vind.

Wat die doel met die bespreking in standerd IV is, word nie gesê nie, en as die oefening aangepak gaan word sonder n spesifieke doelwit, sal dit net in n pratery ontaard.

Dit is nie duidelik in watter opsigte „fantasie-vertellings", (f) hierbo, van „voltooiing van onvolledige verhale" verskil nie, behalwe dat in die laasgenoemde die verbeelding in 'n sekere mate beperk sal wees deur die begin van die verhaal. Vir sover dit spraakonderrig aangaan, lyk dit nie of daar veel verskil tussen die twee oefeninge is nie.

Standerd V: (a) „Mondelinge weergawe van wat gehoor, gelees of waargeneem is."

(b) „Klem moet gelê word op logiese gedagtegang."

(c) „Gepastheid van taal by situasie."

(d) „Fantasie-vertellings."

(e) „Besprekings oor welbekende onderwerpe en sake van algemene belang."

(f) „Kort voorbereide toesprakies."

Voorskrifte (a), (c), (d) en (e) is hierbo bespreek.

Die noodsaaklikheid vir logiese gedagtegang, vereiste (b), moes al veel eerder onder die aandag van die leerlinge gebring gewees het. Van hulle is verwag óm alreeds in standerd II te vertel wat waargeneem is of om ónvolledige verhaaltjies te voltooi, dit wil sê hulle moes die stof self vind en self rangskik; in standerd IV is ook 'n begin met besprekings gemaak; hierdie stof moes ook logies gerangskik gewees het.

Die leerling in die standerd V klas is aan die einde van sy laerskoolloopbaan en hy behoort 'n toesprakie te kan hou, voorskrif (f), want onder die leerlinge is hy een van die leiers van die skool en heelwat voorbereidende werk is alreeds in vorige klasse aan die hand gedoen.

Die leerling sal baie leiding nodig hê in verband met die voorbereiding van die toespraak, die opstel van aantekeninge en die gebruik daarvan.

Standerd VI: (a) „Mondelinge weergawe van wat gehoor, gelees, waargeneem of ervaar is: noukeurigheid en presiesheid van uitdrukking, logiese gedagtegang, gepastheid van taal."

(b) „Fantasie-vertellings."

(c) „Bespreking van algemene onderwerpe en van sake van algemene belang (nuus, advertensies, markberigte ens.)",

(d) „Kort voorbereide toesprakies."

(e) „Beskrywings van persoonlike ervarings en gebeurtenisse".

(f) „Oefening in die redeneerkuns : klasdebatte en die mondelinge uitdruk van opinies."

Die voorskrif (a) is alreeds voorheen bespreek, maar daar is bygevoeg „mondelinge weergawe van wat ... ervaar is." Dit is moeilik om te verklaar waarom n leerling eers, nadat hy agt jaar op skool gewees het, van sy ervarings moet vertel. Die kinders van 13 of 14 jaar is ~~alreeds~~ sku en terughoudend [1] en dus sal hulle nie so gretig wees om iets van hulself te vertel nie. Daarenteen is die jong kinders baie lief om vir die onderwyseres te vertel wat tuis, op pad skool toe of op die skoolterrein gebeur het. Die jong kinders moet ook aangemoedig word om te praat. Moorman het gesê: „Die babbelbron mag niet opdrogen." [2] Die kind moet dus baie vroeër van sy ervarings vertel.

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 300.
2. Moorman : De Moedertaal, 22.

'n Groot verbetering is in voorskrif (a) aangebring deur logiese gedagtegang, gepastheid van taal, noukeurigheid en presiesheid van uitdrukking in verband met die „weergawe" te bring; voorheen is hierdie eienskappe as losstaande vereistes gestel.

Die oefeninge wat onder (b), (c) en (d) beskrywe is, is reeds voorheen bespreek.

Die „beskrywings van persoonlike ervarings en gebeurtenisse", (e) hierbo, is blykbaar nie dieselfde soos „die weergawe van wat ervaar is" in (a) nie, maar dit is nie duidelik wat die verskil tussen die twee oefeninge is nie. Die opstellers moes die verskil (indien enige) duideliker laat uitkom het.

Standerd VI is die eerste klas van die middelbare skool en die leerlinge begin dus hul middelbare skoolloopbaan. Die leerlinge het die leeftyd bereik waarin die redenering baie verbeter [1] en dus is die oefening in die redeneerkuns hier van pas (vereiste (f)). Dit word egter gevoel dat klasdebatte nog 'n bietjie uitgestel kan word [2] en dat die bespreking die situasie moet wees waarin die redeneerkuns beoefen moet word. Dit moet egter goed verstaan word dat redernering alreeds in die besprekings in standerds IV en V behoort voor te kom maar dat in daardie klasse nie soveel klem daarop gelê word nie; in daardie klasse het die onderwyser 'n ander doel voor oë met die bespreking gehad.

Wat onder die „mondelinge uitdruk van opinies" (vereiste (f)) verstaan moet word, is nie duidelik nie. Die opinies is seker alreeds mondeling geuiter in die besprekings in standerds IV en V en in die toesprakies

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese opvoedkunde, 146.
2. Sien bladsy 334

in standerd V.

Standerds VII en VIII. „Soos in Standerd VI maar:-

(a) „In die klasdebatte moet nou gestreef word na steekhoudendheid van argument; verdediging of of weerlegging van stellings".

(b) „Die taal wat gebruik word, moet gekenmerk word deur soepelheid, rykdom van woordkeuse, variasie van sinsbou, gepastheid van uitdrukking, idioom, spreekwoord en sitaat."

Vir baie leerlinge is standerd VIII die end van hul skoolloopbaan en dus is dit nodig dat hulle sal weet wat n steekhoudende argument is en dat hulle sal weet hoe om kritiës te luister sodat as hulle skool verlaat, hulle nie maklik oorreed sal word nie. Die oefening wat onder (a) voorgeskryf is, is dus noodsaaklik.

Die eienskappe vereis onder (b) is belangrik, maar dit is miskien eerder doelwitte van taalonderrig en nie van spraakonderrig nie; uitspraak, asemhaling, intonasie, stemkleur, tempo en pousering - die eienskappe van spraak word nie genoem nie. Blykbaar dus was die opstellers nie so erg begaan oor spraakonderrig nie maar was hulle bedoeling dat spreeklesse aangewend moes word om die kennis van die taal te verryk.

Om die bespreking van die leerplan as n geheel te vergemaklik, is n opsomming gemaak (Sien Tabel I,). Die voorskrifte wat moontlik op spraakonderrig betrekking kan hê, is onder mekaar geskrywe en genommer; daarteenoor is die name van al die klasse gestel en die klas waarin die voorskrif verlang is, is met n „X" aangedui.

Voorskrif Nr. 1, voorlees deur die onderwyser en navertel deur leerlinge, is net in die grade en standerd I verlang, maar daarna is dit vervang deur Nr.

3, mondelinge weergawe van wat gehoor of gelees is. Nr. 1 is n luisteroefening en so kon Nr. 3 ook wees, maar dit word vermoed dat dit meer n toets sal wees om te sien of die leerlinge verstaan wat hulle gelees het. Dit wil dus voorkom asof na standerd I daar nie meer doelbewuste luisteronderrig sal wees nie.

T A B E L I

OPSOMMING VAN VEREISTES VAN DIE 1940 LEERPLAN.

	Grade	STANDERDS.						
		I	II	III	IV	V	VI	VII en VIII
1.Voorlees of vertel deur onderwyser en navertel deur leerlinge.	X	X						
2.Noukeurig uitdruk van gedagtes		X					X	X
3.Mondelinge weergawe van wat gelees of gehoor is			X	X	X	X	X	X
4.Vertel van wat waargeneem is			X	X	X	X		
5.Voltooiing van onvolledige verhale.			X	X	X			
6.Gebruik van samegestelde sinne.					X			
7.Gepastheid van taal by situasie					X	X	X	X
8.Fantasie-vertellings.					X	X	X	X
9.Logiese gedagtegang						X	X	X
10.Besprekings.					X	X	X	X
11.Kort toesprakies						X	X	X
12.Beskrywings van persoonlike ervarings							X	X
13.Presiesheid van uitdrukking							X	X
14.Oefening in redeneerkuns							X	X

Dit is opvallend dat van leerlinge im standerd I verwag word om hul gedagtes noukeurig uit te druk (nr. 2) maar daarna is dit nie voorgeskryf nie totdat die leerlinge in standerd VI kom. Die voorskrif is seker nie opsetlik in standerds II tot V weggelaat nie.

Nr. 4, „vertel van wat waargeneem is", is n waardevolle oefening in noukeurigheid, want die vertelling kan deur ander leerlinge in die klas gekontroleer word en ook word daardeur die waarnemingsvermoë verskerp. Vanaf die eerste dag wat hulle skool toe kom, behoort die kinders oefening te kry in waarneming[1] en in die vertelling van wat waargeneem is. Dus moes die oefening ook vir die gradeklasse en standerd I voorgeskryf gewees het.

Voltooiing van onvolledige verhale (nr. 5) word begin in standerd II en word daarna verlang in die volgende twee standerds. In standerds IV tot VIII word dit vervang deur fantasie-vertellings, nr. 8. Die tydperk vir die fantasie is egter die jare 4 tot 6,[2] en daarom moes fantasie-vertellings in die grade plaasvind. Daarna kan die verbeelding meer gebonde word deur die voltooiing van n verhaal wat reeds begin is. Die adolessent is skuwer en dit val te betwyfel of veel seuns van 11 tot 16 jaar n fantasie-vertelling mondeling sal uitvoer. Die vereistes pas dus nie aan by die ontwikkeling van die kind nie en die ~~volgende~~ volgorde is verkeerd: die ontwikkeling van die vrye verbeelding moet die ontwikkeling van die meer gebonde of beperkte verbeelding voorafgaan en nie daarop volg nie.

Die gebruik van samegestelde sinne (nr. 6) word net in een standerd, standerd IV, verlang. Dit het

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 131.

seker net per abuis gebeur maar dit is die tweede keer dat so 'n fout in die leerplan (sien nr. 2 hierbo) insluip.

Gepastheid van taal by die spraaksituasie (nr. 7) is noodsaaklik en dit wil voorkom asof dit hier op die regte plek onderrig word, net voordat met toesprakies begin word (nr. 11). Voorheen is gepastheid van taal seker toevallig onderrig maar vanaf standerd IV tot standerd VIII word dit doelbewus onder die aandag van leerlinge gebring.

Gelyktydig met die toesprakies word logiese gedagtegang van die leerlinge van standerd V vereis. Dit is heeltemal reg, maar die leerlinge het al verhale vertel vanaf standerd II en dit wil voorkom asof dit beter sou gewees het as daar dus voorheen op hierdie vereiste gelet is, veral aangesien daar alreeds in standerd IV 'n begin met bespreking gemaak is.

Met besprekings (nr. 10) word in standerd IV begin en as die besprekings ten doel het die oplossing van werklike probleme in die kind se skoollewe, word die oefening op die regte tydstip ingevoer, want van die leerlinge is nou die leiers in die laerskool.

Leerlinge begin kort toesprakies (nr. 11) in standerd V hou. Hierteen is ook geen fout te vind nie, want die leerlinge in standerd V is die leiers van die laerskool en hulle behoort deel te hê aan die organisasie van sekere aspekte van die skoollewe: hulle ontvang besoekende spanne, moet hulle eie maats oortuig dat 'n sekere standpunt of gedragslyn reg is, en so meer. Miskien kon die standerd IV leerlinge ook iets hieraan gedoen het, sodat hul al meer op hul gemaak daarmee in standerd V kon wees.

Die beskrywing van persoonlike ervarings (nr. 12) word myns insiens heeltemal te laat ingevoer. Daarmee behoort die leerlinge in die gradeklasse te begin en die oefening kan dan in al die standerds tot standerd VIII gedoen word. Die kind moet aangemoedig word om te praat en die sterkste motivering vir spraakonderrig is juis die feit dat die leerling iets van homself wil vertel; hy word dan geleer om dit so goed moontlik te vertel sodat dit die grootste indruk op sy hoorders maak.

Presiesheid van uitdrukking (nr. 13) word net in standerds VI tot VIII verlang maar dit is so nou verbonde aan waarneming en noukeurigheid dat daarmee ook vroeër begin kon word.

Oefening in die redeneerkuns (nr. 14) is in standerd VI ingevoer, maar met besprekings is alreeds in standerd IV begin. Dit lyk of die twee, redeneering en bespreking, saam hoort en dat altwee dus in standerd IV ingevoer moes gewees het.

By besprekings behoort argumente ook steekhoudend (nr. 15) te wees, maar as hier aan n debat gedink word, moet dit nie voor standerd VII ingevoer word nie, soos die leerplan dan ook wel voorskryf.

As die lys van vereistes bestudeer word, word gevind dat dit nie n homogene groep is nie. Sommige voorskrifte is oefeninge waarvan die doel nie gegee word nie, byvoorbeeld nrs. 1, 3, 4, 5, 8 en 12; ander weer is eienskappe, nrs. 2, 6, 7, 9, 13 en 15; twee dui spraaksituasies aan, nrs. 10 en 11, terwyl in een die doel van die oefening gemeld word naamlik nr. 14. So n leerplan gee nie veel leiding aan onderwysers nie en kan moontlik net verwarring skep. Die eienskappe hierbo genoem is eienskappe van beide die gesproke en die

geskrewe taal, met ander woorde die mondelinge oefeninge kon as doel gehad het die verbetering van die geskrewe taal en nie die verbetering van spraak nie, want geen een van die eienskappe wat net van toepassing op spraak is, soos uitspraak, stemkleur, asemhaling, intonasie, en toonhoogte word genoem nie. Dus, alhoewel in die inleiding gesê word dat 'n kind beskaaf moet kan praat, het die opstellers nie in die leerplan die weg aangewys waarlangs die doel bereik kan word nie. Daar was blykbaar nog verwarring tussen die twee funksies van spreeklesse (a) die spreeklesse wat ten doel het die verryking van die kind se kennis van die taal en (b) die lesse wat die verbetering van die spraak ten doel het. Miskien het die opstellers gedink dat wanneer die leerling praat, hy sy spraak so terloops verbeter. Dat min vordering op die manier gemaak word, is alreeds bewys. [1)]

Die vermoede dat daar nie helderheid by die opstellers was nie, word versterk deur die kritiese beskouing van die hele mondelinge leerplan vir elke klas. Hieronder word al die voorskrifte vir standerd I herhaal en in dieselfde volgorde soos dit in die leerplan verskyn:-

(a) „Voorlees of vertel deur die onderwyser van 'n groot verskeidenheid verhale en navertel daarvan deur die leerlinge."

(b) „Dramatisering van gepaste verhale."

(c) „Vraag en antwoord."

(d) „Bewuste gebruik van die volgende sinsoorte:- stelling, vraag, uitroep."

(e) „Die noukeurig uitdruk van gedagtes."

(a) is 'n oefening om die taal te gebruik en 'n luisteroefening; (b) stel die leerlinge in die geleentheid om skeppingswerk in 'n spraaksituasie te doen, dit wil

sê dit is 'n oorspronklike toepassing van verwerfde spraakvaardighede; (c) en (d) is mondelinge taalonderrig en (e) is 'n eienskap wat by leerlinge aangekweek behoort te word. Die volgorde waarin die vereistes verskyn, wys dat daar by die opstellers 'n mate van verwarring was.

Dit wou beter gewees het as die opstellers die oefening aangedui het en daarby die doel van die oefening, byvoorbeeld „Navertel van verhaal deur onderwyser voorgelees; die leerlinge moet geleer word om noukeurig te luister en dan noukeurig weer te gee."

Wat veral opmerklik is, is dat in die hele leerplan onder al die voorskrifte in verband met praat geen melding van die eienskappe van spraak gemaak word nie. In die inleiding is uitspraak, ritme en artikulasie genoem net in verband met voordrag en koorpraat. Die onderwyser kon dus onder die indruk verkeer het dat hierdie eienskappe nie by praat gesoek moet word nie.

Die gevolgtrekking waartoe geraak kan word, is dat spraakonderrig vir die opstellers van die leerplan nie belangrik was nie. Hulle was baie meer bekommerd oor die skriftelike werk, en die mondelinge werk moes meehelp om die peil van die geskrewe taal te verhoog. Dit word gestaaf deur hul stelling aan die end van standerd IV. Dit lui: „Aan die end van die Standerd IV kursus moet dit vir die leerlinge moontlik wees om:-

1. Bewys te lewer dat hy wat hy gelees het, verstaan.

2. 'n Goeie brief te kan skrywe en ook 'n stuk aaneenlopende prosa."

Onderaan die standerd VIII leerplan staan geskrywe: „Aan die end van die kursus word verwag dat die leerlinge:-

1. 'n Lus vir lees en 'n smaak vir goeie boeke ontwikkel het.

2. In breë trekke kennis gemaak het met die Afrikaanse letterkunde.

3. Die taal vir alle praktiese doeleindes redelik goed en suiwer kan praat en skrywe".

Uit die laaste sin wil dit voorkom of daar feitlik geen verskil tussen praat en skrywe is nie, terwyl die twee hemelsbreed van mekaar verskil.

(ii) Voordrag, Koorpraat en Samesprakies.

Die tweede afdeling van mondelinge werk wat nou behandel word, is voordrag, koorpraat en samesprakies waarin spraak 'n vertolkende rol speel.

Om die leerplan makliker te kan beoordeel, word die vereistes vir al die klasse in dié afdeling van die werk hieronder gegee presies soos dit in die leerplan verskyn. Alleen word weggelaat die wenke in verband met bloemlesings, wat met die eintlike voordrag niks te doen het nie.

Grade. „Voordrag
Koorpraat, Hoofdelik en gesamentlik opsê van 'n groot verskeidenheid kinderversies.
Samesprakies."

Standerd I. „Individueel opsê van 'n groot verskeidenheid kinderversies.
Koorpraat.
Samesprake."

Standerd II. „Individueel opsê van 'n groot verskeidenheid gedigte.
Koorpraat.
Samesprake."

(d) „Staaltjies en verhaaltjies."

Die beskrywing van n voorwerp sodat die klas die naam daarvan kan aflei (nr. a) is n uitstekende oefening om noukeurigheid van beskrywing te bevorder; die leerlinge sal graag daaraan wil deelnem, want dit is in die aard van n speletjie. Die oefening en die doel daarvan is baie duidelik gestel.

Voorskrif (b), die opbou van n storie in verband met interesstante voorwerpe of prente, sal die leerlinge in die geleentheid stel om hul verbeelding te gebruik maar sal hulle ook dwing om die verhaal logies op te bou; hulle sal moet dink terwyl hulle praat.

In standerd I is alreeds die vertel en na-vertel van verhale, vereiste (c), bespreek.

Die vertelling van staaltjies en verhaaltjies, (d) hierbo, is n baie moeilike oefening. Hier sal veral pousering en klem n belangrike rol speel om die spanning te verhoog. Dit lyk onwaarskynlik dat leerlinge van 10 of 11 jaar hierin sal slaag, nog te meer daar geen doelbewuste poging sover aangewend is om hul te leer hoe om bogenoemde spraakeienskappe te gebruik nie.

Standerd IV (a) „Die aankweek van vrymoedigheid by die leerlinge deur hulle in die geleentheid te stel om op lewendige wyse toesprakies te hou en verhaaltjies en staaltjies aan die klas te vertel."

(b) „Denkbeeldige gesprekke tussen bekende karakters of figure uit die geskiedenis, Bybel-verhale ens."

(c) „Boodskappe en berigte."

(d) „Noukeurige beskrywing van huishoudelike artikels, vervoermiddels en roetes; put verdere materiaal uit Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuur-

(e) „Verryking van die uitdrukkingsvermoë van die leerlinge deur die gebruik van samegestelde sinne wat bv. deur middel van voegwoorde opgebou kan word."

Vrymoedigheid, voorskrif (a), is essensieel in enige spreaksituasie en dus moet dit by leerlinge aangekweek word, maar dit moet gedoen word vanaf die eerste dag wat hulle skool toe kom, want dan moet hulle alreeds baie praat. Dit is nie duidelik hoe die hou van lewendige toesprakies die leerlinge vrymoedig sal maak nie (sien (a) hierbo); die leerlinge sal eers lewendige toesprakies kan hou as hulle alreeds vrymoedig is. Vir die hou van „lewendige toesprakies" en die vertelling van „verhaaltjies en staaltjies" sal leerlinge die ritmies-melodiese eienskappe van spraak goed moet kan gebruik, en daarvoor is in die leerplan tot sover geen melding van gemaak nie.

„Denkbeeldige gesprekke tussen bekende karakters" (sien (b) hierbo) is 'n baie moeilike oefening daar dit nodig sal wees vir die leerling om die persoonc baie goed te ken en te verstaan. Die mensekennis van leerlinge van 11 of 12 jaar is daarvoor nog heeltemal ontoereikend. In die middelbare skool sal die oefening van groot waarde wees.

Boodskappe en berigte oorbring ((c) hierbo), is 'n uitstekende luisteroefening, maar die leerlinge moes al vanaf graad I hierdie onderrig gekry het, daar hulle so 'n groot gedeelte van hul onderrig ontvang deur te luister.

Die vermoë om noukeurig te beskrywe ((d) hierbo), is nog steeds baie waardevol, maar dit is net jammer dat die materiaal uit die geskiedenis, aardrykskunde en natuurstudie geput moet word; dit sou baie beter gewees het as noukeurige beskrywings gedurende die natuurstudie-, aardrykskunde-of geskiedenisles verlang was. Die leerling

moet besef dat hy gedurende enige en elke les en ook buite die skool op sy spraak moet let en nie net gedurende die taalperiodes nie.

Die gebruik van samegestelde sinne ((e) hierbo) word alleen moontlik as n kind se denke sover ontwikkel is dat hy die verhouding tussen voorwerpe, handelinge en oogrippe kan insien. Die meeste normale leerlinge het al voor elfjarige leeftyd die vermoë ontwikkel om verhoudings raak te sien en daarom kon eerder met hierdie oefening begin gewees het. Miskien was die bedoeling van die opstellers dat op hierdie stadium besondere aandag aan die aanleer van voegwoorde bestee moes word, maar dan is die oefening nie n oefening in spraak nie.

Standerd V. „Voortsetting van die voorgeskrewe werk vir standerd IV. Voeg by:-

(a) Kort voorbereide praatjies oor stokperdjies en liefhebberye; nuusberigte oor belangwekkende gebeurtenisse; klasbesprekings.

(b) Inoefening van die intonasiewysies van Afrikaans om uitdrukking te geen aan die volgende; genot, beleefdheid, vriendelikheid, verbasing, afkeer, hartlikheid, spyt, meegevoel, berou, vermaning, verontwaardiging, vermaak, onverskilligheid en ongeduld."

Kort voorbereide toesprakies ((a) hierbo), pas aan by die kind se ontwikkeling en dit is baie goed dat die onderwysers daarop gewys word dat die kind oor dinge moet praat waarin hy belangstel, en nie oor onderwerpe na willekeur deur die onderwyser voorgeskryf nie.

Die vertelling van nuus aan die klas is n baie goeie oefening, want by die keuse van wat vertel moet word, sal die leerling die peil van ontwikkeling en die belangstelling van die gehoor in aanmerking moet neem. Ook sal die aanbieding daarvan so moet wees dat die gehoor dit interessant vind.

Klasbesprekings (voorskrif (a)) kon al eerder ingevoer gewees het, maar op hierdie stadium is dit noodsaaklik, want die leerlinge is die leiers van die skool en hulle moet hul invloed ten goede laat geld. Die werk sal egter nie n sukses wees as die onderwyser dit nie sterk kan motiveer nie en as hy nie die samewerking van al die leerlinge kan verkry nie. Die opstellers moes hier meer leiding gegee het; die blote naam help nie veel nie.

Dit is baie laat om intonasiewysies (voorskrif (b)) eers op 12 of 13 jarige leeftyd in te oefen. Dit is al die kind se sewende jaar op skool en gedurende die vorige ses jaar is van hom verwag om te praat, om voor te dra en hardop te lees. By voordrag en hardoplees is herhaalde kere geskrywe: „Deurgaans moet frasering en intonasie aandag geniet" en tog moet die gebruik van intonasiepatrone in standerd V die eerste keer doelbewus onderrig word. Hierdie werk moes vanaf die begin van die kind se skoolloopbaan gedoen gewees het, te meer daar die klein kindjie die betekenis van intonasiepatrone begryp het lank voordat hy die betekenis van die woord verstaan het.[1] Dit is die eerste keer dat melding van die onderrig in die gebruik van een van die spraakeienskappe gemaak word.

---

1. Lewis: Infant Speech, 43.

Standerd VI. Die volgende is voorgeskryf:-

1. Beskrywings van prente en opbou van verhale na aanleiding daarvan.
2. Beskrywings met behulp van illustrasies indien nodig:-
   (a) Tegnies: „wat dit is", „hoe dit werk."
   (b) Handelinge: hoe om botter te maak; hoe om 'n lek heel te maak, hoe om 'n vliegtuigmodel te maak.
   (c) Werklike en denkbeeldige tonele.
   (d) Werklike en denkbeeldige ervaringe.
   (e) Welbekende persone.
   (f) Toneelstukke, rolprente, boeke, karakters.
3. Weergawe van.
   (a) vernaaltjies en staaltjies.
   (b) stories, gesien vanuit verskillende gesigspunte en omstandighede.
   (c) stories uit die operas.
4. Vertel van stories waarvan die raamwerk voorsien is; oorspronklike verhale.
5. Lewensbeskrywings.
7. Verslag van klaswerksaamhede.
8. Bespreking van wat gelees is, van sake van die dag en van toneelstukke en karakters.
9. Verwerking van 'n beknopte berig (bv. die inhoud van 'n telegram) tot 'n uitvoerige verslag of verhaal.
10. Opsommings.
11. Lesings oor onderwerpe van belang uit koerante, tydskrifte en ensiklopedieë, en oor liefhebberye en beroepe.

12. Debatte formeel en informeel; skynverhore, uitsaaiprogramme, vendusie verkopings.

13. Verdere oefeninge i.v.m. die intonasiewysies van Afrikaans soos vir standerd V voorgeskryf.

14. Telefoongesprekke.

Dit is voorwaar 'n lang lys, maar die doel met die meeste oefeninge is onbekend. As die oefeninge gegroepeer was volgens die doel wat beoog is, sou die lys baie korter gewees het en sou die onderwys ook baie doeltreffender kon gewees het.

Die beskrywings vereis in nrs. 1 en 2 kan as doel hê die bevordering van noukeurigheid maar ook die ontwikkeling van beide die ongetemde en meer gedissiplineerde verbeelding. Dit is jammer dat oefeninge vir twee doelwitte so deurmekaar voorgeskryf word.

Vir die ontwikkeling van noukeurige waarneming en korrekte weergawe kan die volgende oefeninge gebruik word:- die eerste deel van 1, „beskrywing van prente", 2 (a), 2 (b), die eerste dele van 2 (c) en (d), „werklike tonele" en „werklike ervaringe" en 7.

Die verbeelding kan deur die volgende oefeninge ontwikkel word:- die tweede deel van 1, „opbou van verhale", die tweede dele van 2 (c) en (d), „denkbeeldige tonele" en „denkbeeldige ervaringe", 3 (b) „stories uit verskillende gesigspunte", 4 in sy geheel, 9 in sy geheel en 14.

Om mensekennis op te doen, kan oefeninge 2 (e), „beskrywing van karakters uit 2 (f), 5, „bespreking van karakters" uit 8 gebruik word.

Voorskrif nr. 12 bevat 'n eienaardige mengelmoes van oefeninge. Dit begin met „Debatte, formeel en in-

formeel". Die volgende groep, geskei van die vorige met 'n kommapunt, is: „skynverhore, uitsaaiprogramme, vendusieverkopings." 'n Skynverhoor is 'n vorm van debat maar uitsaaiprogramme en vendusieverkopings is dit gewoonlik nie.

Al oefeninge wat net op spraakonderrig betrekking kan hê, is nr. 8, 'n bespreking, nr. 11, lesings, nr. 12, debatte, nr. 13, inoefening van intonasiewysies en nr. 14, telefoongesprekke. Oor klasbesprekings is onder standerd V alreeds geskrywe en so ook oor die inoefening van intonasiewysies en oor telefoongesprekke.

Daar behoort heelwat voorbereidende oefeninge gedoen te word voordat die leerlinge aan 'n debat (voorskrif 12) deelneem, want daar skuil baie gevare in 'n debat. [1] Die standerd VI leerlinge begin nou eers hul middelbareskoolloopbaan en moet hulle by die nuwe omgewing aanpas. 'n Debat kan hierdie aanpassing bemoeilik en daarom sou dit ook beter wees as die oefening nog 'n jaar uitgestel word.

Standerd VII. „Soos in Standerd VI, maar:-

(a) in die klasdebatte moet nou gestreef word na steekhoudendheid van argument; verdediging of weerlegging van stellings;

(b) die taal wat gebruik word, moet gekenmerk word deur soepelheid, rykdom van woordkeuse, variasie van sinsbou, gepastheid van uitdrukking, idioom, spreekwoord en sitaat."

Na deeglike voorbereidende werk kan debatte hier ingevoer word, want die leerling is nou na aan die einde van verpligte skoolbesoek. Hy moet dus kennis dra van

---

1. Sien bladsy 332.

goeie en valse argumente en moet weet hoe om sy eie standpunt te verdedig. Die gedeelte (b) van die voorskrif sluit nie een eienskap in wat aan spraak alleen eie is nie. Dit is dus duidelik dat die opstellers nie genoeg kennis van spraak gehad het nie of dat hulle alleen in die skryftaal belang gestel het. Die vermoede word versterk deur die feit dat praat nie van leerlinge in standerd VIII verwag is nie, want daar is geen voorskrifte vir daardie klas nie.

In die hele leerplan word net een eienskap van spraak gemeld, en dit is intonasie. Verder kon 'n paar eienskappe van taal, soos noukeurigheid, deur die voorgeskrewe oefeninge aangekweek word. Die vrymoedigheid, verbeelding en denke van die leerling moes ook ontwikkel word maar, alhoewel hierdie eienskappe ook in spraaksituasies nodig is, word hulle nie uitsluitlik deur spraakonderrig ontwikkel nie.

'n Opsomming van die leerplan vir sover dit praat aangaan [1] toon aan dat daar heelwat ongerymdhede in die leerplan voorkom: die beskrywing van prente word in standerds I en II verlang en daarna eers weer in standerds VI en VII; so ook met die beskrywing van wat met voorwerpe gedoen kan word, en telefoongesprekke. Waarom leerlinge in standerdsIII, IV en V nie die oefeninge doen nie, is onverklaarbaar. Die leerlinge in die gradeklasse vertel van hul ervaringe, maar daarna nie weer nie, voordat hulle in standerd VI kom. Leerlinge in standerd II beskrywe persone en handelinge wat op prente uitgebeeld is; in standerds III, IV en V word niks hieraan gedoen nie, maar in standerd VI word van leerlinge verwag

---

1. Tabel II, bladsy 95

T A B E L II

Opsomming van Leerplan van 1948.

Voorskrifte	Grade.	Standerds.						
		I	II	III	IV	V	VI	VII
1. Beskrywe prente		X	X				X	X
waarop 'n toneel,			X					
persone,			X					
sekere handelinge,			X					
en sekere emosies uitgebeeld is			X					
2. Beskrywe voorwerpe,		X	X	X	X	X		
hul gebruike (hoe dit werk)		X	X				X	X
Handelinge							X	X
Tonele							X	X
Welbekende persone							X	X
toneelstukke, boeke ens.							X	X
3. Lewensbeskrywings.							X	X
4. Telefoongesprekke		X	X				X	X
5. Beroepspeletjies		X	X					
Vertel van eie ervarings	X						X	X
6. Vertel en navertel van stories		X	X	X			X	X
Opbou van stories van voorwerpe of prente				X			X	X
Staaltjies en verhaaltjies				X	X	X	X	X
Oorspronklike verhale							X	X
Stories vanuit ander gesigspunte							X	X
7. Toesprakies en Lesings					X	X	X	X
8. Denkbeeldige gesprekke tussen bekende persone					X	X		
9. Boodskappe					X	X		
10. Berigte					X	X		
11. Klasbesprekings.						X	X	X
12. Debatte.							X	X
13. Vrymoedigheid.					X	X		

om weer handelinge en persone te beskrywe.

Ten opsigte van sekere oefeninge is die leerplan redelik goed opgestel. Die beskrywing van voorwerpe strek oor vyf jaar, dit is vanaf standerd I tot standerd V; dit behoort lank genoeg te wees om noukeurigheid te verkry. Die vertel van stories begin by standerd I en word drie jaar onderrig, daarna, vanaf standerd IV tot standerd VII, word die vertelling van staaltjies en verhaaltjies voorgeskryf. Die werk wat in standerds I tot III gedoen is, is 'n goeie vooroefening vir wat daarop moet volg, en ook vir die hou van toesprakies waarmee ook in standerd IV begin word.

Die doel met sommige ander oefeninge was blykbaar nie vir die opstellers duidelik nie, want hulle is vir 'n jaar of twee voorgeskryf en daarna nie weer nie, soos byvoorbeeld beskrywing van emosies in standerd II; beroepspoletjies in standerds I en II; denkbeeldige gesprekke tussen bekende persone, boodskappe en berigte - almal in standerds IV en V. Ook moet daar net in standerds IV en V gepoog word om vrymoedigheid by leerlinge aan te kweek.

Sover dit spraak en spraakonderrig betref, is die leerplan seker nie baie geslaag nie.

b. <u>Voordrag en Koorpraat</u>.

Die volgende afdeling van die mondelinge werk is voordrag en koorpraat. In die leerplan word aan die onderwyser verduidelik watter soort gedigte geleer moet word en hoe bloemlesings opgestel moet word. Verder word van die onderwyser verwag om gedigte aan die kinders voor te lees. In verband met die eintlike voordrag is in al die klasse vanaf die grade tot standerd V die volgende

vereis: „Deurgaans moet frasering en intonasie aandag geniet." In standerds VI, VII en VIII is geen voorskrifte in verband met die voordrag nie.

Dus word daar van die leerlinge in die gradeklasse verwag om reeds die regte intonasiepatroon te besig terwyl die intonasiepatrone eers in standerd V ingeoefen word. [1] Blykbaar was die opstellers onbewus daarvan dat 'n hele aantal ander spraakeienskappe gebruik moet word om voordrag te laat slaag.

c. Dramatisering.

Die derde afdeling van mondelinge werk is dramatisering. Die voorskrifte van die leerplan vir elke klas is soos volg:-

Grade. „Dramatisering."

Standerd I „Dramatisering van eenvoudige stories en gediggies."

Standerds II en III. „Dramatisering van verhale."

Standerds IV en V. „Opvoering van toneelstukkies in die klas."

Standerd VI. „Dramatisering. - Stories; tonele uit boeke en die geskiedenis; toneelstukkies en sketse deur individuele leerlinge of deur groepe. Opvoering van toneelstukke."

Standerd VII. „Dramatisering en toneelopvoering met die oog op openbare funksies."

Waarom „dramatisering" nie in standerds IV en V verwag word nie, word nie verduidelik nie.

Venter skrywe: „Een van die doeltreffendste hulpmiddele vir die verbeteringe van spraak is die instudering en opvoering van dramas."[2] en verder : „In die

---

1. Leerplan 1948, 30 (voorskrifte vir Standerd V mondelinge werk) sien ook bladsy 89 hierbo.

dissiplinering en kultivering van gees, liggaam en stem, sien die toneelkenner die hoogste roeping van die drama."[1] Die opstellers van die leerplan beskou dit blykbaar van so min belang dat hulle feitlik net die naam noem en geen verdere besonderhede verskaf nie. Geen ontwikkeling van die afdeling van klas tot klas word aangedui nie.

d. Hardoplees.

Die laaste afdeling van mondelinge werk wat hier behandel word, is hardoplees.

Aanvangsleesonderrig word in die gradeklasse en standerd I gegee en dus kan lees nog nie as 'n deel van spraak beskou word nie. Die leerplan skryf voor dat deurgaans op frasering en intonasie gelet moet word. Die vereiste vir die ander klasse is soos volg:-

Standerds II tot V. "Vlot lees met intelligente vertolking van die inhoud."

Standerd VI. "Af en toe hardoplees terwille van frasering en intonasie."

Leerlinge in standerds VII en VIII is nie verwag om hardop te lees nie.

Pienaar sê dat as 'n persoon 'n vertolker wil wees van 'n geskrewe stuk, hy in die spraaktegniek grondig geoefen moet wees.[2] Dit is dus baie geverg van 'n leerling in standerd II om die inhoud van 'n leesles te vertolk, aangesien nêrens in die leerplan vir die verwerwing van spraaktegniek voorsiening gemaak word nie. Dus het die opstellers hier woorde gebesig wat hulle nie heeltemal goed begryp nie. "Vlot lees" is ook 'n begrip wat nader omskrywe moet word; baie onderwysers dink dat 'n kind vlot lees as hy die woorde vinnig agtermekaar sonder enige pouse

---

1. Venter : Die Drama en die Skool, 220.
2. Pienaar: Afrikaanse Spreektaal, 97.

3. Voorgestelde Leerplan vir Afrikaans (Huistaal) 1948. [1]

Die leerplan verskil heelwat van die een wat in 1940 uitgegee is. Om die een of ander rede is die inleiding geheel en al weggelaat met die gevolg dat daar geen aanduiding aan die onderwyser van die strekking van die leerplan gegee is nie; ook kon as gevolg daarvan die belangrikheid van sekere afdelings van taal nie beklemtoon word nie. Aangesien lees en skrywe nog altyd in die verlede as die belangrikste deel van taalonderrig beskou is, kan aangeneem word dat dit nou nog so beskou sal word. Spreeklesse sal dan hoofsaaklik dien om skriftelike werk te verbeter.

Die mondelinge werk sal hier bespreek word en wel onder die volgende hoofde: (i) Praat (net die dele wat op spraakonderrig betrekking het); (ii) Voordrag en Koorpraat (in die leerplan onder die opskrif Poësie); (iii) Dramatisering (in die leerplan ingesluit onder die hoof Mondelinge Werk) en (iv) Hardoplees.

a. Praat.

Grade. „Die kinders moet geleentheid kry om te praat oor allerlei onderwerpe wat binne hulle ervaringslewe val."

Dit is baie goed dat die kleintjies in die geleentheid gestel word om te praat oor alles waarin hulle belangstel, want sodoende sal hulle vrymoedigheid ontwikkel, tuis voel en hulle beter aanpas by die skoollewe. Die begeerte om aan iemand anders iets mee te deel, moet by hulle aangekweek word, want uit dié begeerte ontstaan alle spraak. Die oefening kan dus 'n stewige fondament vir spraakonderrig lê.

---

1. Voorgestelde Leerplanne 1948, 20 et seq.

moes namaak, sou hulle die spiere van die mond en keel beoefen maar blykbaar moet hulle die name vir die geluide aanleer.

Dus is voorskrifte (b) en (c) die enigste wat miskien bedoel is om spraakonderrig te bevorder. „Telefoongesprekke en samesprakies", (b), kan 'n skeppende spraaksituasie wees en (e), „Vertel en na-vertel van stories", is 'n luisteroefening en hierin word die leerling ook geleer om die stof behoorlik te rangskik.

Standerd II (a) „Wat die beoefenaars van die verskillende beroepe en ambagte doen - afgelei van wat die kinders omtrent hulle ouers se beroepe meedeel."

(b) „Beskrywing van prente waarin o.a. die volgende uitgebeeld is:-

'n Toneel; persone en eienaardighede omtrent hulle voorkoms en kleredrag; sekere handelinge; sekere emosies wat duidelik herkenbaar is."

(c) „Vertel en na-vertel van stories."

Voorskrifte (a) en (b) kan oefeninge in noukeurigheid wees maar die doel met hierdie oefeninge is heelwaarskynlik om die woordeskat van die leerling uit te brei.

Die „vertel en na-vertel van stories" is alreeds onder standerd I bespreek.

Standerd III (a) „Beskrywing deur 'n leerling van 'n bekende voorwerp op so 'n manier dat die klas die naam daarvan kan aflei."

(b) „Die opbou van 'n storie in verband met interessante voorwerpe of prente."

(c) „Vertel en na-vertel van verhale."

Standerd III. „Individueel opsê van 'n groot verskeidenheid gedigte; ook eie keuse van leerling.
Koorpraat.
Samesprake".

Standerd IV. „Individueel voordra van 'n verskeidenheid gedigte; ook eie keuse van leerling.
Koorpraat.
Samesprake."

Standerd V. „Individueel voordra van 'n verskeidenheid gedigte; ook eie keuse van leerling.
Ontmoediging van taalvermenging."

Standerd VI. „Individueel voordra van 'n groot verskeidenheid gedigte.
Gesamentlike voordrag van die dialoog uit geskikte werke. (Leesboeke, toneelstukkies, gedigte ens.)
Individueel voordra van 'n verskeidenheid kort geskikte paragrafies prosa."

Standerds VII en VIII. „Soos vir Standerd VI, maar:-
Nota. - 1. Nuwe stukkies prosa en poësie wat geleer word, moet van 'n meer gevorderde gehalte wees as die van Standerd VI.

2. Die leerling moet in staat wees om iets van die geleerde stukke te vertel wat as bewys sal dien dat die inhoud en die verband verstaan word."

Voordrag is baie moeilik vir die meeste kinders, want dit verg soveel. Eers moet die doel van die digter duidelik wees en daarna moet die inhoud so goed begryp word dat die leerling saam met die digter sien en voel.

Van al die spraakvaardighede en spraakeienskappe moet gebruik gemaak word om die stuk so voor te dra dat die gehoor ook sien en saam voel. In die leerplan is daar egter geen hulp of leiding vir die onderwyser nie; net die name is gegee en hier en daar die soort stof wat voorgedra moet word.

Dit kan gesê word dat die opstellers aangeneem het dat al die onderwysers opgeleide persone is en dat hulle dus sal weet hoe om voordrag te onderrig. Dan egter moes die opstellers versigter gewees het. In die inleiding is beide voordrag en koorpraat beskrywe as <u>middels</u> om uitspraak, ritme, ens. aan te leer, terwyl die hoedanighede eers aangeleer en daarna in die voordrag toegepas word. Verder word in standerds VII en VIII gesê dat n leerling iets van die geleerde stukke moet vertel om bewys te lewer dat hy die inhoud verstaan. Dit wil dus voorkom of leerlinge in die laer klasse voorgedra het sonder om te verstaan. Die aard van voordrag is dus blykbaar deur die opstellers self glad nie begryp nie of anders het hulle hul sienswyse baie onnoukeurig uitgedruk.

(iii) <u>Dramatisering</u>.

Die derde afdeling van die leerplan wat behandel moet word, is dramatisering.

Vir die klasse vanaf die grade tot standerd VI is die vereiste net „dramatisering van verhale, stories, fabels, gebeurtenisse ens." In standerds VII en VIII moes dramatisering en toneelopvoering met die oog op publieke funksies onderneem word.

Hier word niks gesê van die waarde of die doel van sulke oefeninge nie en geen leiding van enige aard word die onderwyser aangebied nie. Die leerlinge geniet

dramatisering en toneelopvoering terdeë, en aangesien die sukses hoofsaaklik van die spraak afhanklik is, is dit 'n baie sterk motivering vir spraakonderrig. Verder kan toneelopvoering gebruik word om 'n aantal goeie gesindhede by die leerlinge aan te kweek en om kinders te leer om paslike gesigsimbole te gebruik. Hieromtrent is die onderwysers nie ingelig nie.

(iv) Hardoplees.

Die laaste afdeling van mondelinge werk wat behandel moet word, is hardoplees.

In die gradeklasse is die aanvangsleesonderrig 'n gespesialiseerde deel van leesonderrig. Die lees in die hierdie klasse kan nie as 'n deel van spraak beskou word nie en daarom word die voorskrifte vir daardie klasse nie hier bespreek nie.

Die vereistes vir al die ander standerds word hier gegee:-

Standerd I. „Die leesonderwys moet voortgesit word en die duidelikheid, verstaanbaarheid en natuurlikheid geleidelik verhoog.

Uitspraak moet steeds suiwer wees."

Standerds II en III. „Hardop lees ten einde uitspraak en leestoon te verbeter."

Standerd IV. „Hardoplees uit leesboek en tydskrifte om die leestoon, uitspraak en vlotheid te toets en op die peil te hou."

Standerds V en VI. „Af en toe nog hardop-lees terwille van uitspraak, leestoon en voordrag."

Van leerlinge in standerds VII en VIII word verwag om net stil te lees.

'n Persoon wat hardop lees, moet die bedoeling en sienswyse van die skrywer aan 'n gehoor vertolk. Die leser moet dus die stuk goed ken en die inhoud deeglik begryp; hy moet dus ook weet waarom die skrywer die inhoud onder die aandag van ander persone wou bring. Die leser gebruik dan al die eienskappe van spraak om die inhoud aan die gehoor te vertolk.

By hierdie omskrywing van hardoplees pas die werk vir standerd I mooi aan. Die leerling kan al die woorde herken en nou lees hy hulle sodat almal kan hoor (duidelikheid) en in betekenisgroepe (verstaanbaarheid). Die intonasie, toonhoogte en tempo sal by die stof aanpas (natuurlikheid). Dus, nadat die leerling die meganiese vaardighede verwerf het, gebruik hy die ritmies-melodiese eienskappe om die inhoud aan 'n gehoor voor te dra. Of die onderwyser die vereistes van die leerplan so sal kan vertolk, is egter twyfelagtig.

In die voorskrifte vir die hoër klasse egter, wys die opstellers dat hulle die aard van hardoplees glad nie verstaan nie. Daar word nooit gelees om uitspraak en leestoon (wat dit ook mag wees) te verbeter nie, ook nie om uitspraak of vlotheid te toets nie. In standerds V en VI moet gelees word ter wille van uitspraak, leestoon en voordrag; dit is dus geen wonder dat hierdie oefening op skool beide leerling en onderwyser verveel nie.

Die opstellers van die 1940 leerplan het nie verstaan wat spraak en spraakonderrig alles insluit nie en waarmee begin moet word nie. Die situasies waar spraak 'n vertolkende funksie het, kan seer seker nie gebruik word vir die aanleer van die gebruik van die spraakeienskappe nie.

kan uitspreek, alhoewel hulle dan self erken dat 'n gehoor (sonder die teks) daarvan niks sal verstaan nie.

Om verder te wys dat die opstellers die aard van lees nie goed begryp nie, word die vereistes vir hardoplees in die mees gevorderde klas herhaal: „Af en toe hardoplees terwille [1] van frasering en intonasie." Die inoefening van intonasiepatrone is nie lees nie; daar kan nie gelees word terwille van intonasie nie alhoewel leeslesse gebruik kan word vir die inoefening van intonasiepatrone.

e. Samevatting van die Bespreking van die Leerplan.

Die leerplan, vir sover dit die mondelinge werk aangaan, is nie wetenskaplik opgestel nie. Om doeltreffend te praat, moet die leerlinge eers die fisiese vaardighede soos korrekte asemhaling, en die gebruik van stembande en resonatore onder die knie kry en terselfdertyd moet hulle geleer word hoe om die ritmies-melodiese eienskappe te gebruik. By hulle moet ook 'n drang aangekweek word om hul eie ondervindinge, gewaarwordinge en gedagtes aan ander mee te deel en hulle moet ook vrymoedig genoeg wees om dit te kan doen. Dan moet daarvoor gesorg word dat die spraaksituasies van so 'n aard is dat spraakonderrig ook sy deel tot die ontwikkeling van die leerling bydra.

Die leerplan dui 'n reeks onderwerpe aan waaroor gepraat moet word, maar daar word nie verduidelik waarna gestrewe moet word nie. Van die verwerwing van spraakvaardighede en die aanleer van spraaktegniek word min gesê; alleen intonasie en frasering word telkens herhaal

---

1. Ek onderstreep.

by voordrag en by lees , en die inoefening van intonasie-wysies is onder „praat" gemeld. Tog word verwag dat die vaardighede en tegniek bemeester moet word. Het ons weer teruggekom na die beskouing dat die moedertaal van self kom? Dit skyn die geval te wees vir sover dit spraak aangaan.

Dit is verder opvallend dat in die 1940 - leerplan uitspraak beklemtoon is maar dat in die 1948-leerplan uitspraak nie eenkeer genoem word nie.

Op die gebied van spraakonderrig is daar dus agteruitgang. Die inleiding tot die 1940-leerplan het spraak beklemtoon en is daar melding van sekere spraak-eienskappe gemaak, maar in die 1948-leerplan is spraak oënskynlik van minder belang en word net intonasie en frasering genoem.

4. Wenke.

1. Gedurende Junie 1946 is n waardevolle pamflet met die opskrif „Wenke in verband met taalonderrig, vernaamlik van die Tweede Taal in Laerskole" deur die Transvaalse Onderwysdepartement aan skole gestuur. Daarin (op bladsy 6) is melding gemaak van klanksamevloeiing, soos „in (n) ie tuin", en van middels wat die leser moet aanwend soos „frasering, klankverbinding, sinsmelodie, sinsritme, versterking en verswakking van klem, ens." Daar is ook gesê dat die kind reg asem moet haal. Op bladsy 10 is geskrywe dat die leesles nie n les in uitspraak is nie. „Natuurlik moet foutiewe uitspraak gekorrigeer word, maar die onderwyser moet algemene foute noteer en later in n spesiale uitspraakles [1] daarop terugkom." Hierdie wenke is egter nie in die 1948-leerplan vir die huistaal ingelyf nie.

---

1. Ek onderstreep

2. 'n Pamflet met die opskrif „Wenke in verband met Resitasie-Onderrig vernaamlik in die Tweede Taal in Laerskole" is gedurende Januarie 1950 uitgegee. Op bladsy 6, onder opskrif „Tegniek", is melding gemaak van juiste asemhaling, suiwer artikulasie, korrekte uitspraak en ritme.

Hierdie wenke sou van groot waarde gewees het as hulle in die leerplanne opgeneem was. Dit is ook jammer dat die opskrif die woorde „vernaamlik vir die Tweede Taal" bevat, want die werk is net so noodsaaklik in die huistaal. Onderwysers wat nou die pamflette lees, sal die wenke miskien nog op die onderrig van die tweede taal toepas, maar sal nie hul onderrig van die huistaal daarvolgens wysig nie.

5. Belangrikheid van Spraak in Departementele Eksamens.

a. Juniorsertifikaateksamen.

In die eksamen word aan die huistaal 'n groottotaal van 450 punte toegeken en 75 daarvan aan mondelinge werk, dit is lees, voordrag en praat; dus het die skriftelike deel 84 persent van die punte gekry en die mondelinge deel net 16 persent. [1]

Gelukkig is dit nie meer nodig vir enige blanke leerling in Transvaal om hierdie eksamen af te lê nie, aangesien die eksamen vanaf die begin van 1951 vir alle blanke skole afgeskaf is. [2]

---

1. Handboek vir die Transvaalse Juniorsertifikaateksamen 1947, 6.
2. Omsendbrief Nr. 47 van 1951.

b. Eindeksamen van die Middelbare Skool.

Uit 'n groottotaal van 675 punte vir die huistaal word aan mondelinge werk 135 punte toegeken, [1] waarvan ongeveer die helfte aan praat toegesê [2] word; die skriftelike deel van die eksamen kry 80 persent van die punte, lees en voordrag tesame 10 persent en praat 10 persent.

Die vereistes in die mondelinge werk is:- „Punte word toegeken vir bekwaamheid (1) om vlot en intelligent te lees; (2)om die inhoud en taal van die gelese stuk (ke) te bespreek ..... Verder sal van die kandidaat verlang word om een of meer stukke uit die voorgelegde versameling te resiteer en te toon dat hy 'n waarderende begrip van die inhoud daarvan het ..... By die toekenning van punte vir konversasie moet die eksaminator die vaardigheid van die kandidaat in ag neem waarmee hy gewone onderwerpe of sake van besonder belang vir hom op intelligente wyse kan bespreek. (Niks in die aard van toesprake wat van buite geleer is, word aangeneem nie). Onderstaande punte moet in aanmerking geneem word by die beoordeling van konversasie:- (i) Vlotheid (ii) Noukeurigheid (iii) Woordeskat (iv) Kennis van idioom." [3]

Al voorskrif hier wat die aan spraak is, is vlotheid - vlot lees en vlot praat. Die ander voorskrifte is eienskappe van taal. Dus, alhoewel konversasie getoets word, moet daar hoofsaaklik op algemene taaleienskappe gelet word en nie op die spraaktegniek nie. Dit is dus heeltemal moontlik om baie hoë punte in die eksamen te behaal sonder om iets van spraak af te weet en sonder om

---

1. Handboek vir die Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare Skool 1949, 6.
2. Ibid., 20.
3. Ibid., 21 en 22.

die taal eers te kan praat.

Aangesien die ouers en die algemene publiek die peil van werk in die skool beoordeel volgens die uitslag van die eksamens, sou dit onbillik wees om van 'n hoofonderwyser te verwag dat hy baie tyd aan spraakonderrig moet afstaan. Aan die afdeling van taalonderrig word dan ook op die oomblik baie min tyd bestee.[1]

6. Opleiding van Onderwysers.

In die jaarverslae van die Transvaalse Onderwysdepartement vir die jare 1939 tot 1945 en vir 1948[2] word min gerapporteer oor die spraakopleiding van onderwysers in die huistaal. 'n Hoof van 'n opleidingskollege het in 1940 soos volg gerapporteer: "Uitvoering is gegee aan die Departementele beleid dat daar gestrewe moet word na verbetering van Normaalstudente se taalkennis, en veral na verbetering van hulle kennis van die tweede taal. Wat die eerste taal betref, is behoorlike aandag bestee aan netheid en sorgvuldigheid van taal"...[3] Aan die onderrig van die tweede taal is baie aandag bestee, want ook in 1945 is gerapporteer oor die onderrig van hierdie taal.[4]

Dit kan nie hiervan afgelei word dat geen opleiding in spraakonderrig in die huistaal aan normaalstudente verskaf is nie, want baie ander vakke word ook nie gemeld nie. Die onderrig van die tweede taal is meer beklemtoon want sedert 1944 is die onderrig van hierdie taal deur beide opvoedkundige en leek baie bespreek.

---

1. Sien bladsy 249.
2. Die verslae vir 1946, 1947, 1949 en 1950 het nog nie verskyn nie.
3. Verslag van die Transvaalse Onderwysdept. 1940, 49.
4. Ibid., 1945, 109.

Wat heeltemal seker is, is dat min van die hoofde van die opleidingskolleges die waarde van spraakonderrig in hul jaarverslae beklemtoon. Die onderwyser moet n baie deeglike opleiding in spraak kry, want hy kan alleen onderwys gee as hy goed en reg kan praat. Daar moet besef word dat die onderwyser die fisiese vaardighede deeglik moet verwerf sodat hy heeldag kan praat sonder om moeg te word en sonder om sy stembande te benadeel; hy moet die spraakeienskappe kan gebruik sodat sy stem aantreklik is; die kinders moet hom duidelik kan hoor sonder dat hy te hard praat; hulle moet graag na hom wil luister en nie verveeld raak nie; hy moet weet hoe om die belangrikste woord of betekenisgroep te beklemtoon; hy moet sy stem kan beheer sodat dit by die onderwerp aanpas. Verder moet hy kennis dra van die verskillende spraaksituasies: hy moet weet hoe om kennis mee te deel, hoe om die leerlinge te oortuig, hoe om hulle aan te spoor en hoe om hulle te besiel. Hy moet n geskrewe stuk kan vertolk deur hardoplees of deur voordrag.

Spraakopleiding is dus een van die belangrikste pligte van die personeel van die opleidingskolleges. Daar is nog te veel onderwysers wat te hard of te sag praat; wie se stem te skel is; wat nie besielend voor n klas kan optree nie. Hulle weet ook nie watter sielkundige uitwerking hul eie stem op die leerlinge in die klas het nie en hulle besef nie die invloed wat hulle op die spraakgewoontes van die kinders het nie.

7. Belangrikheid van Spraak Benadruk.

Al meer en meer word besef dat spraakonderrig in die huistaal nodig is. Inspekteurs het gerapporteer dat die uitspraak in sommige dele swak is;[1] dat die mondelinge gebruik van die taal nie goed is nie[2] en dat die onderrig van spraak nie oordeelkundig aangepak word nie.[3] Ook hoofde van opleidingskolleges het gevind dat applikante slordig en onduidelik praat.[4] Een onderwyser vra of een van die opleidingskolleges nie 'n kursus in spraak kan instel nie.[5]

Dat die publiek ook stadigaan meer belang in spraak stel, word hierdeur bewys dat die Transvaalse Onderwysdepartement die feit onder die aandag van die leerlinge moes bring dat daar werkgeleenthede vir onderwysers in spraakleer is en dat daar behoefte aan gekwalifiseerde spraakterapeute en veral Afrikaanssprekende spraakterapeute bestaan.[6]

Ook is daar in 1951 eksamens in spraakleer en voordragkuns deur die Universiteit van Suid-Afrika ingestel waarvoor lede van publiek kon inskrywe.[7] Artikels oor die behandeling van spraakgesteurdes,[8] en oor die waarde van die mondelinge vertelkuns van vroeër[9] het in die Huisgenoot verskyn.

'n Grondige pleidooi vir spraakonderrig is gelewer in een van die verslae van die Inspekteurs van

---

1. Verslae van die Inspekteurs van Onderwys 1943, Verslag van F.P.J. du Toit.
2. Ibid., Verslag van E.H. Hudson.
3. Verslag van die Transvaalse Onderwysdept. 1941, 46.
4. Ibid., 95 en ook Verslag van die Transvaalse Onderwysdept. 1942, 46.
5. B. de Koker in die "Onderwysblad" van 1 September 1951, 26.
6. Beroepsinligting: Brosjure Nr. 17 van 1951, 8 en 12.
7. (a) Die Huisgenoot van 13/4/51. 3.
   (b) Die Transvaler van 17/2/50, 9.
8. Die Huisgenoot van 21/4/50, 4.

Onderwys. Hy wys op die rol wat taal in die lewe van grootmense en kinders speel en sê dan verder:....

"dat hy op volwasse leeftyd blywende indruk wek deur die gladde wyse waarop hy sy taal kan gebruik; dat dit sy persoonlikheid en selfvertrou ontwikkel en dat sy invloed as politikus, prokureur, predikant, onderwyser, amptenaar of wat ook al in 'n groot mate afhang van die korrekte, vlot en musikale wyse waarop hy praat - dan eers kan ons die belangrikheid van die plek wat die moedertaal op skool inneem na waarde besef..."[1]

8. Spraakgesteurdes.

Die belangrikste gebeurtenis in verband met die heropvoeding van spraakafwykendes was die stigting van 'n spraakkliniek in 1936 aan die Universiteit van die Witwatersrand,[2] hoofsaaklik deur die toedoen van dr. P. de. V. Pienaar.

Die kliniek word deur die Transvaalse Onderwysdepartement gesubsidieer en daar word kinders met spraaksteuringe behandel. In 1938 is die eerste studente vir 'n diploma in logopedika opgelei;[2] hierdie studente was gedurende die oggende aan provinsiale skole werksaam en in die namiddae is leerlinge by die kliniek behandel. Die aantal leerlinge wat na die kliniek vir behandeling gekom het, het so vinnig toegeneem, dat in 1939 'n kliniekassistente benoem moes word en ook 'n lektor in logopedika.

In dieselfde jaar het die Provinsiale Onderwyskommissie aanbeveel dat 'n beperkte aantal onderwysers by die kliniek opgelei en dat akkommodasie vir leerlinge naby die kliniek verskaf moes word.[3]

---

1. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement 1945, 106.
2. Die gegewens is of deur prof. P. de V. Pienaar verskaf òf gevind in die jaarverslae van die Kliniek.
3. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 102

Die werk van die kliniek het so vinnig uitgebrei, dat die Direkteur in 1944 aangestel is as professor van Fonetiek en Logopedika. Op die oomblik is daar 'n personeel van elf aan die kliniek verbonde wat sedert 1944 uitgebrei is na 'n Spraak-, Stem- en Gehoorkliniek.

Die studente wat opgelei word, werk gedurende vier oggende elke week aan provinsiale skole onder toesig van 'n senior assistente van die Kliniek. Vyf middae per week word die leerlinge wat ernstige spraakafwykings toon, in die kliniek behandel; die leerlinge word na die kliniek gestuur deur die terapeute van die Transvaalse Onderwysdepartement, die terapeute van die Universiteit, deur ouers of geneeshere. Verbonde aan die kliniek is 'n raad van ag mediese adviseurs wat elke kind ondersoek.

Baie waardevolle werk is reeds deur die kliniek gedoen en baie leerlinge het heeltemal herstel. In die meeste gevalle is nie net die spraak verbeter nie maar is sielkundige steurings ook verwyder en so het die kinders weer normale leerlinge geword.

Uit die jaarverslae van die kliniek is tabel III opgestel. Dit sluit die werk in wat deur die Universiteit in beide skole en kliniek gedoen is.

Ongelukkig is daar nog geen losiesfasiliteite vir leerlinge nie, met die gevolg dat min plattelandse kinders hierdie behandeling kan ondergaan.

Die Transvaalse Onderwysdepartement is bewus van die goeie werk wat gedoen word en het 'n paar spraakterapeute benoem om in skole te werk.[1] Tien poste is reeds geskep, vyf in Johannesburg, twee in Pretoria, een in Krugersdorp, een in Boksburg en een in Pietersburg. Dit is moeilik om opgeleide spraakterapeute

---

1. Provinsiale Omsendbrief Nr. 2 van 1950, 68.

T A B E L III.

Aantal Leerlinge deur die Spraakkliniek Behandel.

Jaar.	Aantal leerlinge behandel.	Persentasie leerlinge heeltemal en permanent herstel.	Persentasie leerlinge wat verbeter het.	Persentasie leerlinge wat geen of min vordering toon.
1945	217	69.0	69.0	9.8
1946	425	ongeveer 17	ongeveer 17	12.5
1947	499	18.6	73.9	5.2
1948	320	14.1	76.5	6.2
1949	469.	18.1	59.7	3.0
1950	556	18.2	78.9	2.9

te vind en die aantal wat in die skole werksaam is, wissel van kwartaal tot kwartaal. Op die oomblik is daar sewe of agt terapeute in die tien poste. Die spraakterapeute staan onder die direkte beheer van n inspekteur van onderwys. Sover het die terapeute baie goeie werk gedoen en die hoofde sien hulle graag in hul skole.[1] Die studente van die Witwatersrandse Universiteit werk ook nog in die provinsiale skole, want daar is genoeg werk vir hulle en vir die Departementele terapeute.

Op die gebied van spraakgebreke is doelbewus te werk gegaan en daarom is soveel sukses behaal. Baie van die leerlinge kan vol selfvertroue weer hul plek in die samelewing inneem. Dit word vertrou dat die Transvaalse Onderwysdepartement genoeg spraakterapeute sal kan kry sodat elke kind, of hy in n stad woon of op die platteland, in die geleentheid gestel sal kan word om behandeling te ontvang. Daar sal nog heelwat poste geskep moet word, want n baie konserwatiewe beraming het die getal spraakgebreklykendes in Transvaal in 1945 op 2699 gestel.[2]

9. <u>Samevatting van die Bespreking oor die Huidige Onderrig van Spraak in Transvaal.</u>

In die inleiding tot die leerplan in 1940 uitgegee, is daarop gewys dat die kinders reeds kan praat as hulle skool toe kom, maar dat dit die plig van die onderwysers is om die foute te verbeter, sodat die kinders beskaaf sal praat en hul kennis van mondelinge taalgebruik uitgebrei kan word. Daar is ook op gewys dat spraakonderrig nie alleen gedurende die taallesse

---

1. Die gegewens is verskaf deur n Inspekteur van Onderwys, J.K. Lynch.
2. Verslag van die Inter-Departementele Komitee oor

moet plaasvind nie maar gedurende al die lesse waar die leerlinge verwag word om te praat. Voordrag word beskrywe as 'n middel om goeie uitspraak te herken en om die gewone spraakgebreke te behandel en uit te skakel deur 'n kennis van die werking van die spraakorgane. Dit word verder beweer dat koorpraat 'n uitstekende middel is om oefeninge te gee in artikulasie, goeie uitspraak, ritme, korrekte frasering, ens.

Sommige van die stellings in die inleiding, veral wat voordrag en koorpraat aangaan, toon dat die opstellers nie 'n baie duidelike begrip van spraak en spraakonderrig het nie of dat hulle mening nie heeltemal duidelik weergegee is nie. Die beskrywing van spraak is ook heeltemal onvolledig; die spraakeienskap wat die meeste genoem is, is uitspraak en dan terloops ook net artikulasie, ritme en korrekte frasering. Die inleiding is egter baie belangrik, want dit is die eerste offisiële stuk waarin die verwerwing van sekere spraakeienskappe aan die onderwysers opgedra is.

Die opstellers het egter nie daarin geslaag om die inleiding in die leerplan in meer besonderhede te gee nie. Nêrens in die leerplan is melding van korrekte uitspraak, artikulasie, spraakgebreke, ritme korrekte frasering en kennis van spraakorgane gemaak nie, alhoewel al die sake in die inleiding bespreek is. Die leerplan bestaan ook hoofsaaklik uit 'n lys onderwerpe waaroor die kinders kan praat. Dit wil dus voorkom asof die opstellers die stelling, dat spraakonderrig nie alleen gedurende die taallesse moet plaasvind nie, self nie goed begryp nie. Gewoonlik is die bedoeling dat gedurende die spraaklesse die leerlinge die spraaktegniek verwerf en dat die tegniek dan gebruik word wanneer daar ge-

durende ander lesse gepraat word, met ander woorde die ander skoolvakke verskaf die meeste onderwerpe waaroor gepraat word. Die leerplan vir spraakonderrig kon dus onderwerpe bevat het maar die grootste gedeelte daarvan moes bestaan uit doelwitte wat in die standerds bereik moes word.

Vir so ver dit spraakonderrig aangaan, is die inleiding tot die 1940-leerplan 'n stap vorentoe en in die inleiding tot die leerplan vir Engels is 'n vollediger uiteensetting van spraak en spraakonderrig gegee. Hierdie inleidings het die hoop laat ontstaan dat die leerplan wat later uitgegee word, 'n baie vollediger beskrywing van spraakonderrig sou bevat. Om die rede is die leerplan wat in 1948 uitgegee is, teleurstellend.

Die gewysigde leerplan het nie 'n inleiding nie en vir spraak word hoofsaaklik onderwerpe aangedui waaroor gepraat kan word. In hierdie opsig verskil dit nie veel van die 1940-leerplan nie, maar in die inleiding tot die 1940-leerplan is die onderwysers gevra om te let op sekere spraakeienskappe terwyl die leerling praat. Dit is moontlik vir onderwysers om al die voorskrifte vir "mondelinge werk" in die 1948-leerplan na te kom maar tog baie min aan spraakonderrig te doen. Hier en daar is 'n doelwit van spraakonderrig voorgeskryf; die eerste een verskyn in standerd IV, naamlik die aankweek van vrymoedigheid deur die hou van toesprakies en in standerd V volg die vertolking van gevoelens deur gebruik te maak van intonasiepatrone. Verder moet gedurende voordrag op frasering en intonasie gelet word en as die leerlinge hardop lees, moet hulle die inhoud intelligent vertolk. In die brosjures wat wenke in verband met taalonderrig bevat is melding van artikulasie, uitspraak, asemhaling

en ritme gemaak.

Geen een van die stukke bevat 'n volledige beskrywing van spraak nie. Blykbaar is spreeklesse, voordrag en hardoplees as verskillende afdelings van taalonderrig beskou, en daarom wil dit voorkom asof frasering en intonasie belangrik is vir voordrag maar nie vir 'n spreekles nie. Uit al die geskrifte kan nie helderheid verkry word nie en dit moet dus ook 'n mate van onserkerheid by die onderwysers laat ontstaan het. Hierdie probleem word in Afdeling B ondersoek.

Omdat aan spraak so min punte in die eksamens toegeken word, het die onderwysers heelwaarskynlik ook onder die indruk gekom dat min aandag aan die spraak van normale leerlinge bestee moet word. Aan spraakgesteurdes is daar sedert 1936 in Johannesburg spesiale aandag bestee en later is leerlinge met ernstige spraakafwykings in ander stede ook behandel. Hierdie werk is met 'n groot mate van sukses bekroon.

Daar is egter persone wat die belangrikheid van spraakonderrig ook vir normale leerlinge besef. Inspekteurs wys op die noodsaaklikheid van doeltreffende spraak; onderwysers vra vir kort kursusse in spraakonderrig, en eksamens in spraakleer waarvoor die publiek kan inskrywe, word ingestel. Die belangstelling bestaan nie net in Transvaal nie maar in alle dele van die Unie van Suid-Afrika. In die volgende hoofstuk word die leerplanne van die ander drie provinsies bespreek vir sover hulle spraakonderrig voorskrywe.

H O O F S T U K III.

KRITIESE BESPREKING VAN DIE LEERPLANNE VAN DIE ANDER PROVINSIES.

Van elk van die onderwysdepartemente van die ander drie provinsies is afskrifte van hul jongste leerplanne verkry. Die leerplan van elke provinsie, net vir sover dit op spraak en spraakonderrig betrekking het, word hieronder afsonderlik behandel.

1. Die Leerplan vir die Kaapprovinsie.

a. Die Leerplan vir Laerskole.

(i) Die Inleiding.

In die inleiding tot die leerplan vir primêre skole word onder die opskrif "Algemene Doelstellings" die doelwitte vir die onderrig van Afrikaans as eerste taal uiteengesit. Van die vyf doelwitte word net twee wat op spraakonderrig betrekking het, hier aangehaal.

> "(i) om die kind se begrip van gesproke Afrikaans uit te brei;
>
> (ii) om die kind te leer om suiwer te praat en om met gemak 'n gesprek te voer om sodoende sy gedagtes te formuleer en om hul op 'n duidelike en logiese wyse mee te deel;..."

Om die kind se begrip van gesproke Afrikaans uit te brei, sal dit nodig wees om goeie luistergewoontes by hom aan te kweek. Ongelukkig egter word in die leerplan geen melding van sodanige oefeninge gemaak nie en van die oefeninge wat aan die hand gedoen word, is daar min wat bereken is om die begrip van die gesproke taal uit te brei.

Die tweede doelstelling bevat 'n aantal doelwitte wat hieronder afsonderlik bespreek word. Die woord "suiwer" is hier ietwat verwarrend; dit kan grammatikale korrektheid aandui en as dit die geval is, kan suiwerheid nie deur spraakonderrig verkry word nie, maar "suiwer" kan ook suiwere uitspraak veronderstel; die verkryging hiervan is 'n doel van spraakonderrig en word in die leerplan vir ses standerds voorgeskryf. Die opstellers beweer verder dat dit baie belangrik is dat leerlinge 'n gesprek met gemak moet kan voer, maar 'n leerling moet ook op sy gemak wees in baie ander spraaksituasies waarvan geen melding gemaak word nie. Die formulering van gedagtes en hul mededeling op 'n duidelike en logiese wyse sal verkry word nie alleen deur spraakonderrig nie maar ook deur die onderrig van skriftelike stelwerk. Spraakonderrig kan egter sy deel bydra tot die bereiking van hierdie doel.

Die doelstelling is nie omvattend genoeg nie en die opstellers van die leerplan het dit self besef, want in die leerplan word baie meer verwag as wat in die doelstelling aangedui word.

Onder "Algemene Opmerkings" skrywe die opstellers "Die werk van elke standerd sal gerieflikheidshalwe onder die volgende hoofde behandel word: mondelinge stelwerk, voordrag, lees, skriftelike stelwerk en taalstudie." Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal net die voorskrifte in verband met mondelinge stelwerk, vir sover dit op spraakonderrig betrekking het, voordrag en luidlees behandel word.

(a) <u>Mondelinge Stelwerk</u>.

Onder hierdie opskrif word eers die doel van die deel van die werk gegee: "Die algemene doel van die mondelinge stelwerk is om leerlinge oefening te gee op die terrein van gesprekke te voer en om by hul die vaardigheid

aan te leer om met gemak en met vlotheid hul gedagtes in keurige taal uit te druk." Die doelstelling verskil van die een onder "Algemene Doelstellings" hierbo gegee, deurdat suiwerheid, duidelikheid en logiese rangskikking weggelaat is; miskien moet hierdie eienskappe deur skriftelike stelwerk aangekweek word. In die plek word nou vlotheid en keurigheid van taal gestel. Ook is doelstelling (i) van die "Algemene Doelstellings", "die begrip van gesproke Afrikaans", heeltemal weggelaat.

Verder word gesê: "Van onderwysers word boonop verwag om van die mondelinge stellesse as geleenthede ~~te~~ gebruik te maak (i) om leerlinge se woordeskat uit te brei, (ii) om algemene taalfoute uit te wis, (iii) om juiste spreekgewoontes aan te kweek, (iv) om leerlinge aan te moedig om hul verbeelding vryelik te gebruik, en (v) om leerlinge vir skriftelike werk voor te berei. Praat en skryf behoort mekaar gedurig af te wissel en aan te vul." Die opstellers van die inleiding is dus die mening toegedaan dat gedurende die tyd wat vir mondelinge werk afgesonder is, spraak bevorder moet word, nr. (iii), taalkennis uitgebrei moet word, nrs. (i) en (ii), en leerlinge voorberei moet word vir skriftelike werk, nr. (v). Dit lyk ietwat teenstrydig met die eerste doelstelling van mondelinge stelwerk, naamlik dat die leerling oefening moes kry in gesprekke voer.

"Spreekgewoontes", in nr. (iii), word nie verder omskryf nie, met die gevolg dat daar 'n mate van onsekerheid bestaan wat eintlik bedoel word. Die woord "boonop" aan die begin van die sitaat wys dat vlotheid en noukeurigheid van taal nie "spreekgewoontes" is nie. Later word gesê : "Onderwysers moet

Of noukeurigheid en duidelikheid as "spreekgewoontes" beskou word, is nie duidelik nie.

Die voorskrifte in verband met spraakonderrig, wat in die leerplan onder die opskrif "Mondelinge Stelwerk" verskyn, kan soos volg saamgevat word: die leerlinge moet geoefen word om gesprekke te voer en om met gemak en vlotheid hul gedagtes uit te druk; juiste spreekgewoontes moet aangekweek word en op noukeurigheid en duidelikheid moet aangedring word.

Die volgende opskrif in die leerplan is

(b) Spraakonderrig.

Dit is opmerklik dat, aangesien daar reeds soveel van spraak en spreekgewoontes onder mondelinge stelwerk gesê is, daar nog 'n afsonderlike afdeling vir spraakonderrig moet wees.

Daar is geskrywe: "Vir die onderwyseres van kinders in die Kindertuin- en Oorgangstadiums behoort die aanleer van die regte gebruik van die spraakorgane hoofsaak te wees. Dit is haar vernaamste taak om te sorg dat elke leerling die vokaalklanke en hul verbindinge met die medeklinkers korrek voortbring en om enige uitspraakgebreke wat indiwiduele leerlinge alreeds aangeleer het, te verwyder." Uit hierdie paragraaf wil dit voorkom asof die opstellers by die gebruik van die spraakorgane net aan artikulasie en uitspraak gedink het. Hulle skrywe verder: "Dit is noodsaaklik dat in die daaropvolgende stadiums onderwysers gedurig op duidelike spraak en behoorlike stembuiging sal aandring en dat hul geskikte middele sal aanwend om foute van 'n bepaalde aard te bestry en uit die weg te ruim... Aandag behoort ook voortdurend bestee te word aan die stelselmatige uitskakeling van foutiewe uitspraak .."

Duidelikheid is 'n vereiste onder mondelinge stelwerk en ook by spraakonderrig; die woord "duidelikheid" het in albei gevalle blykbaar dieselfde betekenis. Behoorlike stembuiging is 'n baie vae voorskrif; Afrikaans het sy eie intonasiepatrone, wat deur elke spreker gebruik moet word; maar gevoelens word ook deur verskillende intonasies vertolk. Dit is moeilik om te bepaal wat "behoorlik" hier beteken. Middele moet aangewend word om "foute van 'n bepaalde aard te bestry" maar die "aard" van die foute word nie verder omskrywe nie. Die laaste sin egter waarin geëis word dat foutiewe uitspraak uitgeskakel moet word, is heeltemal duidelik. In die volgende paragraaf verskyn die volgende: "Op elke stadium behoort daar gevolglik gereeld oefening te wees met die beoefening van bepaalde klanke ..... Dramatisering .... verskaf goeie geleenthede om die regte gewoontes in spraak en uitdrukking vas te lê." Dit wil voorkom asof die opstellers hier hoofsaaklik aan die verbetering van uitspraak gedink het, maar wat presies met "regte gewoontes in spraak en uitdrukking", bedoel word is nie duidelik nie.

In die volgende paragraaf weer word geskrywe: "Benewens sodanige korrektiewe oefeninge sal etlike onderwysers ongetwyfeld verkies om gereeld ook 'n kort lesuurtjie van ongeveer 'n kwartuur (daagliks of weekliks) af te staan vir meer bepaalde spraakoefeninge. Wenke vir die optrek van sulke leergange vir die verskillende standerds word in hierdie leerplan aan die hand gedoen." Uit bostaande sitaat moet afgelei word dat die werk wat onder die opskrif "Spraakonderrig" uiteengesit word, uit twee dele bestaan waarvan die eerste deel, die korrektiewe oefeninge, verpligtend is terwyl die tweede deel, die meer bepaalde spraak-

oefening", opsioneel is. Die verskil tussen die korrektiewe oefeninge en die meer bepaalde spraak-oefeninge word nie verder omskrywe nie en dit is moeilik om te sê wat die opstellers presies bedoel het. Uit die leerplan waarin wenke gegee word, is dit ook moeilik om tussen die twee afdelings te onderskei. Die tyd wat vir meer bepaalde spraakoefeninge aan die hand gedoen word, wys dat daar blykbaar by die opstellers ook nie helderheid was nie; gedurende "n kort lesuurtjie van n kwartuur daagliks" kan die leerlinge iets leer, maar gedurende n kwartuur per week sal baie min uitgerig kan word.

(c) <u>Samevatting van die Bespreking oor Mondelinge Stelwerk en Spraakonderrig</u>.

Die opstellers van die inleiding tot die leerplan het in n mate die belangrikheid van spraak en spraak-onderrig besef, maar die saak is nie baie duidelik vir die onderwysers gestel nie. Die verskil tussen die twee afdelings "mondelinge stelwerk" en "spraakonderrig" is nie verduidelik nie en so n verduideliking is nodig, aangesien "duidelike spraak" n vereiste in altwee afdelings is. Die verpligte gedeelte van spraakonderrig bevat n duidelike omskrywing van die verbetering van uitspraak en daarna n vae uitdrukking "korrektiewe oefeninge." Van die ander uitdrukkings wat deur die opstellers gebesig is, is sommige dubbelsinnig, soos byvoorbeeld "juiste spreekgewoontes" onder die opskrif "mondeling stelwerk" en "foute van n bepaalde aard", "regte gewoontes in spraak en uitdrukking" en "meer bepaalde spraakoefeninge" onder die opskrif "spraak-onderrig."

Een sinnetjie wat gebesig is, wys dat die opstellers self nie baie helderheid gehad het in verband met spraak nie. Onder die opskrif "mondelinge stelwerk" by die bykomstige doelwitte[1] word gesê dat mondelinge stelwerk die leerlinge vir hul skriftelike werk moet voorberei en dat praat en skryf mekaar behoort aan te vul. Terwyl daar gepraat word, moet rekening met asemhaling, uitspraak, toonhoogte, tempo en pouse-ring gehou word, terwyl geen een van hierdie eienskappe by "skryf" gebruik word nie. Nadruk word in spraak verkry deur intensiteit, hoë toon, skerper artikulasie en langer duur, terwyl die posisie van die woord in 'n geskrewe sin die belangrikheid daarvan bepaal. Ge-voelens word in spraak deur bewegings, wisseling in toonhoogte, stemkleur, tempo en pouses uitgedruk ter-wyl die skrywer 'n ander tegniek moet gebruik. 'n Kind kan dus nie geleer word om te skrywe deur hom te leer om te praat nie; praat en skryf verskil te veel van mekaar.

(d) Voordrag.

Onder voordrag is die eerste vereiste : "Hul (die kinders) moet opgevoed word om ook na poësie te luister met die oog om te leer om dit ten volste te waardeer." Die opstellers het die groot waarheid besef dat letterkunde en veral poësie alleen ten volste waardeer word as dit gehoor word. Die doel met voor-drag is: "Voordrag moet met 'n tweërlei doel doseer word: (a) om leerlinge aansporing te gee om die passasies waarvan hul hou, te leer geniet, en (b) om as middel te dien om goeie smaak aan te kweek." Nêrens sê die opstellers hoe voorgedra moet word nie. Die doel-stelling is heeltemal aanneembaar maar die inleiding moes duideliker gestel gewees het. Nadat die leerlinge

in die hoër standerds hul eie keuse van gedigte gemaak het, moet hy (die onderwyser) vasstel dat leerlinge die inhoud deeglik begryp, met die nodige aanvoeling daarvoor vervul is, asook genot uit die hardoplees en vertolking daarvan verkry, alvorens hulle oorgaan om dit van buite te leer." Dit is moeilik om te begryp wat hier deur "vertolking" bedoel word; blykbaar word die gedig nie deur hardoplees of voordrag vertolk nie. Die opstellers van die leerplan het nie die verband tussen spraak, voordrag, hardoplees en vertolking aan die onderwysers verduidelik nie.

(e) Lees.

In die laer klasse word die leestegniek aangeleer. In die hoër standerds moet leerlinge aangespoor word om meer bepaalde aandag aan toonwisseling (stembuiging) te wy wanneer hulle hardop lees. Vir sodanige oefeninge behoort daar dikwels geleenthied gegee te word om die dele wat voorgelees gaan word, vooraf voor te berei. Dit is ook belangrik dat leerlinge in staat sal wees om, sonder voorbereiding, vlot te kan hardop lees." Om goed te kan lees, moet 'n leerling al die eienskappe van spraak, en nie net toonwisseling nie, gebruik om die inhoud te vertolk. Voordat hy dit kan doen, moet hy die stuk eers vooraf bestudeer en daarom moet hy kans kry vir voorbereiding. As 'n leerling sonder voorbereiding hardop moet lees, sal hy nie die inhoud kan vertolk nie, want hy weet self nie wat die inhoud is nie, maar sal hy net die regte woord op die regte plek kan uiter.

Die opstellers het nog nie aan die onderwysers duidelik gemaak dat luidlees die gebruik van die spraaktegniek is om die gedagtes van die skrywer aan 'n gehoor te vertolk nie.

(ii) Die Leerplanne vir Elke Afsonderlike Standerd.

Die vereistes vir mondelinge stelwerk word eers behandel en daarna die vereistes vir voordrag en lees.

(a) Mondelinge Stelwerk.

In die leerplan vir "mondelinge stelwerk" vir elke standerd is daar 'n onderafdeling wat "spraakonderrig" genoem word, alhoewel daar ander voorskrifte is wat nie in die onderafdeling ingesluit is nie maar wat ook op spraakonderrig betrekking het. Dit is nie duidelik watter voorskrifte in verband met "spraakonderrig" verpligtend is nie en watter opsioneel. Alleen net die voorskrifte wat in verband met spraakonderrig staan, word hier bespreek en dus nie voorskrifte wat ten doel het die uitbreiding van die woordeskat of die grammatikale korrektheid van die taal nie. Ongelukkig word die doel met 'n oefening nie altyd gemeld nie, sodat daar soms onsekerheid bestaan omtrent die doel. Die voorskrifte van die leerplan word eers gestel en daarna volg die bespreking daarvan.

Kindertuinstadium. 5½ tot 6½ jaar.

(a) Die eerste taak van die onderwyseres sal wees om die leerlinge aan te moedig om met vrymoedigheid oor sy ervarings te praat,

(b) en om aktief aan bedrywighede in die klaskamer deel te neem.

(c) Beoefening van beleefheidsvorme.

(d) Praatlessies moet met speletjies, handwerk, musiek, stories en eenvoudige opvoerinkies gepaard te gaan sodat die kind handelinge met praat verbind.

(e) Die ryke verbeelding van die kind moet in mondelinge stelwerk gevoed word.

(f) Spraakonderrig:

(i) Geskikte asemhaaloefeninge.

(ii) Oefeninge in die voortbring van spesifieke klanke.

(iii) Beoefening van korrekte klankproduksie en die bestryding van bestaande gebreke.

Die kind kom vir die eerste keer skool toe en moet hom by sy nuwe omgewing aanpas. Die aanpassing word bevorder deur die kind aktief te laat deelneem aan die spraakbedrywighede in die klaskamer, voorskrif (b)[1] hierbo. Die leerling moet vrymoedig wees, en hy moet gretig wees om iets uit sy eie ervaring te vertel, voorskrif (a); die vertellus moet by die leerling aangemoedig word. Die doel en waarde van hierdie oefening moes sterker beklemtoon gewees het. Voorskrif (c) vereis dat die kind die beleefdheidsvorme sal kan gebruik; hierdie oefening sal hom in staat stel om beter aan te pas by sy omgewing, want as hy met 'n onderwyser of die skoolhoof moet praat, sal hy op sy gemak voel omdat hy weet wat om te sê en hoe om dit te sê. Die verbinding van handeling met praat, voorskrif (d), is 'n baie waardevolle oefening. Dit is noodsaaklik dat die gesigsimbole natuurlik en eg sal wees en 'n eenheid met die gehoorsimbole sal vorm. Voorskrif (e) maak voorsiening vir die ontwikkeling van die verbeelding van die kind. Onder die opskrif "Spraakonderrig" word die volgende voorskrifte gegee: (i) asemhaling, (ii) korrekte artikulasie en (iii) die verbetering van foutiewe uitspraak. Dit is heeltemal reg dat die drie aspekte so gou moontlik aangepak word, omdat die leerling al 'n paar jaar praat en

---

1. Die nommers gegee aan die voorskrifte in die proefskrif verskil van die nommers in die leerplan.

hy moet so gou moontlik geleer word om doeltreffend asem te haal, korrek te artikuleer en korrek uit te spreek. Daar kon meer leiding in verband met asemhaling gegee gewees het en onderwyseresse moes gewaarsku gewees het om omsigtig te werk te gaan met die "bestryding van gebreke."

Die werk wat hier voorgeskryf is, is noodsaaklik vir kinders van hierdie leeftyd en pas by die ontwikkeling van die kind aan. Heelwat meer werk moet egter in hierdie klas gedoen word as spraakonderrig sistematies aangepak moet word.

Oorgangstadium. $6\frac{1}{2}$ tot $7\frac{1}{2}$ jaar.

(a) Dele van verhaaltjies oorvertel wat deur die onderwyseres meegedeel is; en uiteindelik kort verhaaltjies in samehangende vorm oorvertel.

(b) Die kinders moet geleer word om hul gedagtes in kort, saaklike sinnetjies uit te druk; en

(c) om deur stemverandering aan te dui waar elke sin eindig.

(d) Dramatisering van geskikte stukkies met gepaste handelinge.

(e) Oefeninge om foute in leerlinge se uitspraak te verbeter.

(f) Spraakonderrig:

(i) Geskikte asemhaaloefeninge.

(ii) Verwydering van uitspraakfoute.

(iii) Oefening om suiwer klankvorming te kry bv. die vokaal-klnake.

Voorskrifte (d), (e) en (f) is voorheen bespreek behalwe dat in hierdie geval die verbetering van uitspraak onder beide mondelinge stelwerk, voorskrif (e), en onder

spraakonderrig, voorskrif (f) (ii), behandel word. Waarom dit gedoen is, word nie verklaar nie. Van die leerlinge word verwag om al die vokaalklanke te vorm, voorskrif (f) (iii).

Die oorvertel van verhale, voorskrif (a), is 'n luisteroefening en hierin het die leerlinge baie oefening nodig. Die aankweek van goeie luistergewoontes moes beklemtoon geword het. Terselfdertyd is dit 'n oefening in die vertelkuns. Voorskrif (b) is baie nodig, want leerlinge is geneig om baie woorde te gebruik en tog niks te sê nie. Dit is nodig dat leerlinge toonhoogtewisseling sal aanwend om te wys dat die sin afgehandel is, voorskrif (c), maar baie meer kan deur intonasiepatrone vertolk word. Voordat die intonasiepatroon reg gebruik kan word, moet die posisie van die klem in die sin bepaal word.

Die werk wat voorgeskryf is, is noodsaaklik en pas aan by die ontwikkeling en bekwaamheid van die leerling aan. Hulle kan egter meer aandag aan spraak wy. Ongelukkig ook is in sommige gevalle die doel van die oefening nie baie duidelik gestel nie.

<u>Standerd I</u>. 7½ tot 8 jaar.

(a) Dit is van groot belang dat die leerling se selfvertroue en vrymoedigheid om te gesels aangemoedig word.

(b) om sodoende meer vloeiendheid te verkry. Onderwyseresse behoort nie op juistheid ten koste van vloeiendheid aan te dring nie.

(c) Oorvertel van dele van 'n verhaaltjie wat deur die onderwyseres meegedeel is;

(d) die verhaal word bespreek en in onder afdelings ingedeel.

(e) Oorvertel van 'n kort, volledige verhaal. Die leerlinge moet die storie goed ken.

(f) Beskrywing van eie ondervindings en voorvalle waarin leerlinge belangstel.

(g) Dramatisering van geskikte stories.

(h) Nabootsing van voël- en dieregeluide.

(i) Die beoefening van verdere beleerdheidsvorme.

(j) Spraakonderrig:

(i) Geskikte asemhaaloefeninge.

(ii) Korrektiewe drilwerk om slordige spraak teë te werk soos bv. (i) by die klanke rd, ld, lf en tjie soos in daardie, solder, dieselfde, hierdie, 'n seuntjie en 'n dogtertjie. (ii) by woorde soos ammal (almal) sukke, (sulke) ampe (amper). In alle klasse behoort daar egter teen oordrewe uitspraak gewaak te word.

(iii) Verdere oefening om korrekte uitspraak aan te leer (sekere konsonante).

Dit is baie belangrik vir doeltreffende spraak dat selfvertroue en vrymoedigheid by leerlinge ontwikkel word, voorskrif (a). In verband met voorskrif (b) kan daar 'n verskil van mening bestaan: dit wil voorkom asof juistheid van uitdrukking van meer waarde kan wees as vloeiendheid. Juistheid sal die luisteraar in elk geval in staat stel om die stof beter te begryp. Die bespreking van die verhaal en die indeling daarvan, voorskrif (d), is 'n oefening in die rangskikking van die stof; en voorskrif (e) is 'n oefening in die vertelling van die verhaal. Die nabootsing van voël- en dierge-

luide, voorskrif (h), is 'n goeie oefening om die spiere van die spraakorgane beweegliker te maak.

Voorskrifte (c), (f), (g), (i) en (j) is voorheen bespreek, maar daar val nog iets te sê oor (j) (ii) korrektiewe drilwerk. Van die voorbeelde van slordige spraak wat daar aangestip is, wys Le Roux en Pienaar[1] daarop dat die uitspraak van "daardie," "hierdie" en "solder" met die "d" in die middel letteruitspraak is en sterk af te keur is. So ook behoort "almal" as "ammal" uitgespreek te word. Ook die uitspraak van "sukke" vir "sulke" is toelaatbaar. Terwyl die opstellers dus teen oordrewe uitspraak waarsku, het hulle voorbeelde van slordige spraak gegee wat deskundiges as korrek beskou.

Standerd II $8\frac{1}{2}$ tot $9\frac{1}{2}$ jaar.

(a) Die oorvertel van kort verhale of voorvalle uit lang verhale wat deur die onderwyseres meegedeel is.

(b) 'n Onvoltooide verhaal beëindig. Die verhaal kan eers bespreek word en meer as een geskikte slot kan oor besluit word.

(c) 'n Kort beskrywing oor 'n voorwerp of 'n voorval waarin die leerling belangstel. Belanstelling kan gewek en behou word deur aan leerlinge tyd af te staan om hul onderwerpe voor te berei.

(d) 'n Prent in besonderhede beskrywe en 'n gepaste opskrif daarvoor aan die hand doen. Leerlinge moet aangemoedig word om hul sinne in logiese volgorde te rangskik sodat hul 'n samehangende geheel vorm.

---

1. Uitspraakwoordeboek van Afrikaans.

(e) Dramatisering van geskikte toneeltjies.

(f) Spraakonderrig:

(i) Geskikte asemhaaloefeninge om stembeheer te bevorder.

(ii) Verdere korrektiewe drilwerk om spraakfoute te verwyder.

(iii) Verdere oefeninge in suiwer klankvorming om duidelike spraak aan te kweek.

Deur 'n onvoltooide verhaal te beëindig, voorskrif (b), word die gedissiplineerde verbeelding van die kind ontwikkel. Die kort beskrywing van 'n voorwerp of 'n voorval, voorskrif (c), is 'n voorbereidende oefening vir die hou van 'n toesprakie, veral daar die kinders tyd gegee word om hulle voor te berei. Die beskrywing van die prent, voorskrif (d), ontwikkel die vermoë om 'n samevatting te gee, en gee die leerling oefening om sy stof behoorlik te rangskik. Voorskrifte (a), (e) en (f) is voorheen behandel. By (f) (i) en (ii) is daar nou byvoegings gemaak: (i) by geskikte asemhaaloefeninge is gevoeg "om stembeheer te bevorder", maar die rede waarom die woorde bygevoeg is, is nie duidelik nie. Die byvoeging is onnodig, want asemhaaloefeninge word net gedoen sodat die stem beter beheers kan word. So ook is die byvoeging van "om duidelike spraak aan te kweek" by voorskrif (f) (iii) oorbodig.

Standerd III $9\frac{1}{2}$ tot $10\frac{1}{2}$ jaar.

(a) Daar moet meer aandag aan ordelike rangskikking van die stof bestee word.

(b) Die vertel van stories, verhale, fabels, mites ens. wat die leerlinge gelees het.

(c) 'n Kort praatjie oor stof wat in ander vakke behandel is.

(d) 'n Onvoltooide storie afeindig; die opmaak en vertel van eenvoudige oorspronklike stories. Eenvoudige samesprakies.

(e) Eenvoudige klasbesprekings van onderwerpe waarin die leerlinge belangstel.

(f) Bespreking en beskrywing van mense en hul werk.

(g) Dramatisering van geskikte tonele en voorvalle.

(h) Beskrywing (in die eerste persoon) deur 'n leerling van 'n lewendige gebeurtenis.

(i) Spraakonderrig:

(i) Geskikte asemhaaloefeninge om stembeheer te bevorder.

(ii) Voortsetting van korrektiewe spraakoefeninge waar nodig.

(iii) Verdere oefeninge in klankvorming bv. met klanke soos:

tj: tjek, bietjie, katjie.

-g: berge, gevolge.

gh: gholf, ghitaar, ghries.

(iv) Meer aandag kan voortaan aan die aankweek van goeie spreekgewoontes gewy word. Leerlinge moet aanleer om natuurlik, lewendig en welluidend te praat. Mompelende en onduidelike spraak moet teëgewerk word.

Die ordelike rangskikking van stof, voorskrif (a), is noodsaaklik. Voorskrif (b) wil verseker dat leerlinge opleiding in die vertelkuns ontvang, en voorskrif (c) wil hul opleiding in die hou van toesprakies verseker. Klasbesprekings oor probleme waarin die leerlinge belangstel, voorskrif (e), is 'n baie waarde-

Standerd IV 10½ tot 11½ jaar.

(a) Kort beskrywings van onvergeetlike persoonlike ondervindings. Leerlinge moet aangemoedig word om hul beskrywing duidelik in te deel onder hoofgedagtes.

(b) Oorvertel van 'n storie. Gedagtes moet ordelik gerangskik word en die verhaal moet behoorlik afgerond wees.

(c) Gesprekke in die klaskamer voer.

(d) Verdere oefening om die kind geleentheid te gee om sy verbeelding in te span. Verhale saamstel.

(e) Verdere praatjies oor wat in ander skoolvakke behandel is.

(f) Spraakonderrig:

(i) Voortsetting van korrektiewe spraakoefeninge waar nodig.

(ii) Verder oefeninge om suiwer klankvorming te bevorder.

(iii) Meer aandag aan verbetering van spreekgewoontes byvoorbeeld,

1. aan stembuiging d.w.s. die wisseling van toonhoogte. Temerige of eentonige spraak moet ontmoedig word. Leerlinge moet leer om die stem te laat styg of daal namate die inhoud van 'n gesprek dit vereis. Leerlinge moet ook aangemoedig word om met 'n lewendige en welluidende stem te praat.
2. aan vlotheid: stoterige praat moet teëgewerk word.

Kort beskrywing van persoonlike ondervindings, voorskrif (a), sal leerlinge in die geleentheid stel om die vertelkuns aan te leer en sal hul gedwing ~~word~~ om oor hul stof na te dink sodat hulle dit behoorlik kan indeel. Die oefening wat in (b) voorgeskryf is, is feitlik dieselfde as in (a). Dit is nodig dat leerlinge sal weet hoe om 'n gesprek te voer, voorskrif (c), en opleiding hierin is noodsaaklik. Voorskrif (d) is voorheen behandel en ook voorskrif (e) wat die leerlinge voorberei om 'n toesprakie te hou. Voorskrif (f) (i) en (ii) behoort nou nie meer nodig te wees nie. Leerlinge wat na vyf jaar nie behoorlik kan artikuleer nie, moet deur 'n spraakterapeut behandel word. Voorskrif (f) (iii) vereis die verbetering van spreekgewoontes en noem dan net twee: stembuiging en vlotheid. In verband met stembuiging word gesê dat temerige spraak ontmoedig moet word. Temerige spraak kan verbeter word alleen deur die tempo te versnel en nie deur die stembuiging te verander nie. 'n Welluidende stem word verkry deur die regte gebruik van die stemlippe en die resonatore en nie deur stembuiging nie. 'n Kind leer al binne sy eerste lewensjaar om tussen die intonasiepatrone te onderskei, en daarom is dit 'n bietjie lank om te wag tot sy sesde jaar op skool voordat hy die eenvoudigste intonasiepatrone inoefen. Dit behoort aan die begin van sy skoolloopbaan gedoen te word. Vlotheid word hier beskou as 'n baie goeie eienskap van spraak, maar 'n aangename stemkleur, die behoorlike gebruik van die stemlippe en 'n verskerpte gehoor is alles noodsaakliker as vlotheid.

<u>Standerd V</u>. 11½ tot 12½ jaar.

(a) Kort toesprakies oor geskikte onderwerpe gekies uit ander skoolvakke, stokperdjies

(b) 'n Beskrywing van prosesse waarin leerlinge belangstel.

(c) Verdere gesprekke in die klaskamer om hoflikheid te beoefen.

(d) Klasdebatte oor eenvoudige sake.

(e) Oefeninge om die leerlinge se waarnemingsvermoë te toets en te verskerp.

(f) Oefeninge om die verbeelding in te span.

(g) Oorvertel van enige verhaal.

(h) Spraakonderrig:

(i) Verdere Klankvorming.

(ii) Verbetering van spreekgewoontes: benewens stembuiging kan spesiale aandag aan ander aspekte van spraak gewy word, soos bv.

(i) aan korrekte frasering;

(ii) aan pousering: die gebruik van pouses van korter en langer duur;

(iii) aan beklemtoning van woordes en sinsnedes;

(iv) aan tempo: dit dui gemoedstemming aan - vinnig in luimige spraak, stadig in ernstige spraak.

Die leerlinge behoort in staat te wees om nou kort toesprakies te hou, voorskrif (a). Die beskrywing van prosesse, voorskrif (b), sal noukeurigheid in die hand werk as die bedoeling is dat die leerlinge dit so goed moontlik moet beskrywe. Klasdebatte is nog te moeilik vir leerlinge in standerd V omdat die leerlinge se ontwikkelingspeil nog te laag is om veel voordeel uit 'n debat te trek. Oefeninge om die leerling se waarnemingsvermoë te verskerp, voorskrif (e), moes reeds heel aan die begin van die skoolloopbaan voorgeskryf gewees het.

Voorskrifte (c), (f),(g) en (h) (i) is voorheen bespreek. Die verbetering van spreekgewoontes, voorskrif (h) (ii), is baie goed, maar dit is 'n bietjie laat vir die kind om nou korrekte frasering, gebruik van pouses, tempo en klem te leer. Van hom is reeds in standerd I verwag om verhale te vertel en om dit goed te kan doen. Daarvoor het hy die "spreekgewoontes" wat hierbo genoem is nodig.

Samevatting van die Voorskrifte vir Mondelinge Stelwerk.

Die meeste van die werk wat die leerplanne vir elke afsonderlike standerd voorskryf, is binne die vermoë van die leerlinge. Hier en daar word 'n afdeling miskien te vroeg of te laat ingevoer. Die grootste beswaar teen die leerplan is dat daar te veel weggelaat is. Die gebreke sal duidelik uitkom as die leerplan as 'n geheel besien word. Die leerplan vir mondelinge stelwerk word in tabel IV saamgevat.

In die tabel is die doelstellings aan die een kant en die name van die standerds aan die ander kant. As 'n doelstelling in 'n sekere klas beoog is, word 'n X onder die klas teenoor die doelstelling gemaak. 'n Aantal van die oefeninge word beskrywe sonder dat die doel met die oefening gemeld word. In sulke gevalle word die doelwit wat daarmee bereik kan word, in die samevatting opgeneem; dit is moontlik dat die oefening nie vir daardie doel gebruik sal word nie, hoewel dit nogtans kan geskied.

(Tabel volg op bladsy 134).

Die voorskrifte word hieronder een vir een bespreek.

T A B E L IV.

Samevatting van die Voorskrifte vir Mondelinge Stelwerk.

Doelstellings.	Standerds.						
	Kinder-tuin	Oorgang-Stadium	St. I	St. II	St. III	St. IV	St. V
Doeltreffende asemhaling	X	X	X	X	X		
Suiwer klankvorming	X	X	X	X	X	X	X
Gebruik van Stembuiging		X				X	X
Pouses							X
Tempo							X
Klem							X
Vlotheid en Vloeiendheid			X		X	X	X
Korrekte Frasering							X
Kort en saaklik uitdruk		X					
Paslike bewegings	X	X	X	X	X		
Rangskikking van stof			X	X	X	X	
Luisteroefening		X	X	X			
Aanpassing bevorder	X						
Ontwikkeling van Vrymoedigheid	X		X				
Verbeelding	X			X	X	X	X
Selfvertroue			X				
Juistheid			X				
Hoflikheid							X
Waarnemingsvermoë							X
Vertellus	X		X				
Beoefening van Beleefdheidsvorme	X		X				
Leer om te vertel		X	X		X	X	X
Bespreek			X		X		
Beskrywe							X
Toespraak te hou				X	X	X	X
Gesels						X	X
Beraadslaag					X		
Debatteer							X

Asemhaaloefeninge word vir vyf jaar deur leerlinge gedoen vanaf die eerste dag wat die kind skool toe kom. Die oefeninge is noodsaaklik, want op die manier

kan doeltreffende asemhaling vir spraakdoeleindes 'n gewoontehandeling word. Dit is veral belangrik dat die leerling sy uitaseming moet kan beheers, maar hiervan is in die leerplan geen melding gemaak nie.

Met suiwer klankvorming word heeltemal tereg ook aan die begin van die kind se skoolloopbaan begin. Dit moet verhoed word dat foutiewe uitspraak te vas gewortel raak, en daarom moet die werk so gou moontlik aangepak word. Dit lyk egter onnodig lank om sewe jaar aan die vorming van klanke en korrektiewe drilwerk te bestee. Enige normale kind behoort te kan leer hoe om die vokale, diftonge en konsonante te vorm in omtrent vier jaar. As 'n leerling dit nie kan doen nie, moet hy deur 'n spraakterapeut behandel word. Om werklik uit die onderrig van klankvorming voordeel te trek, moet 'n leerlinge self kan hoor as sy uitspraak afwykings toon, maar in die leerplan word geen gehooroefeninge voorgeskryf nie.

Om doeltreffend te praat, moet 'n leerling toonhoogtewysies, pouses, tempo en klem goed kan gebruik. In die leerplan word dit egter verwag dat 'n leerling eers sal praat, in die oorgangstadium reeds 'n verhaal sal vertel, 'n toespraak in standerd II sal hou en dat hy daarna in standerds IV en V sal leer hoe om die bogenoemde spraakeienskappe te gebruik. Van stembuiging het hy iets in die oorgangstadium geleer en daarna niks weer daarvan tot in standerd IV nie. Die gebruik van pouses, tempo en klem word eers in standerd V onderrig. Dit is heeltemal te laat, aangesien die leerling tog verplig was om al die eienskappe te gebruik toe hy oor enige onderwerp reeds in die Kindertuin gepraat het.

Met die verkry van vlotheid,is in standerd I

is dit in standerds III tot V weer 'n vereiste. Waarom vlotheid of vloeiendheid as so belangrik beskou word, word nie verduidelik nie. As 'n leerling sy onderwerp ken, daarin belangstel en sy kennis graag aan die gehoor wil meedeel, sal hy vlot genoeg praat: maar as hy niks het om te sê nie, is sy spraak stotterig.

Die leerlinge kry al spreekoefeninge waarin hy moet fraseer vanaf die kindertuinstadium, en reeds vanaf standerd I word daar by luidlees op frasering gelet. Dus kan die onderrig van frasering nie tot standerd V uitgestel word nie. In die oorgangstadium word van leerlinge verwag om hulle kort en saaklik uit te druk, maar daarna is hierdie eienskap blykbaar van geen waarde meer nie, aangesien dit nêrens weer genoem word nie.

Vyf jaar lank word leerlinge aangemoedig om hul handelinge te laat aanpas by wat hulle sê. Dit is 'n baie belangrike oefening, want die gesigsimbole moet 'n eenheid met die gehoorsimbole vorm. Die oefeninge moes egter nie by standerd III gestaak geword het nie, maar kon deurgevoer word tot in standerd V en daarna.

Met die rangskikking van die stof is in standerd I begin en daarmee is tot in standerd IV aangehou. In die begin word die stof van maklike verhale behoorlik gerangskik maar gaandeweg word dit ingewikkelder, met die gevolg dat die indeling al moeiliker word. Die werk moes nie in standerd IV gestaak word nie. Leerlinge van enige peil van ontwikkeling het nog die oefening, hulp en leiding in verband daarmee nodig.

Die leerlinge word geleer hoe om te praat, maar hulle bestee meer tyd gedurende 'n dag aan luister. Om te luister, is 'n inspannende oefening, en tog word die leerlinge nie hierin onderrig nie. Daar word in

die leerplan oefeninge aan die hand gedoen in die oorgangstadium en standerds I en II, wat as luisteroefeninge gebruik kan word. Van luister word egter geen melding in die leerplan gemaak nie en vir geen ander klasse word oefeninge voorgeskryf wat as luister-oefeninge kan dien nie.

Die leerlinge in die kindertuin word gehelp om hulle by die nuwe omgewing aan te pas. Die hulp is noodsaaklik sodat daar nie sielkundige steurings sal ontstaan nie. Dit sou egter goed gewees het as die oefeninge vir langer as net een jaar geduur het.

Om goed te praat, moet sekere eienskappe by die leerlinge aangekweek word: hy moet vrymoedig wees, selfvertroue hê, daar moet 'n drang wees om iets te vertel en hy moet sy gedagtes noukeurig kan uitdruk. Aan die ontwikkeling van hierdie belangrike hoedanighede word baie min gedoen. Vrymoedigheid en die drang om te vertel, word in die kindertuin vereis, daarna weer in standerd I maar in geen ander klas nie. Selfvertroue en juistheid word in standerd I ontwikkel maar in geen ander klas nie. Hoflikheid word eers in standerd V vereis terwyl die leerling vanaf sy eerste dag op skool hoflikheid moes betoon. Die waarnemingsvermoë ontwikkel reeds baie jare en bereik op ongeveer twaalfjarige leeftyd sy hoogtepunt,[1] en daarom help dit nie om in standerd V met die ontwikkeling daarvan te begin nie.

Die beoefening van die beleefdsheidsvorme word vir die kindertuin voorgeskrywe, nie vir die oorgangstadium nie, en dan weer vir standerd I en daarna in geen ander klas nie. Die leerlinge het die vorms elke dag op skool, in die huis en op straat nodig. As hulle daarin onderrig moet ontvang, moet dit gedurende twee of drie agtereenvolgende jare gedoen word.

Die leerlinge word opgelei om aan die volgende spraaksituasies deel te neem:-

Vertelling. Die onderrig begin in die oorgangstadium en word tot in standerd V voorgesit, behalwe dat die werk in standerd II onderbreek word. Waarom die werk nie in standerd II gedoen word nie, word nie verduidelik nie.

Bespreking. Sekere onderwerpe word in die standerds I en III bespreek maar in geen ander klasse nie. Ook word die werk in standerd II onderbreek en word nie in standerds IV en V voortgesit nie. Bespreking is 'n waardevolle oefening wat 'n goeie voorbereiding vir beraadslaging en debat is.

Beskrywing. Die leerlinge word net in standerd V onderrig hoe om noukeurig te beskrywe. Voorheen het die leerlinge ook al aan 'n beskrywing deelgeneem maar die doel daarvan was die uitbreiding van hul woordeskat. Noukeurige waarneming en 'n juiste weergawe of beskrywing van wat waargeneem is, is vir die ontwikkeling van die kind baie belangrik. Die kind moet die werk vanaf sy eerste dag op skool doen.

Die Hou van 'n Toespraak. In standerds II tot IV word voorbereidende oefeninge gedoen en in standerd V word van die leerlinge verwag om 'n paar minute te praat. Die onderrig is op die regte tydstip aangepak en die werk is goed gegradeer. Daar moes net gelyktydig meer aandag aan die ontwikkeling van selfvertroue geskenk gewees het.

Die Voer van 'n Gesprek. Dit is noodsaaklik om leerlinge te leer om te gesels en daarom is dit reg dat die opstellers dit in die leerplan ingesluit het. Die oefening kon miskien heelwat vroeër ingevoer gewees het. Die opstellers het die saak baie goed ingesien toe hulle daarop gewys het dat hoflikheid ook ontwikkel moet word.

Beraadslaging. Soveel van die werk van 'n demokratiese land word deur beraadslaging verrig dat dit baie teleurstellend is dat die oefening net vir een klas, standerd III, voorgeskryf is en nie vir ander klasse nie. As die onderwyser die werk in daardie klas aanpak, sal die kinders tog weer vergeet en sal al die onderwyser se inspanning tevergeefs wees.

Debatte. Daar is soveel gevare aan debatte verbonde dat dit m.i. nie in laerskole behoort gehou te word nie.

Die leerplan as 'n geheel wys dat die opstellers bewus is van die belangrikheid van spraak en spraakonderrig maar dat hulle self nie helderheid oor die saak het nie of anders hul opvattings nie baie helder gestel het nie. Belangrike werk behoort ook nie vir 'n jaar of twee, drie onderbreek te word nie. Aan die begin van die leerplan vir die oorgangstadium en elke ander standerd is geskrywe dat die werk van die vorige klasse voortgesit en uitgebrei moet word, maar die opstellers weet self dat dit nie gedoen sal word nie, behalwe as dit weer spesifiek genoem word. Dit is om die rede dat die opstellers in soveel gevalle dieselfde woorde feitlik in die leerplan vir die volgende jaar herhaal net, soos in die geval van asemhaaloefeninge, om maar net een voorbeeld te noem. Essensiële dele van spraakonderrig is weggelaat. Die eerste algemene doelstelling om die kind se begrip van gesproke Afrikaanse uit te "brei" is nie in die leerplan doelbewus nagestrewe nie.

(b) Voordrag.

Die tweede afdeling van mondelinge werk wat nou vir elke standerd behandel moet word, is voordrag.

Kindertuinstadium.

Nadat aan die onderwyseres verduidelik is watter gediggies geleer moet word, word gesê: "Op hierdie stadium is die hoofdoel om kinders die rym, ritme en lewendige gang van die versmaat te laat voel; gevolglik hoe meer spontaan en natuurlik die gebare is, hoe beter." Verder word daar van spraak niks gesê nie.

Oorgangstadium.

Die werk wat in hierdie klas gedoen is, is net 'n voortsetting van die werk van die vorige klasse.

Standerd I.

In hierdie klas word die eerste vereistes vir sover dit spraak aangaan, gestel. Daar word gesê: "Aandag moet aan duidelike en korrekte uitspraak, behoorlike stembuiging en frasering gewy word."

Standerd II.

"Frasering, stembuiging en tempo moet deurgaans aandag geniet."

Standerd III.

In die eerste deel van die paragraaf word die soorte gediggies beskryf wat die kinders behoort te leer. Daarna volg "Die verbeelding van die leerling moet geprikkel en sy gevoel vir treffende klankeffekte verskerp word. Deeglike voorafgaande voorbereiding en bespreking is nodig. Die leerling, ... kan hom ... nou meer en meer op lewendige voordrag toelê."

Standerd IV.

Onder andere is geskryf: "Deeglike voorafgaande bespreking, voorbereiding en belangstelling is nodig. Dit moet onder die aandag van die

leerlinge gebring word dat blote opsê (meganiese, eentonige weergawe) nog geen voordrag is nie."

Standerd V.

Hier word net gesê dat geskikte gedeeltes voorgedra moet word.

In verband met voordrag word nie veel leiding gegee nie. In die laer klasse moet die bewegings spontaan wees, daarna moet op korrekte uitspraak, behoorlike stembuiging en frasering gelet word. In die volgende klas is frasering, stembuiging en tempo belangrik, maar korrekte uitspraak blykbaar nie. Daarna moet die leerlinge die klankeffekte hoor en moet hulle voordra en nie opsê nie. Die woord "voordra" word egter nie omskrywe nie.

Blykbaar besef die opstellers nie dat die spraaktegniek hier gebruik word om die inhoud en gevoelens te vertolk nie; daar word nie besonderlik op een of ander eienskap gelet nie, maar op almal. Wat wel deur die opstellers begryp is, is dat dit belangrik is dat die leerlinge die gediggies baie goed moet verstaan en daarin moet belangstel voordat hulle dit kan voordra.

(c) Lees.

In verband met lees, word net die voorskrifte in verband met luidlees bespreek en alleen die wat op spraak betrekking het.

Gedurende die kindertuin- en oorgangstadiums is die leerlinge nog besig om die meganiese vaardighede van luidlees baas te raak. In standerd I moet "uitspraak, stembuiging en frasering voldoende aandag ontvang." Die vereistes vir standerd II is dieselfde as die vir standerd I. In standerd III moet die leerlinge meer aandag "kan wy aan gepaste stembuiging en uitdrukking." In standerd IV moet luidlees beoefen word met "aandag aan tempo, klem, begrip van inhoud, en ander vereistes

V is die volgende voorgeskryf: "Deeglike voorbereiding van dele vir luidlees is nodig om die beste weergawe daarvan te verseker. Daar moet gedurig aangedring word op aangename vertolking. Nou en dan moet leerlinge ook dele onvoorbereid hardop lees."

In standerds I tot IV word aandag bestee aan een of ander eienskap van spraak. Dit is alleen in standerd V dat die opstellers die saak reg sien; die leerling moet deeglike voorbereiding doen sodat hy die inhoud goed ken en dan moet hy die hele spraaktegniek, nie slegs dele daarvan nie, gebruik om die inhoud te vertolk. Waarom die leerlinge soms dele onvoorbereid hardop moet lees, is nie duidelik nie.

Wat opvallend is, is dat in beide voordrag en lees daar in standerd I reeds aandag aan frasering en stembuiging bestee word; in standerd III aan tempo gedurende voordrag en in standerd IV aan klem gedurende lees terwyl hierdie eienskappe van spraak eers later in mondelinge werk onderrig word.[1)]

b Leerplanne vir die Middelbare Klasse.

Wat die middelbare klasse betref, word daar geen mondelinge werk voorgeskryf nie, maar net die eksamenvereistes waaraan voldoen moet word.[2)]

(i) Juniorsertifikaateksamen.

"Punte vir die mondelinge eksamen in Afrikaans Hoër .... word nie by die groottotaal gereken nie maar as 'n kandidaat minder as 30 persent vir die mondelinge werk behaal, slaag hy nie in die taal nie." Die gevolg van hierdie bepaling sal wees dat niemand hom veel aan die mondelinge werk sal steur nie, want hy moet net 30 persent kry om te slaag. As hy 70 persent behaal, is hy niks beter daaraan toe nie, want die punte tel nie vir sy groottotaal nie.

---

1. Sien tabel IV

Die vereistes vir die mondelinge werk is soos volg:-

Lees: "Leerlinge sal in sowel voorbereide as onvoorbereide lees getoets word .... Die eksaminator sal let op sulke dinge soos frasering, vertolking, stembeheer en sorgvuldige interpunksie. Noukeurige uitspraak sal in ag geneem word, bv. die juiste beklemtoning van lettergrepe en die vermyding van foute wat algemeen in die spraak van Suid-Afrikaanse kinders voorkom."

Resiteer. Al vereiste is dat die leerlinge 100 reëls sal ken.

Mondelinge Stelwerk. Hier word net gesê watter vorme die oefening kan aanneem, maar die gehalte van die spraak word nie bepaal nie. Miskien moet die punte net vir die inhoud toegeken word.

Die puntetoekenning vir die hele mondelinge eksamen is soos volg:-

Lees (voorbereid 10, onvoorbereid 20)	30
Resiteer	20
Mondelinge Stelwerk	50

Hoe die leerlinge die inhoud van n stuk wat gelees moet word, sonder voorbereiding kan vertolk, word nie begryp nie.

(ii) Senior Sertifikaateksamen.

Vir die eksamen vir die Senior Sertifikaat[1] is die vereistes presies dieselfde soos hierbo uiteengesit.

Hieruit kan dus afgelei word dat die mening bestaan dat spraak van baie min waarde in die middelbare klasse is.

---

1. Leerplan vir die Middelbare Skool 1948, 43.

2. Die Leerplanne vir Natal.

a. Laerskole.

(i) Die Inleiding.

In die algemene inleiding tot die leerplanne vir Afrikaans as hooftaal word die doel met taalonderrig soos volg gestel: "Dat ons kinders geleer moet word om hulle moedertaal suiwer en doeltreffend te praat, lees en skryf, is klaarblyklik." Verder word gesê dat die "uiteengesette kursus nie voorskrywend" is nie.

Die verantwoordelikheid vir die peil van die hooftaal moet deur die hoof en personeel as geheel gedra word omdat "elke onderwyser, van watter vak ook al, uiteraard 'n hooftaalonderwyser is."

Die onmiddellike doel met hooftaalonderrig, net vir sover dit spraak betref, is soos volg uiteengesit: "Ons beoog om by die kind aan te kweek:

(a) Die vermoë om die moedertaal te verstaan wanneer hy iemand dit hoor praat en om die waarde daarvan as uitingsmiddel van gedagtes van steeds toenemende omvang en fynheid na behore te waardeer.

(b) Die vermoë om met goeie stembeheersing en toereikende woordeskat uitdrukking te gee aan sy gedagtes in 'n taalvorm wat vry is van grammatikale foute en ander ongewenste vreemdhede .... In al ons werk moet die kind geleer word om doelbewus te praat en te skryf."

Nadat hierdie doelwitte uiteengesit is, is die volgende beginsels aanvaar: "Die vermoë om suiwer en doeltreffend te praat is van die grootste belang. Van die beginstadium af moet spreekoefening 'n baie vername deel van die werk uitmaak en dwarsdeur die hele skoolkursus tot by die mees gevorderde stadium moet dit voortdurende as belangrik beskou word. Die waarde van

dramatiese werk word steeds meer en meer besef."

In hierdie uiteensetting van die doelstellings van taalonderrig en die beginsels waarop die leerplan opgestel is, neem spraak sy regmatige plek in. Die opstellers van die inleiding het die hele saak van taalonderrig in die regte perspektief gesien.

In die inleiding word vervolgens die volgende afdelings van die werk behandel: luister, praat, lees, wat die waardering van letterkunde insluit, skryf, sommige verskille tussen Afrikaans en Engels, spelling en briewe.

(a) Luister.

Die opstellers besef dat die kind baie op skool moet luister en dat hy geoefen moet word om doeltreffend te luister. In die leerplan word 'n sistematiese kursus van voorlees deur die onderwyser aan die klas as van die allergrootste belang beskou. Die onderwyser moet hom deeglik voorberei en by die werklike voorlees daarvan moet sy spraak voorbeeldig wees. Wat opmerklik is, is dat die opstellers luisteroefeninge as belangrik beskou en dat dit voorgeskryf word dat die onderwyser hom goed moet voorberei voordat hy hardop lees; ook is dit belangrik dat die opstellers lees as 'n onderdeel van spraak beskou. Hulle moes "voorbeeldig" omskrywe het.

(b) Praat.

In verband met praat is geskrywe: "Ten einde te verhoed dat kinders die wêreld ingestuur sal word met ongewenste spreekeienaardighede en praatgewoontes, moet die kuns om goed te kan praat naarstiglik dwarsdeur die skoollewe beoefen word. Hier word nie bedoel om voortreflike voordragkunstenaars van kinders te maak nie. Die gehalte van die gewone en alledaagse manier van

praat binne en buite die skool is die maatstaf van suksesvolle taalopleiding." Die opstellers het die doel met spraakonderrig duidelik gestel. Die vereistes van goeie spraak is 'n duidelike uitspraak, 'n goedbeheersde stem en lewendigheid van uitdrukking. Die stem moet helder, vrymoedig en aangenaam klink, en moet oral in die kamer maklik hoorbaar wees. Daar moet uitspraak-oefeninge gedoen word om spesiale foute te verbeter en om vlotheid te bevorder. Die opstellers noem die volgende spraaksituasies waaraan die leerlinge kan deelneem:- die vertelling van 'n verhaal; die hou van toesprakies; die voer van 'n debat, alhoewel baie besware teen debatte gemeld word; 'n opbouende bespreking; informele dramatisering en die opvoering van toneelstukkies.

Hier word 'n duidelike en 'n byna volledige uiteensetting van spraakonderrig gegee; die uiteensetting wys dat die opstellers spraak werklik as belangrik beskou en hieroor inligting ingewin en nagedink het.

(c) Lees en Voordrag.

Die opstellers begryp ook die aard en doel van hardoplees. Hulle skrywe: "Die vermoë om aangenaam hardop te lees, is 'n kuns wat die moeite werd is om aan te kweek. Hardoplees is ook 'n nuttige oefening in duidelike spraak .... Die ou gewoonte om onvoorbereide stukke "voor die voet" te laat lees moet vermy word. In die reël is dit wenslik dat 'n sorgvuldige studie van elke stukkie die voordra daarvan deur die kind voorafgaan, daar onvoorbereide hardoplees die oorsaak is van baie mislukkings. In hardop-lees is dit belangrik dat daar 'n gehoor sal wees. Leerlinge moet leer hoe om aan andere voor te lees met die bewuste doel om gedagtes by 'n gehoor ingang te laat vind." Die gebruik van lees om letterkunde te vertolk, word ook

aanbeveel: "Die waardering van letterkunde word miskien op die beste wyse oorgedra deur die lewende stem van die onderwyser. (Voorlees deur die onderwyser) is immers ook een van die beste maniere om letterkunde te laat lewe." So ook moet poësie aan die leerlinge voorgelees word terwyl van hulle verwag word om gedeeltes van buite te leer: "Hy (die leerling) moet aanvanklik aangemoedig word om gedigte waarvan hy hou van buite te leer en ook moet hy aangehelp word om dit op die regte manier voor te dra ..... Meganiese herhaling, oordrewe deklamasie en 'n oorgevoelige behandeling moet te alle tye vermy word."

In die afdeling "So sê ons in Afrikaans" word daar op verkeerde uitspraak en die verkeerde woordklem gewys.

Die hele inleiding getuig van belangstelling in en kennis van spraak. Hier en daar kon iets bygevoeg word, soos die verskerping van die gehoor, die aanleer van die geselskuns en die ontwikkeling van die regte eienskappe; maar oor die algemeen is dit, vir sover dit spraakonderrig aangaan, 'n goeie inleiding tot 'n leerplan.

(ii) <u>Die leerplanne vir Elke Afsonderlike Standerd.</u>

Die leerplan vir elke standerd word in die volgende afelings ingedeel:- spreekoefening, lees met hardoplees, stillees en poësie as onderafdelings, stelwerk wat weer ingedeel is in mondelinge werk, skriftelike werk en briewe, en spesiale oefeninge. Hier sal net die gedeeltes oor spraakonderrig bespreek word, dit wil sê spreekoefeninge, hardoplees, poësie en mondelinge stelwerk. Omdat die opstellers hierdie afdelings saam as 'n eenheid beskou, word hulle hier ook saam bespreek.

Standerd I.

Spreekoefening. Die vereistes is: duidelikheid van spraak, helderheid van uitspraak en suiwerheid van klanke.

Lees. Die leerlinge moet duidelik en met gevoel lees en die stemuitdrukking aan die end van 'n sin moet korrek wees. Die rym en ritme van die versies bekoor kinders.

Mondelinge Opstel. Die leerlinge moet aan eenvoudige besprekings deelneem en maklike verhaaltjies kan vertel.

Die vereistes word hier uiteengesit, maar daar moes oefeninge aan die hand gedoen word hoe om die eienskappe te verkry, want daardeur sou enige misverstand uit die weg geruim gewees het. "Duidelikheid" word in die inleiding omskrywe, maar dit word betwyfel of die onderwysers weet hoe dit verkry word. Daar word geen aanduiding gegee hoe om met gevoel te lees nie of hoe om die gevoel te vertolk nie. Die leerplan is goed, maar daarin kon meer leiding aan onderwysers gegee gewees het.

Standerd II.

Spreekoefening. Die opstellers se formulering lui soos volg: "Om die leerling te leer om duidelik en vlot te praat, met 'n welluidende en goedbeheersde stem. Oefeninge moet gegee word om die spraakorgane na behore te leer gebruik. Daar moet voorsiening gemaak word vir bepaalde oefeninge ten einde helderheid van uitspraak, suiwerheid van vokaalklanke, nasaalklanke en twee klanke, en die afronding van slotkonsonante te bevorder. Uitspraakdril moet gereeld gegee word en daarbenewens ook driloefeninge om besondere spraakgebreke te verbeter .... Daar

moet noukeurig verband gehou word met ander afdelings van die moedertaalonderrig (lees, poësie, opstel) en alle mondelinge lesse in die skoolleerplan."

Hardoplees. "Die kinders moet aangemoedig word om goed, duidelik en vlot te lees, met gewenste groepering, stemuitdrukking en snelheid sodat luisteraars dit met belangstelling en insig kan volg....." In verband met poësie moet die verbeelding ontwikkel word en ook 'n gevoel vir ritme. Die onderwyser moet minstens ses gedigte en 'n bepaalde aantal boeke aan die klas voorlees; dit is die luisteroefeninge waarvan die inleiding melding maak.

Mondelinge Stelwerk. Die opstellers sê hiervan: "Mondelinge werk is belangriker as skryfwerk." Die leerlinge moet fabels en kort verhaaltjies kan vertel; aandag moet geskenk word aan die voorstelling van feite en gebeurtenisse en die korrekte volgorde. Dan moet hulle voorvalle uit hul eie ervaring vertel en eenvoudige besprekings en gesprekke voer oor sake waarin hulle belangstel. Toneeltjies moet opgevoer word en dramatisering moet aandag geniet.

Standerd III.

Die voorskrifte vir standerd III is presies dieselfde as vir standerd II.

Standerd IV.

Spreekoefening: Hier lui dit: "Spreekoefeninge om goeie spraak te bevorder, uitspraakdril en verbeteringsoefeninge moet voortgesit word. Noue samehang met alle mondelinge lesse en spreekwerk in alle vakke."

Vir al die ander werk bly die vereistes dieselfde.

Standerd V.

Spreekoefeninge. Dit bly dieselfde soos in standerd III behalwe dat aandag aan die liggaamshouding van die leerlinge gegee moet word. Die self-vertroue van skugter leerlinge kan ontwikkel word deur hulle aan spreekkore te laat deelneem.

Lees. "Om duidelik en vlot te lees, met behoorlike groepering van woorde en stemuitdrukking, sodat sowel die leser as sy gehoor sal kan verstaan en geniet wat gelees word." Die onderwyser moet nog vir die klas voorlees.

Mondelinge Stelwerk. Van die leerlinge in hierdie klas word verwag om toesprakies te hou. Die voorskrif lui: "Die leerling moet 'n paar minute lank met sy klasmaats kan praat oor sake waarin hy belangstel. Die punte moet met sorg gekies en gerangskik word. ..... Die klas moet geoefen daarin word, om met aandag te luister en opbouende kritiek uit te oefen oor die onderwerp en die wyse waarop dit meegedeel word." Verder moet die leerlinge eenvoudige verduidelikings kan gee, grappige voorvalle kan vertel, verhale kan dramatiseer en hul stokperdjies kan beskrywe.

Standerd VI.

Spreekoefening. Die werk van standerd V word voortgesit, maar dan word bygevoeg: "Aangesien baie leerlinge die skool verlaat na hulle in Standerd VI geslaag het, moet die belangrikheid van spraak in die maatskaplike en sakewêreld des te meer beklemtoon word. Die onderwyser se goeie voorbeeld is uiters belangrik ..... Hy moet ten alle tye duidelik en bedaard praat en met 'n strelend- gemoduleerde stem."

Lees. Die leerling moet met begrip en waardering kan lees.

Mondelinge Stelwerk. Dit bly soos in standerd V, behalwe dat klasbesprekings nou gehou moet word.

Standerds VII en VIII. Die werk wat vir hierdie klasse voorgeskryf is, is dieselfde soos voorgeskryf vir standerd VI, behalwe dat gedurende mondelinge stelwerk daar ook oor sake geargumenteer word.

(iii) Samevatting van die Bespreking.

Die leerplan, vir sover dit spraak aangaan, is verdeel in: spreekoefeninge, lees, waar hardoplees en poësie onderafdelings van spraak is en mondeling stelwerk. In die afdeling "Spreekoefeninge" word spraakeienskappe wat die kind moet aanleer, aangedui, soos byvoorbeeld duidelikheid, vlotheid en stembeheer. Onder die opskrif "lees" word beskrywe hoe hardop gelees moet word en hoe poësie behandel moet word. Spraaksituasies waaraan leerlinge moet deelneem, word onder die opskrif "Mondelinge Stelwerk" voorgeskryf.

Die leerplan is dus wetenskaplik opgestel. Die opstellers het besef dat die vaardighede eers verwerf moet word en dit daarna in hardoplees, voordrag en ander spraaksituasies beoefen moet word. Wat uit die leerplan nie heeltemal duidelik besef kan word nie, is die verband tussen hardoplees en voordrag aan die een kant en praat aan die ander kant. Omdat die twee groepe onder verskillende opskrifte bespreek word, wil dit voorkom asof daar 'n wesenlike verskil tussen hulle is. Die opstellers het self geskrywe: "Daar moet noukeurig verband gehou word met ander afdelings van die moedertaal onderrig (lees, poësie, opstel) en alle mondelinge lesse in die skoolleerplan."[1] Hierdie

---

1. Leerplan vir Standerd II, 19.

verband kon duideliker in die leerplan omskrywe gewees het. Ook is in die inleiding gesê: "dat elke onderwyser, van watter vak ook al, uiteraard 'n hooftaal onderwyser is;" die groot waarheid kan nie duidelik in die leerplan gesien word nie; daar moes meer aanduidings gewees het hoe die integrasie van die spraakonderrig met die onderrig van ander vakke moet plaasvind.

Wat die voorskrifte onder "Spreekoefeninge" betref, kon die opstellers die spraakeienskappe verder ontleed het om sodoende meer leiding aan die onderwysers te gee. Dit is nie vanselfsprekend dat die onderwysers sal begryp dat duidelikheid verkry word deur skerp artikulasie, goeie gebruik van die resonatore en voldoende asemdruk nie; dikwels word ook vergeet dat duidelikheid ook afhanklik is van die geestesgesteldheid van die leerling. So ook word dit nie algemeen besef dat die leerling se uitspraak nie kan verbeter word voor en aleer hy nie doeltreffend kan hoor om die verskil tussen aanneembare en afwykende uitspraak waar te neem nie.

Met die aanleer van die verskillende spraak eienskappe en vaardighede word gewoonlik op die regte tydstip begin. Die leerlinge in standerd I leer hoe om duidelik te praat en die taal korrek uit te spreek; die kinders kon ook welluidendheid en stembeheer aangeleer het, maar die onderrig is nie lank uitgestel nie, want daarmee word gedurende die volgende jaar begin. Wat wel vroeër voorgeskryf moes gewees het, is die aankweek van vrymoedigheid wat hier die eerste keer in standerd V genoem word. Aan deurlopendheid ontbreek die leerplan ook nie, want die verwerwing van die vaardighede of eienskappe word vir 'n aantal jare sonder

onderbreking voorgeskryf. Dit wil egter voorkom asof die tyd wat aan die onderrig van sommige eienskappe bestee word, te lank is. Die kind in standerd I moet leer om duidelik te praat en die kind in standerd V moet ook duidelikheid deur oefening aanleer. As duidelikheid in standerds I, II, III en IV nagestrewe word, behoort die kind in standerd V reeds duidelik te kan praat. Dat die opstellers egter kennis van spraakonderrig dra, ly geen twyfel nie, wat bewys word deur die voorskrif dat leerlinge in standerds II tot IV geleer moet word om te luister, maar dat die leerlinge in standerd V en hoër krities moet luister.

Die spraaksituasies waaraan die leerlinge moet deelneem, pas by die ontwikkelingspeil van die leerlinge aan. So word byvoorbeeld van standerd V verwag om toesprakies te hou en van standerd VII om te argumenteer. By die beskrywing van spraaksituasies onder "Mondelinge Stelwerk" moes die opstellers aangedui het hoe die spraak deur die onderwysers van alle vakke in hul lesse bevorder kon word. 'n Paar voorbeelde sou die hele saak vir die hoof en sy assistente duidelik gemaak het.

Die leerplan is ook nie heeltemal volledig nie, omdat daar te min melding van die ontwikkeling van sekere geesteseienskappe gemaak word. Net een keer, in standerd V, word van die ontwikkeling van selfvertroue gepraat. Dit word erken dat die ontwikkeling van die eienskappe nie alleen gedurende spraakonderrig verkry moet word nie, maar dat gedurende die hele skooldag daarna gestreef word. Spraakonderrig moet egter ook sy deel bydra tot die ontwikkeling van die karakter van die kind en as die doel nie spesifiek genoem word nie, bestaan die

gevaar dat die werk nagelaat sal word. Sekere geestes-eienskappe soos vrymoedigheid, nederigheid, beleefdheid, hoflikheid, bedagsaamheid, die drang om mee te deel en die aanvoeling met n gehoor, is almal belangrik om spraak doeltreffend te maak. Die aspek kon dus in die leerplan sterker beklemtoon gewees het.

(b) Vereistes by die Eksamens van die Middelbare Skool.

Sover is nog net die leerplan tot standerd VIII bespreek. Vir die Juniorsertifikaateksamen[1] word geen punte vir mondelinge werk in die hooftaal toegeken nie. Leerlinge in Natal het in die verlede na standerd X die Matrikulasie-eksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad afgelê. Vir Afrikaans (Hoër graad)[2] is daar in hierdie eksamen geen mondelinge toets nie. Dit kan dus aangeneem word dat daar nie veel tyd aan die mondelinge werk in die middelbare klasse bestee word nie.

3. Die Leerplanne vir die Orange-Vrystaat.

a. Die Leerplan vir Laerskole.

(i) Die Voorwoord.

In die voorwoord word spreeklesse en lees bespreek. Elke afdeling word hieronder afsonderlik behandel.

(a) Spreeklesse.

Die opstellers wys daarop dat van gekontroleerde spreeklesse baie meer gebruik gemaak moet word om korrekte uitspraak te bevorder, om die woordeskat uit te brei, om taalfoute uit te skakel, om die leerlinge vir mondelinge en skriftelike stelwerk voor te berei.

---

1. Juniorsertifikaateksamen, Handboek, 1951, 8.
2. Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Handboek vir die Matrikulasie-eksamen, 77.

en om liefde vir die taal aan te kweek. Om die taalkennis te vermeerder, kan van voordrag, dramatisering en debatte met vrug gebruik gemaak word.

Die sienswyse van die opstellers hierbo uiteengesit, wys dat spreeklesse as 'n hulpmiddel beskou word om taalkennis aan te bring en nie om spraak te verbeter nie. Al onderafeling van spraak wat gemeld word, is uitspraak. Ook word van die spraakaktiwiteite gebruik gemaak nie alleen om die spraaktegniek te beoefen nie maar ook om die taalkennis te vermeerder.

(b) Lees.

In verband met lees word gesê dat, aangesien die mens hoofsaaklik vir homself en nie vir ander persone lees nie, meer aandag aan stillees bestee moet word. Hardoplees word in die aanvangsklasse beoefen om die kinders die tegniek aan te leer en om die klanke en uitspraak te leer. In die hoër klasse moet ook gedurig hardop gelees word terwille van uitspraak en so voorts. Die onderwyser moet aan die klas voorlees om hulle leiding te gee en dan moet daar op stembuiging, frasering en leestekens gelet word.

Vir die opstellers is hardoplees dus net 'n middel om die leerlinge te leer lees en om die uitspraak te verbeter. Van die aard en die doel van hardoplees as sodanig word in die voorwoord niks gesê nie.

Dit is dus heeltemal duidelik dat die opstellers van die voorwoord nie verwag dat daar enige doelgerigte spraakonderrig aan skole gegee moet word nie.

(ii) Die Leerplanne vir Elke Afsonderlike Standerd.

Die volgende afdelings van mondelinge werk word afsonderlik behandel:- mondelinge werk, voordrag en lees.

(a) Mondelinge Werk.

Vanaf Sub. A tot standerd I is daar in die leerplan 'n afdeling wat "Mondelinge" genoem word, maar vanaf standerd II word dit vervang met "Taal- en Stelwerk (mondeling en skriftelik)". Gewoonlik word die voorskrifte in die vorm van oefeninge gestel, maar die doel met die oefeninge word nie bygevoeg nie. In die bespreking sal die doel waarvoor 'n oefening gebruik kan word, aangegee word, alhoewel dit nie beweer word dat die oefening vir daardie doel gebruik sal word nie.

Sub A en Sub B.

Die voorskrifte is:-

(a) Vertel deur die onderwyser en navertel deur die leerlinge van geskikte stories, fabels ens.

(b) Dramatisering van verhaaltjies, liedjies en speletjies.

(c) Spreeklesse oor onderwerpe binne die begrip en belangstelling van die kind.

(d) Begroeting en gewone beleefdhede tussen kind, onderwysers en ouers.

Die opstellers sê verder: "Die doel van die mondelinge werk is die sistematiese opbou van die taalskat en die ontwikkeling by die leerling van die vermoë om duidelik en korrek te praat."

Voorskrif (a) is 'n waardevolle luisteroefening. Die leerlinge moet aandagtig luister om die verhaal weer te gee. Dramatisering, voorskrif (b), sal die leerlinge gelukkig laat voel deur die gebruikmaking van die speeldrif en sal die leerlinge dwing om 'n handeling by die spraak te laat aanpas. Dit is 'n noodsaaklike oefening. Om die vertellus aan te wakker, is voorskrif

(c) 'n goeie oefening. Die leerlinge moet aangemoedig word om oor hul eie ervaring of belangstelling te praat. Die aanleer van begroeting en gewone beleefhede, voorskrif (d), is dringend nodig in hierdie klasse, want as die kind hom behoorlik in sy nuwe omgewing moet aanpas, moet hy weet hoe om elke persoon aan te spreek; as hy dit weet, sal hy meer op sy gemak voel en dus gelukkiger wees.

Alhoewel al hierdie voorskrifte goed is, is daar feitlik geen werk in verband met spraakonderrig geverg nie. Van die aanleer van die fisiese vaardighede en die gebruik van die spraakeienskappe word niks gesê nie. Deur die ofeninge wat hierbo voorgeskryf is, sal die spraaktegniek nie doeltreffend aangeleer kan word nie.

Die doel van die opstellers is eerstens die sistematiese opbou van die taalskat. Die oefeninge hierbo beskrywe, moet dan nie alleen vir die verbetering van die spraak gebruik word nie, maar ook vir ander doeleindes. Die kind moet geleer word om duidelik en korrek te praat, maar daar word nie gesê waaruit duidelikheid of korrektheid bestaan en hoe dit verkry kan word nie; die voorskrifte hierbo sal nie hierdie eienskappe ontwikkel nie.

<u>Standerd I</u>.

Die volgende word voorgeskrywe:-

(a) Lees, vertel en navertel deur leerlinge van stories, fabels, ens.

(b) Dramatisering van verhaaltjies.

(c) Beskrywing van handelinge, voorwerpe, speletjies, prente en eie ondervindings.

Wat die opstellers hulle met die oefeninge ten doel stel, is: ,,Die doel van die mondelinge werk is die stelselmatige uitbreiding van die leerlinge se woordeskat; die aanleer van mooi uitdrukkings; die uitbreiding van sy ondervinding en die verdieping van sy gevoelslewe". By mondelinge werk word voordrag ingesluit en daarom word ,,die verdieping van die gevoelslewe" hier by die doelstellings gevoeg. Spraak en spraakonderrig word glad nie in die doelstellings gemeld nie.

Voorskrif (a) kan 'n luisteroefening wees en ook 'n oefening vir die beoefening van die vertelkuns. Dramatisering, voorskrif (b), is voorheen bespreek. Die beskrywing van handelinge, ens., voorskrif (c), is nie heeltemal duidelik gestel nie; dit kan wees dat noukeurigheid van 'n leerling verwag word en dat sy waarnemingsvermoë ontwikkel word deur 'n beskrywing van 'n voorwerp, maar die beskrywing van sy ondervinding sal by hom die lus kan aanwakker om aan andere te vertel. Dit lyk egter of daar min onderwysers sal wees wat die oefeninge vir spraakdoeleindes sal gebruik, want die opstellers het ander doelwitte daarmee beoog.

Standerd II.

Die opskrif ,,Mondelinge" waaronder voordrag ook voorgeskryf is, verval in hierdie klas. Voordrag word onder 'n afsonderlike opskrif bespreek en ,,Taal- en Stelwerk", wat mondeling en skriftelik gedoen moet word, word nou hier bespreek.

Die opstellers skrywe: ,,Mondelinge werk kry nog die meeste aandag. Skriftelike werk word voorafgegaan deur en sluit aan by wat mon-

deling behandel is." Die indruk word verkry dat die mondelinge werk op so 'n manier gedoen moet word dat dit 'n voorbereiding vir skriftelike werk is. Dus sal asemhaling, die gebruik van die resonatore en die algemene spierspanning nie hier ter sake wees nie. Spraakonderrig word met ander woorde nie hier beoog nie.

Die eerste voorskrif is dan ook:,,Skriftelike weergawe van kort stories, gebeurtenisse uit die kind se ondervinding; beskrywing van voorwerpe waarin die kind belangstel..." Nêrens word mondelinge weergawe daarvan weer gemeld nie. Die twee oefeninge hierbo genoem, kan 'n oefening in die vertelkuns wees en die verskerping van die kind se waarnemingsvermoë en terselfdertyd 'n oefening om noukeurigheid te verkry.

Standerd III.

> Taal- en Stelwerk (mondeling en skriftelik). Die voorskrifte is:,,Mondelinge en skriftelike weergawe van stories; beskrywing van bekende voorwerpe, prente of tonele; voltooiing van stories..."

Hier is ,,mondeling" voor al die oefeninge bygevoeg. Al nuwe voorskrif is,,voltooiing van stories" en dit kan die verbeelding van 'n leerling ontwikkel. Verder word hier geen spraakonderrig beoog nie.

Onderaan die voorskrifte is 'n paragraaf gemerk ,,L.W.", maar daarin verskyn niks in verband met spraakonderrig nie; dit word verwag dat die leerlinge aangemoedig sal word om fyn op te let en aandag aan die rangskikking van die stof te bestee.

lik en met begrip te laat lees. Hardop lees word altyd voorafgegaan deur dieglike voorbereiding".

Standerds III en IV.

,,Duidelik, vlociend en met begrip lees uit n geskikte leesboek".

Standerd V.

,,Duidelik, vloeiend en met die regte stembuiging lees uit n geskikte leesboek. Hardop lees word nog beoefen terwille van die uitspraak en leestoon".

Standerd VI.

,,Af en toe word nog hardop gelees terwille van die uitspraak en die leestoon;...."

Uit die voorskrifte vir hardoplees wil dit voorkom asof die spraaktegniek nie gebruik word om die inhoud van die geskrewe gedeelte te vertolk nie, maar asof die doel van die leesles is om die gebruik van sekere spraakeienskappe aan te leer. Gedurende die tyd wat vir hardoplees afgestaan word moet gelet word op suiwer uitspraak, stembuiging, tempo, duidelikheid, welluidendheid, natuurlikheid en vloeiendheid. By geen ander afdeling van die leerplan word hierdie eienskappe, behalwe uitspraak, genoem nie, en daarom moet die gebruik daarvan gedurende die leeslesse aangeleer word. Die mening word versterk deur die voorskrifte vir standerds V en VI: ,,Hardoplees word nog beoefen terwille van die uitspraak en leestoon". Lees word gewoonlik beoefen om die inhoud van die gedeelte te begryp en hardoplees om die inhoud te vertolk.

(iii) Samevatting van die Bespreking oor al die Mondelinge Werk.

taal word baie oefeninge voorgeskryf wat gebruik kan word om spraak te verbeter, maar wat ook vir ander doeleindes gebruik kan word. In die hele leerplan is daar net een oefening waarmee net spraak onderrig kan word, naamlik ,,Begroeting en gewone beleefdhede tussen kind, onderwyser en ouers" en is daar ook net een voorskrif wat op spraakonderrig betrekking het, naamlik ,,die ontwikkeling by die leerling van die vermoë om duidelik.....te praat". Albei hierdie aanhalings kom uit die leerplan vir die standerds Sub.A en B. In standerd I is die doel met praat die uitbreiding van die leerling se woordeskat en die aanleer van mooi uitdrukkings. Gedurende mondelinge lesse in standerd II word net die werk voorberei wat later geskrywe moet word en in standerds III en IV lyk dit asof spreeklesse vir dieselfde doel gebruik word. Vir standerds V en VI is geen mondelinge werk voorgeskryf nie.

Die opstellers van die leerplan stel geen vereistes aan voordrag nie, behalwe om te bepaal hoeveel geleer moet word. Onder die opskrif ,,Lees" word die meeste eienskappe van spraak genoem. Uit die inleiding tot die leerplan moet afgelei word dat hardoplees die middel moet wees om suiwer uitspraak, stembuiging, duidelikheid en welluidendheid te verkry.

Uit die leerplan kan afgelei word dat die opstellers min tyd aan die verbetering van die spraakuiting as sodanig wil bestee en dat die leerlinge die taal deur spreeklesse moet aanleer. Van die tyd wat vir lese afgestaan word, moet die meeste vir stillees gebruik word en terwyl

die hele skoolkursus aanhou tot by die mees gevorderde stadium. Die opstellers van die Kaapse leerplanne stel hulle ten doel die uitbreiding van die kind se begrip van gesproke Afrikaans en die ontwikkeling van die vermoë van die kind om die taal suiwer te praat en om met gemak n gesprek te voer, sodat hy kan leer om sy gedagtes te formuleer en om dit op n duidelike en logiese wyse mee te deel. Alhoewel daar nie soveel verskil tussen die doelstellings van Natal en die Kaapprovinsie is nie, is die beskrywing van Natal vollediger en lyk dit asof spraakonderrig vir Natal belangriker is as vir die Kaapprovinsie. Die leerplanne vir die Vrystaat is nie van algemene doelstellings vir taalonderrig voorsien nie.

In al drie die leerplanne word aanbeveel dat baie mondelinge werk gedoen moet word. Die Natalse leerlinge moet geleer word om te praat sodat dit verhoed word dat hulle met ongewenste spraakeienaardighede en praatgewoontes die wêreld ingestuur word; daar moet na duidelike uitspraak, n goed beheersde stem en lewendigheid van uitdrukking gestreef word; die stem moet helder, vrymoedig en aangenaam klink en moet oral in die kamer maklik hoorbaar wees. Die toets van doeltreffende onderrig sal wees: ,,Die gehalte van die gewone alledaagse manier van praat binne en buite die skool is die maatstaf van suksesvolle taalopleiding". In die Kaapse leerplan word ook verduidelik dat mondelinge werk gedoen moet word om spraak te verbeter maar ook om algemene kennis aan te bring en om skriftelike werk te verbeter. Daar word gesê:

,,Die algemene doel van die mondelinge stelwerk is om leerlinge oefening te gee op die terrein van gesprekke te voer en om hul die vaardigheid aan te leer om met gemak en met vlotheid hul gedagtes in keurige taal uit te druk. Van onderwysers word boonop verwag om van die mondelinge stellesse as geleenthede gebruik te maak (i) om leerlinge se woordeskat uit te brei, (ii) om algemene taalfoute uit te wis, (iii) om juiste spreekgewoontes aan te kweek, (iv) om leerlinge aan te moedig om hul verbeelding vryelik te gebruik, en (v) om leerlinge vir skriftelike werk voor te berei. Praat en skryf behoort mekaar gedurig af te wissel en aan te vul". Die vrees ontstaan dat die spreekles al meer en meer net 'n voorbereiding vir skriftelike werk sal word. In die Kaapse leerplan is daar 'n ander afdeling naamlik: ,,Spraakonderrig" waarin voorgeskryf word dat daar gesorg moet word vir korrekte uitspraak, duidelikheid en behoorlike stembuiging. Die opstellers van die leerplan vir die Oranje-Vrystaat sien die spreeklesse hoofsaaklik as hulpmiddels om die taal aan te leer en as 'n voorbereiding vir skriftelike werk; al spraakoienskap wat in die leerplan genoem word, is korrekte uitspraak.

In die inleidings word nie veel gesê in verband met resiteer of voordra van stukke nie. Al drie die provinsies wil hê dat die onderwyser aan die leerlinge moet voorlees sodat die kinders kan leer om letterkunde te waardeer. In die Natalse leerplan is egter bygevoeg dat meganiese herhaling, oordrewe deklamasie en 'n oorgevoelige behandeling ten alle tye vermy moet word.

Die belangrikheid van stillees word in al drie die inleidings tot die leerplanne beklemtoon, maar die opvattings oor hardoplees verskil heelwat. Die opstellers van die Natalse leerplan het ingesien dat hardoplees 'n onderafdeling van spraak is en hulle beweer dat die vermoë om aangenaam hardop te lees, 'n kuns is wat die moeite werd is om aan te kweek. Hul doel met hardoplees is om ,,gedagtes by 'n gehoor ingang te laat vind". In die Kaapse leerplan is die doel met hardoplees nie gemeld nie en daar word net gesê dat ,,leerlinge aangespoor moet word om meer bepaalde aandag aan toonwisseling (stembuiging) te wy wanneer hulle hardop lees". Die uiteensetting is heeltemal onvolledig en sal seker nie 'n helder begrip by die onderwysers laat ontstaan nie. Hardoplees moet in die Vrystaat gebruik word om „uitspraak ens." te toets; die ,,ens" word nie verder verklaar nie. Die doel met hardoplees is baie onnoukeurig en onvolledig gestel, want hulle het heelwaarskynlik baie meer beoog as wat hulle sê.

Ook die leerplanne waarin die voorskrifte vir elke standerd gegee word, verskil heelwat van mekaar. In die Natalse leerplan vir spreekoefeninge en mondelinge stelwerk word net die eienskappe en vaardighede wat verwerf moet word, voorgeskryf en word daar aan die hand gedoen aan watter spraaksituasies die leerlinge moet deelneem. Die leerplan is opgestel vir standerds I tot VIII. Die opstellers van die leerplan vir die Kaapprovinsie het in die leerplan onderwerpe aangegee waaroor gepraat kan word, soos ,,beskrywings van eie ondervindings", spraakeienskappe, soos vloeiendheid, en vaardighede soos asemhaling. Die leerplan is net

vir leerlinge in die standerds vanaf die kindertuin tot standerd V. Die Vrystaatse leerplanne bevat net onderwerpe waaroor in die substanderds en standerd I gepraat kan word; die doel met so 'n spreekles word nie aangedui nie. Die leerlinge in standerds II tot IV doen dieselfde werk beide mondeling en skriftelik en vir leerlinge in standerds V en VI word geen mondelinge werk voorgeskrywe nie. Uit die Natalse leerplan kan dus 'n sistematiese werkskema vir spraakonderrig opgestel word; die leerplan vir die Kaapprovinsie is in sommige opsigte verwarrend maar die opstellers van die leerplan van die Vrystaat het nie spraakonderrig beoog nie.

In verband met die voorskrifte vir hardoplees word in die Natalse leerplan voorgeskryf dat die leerlinge in standerd I duidelik en met korrekte stemuitdrukking moet lees. Leerlinge in standerds II, III en IV moet duidelik en vlot lees met die gewensde groepering, stemuitdrukking en snelheid sodat luisteraars dit met belangstelling en insig kan volg. In standerd V moet die spraakeienskappe so gebruik word dat die gehoor sal kan verstaan en geniet wat gelees word. Die opstellers van die Kaapse leerplan sê dat in standerds I, II, en III voldoende aandag aan sekere spraakeienskappe bestee moet word soos uitspraak, stembuiging, frasering en uitdrukking. Eers in standerd IV word melding van die inhoud gemaak: ,,Stil- en luidlees met behoorlike aandag aan tempo, klem, begrip van inhoud..." Aangename vertolking word van leerlinge in standerd V verwag. In die Vrystaatse leerplan word voorgeskryf dat vanaf standerd I tot standard

IV daar gelet moet word op suiwer uitspraak, tempo, stembuiging, duidelikheid, welluidendheid, natuurlikheid en vloeienheid en dat met begrip gelees moet word. In standerds V en VI lees die kinders terwille van die uitspraak en leestoon. Die opstellers van die Natalse leerplan het besef dat hardoplees 'n spraakaktiwiteit is waarin al die spraakeienskappe gebruik word om die inhoud aan 'n gehoor verstaanbaar te maak, terwyl die opstellers van die Kaapse leerplan verwag dat, terwyl daar gelees word daar op sekere eienskappe gelet sal word. Die opstellers van die Vrystaatse leerplan neem feitlik dieselfde standpunt in as die opstellers van die Kaapse leerplan behalwe dat hulle in standerds V en VI gebruik gemaak het van 'n heeltemal verkeerde woord deur te sê dat gelees word ,,terwille van uitspraak". Die opstellers van die Kaapse en Vrystaatse leerplanne besef nie, of altans het dit nie duidelik gestel nie dat deur hardoplees die inhoud van 'n stuk doeltreffend vertolk word terwille van 'n gehoor.

OORSIG VAN DIE HELE TYDPERK WAT IN AFDELING A BESKRYF EN BESPREEK IS; DIT WIL SÊ VANAF 1838 TOT 1951.

In die Suid-Afrikaanse Republiek is Nederlands beskou as die moedertaal van die Hollandssprekende bevolking, maar die oorgrote meerderheid van die mense het Afrikaans in die gewone omgang gepraat. Alhoewel Nederlands vanaf 1882 die wetlike voertaal op erkende skole was, was daar baie onderwysers wat nie die taal vlot, gemaklik en ~~gemaklik~~ ~~en~~ korrek kon praat nie. Die kinders het ook oor die algemeen nie lank genoeg op skool gebly om te leer hoe om Nederlands te praat nie en daar was ook geen sterk dryfveer om Nederlands te praat nie. 'n Klein persentasie ouers het dit tuis gepraat. Dit was nie nodig om Nederlands te praat om aangenoem te word nie en in die meeste betrekkings was dit ook nie nodig om Nederlands te praat nie. Dit is dus heeltemal seker dat baie min (indien enige) tyd aan spraakonderrig bestee is. Mansvelt het 'n poging aangewend om die kinders op skool meer te laat praat deur die invoer van ,,aanschouwingsonderwijs" in 1895, maar dit kon nie vasgestel word of die onderrig ooit in skole gegee is nie en, indien wel, wat die resultaat van die onderrig was nie, want geen inspekteur het daaroor gerapporteer nie.

Vanaf 1900 tot 1906 was Engels die voertaal in regeringskole en was 'n kennis van Engels onontbeerlik vir bevordering op skool en heelwaarskynlik ook vir benoeming in 'n betrekking. Gedurende 1907 het Nederlands ook 'n voertaal tot standerd III en later tot die hoogste klasse van die skool geword. Alhoewel die kinders meer Nederlands

op skool gehoor het, was dit nog nie nodig om dit te praat nie. Min onderwysers sou dus tyd aan spraakonderrig afstaan. Die direkteur het 'n paar keer daarop gewys dat die leerlinge nie goed praat nie, maar daar was vir die Afrikaanse kind geen aansporing om Nederlands te praat nie.

Toe Afrikaans in 1914 as voertaal erken is, het daar 'n skynbare groot verbetering ingetree. Die leerlinge het die voertaal verstaan en kon dit met vrymoedigheid in die skool praat en kon sonder stremming aan alle mondelinge werk deelneem. In 1915 en 1916 het inspekteur Klooster pleidooie vir sistematiese spraakonderrig gelewer, maar dit kon nie vasgestel word of daaraan gehoor gegee is nie; miskien het die blykbare groot verbetering wat in die gebruik van die voertaal ingetree het, sy pleidooi op dowe ore laat val. Al gou egter het daar waarskuwings gekom dat die onderwysers op hul taal moes let, want Afrikaans het gevaar geloop om te ontaard.

Een van die besware teen die invoering van Afrikaans as vak in 1917 was die gebrek aan leesboeke en letterkundige werke. Ook leerboeke in Afrikaans was skaars. Oral is die klem op die skrywe van Afrikaans gelê. Terselfdertyd het baie van die onderwysers 'n studie van hul moedertaal gemaak, met die gevolg dat hulle die taal meer grammatikaal korrek op skool gebesig het. In dié opsig het daar wel verbetering ingetree maar aan spraakonderrig is min gedoen.

In 1929 het 'n komittee van inspekteurs aanbeveel dat onderwysers opgelei moes

word om spraakonderrig op skool te gee, maar uit die offisiële stukke kon nie vasgestel word of iets van die aanbevelings tereg gekom het nie.

'n Nuwe leerplan het in 1940 verskyn en daarin is van die onderwyser verwag om spraak te onderrig sodat die leerlinge beskaaf kon praat. In die inleiding is heelwat oor spraak en spraakonderrig geskrywe en 'n betreklike volledige lys eienskappe en vaardighede van spraak is in die inleiding tot die leerplan vir Engels aangegee. Die gewysigde leerplan, uitgegee in 1948, het egter baie minder die aandag op spraak gevestig en in die opsig dui die leerplan agteruitgang aan. Daar is egter meer en meer persone wat die belangrikheid van spraak besef, sodat ook eksamens oor spraakleer vir die publiek ingestel is.

Die studie van die leerplanne van die ander provinsies dui daarop dat die opstellers van die leerplan vir Natal wel deeglik kennis van spraak dra en die belangrikheid daarvan besef. In die Kaapprovinsie kon die opstellers nog nie heeltemal die verskil besef tussen die gebruik van spreeklesse as 'n middel om ander kennis aan te bring en die gebruik van spreeklesse om spraak te verbeter nie. Die opstellers van die leerplan vir die Oranje-Vrystaat het nie vir spraakonderrig op skool voorsiening gemaak nie.

Die bostaande inligting is verkry deur 'n studie van offisiële stukke, maar dit gee miskien nie die werklike toedrag van sake in die skool nie. Om uit te vind wat werklik in die Trans-

stuur. Die vraelys, die antwoorde daarop en die bevindings word in die volgende afdeling besprook.

A F D E L I N G B.

KRITIESE OPNAME DEUR MIDDEL VAN

'N VRAELYS.

H O O F S T U K. IV.

DOELSTELLINGS MET SPRAAKONDERRIG.

1. Inleiding.

Soos in die vorige hoofstukke verduidelik, is in die verlede min aan spraakonderrig in die Transvaalse skole gedoen. In die huidige leerplan neem spraakonderrig ook nie sy regmatige plek in die taalonderrig in nie. Leerlinge word geleer om so 'n bietjie hardop te lees, om voor te dra en oor een of ander onderwerp te praat, maar die voorskrifte dek net 'n klein gedeelte van die werk wat onder "spraakonderrig" ingesluit word.

Om uit te vind wat werklik in die skole gedoen word, is 'n vraelys aan skole uitgestuur. Die antwoorde in verband met die doelstellings met mondelinge taalonderrig word in hierdie hoofstuk behandel. Al die ander antwoorde word in die volgende hoofstuk bespreek.

2. Die Ondersoek.

'n Vraelys[1)] is gestuur aan alle skole waarin Afrikaans as voertaal in al die klasse of net in sommige daarvan gebesig word. Die vrae het egter net betrekking op die onderrig van Afrikaans as huistaal aan Afrikaans-sprekende leerlinge.

Die vraelys met die begeleidende brief is aan 620 hoofde van skole gestuur. Sodat hoofde die werklike toestand in hul skole met vrymoedigheid kon skilder, is aan hulle geskrywe dat dit nie nodig is dat hulle name of die name van hul skole êrens op die vraelys verskyn nie. Ruimte is op die

1) 'n Afskrif van die vraelys word as [illegible]

vraelyste gelaat vir sommige antwoorde; in ander gevalle moes net kruisies langs die regte antwoorde gemaak word en by die derde groep moes net die woorde wat nie van toepassing is nie, deurgehaal word. Gefrankeerde, geadresseerde koeverte is vir die antwoorde ingesluit.

Tweehonderd en dertien antwoorde is ontvang. Een brief is deur 'n skoolraadsekretaris geskrywe net om te laat weet dat 'n bepaalde skool gesluit is; twee hoofde het die vorms onvoltooid teruggestuur omdat die huistaal van die leerlinge in hul skole nie Afrikaans is nie; twee hoofde het die onvoltooide vraelyste sonder kommentaar teruggestuur; een hoof het geskrywe dat hy te beset is om die vraelys te voltooi, en 'n ander hoof het die vraelys beantwoord behalwe vir die vrae op die eerste blad, met die gevolg dat die antwoorde nie gebruik kon word nie. Dus kon 206 antwoorde vir hierdie ondersoek gebruik word.

Ongeveer een-derde van die hoofde het die vraelyste voltooi. Daar word vandag soveel van 'n hoof van 'n skool geverg, dat 'n besondere woord van dank die hoofde toekom wat hulle die moeite getroos het om die werk te doen en sodoende waardevolle inligting verskaf het. Tabel V toon aan die persentasie hoofde van elke tipe skool wat die vraelys beantwoord het.

T A B E L V.

PERSENTASIE HOOFDE WAT DIE VRAELYS BEANTWOORD HET.

Tipe van Skool	Aantal vraelyste uitgestuur	Aantal antwoorde ontvang	Persentasie ontvang
Laerskole	520	161	31.0
Laerskole met middelbare afdelings	42	14	33.3
Hoërskole	58	31	53.4
Totale	620	206	33.2

Die skole wat gereageer het, is 'n verteenwoordigende monster van die skole in Transvaal. Van elke tipe en elke graad van skool is antwoorde ontvang en die skole is gelee in die stede, in die dorpe en op die platteland; die getalle word in Tabel VI aangetoon.

T A B E L VI.

VERSPREIDING VAN SKOLE.

Groep van Skool	Graad van Skool	Aantal antwoorde ontvang van skole gelee in Stede	in Dorpe	Op Platteland	Totaal
I	P.F.	-	-	34	35[1]
	P.E.	-	1	34	35
	P.D.	2	6	26	34
	P.C.	1	6	4	11
	P.B.	3	6	-	9
	P.A.	12	25	-	37
II	P.C.	-	-	1	1
	P.B.	-	3	3	6
	P.A.	1	6	-	7
III	H.C.	-	7	-	7
	H.B.	1	2	-	3
	H.A.	9	12	-	21
Totale		29	74	102	206[1]

Verduideliking.

Groep I is suiwer laerskole.
Groep II is laerskole met middelbare klasse dit wil sê met klasse tot standerds VIII of X.
Groep III is suiwer middelbare skole dit wil sê alleen met klasse bo standerd V.

P.F. skole het 'n inskrywing van 0 tot 49
P.E. " " " " " 50 " 99
P.D. " " " " "100 " 199
P.C.& H.C.skole het 'n " "200 " 299
P.B.& H.B. " " " " "300 " 399
P.A.& H.A. " " " " "400en meer

Van die hoofde wat die vraelys beantwoord het, is 167 hoofde van Afrikaansmedium-skole en 37 hoofde van parallelmediumskole. Twee hoofde het nie hierdie vraag beantwoord nie.

Omdat die aantal skole nie groot is nie, is geen onderskeid gemaak tussen skole op die platteland en die in die dorpe of stede nie; of tussen skole met Afrikaans as voertaal en die wat beide Afrikaans en Engels as voertaal het.

3. Die keuse van Doelstellings.

'n Lys van moontlike doelstellings van spraakonderrig is opgestel en by die lys is gevoeg 'n aantal doelstellings wat niks met spraak-onderrig te doen het nie. Hoofde is in vraag II, 1 (a) en (b) gevra om die doelstellings wat in hul skole met spraakonderrig beoog word, met 'n „X" te merk.

Die antwoorde van die hoofde is saamgevat in Tabel VII.

T A B E L VII.

AANTAL SKOLE WAT VERSKILLENDE DOELSTELLINGS BEOOG.

Doelstelling.		Aantal skole wat dit beoog.
(a) Die leerlinge moet geleer word om		
i	hul moedertaal korrek uit te spreek	201
ii	hul moedertaal korrek (grammatikaal korrek) te besig	190
iii	duidelik te praat	201
iv	hul stem behoorlik te beheer	175
v	hul woordeskat uit te brei	194
vi	die inhoud van 'n gelese gedeelte weer te gee	174
vii	hul kennis weer te gee	162
viii	met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes te praat	149
ix	toesprake te hou	89
x	te argumenteer	121
xi	hul gevoelens te vertolk	151
xii	logies te dink	144
(b) Die spraakles is 'n voorbereiding vir:-		
i	'n opstel wat later geskryf word	188
ii	'n leesles wat later gelees word	72

Uit die aantal skole wat elke doelstelling beoog, kan afgelei word dat die doelstellings wat op die vraelys verskyn, by die meeste skole byval gevind het. Sommige doelstellings,

omdat die doelstellings net by 'n besondere tipe skool of klas tuishoort.

Die bereiking van sommige van die doelstellings op die vraelys is nie die funksie van spraakonderrig nie; 'n stuk of ses is doelstellings van taalonderrig in die algemeen. Die lys is met opset so opgestel om te sien by hoeveel hoofde daar helderheid oor spraakonderrig bestaan.

Deur doelbewuste spraakonderrig kan die volgende doelstellings bereik word:-

(a) i die korrekte uitspraak van die moedertaal;

iii duidelik praat;

iv behoorlike beheer van stem;

viii op die regte manier met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes te praat;

ix hou van toesprake;

x te argumenteer;

xi vertolking van gevoelens en

xii logiese denke.

Die korrekte uitspraak en duidelik praat (a. i en ii) van die moedertaal kan alleen deur spraakonderrig geskied. Die behoorlike beheer van die stem (a. iv) kan ook in die sangklas aangeleer word maar aangesien aan taal baie meer tyd afgestaan word as aan sang, moet die meeste werk gedurende spraaklesse gedoen word. Die doelstellings a. viii, ix, en x word bereik deur geleenthede te skep waarin a. i, iii en iv toegepas kan word; dit kan alleen deur spraakonderrig gedoen word. Leerlinge kan op twee maniere hul gevoelens vertolk (a. xi) eerstens deur die gesproke en tweedens deur die geskrewe taal; die twee maniere verskil gewoel

dat die vertolking van gevoelens in die gesproke taal uitsluitlik die funksie van spraakonderrig is. 'n Kind kan op ander maniere ook geleer word om logies te dink en nie alleen deur spraakonderrig nie, byvoorbeeld deur die rangskikking van feite vir 'n opstel; die oplossing van 'n meetkundige probleem. Byna al die onderrig op skool behoort hiertoe by te dra. Die kontrole van die denke in 'n spraaksituasie is so onmiddellik en so opvallend, soos byvoorbeeld in 'n toespraak of 'n debat, dat die kritiek 'n baie groot indruk op die spreker maak. Spraakonderrig is dus 'n goeie (maar nie die enigste nie) middel om logiese denke te bevorder. Om die rede word dit ook onder die doelstellings van spraakonderrig ingesluit.

Die volgende is nie doelstellings van spraakonderrig nie:-

(a) ii die moedertaal grammatikaal korrek te besig;

v die woordeskat uit te brei;

vi die inhoud van 'n gelese gedeelte weer te gee;

vii kennis weer te gee;

(b) i voorbereiding vir 'n opstel en

ii voorbereiding vir 'n leesles.

Die grammatikale korrekte gebruik van die moedertaal (a. ii) en die uitbreiding van die woordeskat (a. v) is nie doelwitte van spraakonderrig as sodanig nie al word die werk mondeling gedoen. Die meeste leerlinge leer die grammatika van die derde taal soos Latyn en verryk hul woordeskat van daardie taal deur medium Afrikaans of Engels; die taal wat gebesig word, word dus net as voertaal gebruik.

Die spraak baat by die kennis van grammatika en woorde maar die verkryging daarvan is nie die doelwit van spraakonderrig nie maar van taalonderrig.

Die weergawe van 'n gelese gedeelte (a. vi) of van kennis (a. vii) word gewoonlik op skool gebruik as 'n toets om te sien of die leerling begryp wat gelees is, of verstaan en onthou wat verduidelik is, en is dus ook nie doelwitte van spraakonderrig nie. Hierdie oefeninge kan in spraaksituasies omskep word; die gelese of geleerde gedeelte kan die inhoud wees waaroor gepraat word maar dan word daar iets anders beoog as die absolute korrekte weergawe; dan sal gelet word op stembuiging, tempo, toonhoogte en ander spraakeienskappe.

Om leerlinge voor te berei om 'n opstel te skrywe of 'n les te lees, is ook nie doelwitte van spraakonderrig nie. Hier dien die taal slegs as voertaal en die doelwit is om 'n opstel goed te kan skrywe of om 'n leesles goed te kan lees en nie om goed te praat nie.

Baie skole het verkeerde opvattings met betrekking tot doelstellings by spraakonderrig. Tabel VIII gee die persentasie van die 206 skole wat elk van hierdie doelstellings gekies het.

T A B E L VIII.

PERSENTASIE SKOLE WAT DOELSTELLINGS BEOOG WAT NIE DOELWITTE VAN SPRAAKONDERRIG IS NIE.

Doelstelling	Persentasie Skole
a. iii moedertaal grammatikaal korrek besig	92.2
a. v woordeskat uitbrei	94.2
a. vi die inhoud van 'n gelese gedeelte weer te gee	84.5
a.viii kennis weer te gee	78.6
b. i voorbereiding vir 'n opstel	91.3
b. ii voorbereiding vir 'n leesles	35.0

Al die skole het een of ander van hierdie doelstellings gekies; daar is dus geen enkele skool wat net die spraakdoelwitte gekies het nie.

Dit is duidelik dat die hoofde van skole nog nie die aard of doel van spraakonderrig heeltemal goed begryp nie. Daar bestaan heelwat verwarring omtrent die gebruik van spreeklesse om ander afdelings van die taal te onderrig en die gebruik van mondelinge oefeninge om spraak te verbeter.

4. Byvoeging van Doelstellings.

In antwoord op vraag II, 1(c) kon hoofde van skole doelstellings van spraakonderrig byvoeg. Ander doelwitte is uit die lys weggelaat sodat hoofde die geleentheid kon kry om die lys aan te vul om sodoende te wys of hulle begryp wat spraakonderrig insluit. Die gedeelte van vraag II dien dan as 'n kontrole van die gevolgtrekkings wat gemaak [illegible] van die antwoorde op die eerste gedeelte

van vraag II.

Nege-en-sewentig hoofde van skole het van die geleentheid gebruik gemaak en het altesame 115 doelstellings bygevoeg. In Tabel IX is die byvoegings in 21 groepe saamgevat en is die aantal skole wat die byvoegings gemaak het, gegee.

T A B E L IX.

AANTAL HOOFDE WAT DOELSTELLINGS BYGEVOEG HET.

Doelstellings Bygevoeg	Aantal Hoofde
1. Herhaling van doelstellings reeds onder die eerste deel van vraag behandel.....	11
2. Die spreekles dien as voorbereiding vir ander werk byvoorbeeld taaloefeninge.....	19
3. Die spreekles dien as middel om die taal suiwer te hou.....	9
4. Die spreekles dien as middel vir die aanleer van idiomatiese uitdrukkings.	4
5. Die spreekles dien as middel om die taalvermoë van die leerling te bepaal	1
6. Die spreekles help om algemene kennis uit te brei.....	4
7. Die spreekles help om die leerling aan te moedig om self feite te versamel en te rangskik.....	1
8. Die spreekles help die leerling om sy gedagtes te rangskik.....	3
9. Die spreekles help die leerling om sy gedagtes behoorlik te formuleer.....	13
10. Die spreekles help om 'n liefde vir die taal aan te kweek.....	9
11. Die spreekles help om by die leerling belangstelling en opmerksaamheid aan te wakker.....	4
12. Die spreekles help om die persoonlikheid van 'n leerling te ontwikkel....	1

	Doelstellings Bygevoeg	Aantal Hoofde
13.	Die spreekles help om die leerlinge vrymoedig te maak, selfvertroue by hulle te ontwikkel maar nie voorbarigheid nie.....	16
14.	Die spreekles help om die leerlinge letterkundige skoonheid te waardeer	3
15.	Die spreekles help om die leerlinge se verbeelding te ontwikkel.....	2
16.	Die leerlinge moet leer om natuurlik, beskaaf en met 'n aangename stem te praat.....	3
17.	Die leerlinge moet leer om korrek te frasseer en regte intonasie te gebruik.....	2
18.	Die leerlinge moet leer om paslike woorde en tempo te besig.....	3
19.	Die leerlinge moet leer om onderhoudend te gesels.....	3
20.	Deur spreeklesse word spraakgebreke ontdek en dan kan remediale werk gedoen word.....	2
21.	Deur spreeklesse moet die gehoor van leerlinge verskerp word.....	2
	Totaal...	115

a. Doelstellings wat Bygevoeg kan word.

Om die eerste drie doelstellings van spraakonderrig soos vermeld op bladsy 176 te bereik, moet die leerlinge reeds sekere vaardighede onder die knie hê. Om 'n taal korrek uit te spreek (a.i), is dit nodig dat die leerlinge korrek kan artikuleer en 'n geoefende oor het om te hoor of die uitspraak wel reg is; vernaamlik in die geval van klinkers moet die kleinste akoestiese verskille waargeneem kan word[1]. Duidelikheid van spraak (a.iii) hang af van asemdruk, artikulasie en die gebruik van die stembande en die resonatore. Stembeheer (a.iv)

1. Le Roux en Pienaar: Afrikaanse Fonetiek, 23.

veronderstel die beheer van uitaseming en die regte gebruik van die stembande en resonatore, sodat op 'n paslike toonhoogte gepraat kan word en sodat die toonhoogte, stemkleur en intensiteit afgewissel kan word om die inhoud by die luisteraars ingang te laat vind en die gewenste indruk te maak.

Die doelstellings (a. viii), voering van gesprekke met ouer mense, (a. ix), die hou van toesprake, (a. x), argumentasie en (a. xi), die vertolking van gevoelens, veronderstel dat die leerlinge die vaardighede en die ritmies-melodiese eienskappe[1] in spraaksituasies kan gebruik. So sal in gesprekke met ouer mense grotendeels aandag aan paslike intonasiepatrone, stemkleur en tempo geskenk moet word. Elk van hierdie situasies stel ander vereistes aan leerlinge want die gehoor en die doel verskil[2]. Om gevoelens te vertolk, sal van bewegings, gebare en mimiek gebruik gemaak moet word. Hierdie bewegings sal paslik, opreg en natuurlik moet wees. Dit is ondenkbaar dat 'n persoon gevoelens sal kan vertolk as hy geen bewegings van enige aard maak nie; dit sal aan die gehoor belaglik voorkom. Om met welslae egter in spraaksituasies op te tree, is sekere karaktereienskappe onontbeerlik, byvoorbeeld vrymoedigheid, eerlikheid, bedagsaamheid, samewerking, respek vir die mening van ander, aanvoeling met die gehoor. As 'n leerling hom vir 'n toespraak moet voorberei, moet hy verder gegewens insamel, 'n keuse daaruit maak en die feite rangskik sodat die inhoud en rangskikking by die doel van sy optrede en by die ontwikkelingspeil van die gehoor sal aanpas. Dus sal hy logies moet kan dink.

1. Pienaar: Die Afrikaanse Spreektaal, 72.

As die voorgaande uiteensetting en beskrywing van die doelstellings deur hoofde begryp word, kan hulle nog baie doelstellings byvoeg. Hulle kan in hulle skool met spraakonderrig die verwerwing van die fisiese vaardigheid beoog soos asembeheer, of die korrekte gebruik van die ritmies-melodiese eienskappe soos toonhoogte, intonasie, stemkleur, klem, tydsduur, tempo en pouses. Die leerlinge kan geleer word hoe om bewegings in spraaksituasies te gebruik, watter paslik is en watter nie. Dan moet daar karaktereienskappe soos vrymoedigheid, bedagsaamheid, eerlikheid en samewerking by die leerlinge aangekweek word. Ten laaste moet leerlinge geleer word hoe om feite uit te soek, te keur en te rangskik.

b. Bespreking van Antwoorde. (Tabel IX.

Elf keer is doelstellings herhaal wat reeds in die lys onder vraag II (a) en (b)[1] verskyn; soms is presies dieselfde woorde gebesig. Die herhaling is blykbaar te wyte aan 'n misverstand en daarom word die antwoorde onder nr.1 hierbo[2] nie verder bespreek nie.

Die doelstellings wat onder nrs.2 tot 6 in die bostaande tabel genoem is, kan nie beskou word as doelwitte van spraakonderrig nie. Die spreekles word as 'n hulpmiddel aangewend om taaloefeninge te doen, idiomatiese uitdrukkings aan te leer, die taalkennis van die leerling te toets en sy algemene kennis uit te brei. Dit is deels die funksie van taalonderrig maar nie van spraakonderrig nie.

Die doelstellings wat in groepe

1. Sien bladsy 177

7 tot 15 in bostaande tabel gemeld is, kan op baie maniere bereik word. Spraakonderrig egter bied goeie geleenthede en ook die nodige beweegredes vir die opleiding. Die versameling van feite, die rangskikking en die korrekte weergawe daarvan (nrs.7,8 en 9) word deur feitlik elke onderwyser beoog, want hierdie vermoë is nodig vir die beantwoording van eksamenvraestelle. In die klas word gewoonlik van die leerling verwag om hierdie soort werk skriftelik te doen wanneer 'n opstel geskrywe of wiskundige of wetenskaplike probleme opgelos moet word. Die werk word dan deur die onderwyser alleen nagesien en die kritiek word nie algemeen bekend nie. In 'n spraaksituasie wil 'n spreker hom nie belaglik voor sy maats maak nie en daarom sal hy baie meer tyd aan die insameling en rangskikking van die feite bestee en sal hy probeer om dit so duidelik moontlik te stel. Die hoofde is dus reg om ook met spraakonderrig die doelwitte te probeer bereik.

" 'n Taal bestaan uit klanke, nie uit lettertekens nie".[1] Om dus by die leerling 'n liefde vir sy taal (nr.10) en 'n waardering van letterkundige skoonheid (nr.14) aan te kweek, is dit nodig dat hy die taal moet hoor en die welluidendheid daarvan moet besef. Die hoofde het die wese van die taal begryp toe hulle hierdie doelstellings met spraakonderrig beoog het.

As 'n kind aan sy maats kan vertel wat hy gesien het, en as sy maats hom dan daaroor kan uitvra, sal sy belangstelling en opmerksaamheid aangewakker word (nr.11) en sal sy waarneming al hoe

Vrymoedigheid en selfvertroue (nr.13) moet doelbewus by die leerlinge aangekweek word voordat hulle met welslae in spraaksituasies kan optree, en as hulle 'n mate van sukses in so 'n situasie behaal het, sal hul die eienskappe makliker aankweek. As daarteen gewaak word dat die leerlinge nie voorbarig word nie, is hulle op pad om 'n gesonde persoonlikheid te ontwikkel (nr.12). Deurdat leerlinge baie meer oorspronklike verhale kan vertel as wat hulle kan skrywe, is spraakonderrig ook 'n goeie middel om die verbeelding van leerlinge te ontwikkel (nr.15).

Die doelstellings nrs. 16 tot 21 kan alleen deur spraakonderrig bereik word. Op geen ander manier kan leerlinge leer om natuurlik, beskaaf en met 'n natuurlike stem te praat nie (nr.16), korrekte intonasie (nr.17) te gebruik, om paslike tempo te besig (nr.18) of om onderhoudend te gesels nie (nr.19). Die verskerping van die gehoor (nr.21) en die heropvoeding van spraakgesteurdes (nr.20) kan ook alleen deur spraakonderrig geskied. Hoofde van skole wat hierdie doelstellings bygevoeg het, het die aard van spraakonderrig goed begryp.

c. Samevatting van die Bespreking oor Byvoeging van Doelstellings.

Daar is 115 byvoegings gemaak, maar 11 daarvan is net herhalings van wat reeds op die vraelyste verskyn het en word dus heeltemal buite rekening gelaat. Van die 104 ander byvoegings is 37, of 35.5 persent, (nrs.2 tot 6) nie toelaatbaar nie omdat hulle nie doelwitte van spraakonderrig is nie; 52, of 50 persent, (nrs.7 tot 15) kan deur ander onderrig

ook bereik word, alhoewel spraakonderrig 'n goeie middel is:en 15, of 14.4 persent, (nrs.16 tot 21) is doelwitte van spraakonderrig alleen

Van die 206 hoofde van skole wat die vraelys beantwoord het, het 79 (38.3 persent) ander doelstellings bygevoeg en het 33 (16.1 persent) doelwitte beoog wat toelaatbaar is, terwyl net 8 (3.9 persent) doelwitte aangegee het wat alleen deur spraakonderrig bereik kan word.

Dus het omtrent twee-derdes van die hoofde nie besef dat die lys van doelstellings op die vraelys nie volledig is nie. Van die ander doelwitte wat bygevoeg is, is meer as 'n derde nie toelaatbaar nie; alleen 16 persent van die hoofde kon toelaatbare doelstellings aan die hand doen.

Van die werk wat alleen deur spraakonderrig gedoen kan word, is hoofde nog onkundig want alleen 14.4 persent van die doelstellings kan net deur spraakonderrig bereik word; 3.9 persent van die hoofde het alleen sulke doelstellings aan die hand gedoen. Dit is opvallend dat geen een van die hoofde melding van asemhaling, artikulasie, pousering, toonhoogte, stemkleur, klem of tydsduur gemaak het nie. Net een hoof het melding van tempo gemaak.

Die leerplan vir Afrikaans (huistaal) is blykbaar nie goed begryp nie, want alhoewel die woorde "intonasie en frasering" so dikwels verskyn[1)], het net twee hoofde (ongeveer 1 persent) die uitdrukking gebesig.

Die antwoorde op hierdie deel van vraag II bevestig dus die gevolgtrekking aan die end

1. Sien bladsy 97.

van die bespreking van die antwoorde op die eerste deel van vraag II[1], naamlik dat die hoofde nog nie die aard of doel van spraakonderrig goed begryp nie. Uit die antwoorde op hierdie deel wil dit voorkom asof die leerplan nie veel gedoen het om onderwysers 'n beter begrip daarvan te gee nie.

Die indruk word verkry dat baie hoofde die belangrikheid van spraak besef en dat hulle leiding sal verwelkom.

5. Doel met Spraakonderrig in Elke Standerd.

a. Samevatting van Antwoorde.

Hoofde is in vraag II gevra om aan te dui welke doelstellings in elke klas beoog word. Tabel X toon die verspreiding aan. Die doelstellings onder C hierbo bygevoeg is nie in die Tabel opgeneem nie, want daaronder is geen doelstelling wat deur 'n voldoende aantal skole gekies is nie; elke doelstelling is deur gemiddeld 5 skole bygevoeg terwyl elke doelstelling op die lys van vraag II,(a) en (b) deur gemiddeld 140 skole gekies is. As die bygevoegde doelstellings dus ook in die tabel opgeneem word, sal 'n verkeerde indruk verkry word.

Verduideliking van Tabel X.

Die doelstellings word aangedui deur die nommer wat in die vraelys daaraan gegee is[2] dus is a.i. "die korrekte uitspraak van die moedertaal".

1. Sien bladsy 181.
2. Sien bladsy 177.

T A B E L X

STANDERDS WAARIN DOELSTELLINGS BEOOG WORD.

Standerds	Aantal skole waarin klasse is	Doelstellings.													
		a.i	a.ii	a.iii	a.iv	a.v	a.vi	a.vii	a.viii	a.ix	a.x	a.xi	a.xii	b.i	b.ii
Graad I	165	95.1	32.1	83.6	35.2	63.6	9.1	10.3	18.2	.6	1.2	7.9	.6	1.2	18.2
Graad II	165	93.3	39.4	90.3	43.0	69.7	12.1	13.3	24.2	.6	1.2	8.5	.6	1.2	18.2
Std. I	165	92.7	61.8	95.7	59.5	78.8	43.6	24.8	33.9	1.2	3.6	11.5	6.1	8.5	18.2
Std. II	171	90.6	69.0	93.0	66.7	83.0	57.3	33.3	38.9	1.2	4.7	12.9	9.9	18.1	18.7
Std. III	170	86.5	81.8	90.0	72.9	89.4	71.8	51.2	46.5	4.7	12.4	18.8	15.9	32.9	21.8
Std. IV	169	85.8	81.7	88.2	75.7	89.3	79.9	59.8	54.4	17.8	24.3	34.3	33.7	46.2	23.7
Std. V	162	82.1	84.0	84.0	79.0	88.9	75.4	72.8	63.6	29.0	47.5	56.2	52.5	56.2	26.5
Std. VI	125	84.9	84.9	85.7	76.2	86.5	80.2	71.4	62.7	45.2	56.3	55.6	58.7	52.4	20.6
Std. VII	43	93.0	93.0	97.7	81.4	90.7	86.0	74.4	72.1	51.2	58.1	51.2	53.5	51.2	11.6
Std. VIII	43	90.7	93.0	95.3	81.4	90.7	81.4	81.4	76.7	65.1	72.1	62.8	72.1	44.2	11.6
Std. IX	29	86.2	86.2	86.2	72.4	89.6	82.8	79.3	75.9	86.2	86.2	69.0	75.9	37.9	6.9
Std. X	29	86.2	86.2	86.2	72.4	89.6	79.3	79.3	72.4	86.2	86.2	69.0	82.8	34.5	6.9

Die tabel moet soos volg gelees word:-

		a.i	a.ii	a.iii	ens.
Graad I	165	95.1	32.1	83.6	

Daar is 165 skole met graad I klasse en daarvan beoog 95.1 persent doelstelling a.i, dit is korrekte uitspraak, in daardie klas, 32.1 persent beoog a.ii en 83.6 persent a.iii ens. (Sien tabel X).

b. Bespreking van Antwoorde.

In die bespreking wat volg, word uit die doelstellings soos in die vraelys aangegee, dié gekies wat in daardie besondere klas beoog behoort te word. Die doelstellings wat beoog behoort te word, word eers gegee en daarna word die antwoorde van die hoofde bespreek. Die doelstellings wat nie doelstellings van spraakonderrig is nie,[1] word nie bespreek nie.

Gradeklasse.

Die kinders moet leer om hul moedertaal korrek uit te spreek (a.i). As hulle op skool kom, praat hulle reeds vir 'n jaar of vier, vyf en daarom moet hul uitspraak so gou moontlik ooreenkom met die standaarduitspraak, anders word die afwykende uitspraak deur herhaling ingewortel. Dit is ook nodig om die leerlinge oefeninge te laat doen met die doel om duidelikheid (a.iii) en beheer oor hul stem te verkry (a.iv). Hierdie hoedanighede is ten dele afhanklik van vaardighede soos asemhaling, gebruik van stembande en resonatore, en artikulasie -

1. Sien bladsy 179.

vaardighede wat die leerlinge verwerf het toe hulle begin praat het. As die spraak van die kind enige van hierdie hoedanighede mis, moet die spraak so gou moontlik aandag geniet, want dit word al moeiliker om 'n gewoonte af te leer hoe ouer die kind word.

Die vertolking van die primêre gevoelens (a.xi) is vir kinders van hierdie leeftyd heeltemal moontlik en as die kinders enige sukses met voordrag wil behaal, sal hulle moet leer hoe om 'n gevoel te vertolk deur gebruik te maak van intonasie-patrone, klem, tempo en stemkleur.

Logiese denke (a.xii) is nie moontlik vir kinders op hierdie ontwikkelingspeil nie, maar hulle kan dink[1] en hulle denke kan ontwikkel word as 'n vooroefening vir logiese denke. Die kenmerk van die denke is die ,,sien, blootlê of vat van relasies"[2] tussen begrippe, en hierdie denke kan bevorder word deur die beskrywing van die gemeenskaplike eienskappe van 'n groot aantal voorwerpe[3].

Wanneer die kind skooltoe kom, word hy in 'n georganiseerde samelewing opgeneem. Hy het by die huis met sy ouers, met sy broers of susters en met die bediendes gepraat, maar nou moet hy ook met die onderwysers en die hoof van die skool praat. Om goed te kan vorder, moet hy hom so gou moontlik aanpas en tuisvoel. Dit sal veel tot die aanpassing bydra, as hy seker is hoe om met al die vreemde mense om hom te praat (a.viii). 'n Deel van spraakonderrig moet wees hoe om met die mense te praat.

1. Coetzee: Inleiding tot die algemene Empiriese opvoedkunde, 144.
2. Ibid., 140.
3. Watts: The Language and Mental Development of Children. 22. en 148.

Byna al die hoofde (95.1persent)[1] het besef dat uitspraak (a.i) in graad I aandag moet ontvang en die meeste (83.6 persent) het ook die belangrikheid van duidelikheid in spraak besef (a.iii). In te min skole (ongeveer een-derde) word kinders geleer om hul stem behoorlik te beheer (a.iv). Alleen agt persent van die hoofde wil die vertolking van gevoelens (a.xi) in graad I laat onderrig, maar dit is nie duidelik hoe voordrag in die oorblywende 92 persent van die skole onderrig word nie. Dit is moontlik dat die hoofde spraak en voordrag as twee aparte afdelings van die mondelinge taaluiting beskou. Minder as een-vyfde van die hoofde beskou dit noodsaaklik om die kinders te leer hoe om met ouer mense en hul meerderes te praat (a.viii). Die kinders praat gewoonlik met hul eie onderwyseres soos hulle met hul eie moeder praat, maar hulle kom in aanraking met die ander onderwysers en ook met die hoof. Die kinders sal baie meer op hul gemak voel as hulle weet wat hulle moet doen en sê wanneer hulle met „Meneer" praat. Aan die ander werk word min gedoen en dit is ook nie nodig nie. Denke kon bevorder word, maar hoofde kan nie kwalik geneem word as hulle dit nie meld nie want die doelstelling lui ,,om logies te dink" (a.xii) en hieraan kan niks op hierdie tydstip gedoen word nie.

In die meeste skole is die werk van graad I en graad II dieselfde, behalwe dat 'n paar minder skole aandag aan uitspraak (a.i) bestee; die hoofde is seker die mening toegedaan dat alles hierontrent in een jaar gedoen kan word, maar om 'n

1. Die syfers wat hier gebruik word, word gevind in tabel X.

verkeerde uitspraak af te leer en die regte aan te leer, neem langer. Meer skole bestee aandag aan duidelikheid (a.iii). Die persentasie hoofde wat op stembeheer (a.iv) en gesprekke met ouer mense (a.viii) het, is hoër as in graad I maar is nog heeltemal te laag; die persentasie behoort 100 te wees, maar dit is maar 43 en 24 respektiewelik. Vertolking van gevoelens (a.xi) word ook nog in te min skole (8 persent) onderrig.

Standerds I en II.

In hierdie klasse moet die werk van die grade voortgesit word. Daar sal dan aandag bestee word aan korrekte uitspraak, duidelikheid, stembeheer, die vertolking van gevoelens, die voer van gesprekke en die ontwikkeling van die denke. Gedurende hierdie tydperk ontstaan daar dikwels 'n ,,stryery" by kinders en dit word gewoonlik deur onderwysers onderdruk. Die kinders moet egter aangemoedig word om elkeen sy standpunt so duidelik moontlik te stel en dan uit te vind presies op watter punte hulle verskil. Op die manier word voorbereidende werk vir argumentasie (a.x) gedoen.

In die skole word in hierdie klasse die werk van die grade voortgesit; uitspraak (a.i) en duidelikheid (a.iii) geniet nog steeds aandag. Daarenteen het die aantal skole waarin duidelikheid ten doel gestel is, vermeerder. Twee-derdes van die hoofde laat ook stembeheer (a.iv) doelbewus onderrig. Die aantal skole waarin dié werk gedoen word, is dus byna twee keer soveel soos dié wat die werk in graad I aangepak het. Die persentasie is egter nog heeltemal te laag, want al die leerlinge

behoort hierdie oefeninge te kry. Dit is opvallend dat nog net in een-derde van die skole die kinders geleer word hoe om met ouer mense (a.viii) te praat en net in ongeveer een-agste van die skole geniet vertolking van gevoelens (a.xi) aandag. Die leerlinge het dié onderrig nodig as hulle gelukkig op skool moet wees en as hulle moet voordra. Eentiende van die hoofde wil hê dat die leerlinge geleer moet word om logies te dink, maar die leerlinge is nog nie daarvoor ryp nie; die kinders kan geleer word om te dink maar nie om logies te dink nie. Geeneen van die betrokke hoofde het die woord ,,Logies" in hierdie klasse weggelaat nie. Sommige hoofde (4.7 persent) wil die kinders leer argumenteer (a.x). Voorbereidende oefeninge sal baie waardevol wees, maar aan die eintlike argumentasie sal die leerlinge nie kan deelneem nie.

Standerd III.

Nadat vier jaar aan die onderrig van korrekte uitspraak (a.i), duidelikheid (a.iii) en stembeheer (a.iv) bestee is, behoort daar nie meer leerlinge te wees wat afwykings toon nie. Indien daar sulke leerlinge is, moet hulle na 'n spraakterapeut verwys word. Gedurende alle mondelinge werk sal steeds op uitspraak, duidelikheid en stembeheer gelet word en slordige spraak sal nooit toegelaat word nie, hoewel die normale kind nie onderrig nodig sal hê om die hoedanighede te verkry nie. Dit sal ook nie meer nodig wees om kinders te leer om met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes te praat nie (a.viii), maar onderwysers sal nog geleenthede skep sodat leerlinge sulke gesprekke kan voer.

Leerlinge moet eenvoudige oefeninge kry in logiese denke (a.xii). Van die leerlinge word verwag om briewe te skrywe, en die rangskikking van stof kan dus ook in die spraaklesse behandel word; die oefening sal dien as 'n voorbereiding vir die hou van toesprake. Leerlinge moet aangemoedig word om te stry (a.x), om hul standpunte duidelik te stel sodat hul presies kan uitvind waarom hulle verskil en waar hulle saamstem. Hulle moet leer om hul verskille kalm uiteen te sit en om geen gevoel teen die ander persoon te koester nie. Verder moet aan hulle verduidelik word dat hulle nie oor 'n erkende feit kan stry nie; daar moet net ondersoek ingestel word om uit te vind wat die feit is. Die leerlinge moet nog geleer word om meer samegestelde gevoelens te vertolk. Die werk word voortgesit, want alhoewel die leerlinge die intonasiepatrone reeds goed moet kan beheers, moet hulle nie gevoelens probeer vertolk wat hulle nie self ondervind het nie. Indien dit gedoen word, kan so 'n vertolking tot onopregtheid en huigelary lei. Die onderrig in die vertolking van gevoelens sal dus oor 'n hele aantal jare versprei moet word.

Wat wel in die skole gedoen word, soos uit die antwoorde blyk, is dat aan die oorgrote meerderheid leerlinge onderrig in korrekte uitspraak (a.i) en duidelikheid (a.iii) gegee word. Die persentasie skole is 86.5 en 90.0 onderskeidelik. As leerlinge nog die onderrig nodig het, moet dit deur 'n spraakterapeut gegee word en nie deur 'n gewone onderwyser nie. Meer hoofde laat ook die kinders in Standerd III onderrig hoe om hul stem te beheer en hoe om met ouer mense te praat. Al die werk moes op

hierdie stadium afgehandel gewees het. Leerlinge in standerd III moet nie veel nuuts aanleer nie, maar hulle moet baie oefening kry om die aangeleerde in informele spraaksituasies te gebruik. Die aangeleerde hoedanighede moet op hierdie stadium 'n integrale deel van die spraakgewoontes van die leerling word.

Alleen nog in 19 persent van die skole word die leerlinge geleer om gevoelens te vertolk. Die ander vier-vyfdes van die hoofde is dus blykbaar tevrede as die leerlinge die geleerde gediggies net ,,opsê". Te min hoofde (16 persent) beoog die ontwikkeling van die logiese denke (a.xii) in hierdie klas, terwyl te veel (12.4 persent) die kinders wil leer om te argumenteer; logiese denke moet argumentasie voorafgaan. Argumentasie kan nog 'n jaar uitgestel word, maar voorbereidings-oefeninge sal van waarde wees.

Standerds IV en V.

Die leerlinge nader nou die einde van hul laerskoolloopbaan en daarom is hulle by hul maats die leiers van die skool. Hulle moet geleer word om toesprakies te hou (a.ix). Dit sal die geleentheid verskaf om die aangeleerde hoedanighede soos uitspraak, duidelikheid en stembeheer te gebruik om die gehoor te beïnvloed. Miskien sal die leerlinge onderrig moet word om duidelikheid in die skoolsaal en nie net in die klaskamer te verkry nie; die tempo sal ook aandag nodig hê. As die leerling gedurende die eerste laerskooljare goed onderlê was, sou die toepassing van die aangeleerde vaardighede in hierdie klasse nie veel tyd verg nie. Die kinders

mense te voer. As verteenwoordigers van die leerlinge kan hulle die hoof oor sakies spreek.

Die vertolking van gevoelens sal nog onderrig word, want die gevoelslewe van die kinders verdiep al meer en meer. Logiese denke (a.xii) moet doelbewus ontwikkel word, want die leerlinge moet die stof logies kan rangskik as 'n opstel geskrywe, 'n toespraak gehou of as eksamen-vraestelle beantwoord moet word. Leerlinge moet geleer word hoe om te argumenteer (a.x) en kalm te bly alhoewel 'n ander persoon van hom verskil en sy standpunt kritiseer. Die argumentasie moet in 'n atmosfeer van samewerking plaasvind soos gedurende 'n beraadslaging en nie in die gees wat te dikwels deur 'n debat geskep word nie. Werklike probleme, soos dié in verband met hul skool, moet deur die leerlinge bespreek word. Daar moet die leerlinge saamwerk om 'n oplossing te vind; dit is die gewenste situasie vir 'n argumentasie.

Die werk in die skole bly ver agter die leerplan soos hierbo aangedui. Meer as 80 persent van die hoofde wil hê dat aandag nog aan uitspraak en duidelikheid (a.i en iii) bestee moet word. Ook in byna 80 persent van die skole word nog steeds oefeninge in stembeheer gegee. Dit is 'n verkwisting van tyd om aan die verkryging van hierdie hoedanighede sewe jaar te bestee. Eers in hierdie klasse word ernstig daaraan gedink om kinders te leer om met ouer mense te praat (a.viii). Die werk moes alreeds afgehandel gewees het en tog word dit in 63 persent van die standerd V klasse gedoen. Vertolking van gevoelens (a.xi) word net in 56.2 persent van die skole in hierdie klas onderrig, nieteen-

staande die feit dat dit in die leerplan vir hierdie klas voorgeskryf is. Ook word in die leerplan die hou van toesprake vir hierdie klasse voorgeskryf, maar die werk word in net 29.0 persent van die standerd V klasse gedoen, nieteenstaande die leerlinge nou vir die werk ryp is nie. Die persentasie skole waarin die leerlinge in standerd V geleer word om te argumenteer (a.x), het skielik gestyg en staan baie hoër as die persentasie wat leerlinge leer om toesprake te hou (a.ix). Dit is op hierdie tydstip baie belangriker dat die leerlinge moet kan praat as dat hulle moet kan argumenteer. Ook is daar heeltemal te min hoofde (52.5 persent) wat leerlinge op hierdie leeftyd wil laat oplei om logies te dink (a.xii), alhoewel baie onderwysers van die leerlinge verwag dat hulle feite logies moet kan rangskik, miskien omdat die uitdrukking ,,logiese denke", nie goed begryp word nie.

In die hoogste klas van die laerskool, waar leerlinge aangemoedig moet word om selfstandig op te tree, is die meeste onderwysers dus nog besig met die aanleer van vaardighede. Dit word deur die persentasies bewys waar in 82.1persent aandag aan uitspraak bestee word, terwyl net in 29 persent leerlinge geleer word om toesprake te hou.

Standerd VI.

Die leerlinge staan aan die begin van hul loopbaan aan die middelbare skool en hulle sal hulle by die nuwe skool moet aanpas. Hulle tree ook die tydperk van adolessensie binne wanneer daar onder andere veranderinge in die stem plaasvind. Die onderwyser sal weer aan uitspraak

dag moet skenk. Ook moet leerlinge in die geleentheid gestel word om gesprekke met ouer mense en andere (a.viii) te voer, maar as die werk doeltreffend in die laerskool gedoen is, sal hier nie veel onderrig nodig wees nie, behalwe vir die aankweek van vrymoedigheid, wat by die adolessent op hierdie stadium gewoonlik ontbreek. Die vertolking van gevoelens (a.xi) word in hierdie klas voortgesit. Omdat die leerlinge meer teruggetrokke is, moet die oefeninge gedurende die afrigting van praatkore of tydens die opvoering van toneelstukkies plaasvind. Oefening in logiese denke (a.ix), word verkry terwyl die toesprakies voorberei word (a.ix) en daarom moet elke leerling in die geleentheid gestel word om 'n toesprakie in die klas te hou. Leerlinge moet nou doelbewus geleer word om te argumenteer (a.x). Hulle moet hulle standpunt duidelik en kalm kan stel en aan andere bedaard kan verduidelik waarom hulle verskil. Die oefening moet in 'n gees van samewerking plaasvind soos gedurende 'n beraadslaging waarin almal wat daaraan deelneem, werklik na 'n oplossing van die probleem soek. Die leerlinge moet nog nie aan 'n debat deelneem nie.

In die oorgrote meerderheid van die skole word weer aandag aan uitspraak (a.i), duidelikheid (a.iii) en stembeheer (a.iv) bestee. Aangesien die stemlippe van die seuns gedurende hierdie periode vinnig verleng, is dit nodig dat die vaardighede wat nodig is om die wenskappe te verkry, onder die veranderde omstandighede verwerf word. Dit behoort egter nie nodig te wees om kinders te leer hoe om met ouer mense ens.,(a.viii) te praat nie, en tog beoog 62.7 persent hoofde dit

nog in hierdie klas. Die belangrikste werk in hierdie klas behoort te wees om geleenthede te skep om die vaardighede wat die leerling verwerf het, in spraaksituasies te kan gebruik. In die praktyk egter word die hou van toesprake (a.ix), argumentasie (a.x), die vertolking van gevoelens (a.xi) en logiese denke (a.xii) in net ongeveer die helfte van die skole beoefen, hoewel dit die werk van alle skole is. Dit is opvallend dat die hou van toesprake, die hou van debatte en die vertolking van gevoelens deur die gebruik van intonasiepatrone vir hierdie klas in die leerplan voorgeskryf is en tog word die werk net in 45.2, 56.3 en 55.6 persent van die skole respektiewelik gedoen.

Standerds VII en VIII.

Baie leerlinge sal die skool gedurende hierdie tydperk verlaat, en daarom moet die onderrig van spraak afgerond word. Doelbewuste onderrig in korrekte uitspraak (a.i), duidelikheid (a.iii), stembeheer (a.iv) en die gebruik van die spraakeienskappe om gevoelens te vertolk (a.xi), behoort nie meer nodig te wees nie. 'n Enkele leerling sal miskien nog 'n bietjie moeilikheid met een of ander van die bostaande ondervind, maar dan sal hy alleen daarin oefening kry.

Die oorgrote meerderheid van die leerlinge sal in spraaksituasies kan optree en die verwerfde vaardighede kan gebruik om hul doel te bereik. Die leerling sal dan oefening kry in die hou van toesprake (a.ix) en in argumentasie (a.x) gedurende 'n debat, sodat sy maats, die lede van die ander span, hom op die swakhede van sy redenasie kan

wys. Beoordeling van 'n debat moet liefs deur bevoegde beoordelaars geskied, sodat so min wanpraktyke moontlik kan insluip. Die spanne moet mekaar as medewerkers beskou en nie as teenstanders nie. Deur beide argumentasie en die hou van toesprake kan logiese denke (a.xiii) bevorder word.

In die skole egter word nog tyd bestee aan die onderrig van die elementêre vaardighede. Uitspraak, duidelikheid en stembeheer, wat nie meer aandag behoort te ontvang nie, word in 90.7, 95.3 en 81.4 persent respektiewelik van die standerd VIII klasse onderrig. Ook vind onderwysers van drie-kwart van hierdie klasse dit nodig om die kinders te leer hoe om met ouer mense te praat (a.viii), nieteenstaande die feit dat die leerlinge reeds minstens nege jaar op skool is. Die vertolking van gevoelens (a.xi) word in 62.8 persent van standerd VIII klasse onderrig. Dit behoort nie nodig te wees om leerlinge te leer hoe om te vertolk nie, maar hulle moet geleenthcid kry om gevoelens te vertolk in voordrag, hardoplees en praat. Dit sal nie nodig wees om die leerlinge te wys hoe om intonasiepatrone, toonhoogte-aanslag, tempo, pouses en intensiteit te gebruik om 'n gevoel te vertolk nie maar die leerling moet die kennis gebruik.

Baie van die standerd VII en VIII leerlinge verlaat skool en tog word 'n groot gedeelte van hulle nie geleer om selfstandig op te tree nie; hulle word nie geleer om voor 'n gehoor te praat of om hul standpunt te verdedig nie. Die hou van toesprake (a.ix) en argumentasie(a.x) word net in 65.1 en 72.1 persent respektiewelik van die stan-

kwart van die kinders in hierdie klasse geleer word hoe om logies te dink. Te veel tyd word nog aan die verwerwing van vaardighede bestee; die werk moes reeds lank al afgehandel gewees het. Dit is onrusbarend dat leerlinge wat al jare 'n tweede taal praat en waarvan sommige reeds 'n derde taal leer, nog nie op hierdie leeftyd hul moedertaal korrek kan uitspreek nie.

Standerds IX en X.

Leerlinge in hierdie klasse sal die vaardigheid in spraaksituasies kan gebruik en die spraakeienskappe kan aanwend om hul doel te bereik. Hulle sal dus hoofsaaklik toesprake hou (a.ix), argumenteer (a.x) en spraak as 'n vertolkende middel gebruik; hierdie oefeninge sal hulself ook dwing om logies te dink.

Dat 86 persent hoofde in standerds IX en X nog aandag aan uitspraak en duidelikheid moet bestee, kan nie verklaar word nie. In 72 persent van die skole moet ook tyd afgestaan word vir stembeheer en om leerlinge te leer om met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes te praat; die leerlinge in 69 persent van die standerd X klasse moet geleer word om gevoelens te vertolk. Al die werk word met leerlinge gedoen wat reeds tien of elf jaar op skool is.

Die leerlinge in standerd X word nie in al die skole (net in 86.2 persent) toegelaat om selfstandig op te tree in die hou van toesprake en argumentasie nie, en in nog minder skole (82.8 persent) word die leerlinge aangemoedig om logies te dink. Die verskil van 3.4 persent kan nie

verklaar word nie aangesien logiese denke by die hou van toesprake of in argumentering wel 'n vereiste is. Dit wil voorkom asof hoofde die uitdrukking ,,logiese denke" nie goed verstaan nie.

3. Beskouing oor Elke Doelstelling Afsonderlik.

In die voorafgaande bespreking is die werk van elke standerd behandel, maar dit is ook nodig dat elke doelstelling afsonderlik nagegaan sal word om te sien hoeveel tyd daaraan in die skole bestee word. Hieronder word ook weer net die doelstellings van spraakonderrig behandel. Doelstellings a.ii, v, vi, vii, b.i en b.ii[1] word dus nie bespreek nie.

a.i Korrekte Uitspraak van die Moedertaal.

In 95.1 persent[2] van die graad I klasse word aandag aan uitspraak bestee; die persentasie daal geleidelik tot 82.1 van die standerd V klasse, styg dan weer tot 93 van die standerd VII klasse waarna dit weer daal tot 86.2 van die standerd X klasse.

Om te verklaar waarom uitspraak in standerd VII klasse noodsaakliker word as in standerd V is die antwoorde van die skole verder ontleed en die bevinding is in tabel XI saamgevat.

1. Sien bladsy 179.
2. Die persentasies word gevind in tabel X.

T A B E L XI.

PERSENTASIE SKOLE WAT DIE VERBETERING VAN UITSPRAAK IN STANDERD VI BEOOG, IN VERGELYKING MET DIE WAT DIT IN STANDERDS V, VII EN HOËR BEOOG.

Klas	Skool	Persentasie skole wat uitspraak wil verbeter.
Std. V	Laerskole	82.1
Std. VI	Laerskole	82.9
Std. VI	Groep II skole	84.6
Std. VI	Groep III skole	90.3
Std. VI	Alle skole	84.9
Std. VII	Groep II en III skole	93.0
Std. VIII	-ditto-	90.7
Std. IX	-ditto-	86.2
Std. X	-ditto-	86.2

Uit die tabel wil dit voorkom of die laerskole oor die algemeen tevrede met die uitspraak van die leerlinge in standerd V is, want in ongeveer dieselfde persentasie van standerd VI klasse aan laerskole word korrekte uitspraak onderrig. Hoofde van groep II skole, dit is laerskole met middelbare afdelings, is egter nie tevrede met die uitspraak in standerd VI nie en blykbaar ook nie die hoofde van groep III skole (hoërskole) nie, want die persentasie van standerd VI klasse waarin korrekte uitspraak onderrig word, styg tot 84.6 en 90.3 respektiewelik. Die persentasie van standerd X klasse waarin die werk gedoen word, is 4 hoër as die standerd V klasse.

Een hoof van 'n hoërskool verklaar hierdie verskynsel soos volg: ,,die praatles leer laerskool leerlinge korrekte uitspraak (hoe selde gebeur dit

in praktyk)....."[1]. Dit sou onbillik wees om die laerskole al die skuld te laat dra, want vir die toestand kan daar drie redes wees:-

(1) Omdat daar geen besonderhede in die leerplan aangegee word nie, is dit moontlik dat die eise van die hoër- en laerskole verskil. Die een tipe skool weet miskien ook nie wat in die ander een gedoen of verlang word nie.

(2) Swak uitspraak in standerd VI aan 'n hoërskool is miskien toe te skrywe aan wanaanpassing by die nuwe skool[2].

(3) Die meeste van die standerd VI leerlinge tree ook die tydperk van adolessensie in, en gedurende die tydperk kom daar groot veranderings in die stem; die fisiese veranderings kan miskien die oorsaak van swak uitspraak wees.

Die tweede vraag wat ontstaan, is of dit nodig is om korrekte uitspraak vir twaalf jaar, dit wil sê vanaf graad I tot standerd X, aan leerlinge te onderrig. Enige leerling wat ernstige spraakafwykings het moet so gou moontlik, nog gedurende die graad I jaar, na 'n spraakterapeut verwys word. In die Afrikaanse spreektaal is daar ongeveer 56 spraakklanke[3] en daarvan sal die meeste kinders die oorgrote meerderheid korrek uitspreek as hulle die eerste keer skool toe kom. Wat die normale kind dus moet aanleer, is die korrekte artikulasie van sommige klanke en die korrekte uitspraak van 'n reeks klanke waarmee die kind moeilikheid ondervind.

1. Skool nr.13 van die H.A. hoërskole wat die vraelys voltooi het.
2. Standerd VI is die laagste klas aan die hoërskool en leerlinge uit verskillende laerskole gaan daarheen.
3. Le Roux en Pienaar: Afrikaanse Fonetiek, 45,58 en 82.

Sodra die leerling die klanke behoorlik kan artikuleer, moet daar soveel oefeninge gegee word dat die uitspraak 'n gewoonte by die kind word. Dit is nie duidelik waarom die laerskole dit nodig vind om sewe jaar, dit is vanaf graad I tot standerd V , aan korrekte uitspraak te wy nie en die hoërskool dit daarna nog vyf jaar, dit is van standerds VI tot X moet doen nie. Die laerskool kan die werk in vier jaar of uiters vyf jaar doen en enige leerling wat dan nog afwykings toon, moet deur 'n spraakterapeut behandel word. In die hoërskool kan die werk weer een of hoogstens twee jaar hersien word, omdat die stem van die leerlinge dan verander.

Die rede waarom die werk oor so 'n lang periode uitgestrek word, is heelwaarskynlik dat nóg die onderwysers aan die laerskole nóg dié aan hoërskole weet hoe om korrekte uitspraak aan leerlinge te onderrig nie. Wanneer 'n leerling 'n klank of 'n reeks klanke op 'n afwykende manier uitspreek en die onderwyser hoor dat die uiting afwykend is, word die uitspraak van daardie besondere klank behandel; die volgende keer as 'n klank weer verkeerd uitgespreek word, word die korrekte uitspraak weer aan die hand gedoen, maar selde sal die leerlinge gesistematiseerde oefeninge in artikulasie kry. Korrekte uitspraak moet aan alle leerlinge in graad I onderrig word en die volgende drie of vier jaar moet daarmee aangehou word. Daarna sal die behandeling van 'n moeilike reeks klanke net so af en toe nodig wees.

a.iii. Duidelike uitspraak.

Die persentasie skole waarin

skommelinge. In 83.6 persent van die gradeklasse word duidelikheid ten doel gestel; die persentasie styg tot 95.7 standerd I klasse, daal geleidelik tot 84.0 standerd V klasse, styg vinnig tot 97.7 standerd VII klasse en daal daarna tot 86.2 standerd X klasse.

Twee vrae moet in verband met hierdie onderrig beantwoord word. Eerstens waarom die persentasie sulke groot dalings en stygings toon en tweedens of dit nodig is om duidelikheid oor 'n tydperk van twaalf jaar, dit is vanaf graad I tot standerd X, te onderrig. Voordat hierdie vrae beantwoord kan word, moet daar eers helderheid bestaan omtrent die vraag waarvan duidelikheid afhanklik is.

Duidelikheid kan alleen verkry word as die artikulasie skerp is, die asemdruk voldoende is en as die korrekte gebruik van die resonatore gemaak word. Verder kan duidelikheid van sielkundige faktore afhanklik wees: wanaanpassing, 'n gevoel van minderwaardigheid of 'n gebrek aan vrymoedigheid.

Daar kan by die hoofde goeie redes bestaan waarom die persentasie klasse so afwissel waarin duidelikheid ten doel gestel word. Dit is moontlik dat sommige hoofde voel dat, terwyl die kleintjies in graad I hulle nog by die skool moet aanpas, daar nie werk van duidelikheid gemaak word nie, maar sodra die leerlinge in standerd I kom, hulle dan die werk moet aanpak. As die hoofde so redeneer, begryp hulle nie dat duidelikheid van spraak op sy beurt ook aanpassing kan vergemaklik nie. Die leerlinge in graad I kan asemhalingsoefeninge doen, die asemdruk verhoog en spelenderwyse skerp artikuleer met verhoogde asemdruk. Dat sekere

onderwysers wel sukses behaal met die onderrig van duidelikheid, word getoon deur die daling in die persentasie skole waarin dit in standerd V klasse ten doel gestel word. Die skielike styging in die persentasie na standerd V moet ook verklaar word, daarom is 'n verdere ontleding van die antwoorde van hoofde gedoen. Hierdie gegewens is in tabel XII saamgevat.

T A B E L XII.

PERSENTASIE SKOLE WAT DUIDELIKHEID IN STANDERD VI BEOOG IN VERGELYKING MET DIÉ WAT DIT IN STANDERDS V, VII EN HOËR BEOOG.

Klas	Skool	Persentasie skole wat duidelikheid beoog
Std. V	Laerskole	84.0
Std. VI	Laerskole	85.4
Std. VI	Groep II skole	84.6
Std. VI	Groep III skole	87.1
Std. VI	Alle skole	85.7
Std. VII	Groep II & III skole	97.7
Std. VIII	-ditto-	95.3
Std. IX & X	-ditto-	86.2

Baie onderwysers in alle tipe skole vind uit dat leerlinge gedurende die adolessensietydperk skamerig en teruggetrokke is en daarom word daar in meer standerd VI as in standerd V klasse aandag aan duidelikheid gegee. Blykbaar word onduidelikheid in 'n mate nog oorgesien in die standerd VI klasse aan groep II en III skole, heelwwarskynlik omdat die onderwysers besef dat die leerlinge hulle nog by die nuwe skool moet aanpas, maar in die standerd VII klasse streef byna al die hoofde om duidelikheid te verkry. Dit is egter nie duidelik waarom die persentasie standerds VIII, IX en X

waarin duidelikheid beoog word, so hoog bly nie. As die werk in standerd VII goed gedoen is, sou dit nie meer in die hoër klasse nodig wees nie.

In n mate word die skommeling van persentasies verklaar, maar is dit nodig dat duidelikheid onderrig word gedurende al twaalf skooljare. Soos voorheen verduidelik is duidelike spraak van skerpe artikulasie, behoorlike gebruik van die resonatore, verhoogde asemdruk en die geestestoestand afhanklik. Gedurende die eerste vier jaar van die kind se skoolloopbaan word die aandag by artikulasie bepaal om korrekte uitspraak (a.i) te kry. Tegelykertyd sal die kinders ook geleer moet word om goeie gebruik van hul resonatore te maak, want die verskil tussen sommige vokale is hoofsaaklik afhanklik van die klankkleur. Dit hang met ander woorde af van watter deeltone deur die resonatore versterk of uitgeskakel word[1]. Al vaardigheid wat die leerlinge dan nog moet verwerf om duidelikheid te verkry, is asemhaling en die vermoë om die asemdruk te verhoog; ook dit is niks vreemds vir die kind nie want hy het reeds baie geskreeu. Al wat miskien moeite sal veroorsaak, is die beheer van uitaseming. Om duidelikheid te verkry, behoort nie langer as vier of vyf jaar te neem nie net soos korrekte uitspraak, en aangesien dit van heel elementêre vaardighede afhanklik is, moet met die onderrig daarvan in graad I begin word. Dus sal duidelikheid in die grade en standerds I en II onderrig word.

Dan behoort die leerling ook

1. Le Roux en Pienaar: Afrikaanse Fonetiek, 25 et seq.

volkome aangepas en vrymoedig te wees sodat daar geen sielkundige hindernisse vir duidelikheid sal wees nie. In standerds IV en V sal die leerlinge weer geoefen word om in n groter vertrek te praat, want dan word van hulle verwag om toesprakies te hou. In standerd VI sal veral die sielkundige faktore wat duidelikheid beïnvloed, aandag geniet, maar as die kind hom gou by sy nuwe skool aanpas, behoort die een jaar se onderrig voldoende te wees, aangesien die leerling nog die fisiese vaardighede onder die knie sal hê. Dit sal dus alleen nodig wees om vier jaar in die laerskool en een of miskien twee jaar in die middelbare skool aan die verwerwing van duidelikheid te bestee.

Die rede waarom so veel hoofde meen dat twaalf jaar vir die onderrig nodig is, is dus hoelwaarskynlik omdat hulle nie weet waarvan duidelikheid afhanklik is nie en miskien omdat hulle onderrig nie doelgerig is nie.

a.iv Stembeheer.

Stembeheer word in 35.2 persent van die gradeklasse onderrig; die persentasie styg dan geleidelik tot 79.0 in standerd V, daal tot 76.2 in standerd VI, styg tot 81.4 in standerds VII en VIII en daal weer tot 72.4 in standerds IX en X.

Om die stem goed te beheers, moet sekere fundamentele fisiese vaardighede soos asemhaling, in besonder uitaseming, die gebruik van die stemlippe en resonatore, doeltreffend aangewend word. Stembeheer is nou verwant aan duidelikheid en daarom moet duidelikheid en stembeheer in dieselfde klasse onderrig word en daarom ook sal die onderrig dieselfde tyd, dit is vier of vyf jaar, duur.

vir alledaagse doeleindes kan beheers; hulle sal met die minimum inspanning en spanning kan praat. Daarna sal hulle in elke spraaksituasie die geleentheid kry om stembeheer te beoefen sodat dit later 'n gewoontehandeling word.

Alleen die 35 persent van die hoofde wat stembeheer in graad I laat onderrig, het blykbaar die verband tussen duidelikheid en stembeheer ingesien. Terwyl die persentasies hoofde wat duidelikheid in die hoër klasse beoog, 'n dalende neiging toon, toon die persentasies wat stembeheer ten doel stel, daarenteen 'n stygende neiging. Die gevolgtrekking dat die hoofde nie verstaan wat onder ,,stembeheer" inbegrepe is nie, blyk dus geregverdig te wees.

Wat die daling van die persentasie van skole wat stembeheer in standerd VI beoog, aangaan, is die antwoorde verder ontleed en die gegewens is in die onderstaande tabel nr. XIII saamgevat.

T A B E L XIII.

PERSENTASIE SKOLE WAT STEMBEHEER IN STANDERD VI BEOOG, VERGELYK MET DIÉ WAT DIT IN STANDERDS V, VII EN HOËR BEOOG.

Klas	Skool	Persentasie skole wat stembeheer beoog
Std. V	Laerskole	79.0
Std. VI	Laerskole	81.7
Std. VI	Groep II skole	84.6
Std. VI	Groep III skole	58.1
Std. VI	Alle skole	76.2
Std. VII en VIII	Groep II & III skole	81.4
Std. IX & X	-ditto-	72.4

Terwyl die persentasie laerskole en groep II skole, wat stembeheer in standerd VI beoog, gestyg het, toon die persentasie hoërskole dus 'n groot daling. Gedurende die tyd dat die leerling in standerds VI of VII is, verleng die stembande vinnig en is dit noodsaaklik dat stembeheer bespreek word al is dit net by wyse van verduideliking waarom die stem verander, sodat daar nie sielkundige steurings by die leerlinge ontstaan nie. Oordeelkundige oefeninge behoort deur die leerlinge gedoen te word sodat hulle die beheer oor hul stem kan herwin. Die stemveranderinge kan meebring dat die leerling hom nie maklik by die nuwe skool sal kan aanpas nie. Aangesien die standerd VI die eerste klas van die hoërskool is, moet die aanpassing gedurende daardie jaar geskied en daarom moet stembeheer in daardie klas beoefen en nie tot 'n latere jaar uitgestel word nie. Die daling in die persentasie hoofde van hoërskole wat stembeheer in standerd VI laat onderrig, kan dus net aan onkunde toegeskryf word. Die onderrig van stembeheer hoef net in standerd VI, en miskien in standerd VII, te geskied en daarna nie weer nie.

Die persentasies hoofde wat stembeheer in hul skole voorskryf, is laer as dié wat duidelikheid voorskryf; hiervan kan afgelei word dat hoofde van skole duidelikheid as belangriker as stembeheer beskou, terwyl duidelikheid in werklikheid eers verkry kan word as die spreker sy stem in 'n mate kan beheers.

a.viii Hoe om met ouer mense, meerderes, minderes en gelykes te praat.

Net 18.2 persent van die hoofde

van skole laat hierdie werk in graad I doen. Hoe hoër die klas, hoe groter word die persentasie hoofde wat die werk voorskryf, totdat 76.6 persent van die standerd VII klasse geleer word hoe om met ouer mense en andere te praat. Daarna daal die persentasie tot 72.4 van die standerd X klasse.

In hierdie doelstelling word spraaksituasies beskrywe waarin die leerlinge klanke korrek moet uitspreek, duidelik moet praat en die regte intonasiepatrone moet gebruik. Verder moet die leerlinge emosioneel ewewigtig wees en die aanspreekvorme ken. Korrekte uitspraak, duidelikheid en die gebruik van die regte intonasiepatrone (sien a.xi, bladsy 217) word reeds in skole onderrig en die verkryging van emosionele ewewigtigheid is 'n algemene doelstelling van die opvoeding. Al wat dus verder nodig is om met ouer mense en andere te praat, is die aanleer van die aanspreekvorme wat binne 'n tydperk van twee of drie jaar deur leerlinge bemeester kan word. Miskien het hulle nie eers so lank tyd nodig nie.

As 'n kind, wat die eerste keer skool toe kom, hom gou by sy nuwe omgewing moet aanpas, moet hy weet hoe om met al die mense wat hy in die omgewing ontmoet, soos sy onderwyseres, die hoof, sy maats en die ouer leerlinge, te praat. Die kind moet dus vanaf sy eerste dag op skool geleer word hoe om met al die mense te praat. Na standerd II sal die onderrig nie meer nodig wees nie, maar die kind sal nog altyd sulke gesprekke voer.

Dit is dus moeilik om te begryp waarom nog 72 persent van die hoofde die leerlinge in

twaalfde jaar op skool is, laat leer hoe om met ouer mense ens. te praat. Dit kan wees dat die hoofde die vraag verkeerd gelees het; die doelstelling is: ,,die leerlinge moet geleer word om met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes te praat". Sommige hoofde het miskien die onderrig verwar met die oefening. Dit word toegegee dat die leerlinge dwarsdeur hul skoolloopbaan oefening sal kry om met ouer mense te praat, maar na twee of drie jaar op skool hoef hulle nie geleer te word hoe om dit te doen nie.

a.ix Hou van Toesprake.

In minder as 18 persent van die standerd IV klasse word die leerlinge geleer hoe om 'n toespraak te hou, maar daarna styg die persentasie tot 29 in standerd V en tot 86 in standerd X.

Voordat 'n leerling 'n toespraak kan hou, moet hy eers die fisiese vaardighede verwerf en moet hy leer hoe om die spraakeienskappe te gebruik. Daarbenewens moet hy logies kan dink, want hy moet feite versamel en op so 'n manier kies en rangskik dat hy die belangstelling van sy gehoor kan verkry en behou.

Die fisiese vaardighede kan vanaf die grade tot standerd II verwerf word en daarom kan die leerlinge nie eintlik voor die standerd IV of V stadium onderrig ontvang in die hou van toesprake nie. Aangesien die leerlinge 'n lang studie en baie oefening nodig het om doeltreffend met 'n gehoor te praat, moet hulle tot standerd X onderrig word hoe om 'n toespraak te hou.

Die persentasie standerds waarin die werk gedoen word, is egter te laag, want elke

leer en die geleentheid kry om dit te beoefen.

a.x Argumentasie.

Van die hoofde begin 12.4 persent met die onderrig van argumentasie in standerd III en daarna styg die persentasie hoe hoër die standerd word tot 86.2 persent in standerd X.

Kinders ,,stry" al van jongsaf en hulle moet geleer word om hulle verskille duidelik uiteen te sit en te begryp dat 'n verskil van mening niks met die persoon te doen het nie. Hulle moet geleer word dat die grootste vriende van mekaar kan en moet verskil maar dat hulle nog vriende moet bly. Hierdie onderrig is egter vooroefeninge want die leerlinge argumenteer nog nie.

Voordat 'n kind kan argumenteer, moet hy in 'n mate logies kan dink en moet hy argumenteer, nie om 'n ander te verkleineer nie, maar om 'n saak te begryp of om 'n oplossing vir die probleem te vind. Dit is hoofsaaklik die adolessent[1] wat wil ondersoek en dus behoort die tegniek van argumentasie eers teen die einde van die laerskoolkursus of aan die begin van die middelbare skoolkursus onderrig te word.

Die persentasie hoofde wat argumentasie in standerds III, IV en V onderrig, vermeerder dan ook baie vinnig: 12.4 persent in standerd III, 24.3 in standerd IV en 47.5 in standerd V, dus byna vierkeer soveel in standerd V as in standerd III.

Alle leerlinge in klasse vanaf standerd V moet geleer word om te argumenteer en die oefening is veral belangrik in die middelbare skool, want die leerlinge staan dan op die punt om die skool

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese

te verlaat. Dit is nodig vir enig iemand om sy sienswyse duidelik te stel, kalm te bly as iemand anders van hom verskil en vir oortuiging vatbaar te wees, maar om ook 'n steekhoudende argument van 'n onlogiese een te kan onderskei.

a.xi Vertolking van Gevoelens.

Die persentasie skole waarin die vertolking van gevoelens in graad I onderrig word, is 7.9 en styg tot 69.0 in standerd X.

Die gebruik van intonasiepatrone lyk miskien vir die meeste hoofde of dit 'n baie moeilike oefening kan wees. Hulle weet nie dat die eerste begrip van taal wat die kindjie van minder as een jaar gekry het[1], uit die vertolking van intonasiepatrone ontstaan het nie. Die kind het ook al self sy gevoelens deur toonhoogtewysies vertolk nog voordat hy kon praat, vyf of ses jaar voordat hy skooltoe gekom het. Hierdie vermoë moet net verder ontwikkel word en daarom moet die kind hierdie onderrig ontvang sodra hy skool toe kom. Die vermoë om 'n gevoel te vertolk, sal die leerling in staat stel om die geleerde gediggies goed voor te dra; die voordra van gediggies is voorgeskryf vir al die klasse vanaf graad I.

Die persentasie hoofde wat die werk in die klasse van die laerskool voorskryf, is heeltemal te laag; die hoogste is 56.2 in standerd V. Kunswedstryde het veel gedoen om voordrag te verbeter en die meeste skole neem aan een of ander kunswedstryd deel en daarom is dit heeltemal seker dat die persentasie hoofde wat die vertolking van gevoelens in hul

1. Lewis: Infant Speech, p. 3

skole voorskryf, baie hoër is as wat die antwoorde aandui. Die meeste hoofde het blykbaar die doelstellings nie goed begryp nie.

Nie alleen word toonhoogtewysies gebruik om gevoelens te vertolk nie, maar ook toonhoogte-aanslag, stemkleur, tempo, tydsduur, pousering, klem en bewegings en daarom is dit nodig dat die onderrig oor etlike jare versprei sal word. Om eerlikheid en opregtheid in die hand te werk, is dit ook wenslik dat geen kind 'n gevoel sal vertolk wat hy nog nie self ondervind het nie. Die onderrig van die vertolking van gevoelens behoort dus voort te duur tot standerds VII en VIII. Daarna sal die leerling in die geleentheid gestel word om gevoelens te vertolk, maar vir alledaagse doeleindes sal verdere onderrig nie meer nodig wees nie.

a.xii Logiese Denke.

'n Poging word in 6.1 persent van die skole aangewend om logiese denke by die leerlinge in standerd I te ontwikkel. Die persentasie styg geleidelik tot 58.7 in standerd VI, daal tot 53.5 in standerd VII en styg tot 82.8 in standerd X.

Sekere voorbereidende oefeninge kan in standerd II of reeds vroeër gedoen word, maar logiese denke kom eers voor in 'n latere ontwikkelingstadium van die kind, nagenoeg gedurende die standerd IV jaar. Die persentasie hoofde (33.7) wat dit in hierdie klas ten doel stel, is dus heeltemal te laag. In die hoër klasse behoort al die leerlinge in logiese denke onderrig te word. Spraakonderrig is nie al onderrig wat logiese denke kan bevorder nie, maar dit kan en moet sy deel daartoe bydra.

Om uit te vind waarom die persentasie skole wat logiese denke in standerd VII ten doel stel, laer is as in standerd VI, is die antwoorde verder ontleed en word die gegewens in tabel XIV saamgevat.

T A B E L XIV.

PERSENTASIES SKOLE WAT DIE ONTWIKKELING VAN LOGIESE DENKE IN STANDERD VI BEOOG, VERGELYK MET DIE WAT DIT IN STANDERDS V, VII EN HOËR BEOOG.

Klas	Skool	Persentasie skole wat logiese denke beoog
Std. V	Laerskole	52.5
Std. VI	Laerskole	62.8
Std. VI	Groep II skole	69.2
Std. VI	Groep III skole	41.4
Std. VII	Groep II & III skole	53.5
Std. VIII	-ditto-	72.1
Std. IX	-ditto-	75.9
Std. X	-ditto-	82.8

Uit die tabel is dit duidelik dat die meeste hoërskole nie logiese denke in standerd VI beoog nie; dat die persentasie daarna styg maar tog laag bly. Waarom die werk nie in standerd VI gedoen word nie, is nie duidelik nie. Van leerlinge word verwag om byvoorbeeld die stof vir hulle opstelle te rangskik en in paragrawe te verdeel en om probleme in wetenskap en wiskunde op te los. Om al hierdie werk te kan doen, is logiese denke onmisbaar. Die werk word wel in alle hoërskole gedoen en daarom is die gevolgtrekking geregverdig dat die uitdrukking ,,logiese denke" nie goed begryp word nie.

6. Belangrikheid van Doelstellings.

Van die antwoorde kan 'n

gestel word. Volgens die mening is die een doelstelling belangriker as 'n ander omdat die doelstelling deur meer hoofde beoog word as die ander een. Hierdie betreklike belangrikheid kan bepaal word deur die doelstellings te rangskik volgens die hoogste persentasie skole waarin elke doelstelling beoog word. Vir hierdie doel word die standerds in twee groepe verdeel, naamlik:-

(a) die standerds van die laerskool (die grade tot standerd V);

(b) die standerds van die middelbare skool (standerds VI tot X).

T A B E L XV.

BELANGRIKHEID VAN DOELSTELLINGS.

Doelstellings	Laerskool		Middelbare Skool	
	Hoogste Persentasie	Rangorde	Hoogste Persentasie	Rangorde
a.iii Duidelikheid...	95.7	1	97.7	1
a.i Korrekte uitspraak.	95.1	2	93.0	2
a.iv Stembeheer....	79.0	3	31.4	6
a.viii Praat met ouer mense ens.	63.6	4	76.7	7
a.xi Vertolking van gevoelens.	56.2	5	69.0	8
a.xii Logiese denke	52.5	6	82.8	5
a.x Argumentasie.....	47.5	7	86.2	3
a.ix Toesprake hou	29.0	8	86.2	3

Die verwerwing van die vaardighede behoort in breë trekke die werk van die laerskool te wees en die gebruik van die vaardighede in

Die hoofde van laerskole het dus 'n verstandige keuse gedoen soos blyk uit die bostaande tabel. ,,Stembeheer" wat feitlik ,,duidelikheid" insluit, moes net saam met ,,duidelikheid" en ,,uitspraak" eerste gestaan het en ook ,,vertolking van gevoelens", dit wil sê die gebruik van intonasiepatrone, moes ook hoër gestaan het.

Die hoofde van middelbare[1] skole het 'n eienaardige keuse gedoen. ,,Duidelikheid" word as die belangrikste doel beskou terwyl ,,stembeheer", wat noodsaaklik is voordat ,,duidelikheid" verkry kan word, eesde op die lys verskyn. In hulle lys is dieselfde twee vaardighede bo-aan soos in die geval van die laerskole, maar daarna verskil die volgorde heeltemal. As ,,duidelikheid" en ,,uitspraak" weggelaat kon word, sou die volgorde van die oorblywende doelstellings korrek gewees het. Die volgorde sou dan soos volg wees:-

1. Toesprake hou en argumenteer.
2. Logiese denke (nodig vir beide toesprake en argumentasie).
3. Stembeheer.
4. Gesprekke voer met ouer mense ens.
5. Vertolking van gevoelens.

Die redes waarom middelbare skole ,,uitspraak" en ,,duidelikheid" as so belangrik beskou, is nie duidelik nie. Blykbaar praat die leerlinge op middelbare skole onduidelik en is hulle uitspraak slordig; dit kan wees as gevolg van ontoereikende onderrig in die laerskool of as gevolg van die verandering van stem gedurende adolessensie.

Wat ookal die redes mag wees,

1. Die benaming word hier gebruik om beide hoër-

is daar in ons skole nie veel vordering met spraak-onderrig gemaak nie. Dieselfde vaardighede wat in die laerskole onderrig is, word weer in die middelbare skole onderrig. Gelukkig egter word in die middelbare skole meer waarde aan die hou van toesprake en argumentasie geheg, as in die laerskole.

H O O F S T U K V.

METODIEK VAN SPRAAKONDERRIG.

1. Inleiding.

a. In die vorige hoofstuk is telkens daarop gewys dat hoofde van skole blykbaar nie die doelstellings van spraakonderrig goed begryp nie. Uit die antwoorde op vraag III, prosedure in spraakonderrig, kan dan verdere inligting ingewin word aangaande die begrip wat die hoofde aan die doelstellings heg. Daar sal verder ook kan bepaal word hoe om elke doelstelling te probeer bereik.

Om uit te vind of spraakonderrig werklik ernstig aangepak word, is hoofde gevra om te meld hoeveel tyd aan spraakonderrig as sodanig afgestaan word (Vraag IV). Hieruit sal ook vasgestel kan word hoe belangrik spraakonderrig onder huidige omstandighede beskou word. Die hoofde is egter ook in die geleentheid gestel om te sê hoe belangrik hulle spraak beskou (vraag V) en in hul antwoorde was dit nie nodig om hulle by die huidige beperkings, soos die invloed van eksamens, te bepaal nie, maar die hoofde kon die toestand skilder wat vir hulle so naby moontlik die ideale een blyk te wees.

Elk van die groepe antwoorde op die verskillende vrae word hieronder afsonderlik behandel.

b. Die hoofde is gevra om kortliks aan te dui hoe hulle elke beoogde doel probeer bereik. 'n Aantal hoofde het die vraag nie beantwoord nie. Die antwoorde van die ander hoofde kan

in drie groepe ingedeel word, naamlik die antwoorde (i) wat verkeerd is, (ii) wat dubbelsinnig is, dit wil sê wat op meer as een doelstelling van toepassing kan wees, en (iii) wat toon dat die hoof die doelstelling begryp en min of meer weet hoe om dit te bereik.

Hieronder word die metode vir die verwesenliking van elke doelstelling afsonderlik bespreek. Voordat die antwoorde beoordeel kan word, moet eers 'n norm gevind word. In die bespreking wat volg, word in die eerste paragraaf beskrywe hoe die doel bereik kan word en in die tweede gedeelte word die antwoorde van die hoofde aan die uiteensetting getoets. Die norms is teoreties en is opgestel na 'n diepgaande studie van spraakonderrig en uit eie ervaring. Voorbeelde uit die antwoorde word aangehaal om te wys watter antwoorde as verkeerd, twyfelagtig of as aanneemlik beskou word.

2. Metodiek van Spraakonderrig.

a. Bespreking van Antwoorde.

a.i Die Korrekte Uitspraak van die Moedertaal.

Om korrekte uitspraak te verkry, moet die gehoor verskerp word, moet die artikulasie korrek wees en moet aan die sogenaamde assimilasie-reëls voldoen word. Die leerling moet so fyn kan hoor dat hy sy eie spraakuiting kan beoordeel en dat hy kan hoor waar sy spraak van die standaard-uitspraak afwyk, anders word tevergeefs getrag om sy uitspraak te verbeter. Die kind moet geleer word om elke klank in die spreektaal korrek te artikuleer. Die oorgrote meerderheid van die leerlinge sal die

kulasie van klanke wat moeilikheid veroorsaak, moet so ingeoefen word dat dit 'n gewoontehandeling by die kind word. Dan moet die kind daarop gewys word dat terwyl hy hardop lees of gediggies voordra, hy nie elke letter moet uitspreek nie maar hom aan die assimilasiereëls moet hou soos hy heelwaarskynlik doen as hy praat. As hy gedurende 'n spraakuiting hier en daar 'n fout begaan, moet hy baie oefening kry om die regte uitspraak in te oefen.

Dit is nie van hoofde van skole verwag om die vraag so volledig te beantwoord nie; die beskikbare ruimte het ook gewys dat net aanduidings soos byvoorbeeld: ,,1. verskerping van gehoor, 2. korrekte artikulasie, 3. klanksamevloeiing"[1]), voldoende sou wees. Nie een van die antwoorde wat as aanneemlik beskou is, was ook heeltemal volledig nie; as die indruk verkry is dat die hoof min of meer begryp wat in die doelstelling opgesluit is en as hy min of meer weet hoe om dit te verkry, is die antwoord as aanneemlik beskou. 'n Hoof het die vraag so beantwoord: ,,Onderwyser stel voorbeeld. In alle vakke word gelet op die uitspraak. O. spreek reg uit - die klas sê na en dan individuele leerlinge"[2]). 'n Ander hoof het 'n vollediger antwoord gegee: ,,deur 1. te luister na korrekte uitspraak deur die onderwyser gebruik, 2. dikwelse uitspraak en herhaling van betrokke woord deur leerlinge, gesamentlik en indiwidueel. Klanke en ritme deur koorpraat[3])".

1. Wenke in verband met Taalonderrig, vernaamlik van die Tweede Taal in Laerskole, Transvaalse Onderwysdepartement; 1946, 4.
2. P.L.l.d.i. nommer 1 skool in die groep van E laerskole; die antwoorde is genommer om verwysing te vergemaklik en het geen ander betekenis nie.
3. P.A. 6.

Voorbeelde van antwoorde wat as verkeerd beskou word, is: ,,Die aanmoediging van vlotheid en vaardigheid in lees sal korrektheid meebring"[1] en ,,Mond genoegsaam oop te maak, duidelik te praat, stadig praat, oplet na onderwyser se mond"[2]. In die antwoorde wat as dubbelsinnig beskou word, is baie keer spraaksituasies aangedui sonder om te verduidelik wat gedoen moet word, soos byvoorbeeld: ,,mondelinge werk, voordrag, weergee van gelese stukke ens."[3] en ook: ,,deur voorbeeld en genoegsame oefening. Meer gevorderd: onderlinge kontrole"[4]. Dit is heeltemal moontlik dat die hoofde die doelstelling goed begryp maar hul antwoorde kan betrekking hê op korrekte uitspraak, grammatikale korrektheid, duidelikheid en stembeheer.

a.ii <u>Die Grammatikaal Korrekte Gebruik van die Moedertaal</u>.

Aangesien hierdie doelstelling nie 'n doel van spraakonderrig is nie, word dit slegs kortliks hier bespreek.

As kinders geleer moet word om 'n taal grammatikaal korrek te besig, moet hulle in die geleentheid gestel word om heelwat te praat, sodat die foute wat begaan word, opgeteken kan word. In taallesse kan die foute behandel word en 'n poging kan aangewend word om dit uit te skakel. By 'n volgende geleentheid kan die onderwerp van die spreekles sô gekies word dat uitgevind kan word of

1. P.F. 18.
2. P.D. 16.
3. H.A. 7.
4. Groep II 14.

die leerlinge nog dieselfde foute begaan.

Hier volg twee voorbeelde van antwoorde wat as aanneemlik beskou is:,,Deur bv. die beoefening van uitstaande grammatikale foute byvoorbeeld ,wil' vir ,wou', ,sal' vir ,sou', ,kan' vir ,kon' ens."[1] en: ,,Behandel foute wat algemeen voorkom byvoorbeeld: ,,Ek sit op dit (daarop), waarop ens. Verlede tyd van kan,wil ens."[2]. Voorbeelde van antwoorde wat as dubbelsinnig geklassifiseer is, is: ,,Leerlinge in standerd VII word aangemoedig om te lees en stukkies goeie prosa van buite te leer"[3] en: ,,Opstelle, briewe en mondelinge werk"[4]. Die volgende antwoorde is as verkeerd beskou: ,,Die verkeerde sin word voorgesê en deur die leerling herhaal"[5] en: ,,(a) Sinne op flitskaarte (b) Woorde op flitskaarte van voorwerpe in die klas (c) Duidelik en indiwidueel en in koor(e) Stem in verskillende tempos van spoed, en sag, gewoon en hard"[6].

a.iii Duidelikheid.

Duidelikheid is afhanklik van artikulasie, die gebruik van resonatore en asemdruk. Hoe skerper die artikulasie, hoe duideliker die spraakuiting en hoe verder kan die klanke gehoor word; veral moet aandag aan die frikatiewe en eksplosiewe klanke bestee word[7]. Dit moet goed begryp word dat hier die klanke van die spreektaal bedoel word en nie die letters van die skryftaal nie.

1. P.C. 3.
2. P.C. 11.
3. H.C. 3.
4. H.A. 7.
5. P.E. 24.
6. P.A. 27.

Tweedens moet die kinders geleer word om die beste gebruik van hul resonatore, die neus-, keel- en mondholtes, te maak om sodoende die trilling van die stembande soveel moontlik te versterk. Aangesien die natuurlike toonhoogtes van die stemme van leerlinge verskil, sal die grootte van die openinge van die holtes en die spanning van die wandspiere by die leerlinge ook verskil. Die leerling moet dus gehelp word om die maksimum resonans vir homself te vind en dan hoofsaaklik van die resonans gebruik te maak. Die asemdruk wat nodig is om aan die klanke in 'n bepaalde situasie voldoende draagkrag te gee, moet elke leerling ook vir homself bepaal. Die leerlinge moet geoefen word om met iemand langs hulle te praat, met iemand in die middel van die klaslokaal en met iemand heel agter in die lokaal. Geen leerling moet toegelaat word om sy stemlippe te veel te span en dus te ,,skreeu" nie. Duidelikheid moet verkry word met so min spierspanning moontlik.

Voorbeelde van aanneemlike antwoorde volg: ,,Korrekte artikulasie word aangemoedig; stadig en duidelik praat word as doel gestel"[1] en ,,Baie klem word gelê op die ronde klanke asook die laaste letters van 'n woord wat te sag gesê word. Leerlinge word aangemoedig om nie te vinnig te praat nie en mond mooi groot oop te maak"[2]. Geen een van hierdie antwoorde is volledig nie maar die hoof begryp darem iets van die aard van duidelikheid. Geeneen van al die antwoorde was heeltemal volledig

1. H.A. 2.
2. P.F. 33.

nie, want geen hoof het artikulasie, resonans en asemdruk gemeld nie.

Antwoorde wat as dubbelsinnig beskou is, is: ,,Voorbeeld van onderwyser; gedurige aanmoediging; voordrag, estetiese gevoel ontwikkel"[1] en ,, Voorbeeld deur onderwyser, korreksie van leerlinge en voordrag en aandag onderling"[2]. Die antwoorde kan op 'n hele aantal ander doelstellings ook van toepassing wees.

Die volgende antwoorde is as verkeerd beskou: ,, ,Lomp' sinne word op die swartbord behandel[3]" en ,,(a) deur voorbeeld van onderwyser (b) deur slordige uitspraak tydig en ontydig te korrigeer (c) deur 'n lysie te maak van woorde wat leerlinge graag verkeerd uitspreek en hulle dan dikwels korrek te laat uitspreek"[4].

a.iv Behoorlike Stembeheer.

Vir die ontwikkeling van stembeheer is die beheersing van al die spiere wat met asemhaling en spraak gemoeid is, essensieel. Die spiere is hoofsaaklik dié van die buik, middelrif, bors, strottehoof, keel en mond en hulle moet na willekeur saamgetrek of ontspan word. 'n Spreker wat sy spiere doeltreffend beheers, word aan sekere eienskappe van sy spraakuiting geken. As die eienskappe aangekweek word, word die spiere onder beheer gebring en daarom trag onderwysers om die eienskappe by leerlinge aan te kweek.

Die toonhoogte-aanslag moet nor-

1. Groep II, 1.
2. H.B. en C. 7.
3. P.F. 24.
4. P.E. 34.

maal wees vir die ouderdom en geslag van die spreker; dit kan deur die onderwyser met behulp van 'n klavier bepaal word. Daar moet egter afwisseling ook wees en daarom moet die leerling sy toonhoogte-aanslag ook kan verander. Die leerling moet die toonhoogtewysies wat aan die spreektaal eie is, kan gebruik, maar hy moet die spseling tussen die hoogste en laagste toonhoogtes groter of kleiner kan maak om sodoende sy gevoelens behoorlik te kan vertolk. Vir hierdie vertolking is 'n verandering van stemkleur ook noodsaaklik; in alledaagse gesprekke moet die stem mollig wees maar droefheid word vertolk deur 'n skor stem en moedeloosheid deur 'n dowwe stem. Die spreker moet sy uitaseming goed kan beheers sodat hy nie alleen duidelik kan praat nie, maar sodat hy sekere woorde kan beklemtoon om aan hulle meer waarde te heg; die spreker sal dus van sterk en swak vorme gebruik maak. Die geluidsterkte van die spraakuiting moet egter ook verandering ondergaan sodat dit nie eentonig word nie en om die verandering teweeg te bring, moet die asemdruk ook afwissel. Die relatiewe duur van klanke sal onder uitspraak behandel word, maar die absolute duur het 'n vertolkende funksie. Die spreker sal die duur moet kan afwissel en sy tempo laat aanpas by die gevoelswaarde van die stof.

Min hoofde het geweet hoe om die doel te bereik en soos in die ander gevalle is geen volledige antwoord ontvang nie. Voorbeelde van antwoorde wat as aanneemlik beskou is, is: ,,Formeel: deur spreekoefeninge (regulering van asem en organe). Informeel: Vertolking van gemoedstoestande"[1] en ..Korrekte asemhaling en artikulasie,

woord- en klankdril, frasering, ritmiese liedere. Nooit die klas as geheel, maar in klein groepies laat praat"[1]. Dubbelsinnige antwoorde is die volgende: ,, D.m.v. voordrag en dramatiese beskrywing"[2] en ,, Dit word meer bepaald beoefen in leeslesse maar verder in alle praat - e.a. mondelinge werk. Die leerlinge moet leer dat sekere woordgroepe saam gesê moet word omdat hulle saam 'n eenheid vorm"[3]. Die volgende sitate is voorbeelde van verkeerde antwoorde: ,,Vraag en antwoord. Maak leerlinge bekend (vertroud) met die betekenis van woorde, sinswendinge en idiomatiese uitdrukkings sodat hulle dit korrek kan aanwend"[4] en ,,Onderskeid maak tussen woorde wat gepraat word en bloot 'n beskrywing"[5].

a.v. Uitbreiding van Woordeskat.

Dit is nie 'n doel van spraakonderrig nie en daarom word hier nie baie aandag daaraan bestee nie. Enige antwoord wat daarop wys dat nuwe woorde doelbewus aangeleer word, is beskou as aanneemlik. Voorbeelde hiervan is: ,,Nuwe spreeklesse word gedurig voorberei deur onderwyser en leerlinge. Nuwe woorde en verskynsels word op bord gestel en beoefen in korrekte gebruik daarvan in sinsverband en betekenis"[6] en ,,Nuwe woorde i.v.m. nuwe onderwerpe te besig. Herhaling"[7]. Die antwoorde wat op meer as een doelstelling be-

1. P.A. 28.
2. H.A. 1.
3. H.A. 18.
4. P.E. 8.
5. P.F. 1.
6. P.D. 3.
7. P.D. 11.

trekking kan hê, is geklassifiseer as ,,dubbelsinnig". Voorbeelde hiervan is: ,,Lees, Resiteer, dramatiseer, spelling, grammatika, letterkunde"[1] en ,,Leesles, vertelling deur onderwyseres, spreekles"[2]. Van hierdie antwoorde kon geen een as ,,verkeerd" beskou word nie.

a.vi Weergawe van die Inhoud van 'n Gelese Gedeelte.

Hierdie doelstelling is ook nie 'n doelwit van spraakonderrig nie en daarom is die bespreking kort. Van die leerlinge word eers verwag om 'n gedeelte te lees en vrae op die inhoud te beantwoord, maar hoe verder die leerlinge vorder, hoe meer word van hulle verwag om die inhoud sonder hulp weer te gee.

As aanneemlike antwoorde dien die volgende as voorbeelde: ,, (a) Begripstoetse (b) Gedurige stimulerende vrae"[3] en ,,Mondelinge weergawe van boeke, tydskrifte in breë trekke of in besonderhede"[4]. Die volgende antwoorde is voorbeelde wat as dubbelsinnig beskou word: ,,Korrek, met stembuigings en hard"[5] en ,,Onderwyser help altyd leerlinge waar hulle hulself nie behoorlik kan uitdruk nie"[6]. Uit al die antwoorde is daar net een gevind wat as verkeerd beskou kan word; die hoof het geskrywe: ,,Wys op verteltrant van iedere les. Stembuiging"[7].

a.vii Weergawe van Kennis.

Die weergawe van kennis is nie

1. P.C. 10.
2. P.B. 3.
3. H.C. en B. 7.
4. H.C. en B. 10.
5. P.F. 2.
6. P.F. 12.

'n doel by spraakonderrig nie omdat die doel gewoonlik is om uit te vind wat die kind ken en nie hoe hy die kennis weergee nie. Hierin kry die leerlinge baie oefening, want dit gebeur elke dag gedurende byna elke les dat aan die leerlinge vrae gestel word om uit te vind wat hulle van die reeds behandelde werk onthou.

Van die aanneemlike antwoorde is die volgende voorbeelde: ,,Vra raad oor onderwerp binne bereik. Leerlinge toets mekaar met vrae, raaisels, ens."[1] en ,,Oor 'n bekende onderwerp praat. Hoe 'n mens dit of dat self kan maak. Beduie my na daardie plek"[2]. Die doelstelling is so algemeen in die onderwys dat 'n hele aantal hoofde dit nie die moeite werd geag het om die prosedure in besonderhede te beskrywe nie en sê net: ,,Oefening"[3] of ,,Praat en lees"[4]. Min antwoorde kan beskou word as verkeerd, maar tog is daar sulke antwoorde wat blykbaar as antwoord op 'n ander vraag hier ingeskryf is, byvoorbeeld: ,,Skoolbiblioteek boeke se inhoud weergee in eie woorde"[5] (skynbaar 'n antwoord op die vorige vraag a.vi) en ,,1. Brief en opstel 2. samespraak aanvul 3. skeppende werk - ook gediggies"[6].

a.viii <u>Gesprekke voer met Ouer Mense Meerderes, Gelykes en Minderes</u>.

In hierdie doelstelling word 'n spraaksituasie beskrywe waarin verworwe vaardighede gebruik moet word en waarin sekere karaktereienskappe onontbeerlik is. Gelukkig het die normale leerling hom al dikwels in sulke situasies bevind en is dit ge-

1. P.E. 2.
2. P.E. 16.
3. P.D. 7.
4. P.D. 9.
5. P.F. 2.
6. P.F. 7.

woonlik net nodig om hom hier iets te leer en daar reg te help.

Die belangrikste eienskappe wat nodig is om onder bogenoemde omstandighede doeltreffende gesprekke te voer, word hieronder bespreek. Dit is essensieel dat die uitspraak van die leerling ooreen sal kom met die standaard-uitspraak, sodat sy uiting verstaanbaar sal wees. Ook belangrik is duidelikheid; die ouer mense kan nie so goed hoor nie en die leerling is geneig om te mompel as hy in die tenwoordigheid van sy meerderes is. Nou verbonde aan duidelikheid in hierdie geval is die tempo. By ouer mense moet die kind stadiger praat en in die teenwoordigheid van sy meerderes moet die kind nie senuweeagtig word en dan te vinnig praat nie. 'n Te stadige spraakuiting moet ook nie aangemoedig word nie. Wat in hierdie situasie van besonder belang is, is die gesindhede van die kind: hy moet nie beskroomd en bedeesd wees in die teenwoordigheid van ouer mense en sy meerderes nie, daarenteen moet hy geensins vrypostig wees nie. Teenoor sy gelykes moet hy vriendelik wees maar die vriendelikheid moet ook nie oordrywe word nie en deur sy minderes sal hy met agting bejeën word as hy nie baasspelerig, parmantig en onredelik is nie. Die leerling moet die intonasiepatrone al so magtig wees dat hy sy beleefdheid, respek en toegeneentheid daardeur sal kan uitdruk. Ten slotte moet die kind weet watter aanspreekvorme hy vir elke persoon moet gebruik. Die kennis en die sekerheid dat hy weet hoe om dit te gebruik, sal al baie help om vertroue te gee en hom vrymoedig te maak.

in hierdie geval ook baie onvolledig, omdat so min hoofde besef wat die doelstelling alles insluit. Hieronder is voorbeelde van antwoorde wat as aanneemlik beskou is: ,,Die verskillende terme wat gebruik word met omgang met die genoemde persone word geleer byvoorbeeld Meneer, Oom, Ds., Dr., ens.ens."[1] en ,,Laat klasmaats (a) ouma of oupa, meneer of mejuffrou, Ds., (b) maat, boetie, sussie (c) outa Jan ens., voorstel. Vertel aan hulle huisnuus"[2]. Voorbeelde van dubbelsinnige antwoorde is: ,,Spesiale opvoedkundige praatjies"[3] en ,,Voorbeeld, samesprake"[4]. In verband met hierdie doelstelling is geen antwoorde ontvang wat as verkeerd beskou is nie.

a.ix Hou van Toesprake.

Die doelstelling beskryf ook 'n spraaksituasie waar een persoon gewoonlik voor 'n hele aantal ander persone optree met die bedoeling om die luisteraars te beïnvloed. 'n Volledige beskrywing van die hou van 'n toespraak word in hoofstuk VII gegee[5] en daarom word hier net die belangrikste aangestip. Die leerlinge sal moet begryp dat die geleentheid en die gehoor die doel met hul optrede en die onderwerp van die toespraak sal moet bepaal. Die stof moet versamel en gerangskik word maar die keuse van stof en ook die rangskikking daarvan sal ook deur die doel, die geleentheid en die gehoor bepaal word. Van die voorbereidende werk kan die leerlinge aantekeninge maak, maar hulle sal goed moet be-

1. P.C. 8.
2. P.C. 11.
3. P.B. 1.
4. P.B. 4.
5. Sien bladsy 324.

begryp wat die waarde van aantekeninge is en hoe dit gebruik moet word. Om die stof voor te dra en die gehoor te beïnvloed, moet die stem aangenaam wees en draagkrag besit. Aangesien die aandag nie lank by een ding bepaal word nie, moet daar afwisseling wees om te voorkom dat die gehoor verveel word; die toonhoogte, intensiteit, tempo en duur van pouses moet almal afwissel. Die spreker moet ook die gehoor laat besef hoe hy oor die saak voel en hy sal nie gevoel kan vertolk sonder om van bewegings gebruik te maak nie. Om die gehoor te beïnvloed, moet die spreker vrymoedig, eerlik en opreg wees en moet hy werklik in die gehoor belangstel, want daardeur alleen sal hy hulle samewerking verkry.

Die hoofde van skole verstaan blykbaar nie wat alles in die hou van 'n toespraak opgesluit is nie en in baie gevalle word in hul antwoorde net die situasie genoem waarin 'n toespraak gehou kan word. Ook is daar geen hoof wat 'n volledige antwoord gegee het nie. As voorbeelde van aanneemlike antwoorde word die volgende aangehaal: ,,Onderwyser en klas berei saam toespraak voor - leerlinge dra toespraak met behulp van aantekeninge voor. Doen self voorbereiding met gebruik van sekere gegewe woorde, en dra aan klas voor"[1] en ,,1. Keuse van onderwerp aangepas te wees by ontwikkeling en belangstelling 2. Geleer hoe om gehoor aan te spreek 3. Geleer om onderwerp sistematies te behandel 4. Toespraak voorberei"[2]. Die dubbelsinnige antwoorde is soos die volgende: ,,Debatte"[3] en ,,Klasdebatte na deeglike voorbereiding"[4]. Uit al hierdie antwoorde

1. P.A. 28.
2. Groep II, 6.

is daar net twee wat as verkeerd beskou kan word: ,,Die hou van debat of argumente"[1]. Hierdie antwoord is seker net per abuis onder die verkeerde vraag geskrywe. Die ander antwoord: ,,Vir die uitskakeling van fundamentele foute in spraak"[2], dui miskien op die invloed van die hou van toesprake.

a.x Argumentasie.

Voordat 'n leerling kan argumenteer, moet hy eers 'n oordeel kan vel en uit een of meer oordele 'n afleiding kan doen; met ander woorde hy moet kan redeneer[3]. Sy redenering en gedagtegang moet hy in woorde kan uitdruk en moet hy so kan verduidelik dat hy sy gehoor kan oortuig. Hy moet ook die redenering van 'n ander kan volg, kritiek luister en op swakhede wys. Argumentasie maak 'n deel uit van beraadslaging[4], wat alleen kan plaasvind as die verskillende deelnemers gewillig is om saam te werk. Dit is dus belangrik dat die leerling gedurende argumentasie die regte gesindhede moet aankweek; hy moet op 'n beleefde en hoflike manier van 'n ander verskil, kalm bly, moet eerlik en opreg wees en nie probeer om 'n ander een te verkleineer nie; hy moet nederig wees, want hy moet besef dat die mening van die ander persoon miskien net so naby aan die waarheid is as syne, as dit nie miskien nog nader is nie. Al die leerlinge moet begryp dat die doel van 'n argumentasie nie is om te wys hoe slim hy is of om 'n opponent te verslaan nie, maar dat dit 'n strewe is na waarheid. In die soektog is elke deelnemer nodig en moet hulle mekaar help en

1. P.F. 4.
2. P.F. 25.
3. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 142.

aanvul.

Die antwoorde van die hoofde is ook hier onvolledig. Die hoofde het nog nie tot die kern van die saak deurgedring nie en het nog glad nie gelet op die nadelige uitwerking wat argumentasie op die skrander leerling se karakter kan hê nie. Voorbeelde van aanneemlike antwoorde is: ,,In spreekles en debatte. Leer kinders om swakhede in opponent se toespraak te sien en aan te vul"[1] en ,,1.eenvoudige alledaagse argument tussen twee persone uitlok byvoorbeeld die beste voetbalspan, stokperdjies ens. 2. Klas in 2 groepe verdeel (a) die beste vervoermiddel tw. die motorkar of vliegmasien (b) die trekker of span osse"[2]. Die oorgrote meerderheid van die antwoorde wat dubbelsinnig beskou is, noem net klasdebatte, soos byvoorbeeld: ,,Klasdebatte"[3] en ,,Opstelle (feite-opstel) klas en skooldebatte"[4]. Die antwoord ,,klasdebat" kon miskien aanneemlik gewees het as soveel hoofde nie ook dieselfde antwoord gebruik het vir die hou van toesprake nie[5]. Die een antwoord wat blykbaar verkeerd is, is: ,,Vraag en antwoord"[6]; as die hoof dit net 'n bietjie meer verduidelik het, kon die antwoord miskien aanneemlik gewees het.

a.xi <u>Vertolking van Gevoelens.</u>

Die bedoeling met die vraag was dat hoofde moes sê hoe kinders geleer word om hul gevoelens gedurende 'n spraakuiting te vertolk. Ten spyte van die feit dat die hele vraelys oor spraak en

1. H.B. en C. 6.
2. P.A. 6.
3. H.A. 21.
4. H.A. 8.
5. Sien bladsy 236 hierbo
6. P.D. 16.

spraakonderrig gaan, het sommige hoofde hier van die skrywe van opstelle en gediggies melding gemaak. Die mondelinge vertolking van gevoelens verskil baie van die skriftelike vertolking en in hierdie bespreking word net die mondelinge vertolking behandel.

As 'n persoon voel, dan voel hy met sy hele wese en die gevoel vind dan uiting in alles wat hy doen; daar is geen enkele faktor wat alleen die gevoelswaarde dra nie, maar alles wat die spreker doen dra daartoe by. Van die spraakuiting het die woorde miskien die minste invloed in die vertolking van gevoelens. Die leerlinge moet die gevoelswaarde van elke intonasiepatroon ken en hulle moet weet hoe om die gevoelswaarde te versterk of te wysig deur die speling tussen die hoogste en laagste toonhoogtes in die patroon te verander. Vir elke gevoel is daar 'n ander stemkleur, geluidsterkte en tempo nodig. Die manier van beklemtoning en die duur van pouses vertolk ook die gevoel. Wat dus van groot belang is, is die gebruik van die ritmies-melodiese eienskappe. Die spreker sal egter nie doodstil kan staan nie, en as hy beweeg, sal hierdie bewegings die gevoel wat hy vertolk, moet versterk. Om die leerlinge paslike en egte gebare en bewegings aan te leer, moet hulle baie verhale en gebeurtenisse dramatiseer.

As voorbeelde van aanneemlike antwoorde word die volgende aangehaal: ,,Dramatisering om gevoelens van blydskap, teleurstelling, droefheid ens., uit te spreek"[1] en ,,Met voorbeelde van regte stembuiging, en beklemtoning"[2]. Voor-

1. P.B. 6.

beelde van antwoorde wat op meer as een doelstelling betrekking kan hê is: ,,Deur alledaagse situasies weer te gee byvoorbeeld besoeke aan 'n vriend in 'n hospitaal"[1] en ,,Deur gewaarwordinge, sintuie, emosies, sentiment, afkeur, goedkeuring ens., te benadruk"[2]. Dit is baie moeilik om te sê of daar eintlik verkeerde antwoorde is, want enige spraakuiting moet met gevoel gepaard gaan, sodat, as 'n hoof enige spreekoefening meld, moet daar 'n mate van vertolking van gevoelens wees. Minder geslaagde oefeninge egter sou die volgende wees: ,,Deur vraag en antwoord. Deur hulle aan te moedig om jou enige iets te vertel"[3].

a,xii Logiese denke.

Vir enige denke moet daar denkmateriaal wees en as die materiaal vir 'n bepaalde doel verwerk word, word die aktiwiteit logiese of doelbewuste denke[4] genoem. Om die leerlinge dus oefening in die denke te gee, moet daar eers die materiaal versamel, uitgekies en gerangskik word om aan sekere vereistes te voldoen. Die oefening word nie alleen gedurende spraakonderrig gegee nie, maar die meeste lesse op skool sluit 'n oefening in logiese denke in. In die spreeklesse kry die leerling die oefening gewoonlik gedurende sy voorbereiding vir 'n selfstandige optrede gedurende spraaksituasies, soos beraadslagings, debatte en met die hou van toesprake.

Daar is heelwat hoofde wat die doelstelling goed begryp en wat weet hoe om die leerling daarin te laat onderrig. Voorbeelde van sulke

1. P.E. 5.
2. P.E. 22.
3. P.E. 8.
4. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Op-

antwoorde is: ,,Alle gegewens te versamel en dan gevolgtrekking te maak"[1] en ,,Rangskikking van gedagtes oor sake en onderwerpe. Vergelyking van sulke rangskikkings op die bord"[2]. Die antwoorde wat dubbelsinnig is, is miskien maar net onvolledig soos die volgende: ,,Praat, stelwerk, lees"[3] en ,,Mondelinge opstelle en vertellings"[4]. Daar is geen antwoorde wat as verkeerd beskou kan word nie.

b.i Voorbereiding vir 'n Opstel.

Gedurende hierdie les kry die onderwysers die stof vir die opstel van die kinders of hy gee aan hulle die stof. Hy help hulle dan met die keuse of die rangskikking van die materiaal. Waar nodig, word nuwe woorde en uitdrukkings geleer en die leerlinge word op die spelling daarvan gewys. Die bereiking van hierdie doel is nie die werk van spraakonderrig as sodanig nie.

Sommige hoofde het die prosedure wat in hul skole gevolg word, duidelik uiteengesit, soos die voorbeelde hieronder: ,,Sinsnedes rakende die onderwerp word behandel. Onbekende woorde word afgeskryf. Feite-materiaal word versamel"[5] en ,,Sprekles gegee met beklemtoning van sinsnedes, uitdrukkings ens., wat weer in die opstel gebruik word"[6]. Ander hoofde weer het hul metode nie so duidelik geskilder nie, heelwaarskynlik omdat die prosedure so goed bekend is. Die antwoorde wat volg, is as dubbelsinnig beskou: ,,Laat die spreekles deurleef word, skep die situasie en die reaksie

1. P.D. 1.
2. P.D. 3.
3. P.C. 10.
4. H.A. 6.
5. P.B. 2.
6. P.D. 6.

moet spontaan wees"[1] en ,,Maak 'n deel uit van al die voorbereidende werk wat aan die end van die 14 dae op 'n skriftelike opstel uitloop"[2]. Daar is een antwoord wat as verkeerd beskou kan word; dit is heelwaarskynlik net by die verkeerde vraag ingeskrywe: ,,Debat, voorbereide toesprake, algemene bespreking"[3].

b.ii Voorbereiding vir die Leesles.

Die oefening word gewoonlik net tot die laagste klasse van die laerskool bepaal. Die moeilike woorde in die les word behandel, die uitspraak word herhaal en die betekenisse van die woorde word verduidelik. So 'n bespreking kan ook in hoër klasse plaasvind, maar dan met 'n ander doel. Die belangstelling van die leerlinge in verband met die inhoud kan gaande gemaak word of 'n bespreking kan gehou word om die leerlinge te help om die inhoud te begryp. So kan daar heelwat redes wees waarom 'n les bespreek word voordat dit gelees word. Die bereiking van so 'n doelstelling is egter nie die werk van spraakonderrig nie.

Daar is nie soveel hoofde wat die doelstelling in hul skole beoog nie, maar sommige van hulle begryp goed wat gedoen moet word. Die een skrywe: ,,(a) Opwek van belangstelling (b) Verduideliking van moeilikhede (c) Uitbreiding van die gesigseinder"[4] en 'n ander een: ,,Woorde wat voorkom, uitdrukkings wat voorkom, behandel"[5]. Die volgende antwoord is dubbelsinnig, want daaruit

1. P.A. 10.
2. P.A. 22.
3. P.D. 10.
4. H.B. en C. 7.
5. Groep II 3.

blyk nie duidelik of die spreekles die leesles voorafgaan of volg nie; ,,Leerlinge moet inhoud van lesken - oorvertel en dramatisering; styl van werk, soort van letterkundige genre ens."[1] Die volgende antwoord is verkeerd, omdat die lees van die les die spreekles voorafgaan: ,,Daar word oor die inhoud van leesles gesels, of leerlinge lees eers les en vertel"[2] en ,,Bespreking van die leesles. Leerlinge moet byvoorbeeld vertel wat in die les staan"[3].

b. Samevatting van Antwoorde oor Metodiek.

In die vorige onderafdeling is die antwoorde van die indiwiduele hoofde bespreek. Om te sien hoeveel hoofde aanneemlike antwoorde in verband met die metodiek van spraakonderrig kon gee, is die antwoorde in tabel XVI saamgevat.

Die aantal hoofde wat die doelstellings beoog of beskrywe, is in hierdie tabel nie dieselfde as in tabel VII[4] nie, want sommige hoofde wat sekere doelstellings nie in die skole beoog nie het wel beskrywe hoe daardie doelwitte bereik kan word, en daardie beskrywings is ook in die tabel opgeneem. Die kolom ,,Persentasie hoofde wat geen antwoord verstrek het nie" bevat die persentasies hoofde wat wel die doelstelling beoog maar wat nie beskrywe het hoe hulle dit probeer bereik nie. Die tabel word dan so gelees: Daar het 206 hoofde die vraelys beantwoord[5] en daarvan het 204 die doelstelling a.i(korrekte uitspraak) óf beoog óf verklaar. Die twee hoofde wat nóg die doelstelling beoog het nóg beskryf het, word heeltemal buite rekening gelaat. Dus het 2.5 persent van die 204 hoofde geen antwoord

1. Groep II, 10.
2. H.B. en C, 4.
3. P.A. 24.
4. Sien bladsy, 177.

verstrek nie; 2.0 van die 204 hoofde se antwoorde was verkeerd, 44.1 was dubbelsinnig en 51.5 was aanneemlik.

T A B E L XVI.

SAMEVATTING VAN BESKRYWINGS VAN HOOFDE HOE DOELSTELLINGS BEREIK KAN WORD.

Doelstelling	Aantal skole wat doelstelling beoog of verklaar	Persentasie hoofde wat geen antwoord verstrek het nie	Persentasie Antwoorde		
			Verkeerd	Dubbelsinnig	Aanneemlik
a. i	204	2.5	2.0	44.1	51.5
ii	195	2.1	3.1	40.0	54.9
iii	203	3.4	3.9	64.5	28.1
iv	185	7.6	7.0	60.5	24.9
v	199	3.0	0	33.2	63.8
vi	186	3.8	.5	20.4	75.3
vii	171	4.1	2.9	35.7	57.3
viii	164	11.0	0	51.2	37.8
ix	110	1.8	1.8	84.5	11.8
x	140	2.9	.7	83.6	12.9
xi	155	12.9	7.1	73.5	6.5
xii	153	9.8	0	47.8	42.5
b. i	193	14.5	.5	29.5	55.4
ii	89	18.0	3.4	29.2	49.4

Van die tabel kan afgelei word watter helderheid daar by hoofde oor die algemeen in verband met die bereiking van die doelstellings van spraakonderrig bestaan en in 'n groot mate weerspieël die tabel ook die kennis van hoofde omtrent spraak. Heelwat van die hoofde het foutiewe of dubbelsinnige beskrywings ingedien omdat hulle kennis omtrent spraak ontoereikend is.

Die wisseling van persentasies hoofde wat geen antwoord verstrek het nie, is moeilik om te verklaar. Die hoogste persentasies in hierdie

aanneemlike antwoorde nie. Dus het die hoofde nie net versuim om die moeilikste vrae te beantwoord nie soos byvoorbeeld die metodiek van a.xi (die vertolking van gevoelens), maar ook van die ander waar die metodiek soms ooglopend is en baie goed bekend is, byvoorbeeld b.i (voorbereiding vir n skriftelike opstel).

Opvallend is die lae persentasies verkeerde antwoorde; die syfers sou nog laer gewees het as sommige hoofde nie klaarblyklik antwoorde by die verkeerde vraag geskryf het nie. Die persentasie verkeerde antwoorde kom ook nie ooreen met die persentasie aanneemlike antwoorde nie. Die doelstelling met die laagste persentasie aanneemlike beskrywings naamlik a.xi (vertolking van gevoelens) het ook die hoogste persentasie verkeerde beskrywings naamlik 7.1, maar die drie doelstellings met die minste verkeerde beskrywings, a.v, a.viii en a.xii staan tweede, agste en negende op die ranglys van doelstellings volgens die persentasie aanneemlike beskrywings. Wat wel van die persentasies foutiewe beskrywings van metodiek afgelei kan word, is dat die hoofde oor die algemeen geen verkeerde begrippe van spraak en spraakonderrig het nie.

Aan die ander kant egter is die persentasies dubbelsinnige antwoorde oor die algemeen baie hoog. Dit kan nie beweer word dat al die hoofde wat dubbelsinnige beskrywings ingedien het, nie helderheid oor die bereiking van daardie betrokke doel het nie, want in sommige gevalle het dit gelyk asof die hoof die metodiek as so vanselfsprekend beskou, dat hy nie die moeite gedoen het om sy prosedure nader te omskrywe nie. Dit was veral die geval met

hoofde net ,,debat" geskrywe het, terwyl hulle ook ,,debat" geskrywe het by a.ix (die hou van 'n toespraak). Daarenteen kan van die hoë persentasie dubbelsinnige antwoorde afgelei word dat daar nog by die meeste hoofde heelwat onsekerheid bestaan oor hoe die meeste van die doelstellings verwesenlik moet word.

Om die bespreking te vergemaklik, is al die doelstellings volgens die persentasie aanneemlike antwoorde in tabel XVII in volgorde gerangskik. Die doelstellings met 'n ,,X" gemerk is doelstellings van spraakonderrig.

T A B E L XVII.

RANGSKIKKING VAN DOELSTELLINGS VOLGENS DIE PERSENTASIE AANNEEMLIKE ANTWOORDE.

	Rang nr.			Doelstellings	Persentasie aanneemlike antwoorde
	1.	a.	vi	Weergawe van inhoud van gelese gedeelte.....	75.3
	2.	a.	v	Uitbreiding van woordeskat.....	63.8
	3.	a.	vii	Weergawe van kennis...	57.3
	4.	b.	i	Voorbereiding vir opstel.....	55.4
	5.	a.	ii	Grammatikaal korrekte gebruik van taal.....	54.9
X	6.	a.	i	Korrekte uitspraak....	51.5
	7.	b.	ii	Voorbereiding vir leesles.....	49.4
X	8.	a.	xii	Logiese denke.....	42.5
X	9.	a.	viii	Gesprek voer met ouer mense ens.....	37.8
X	10.	a.	iii	Duidelikheid.....	28.1
X	11.	a.	iv	Stembeheer.....	24.9
X	12.	a.	x	Argumentasie.....	12.9
X	13.	a.	ix	Hou van Toespraak.....	11.8
X	14.	a.	xi	Vertolking van Gevoelens.....	6.5

hoofde nie presies weet hoe om die doelstellings van spraakonderrig te bereik nie want op een na staan hul onder aan die lys en die persentasie aanneemlike beskrywings daal baie laag tot by 6.5. Die hoofde begryp nog merendeels wat korrekte uitspraak is en min of meer hoe dit verkry kan word. Logiese denke staan ook taamlik hoog op die lys, miskien omdat dit nie net deur spraakonderrig beoog word nie maar op ander maniere ook ontwikkel kan word. Meer as 'n derde van die hoofde het ook aanneemlike antwoorde in verband met die voer van gesprekke ingedien, omdat daar melding van aanspreekvorme gemaak is. Die verwerwing van die spraakvaardighede, uitspraak uitgesluit, word deur baie min van die hoofde duidelik begryp, want duidelikheid, stembeheer en vertolking van gevoelens, dit is die gebruik van die ritmies-melodiese eienskappe, staan heel onderaan die lys. As dit onthou word dat aanneemlike antwoorde nie noodwendig volledige beskrywings moes gee nie, sal verstaan word dat daar heelwat onkunde in verband met spraak en spraakonderrig heers en dat die gevolgtrekking wat by die bespreking van dubbelsinnige beskrywings gemaak is, hierdeur versterk word.

3. <u>Tyd aan Spraakonderrig Bestee</u>.

In die volgende onderafdeling word die hoeveelheid tyd wat hoofde aan spraakonderrig afstaan, bespreek, omdat daaruit bepaal sal word hoe belangrik spraak beskou word en dus hoeveel moeite gedoen word om dit doeltreffend te onderrig. Die belangrikheid van spraak sal ook bepaal of dit nodig is om 'n deeglike kennis van spraak en spraak-

Die eerste gedeelte van vraag IV, naamlik: ,,Wat is die werklike klastye van u skool?" is blykbaar deur die meeste hoofde verkeerd verstaan, met die gevolg dat die antwoorde van min waarde is. Die Transvaalse Onderwysdepartement het egter bepaal dat die minimum lestyd vir die grade 20 uur per week, vir standerds I tot VI aan laerskole 22½ uur per week en vir klasse aan die middelbare skole, dit wil sê standerds VI en hoër, 25 uur per week moet wees[1].

Die tweede gedeelte van vraag IV: ,,Hoeveel uur per week word in elke klas aan spreeklesse as sodanig bestee?" is goed beantwoord en die gemiddelde aantal ure per week, daaraan afgestaan in elke klas, word in tabel XVIII gegee.

T A B E L XVIII.

GEMIDDELDE AANTAL URE PER WEEK AAN SPREEKLESSE BESTEE.

Skool	Standerds											
	Gr. I	Gr. II	Std. I	Std. II	Std. III	Std. IV	Std. V	Std. VI	Std. VII	Std. VIII	Std. IX	Std. X
Laerskole	21	20	1.7	1.6	1.4	1.3	1.3	1.3				
Middelbare Skole[2]	17	15	1.5	1.4	1.3	1.3	1.0	.8	.88	.7	.6	.6
Alle Skole..	21	20	1.7	1.6	1.4	1.3	1.3	1.1	.8	.7	.6	.6

Die gemiddelde persentasies van die minimum klastye, deur die Transvaalse Onderwysdepartement vasgestel, wat deur hoofde aan spraakonderrig in die verskillende standerds afgestaan word, word in tabel XIX gegee.

1. Departementele Omsendbrief nr.1 van 1951, 4.
2. Sluit in twaalf laerskole met middelbare afdelings.

T A B E L XIX.

PERSENTASIES VAN MINIMUM KLASTYE AAN SPRAAKONDERRIG AFGESTAAN.

Skool	Standerds											
	Gr. I	Gr. II	Std. I	Std. II	Std. III	Std. IV	Std. V	Std. VI	Std. VII	Std. VIII	Std. IX	Std. X
Laerskole.	10.5	10.0	7.5	7.1	6.2	5.8	5.8	5.8				
Middelbare skole	8.5	7.5	6.7	6.2	5.8	5.8	4.4	3.2	3.2	2.8	2.4	2.4
Alle Skole..	10.5	10.0	7.5	7.1	6.2	5.8	5.8		3.2	2.8	2.4	2.4

L.W. Die gemiddelde persentasie van die standerd VI klasse kan nie bereken word nie, want die klastye in laerskole verskil van die in middelbare skole.

In die middelbare skole word dus deurgaans minder tyd aan spreeklesse bestee as in die laerskole. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die onderwysers aan middelbare skole leerlinge vir eksterne eksamens moet voorberei, terwyl hulle kollegas aan laerskole dit nie meer doen nie. En in die eksamens word ook min punte aan praat toegeken.

Voordat daar besluit kan word of die tyd wat in tabel XVIII aangegee is, onvoldoende is, moet daar vasgestel word hoeveel doelwitte in elke klas beoog word, en daarna hoeveel tyd daar vir die verwesenliking van 'n doelstelling beskikbaar is. Uit hierdie gegewens sal bepaal kan word hoeveel belang in kennis van spraakonderrig gestel word. As in standerd X byvoorbeeld net een doel beoog word, is 36 minute per week heeltemal voldoende.

Die aantal doelstellings vir elke standerd word hieronder in tabel XX aangegee.

T A B E L XX.

GEMIDDELDE AANTAL DOELSTELLINGS VIR ELKE STANDERD.

Skool	Standerds											
	Gr. I	Gr. II	Std. I	Std. II	Std. III	Std. IV	Std. V	Std. VI	Std. VII	Std. VIII	Std. IX	Std X
Laerskole	3.8	4.2	5.4	6.0	7.0	8.1	9.1	9.4				
Middelbare Skole[1]	4.1	4.4	5.6	6.4	7.4	7.8	9.0	9.0	9.7	10.2	10.3	10.2
Alle Skole...	3.8	4.2	5.4	6.1	7.1	8.0	9.1	9.3	9.7	10.2	10.3	10.2

Die tabel toon aan dat hoe hoër die klas, hoe meer doelstellings beoog word miskien omdat die leerlinge meer ontwikkeld is en beter en gouer kan begryp wat hulle geleer word. Dit lyk egter asof hoofde die vraelys verkeerd verstaan het en dat hulle nie bedoel het dat in standerd X daar gepoog sal word om tien doelstellings te bereik nie, maar dat daar gedurende 'n spreekles gelyktydig op vier of vyf doelstellings gelet sal word. Terwyl 'n leerling praat, kan daar gelet word op uitspraak, duidelikheid, stembeheer, logiese gedagtegang en vertolking van gevoelens. So 'n les sal dan hoofsaaklik 'n herhalingsles wees waarin die onderwyser nie probeer om die leerlinge iets nuuts aan te leer nie, maar waarin die verworwe vaardighede toegepas word.

Uit die gegewens in bostaande tabelle (nrs. XIX en XX) kan die gemiddelde tyd wat vir 'n doelstelling in elke afsonderlike klas afgestaan word, bereken word. Die tye, in minute per week uitgewerk (tot die naaste minuut), word in tabel XXI gegee.

1. Sluit 13 laerskole met middelbare afdelings in.

T A B E L XXI.

GEMIDDELDE TYD (IN MINUTE PER WEEK) PER DOELSTELLING.

Skool	Standerds											
	Gr. I	Gr. II	Std. I	Std. II	Std. III	Std. IV	Std. V	Std. VI	Std. VII	Std. VIII	Std. IX	Std. X
Laerskole	33	29	19	16	12	10	9	8				
Middelbare skole...	25	20	16	13	11	10	7	5	5	4	3	4
Alle Skole...	33	29	19	16	12	10	9	7	5	4	3	4

Die tyd vir spraakonderrig in die hoër klasse van die laerskool afgestaan is baie min. Die personeelskaal vir laerskole is so opgestel dat elke onderwyser vir ongeveer 35 leerlinge moet les gee. As 'n onderwyser spraak aan 'n standerd V klas onderrig en hy behandel drie doelstellings saam in een lès, het hy 27 minute per week tot sy beskikking; dit is minder as een minuut per kind per week. As die leerlinge skriftelike werk doen, kan almal gelyktydig skrywe, maar in spraakonderrig is dit dikwels nodig dat die leerlinge afsonderlik sal optree. Daarvoor is die tyd in die hoër klasse van die laerskool te beperk. Die tyd vir spraakonderrig in die middelbare klasse afgestaan is so min dat maar baie min uitgevoer sal kan word veral omdat in hierdie klasse die leerlinge meer selfstandig sal optree. As elke leerling in 'n klas van dertig 'n toesprakie van vyf minute hou en geen enkele sekond gaan verlore nie, is die tyd, toegeken aan die hele spraakonderrig, vir tussen vier en vyf weke daarmee heen. Dit wil dus voorkom asof spraak van min belang beskou word en daarom sal geen hoof besondere aandag aan die

kennis van spraak of spraakonderrig bestee nie.

Hier moet egter bygevoeg word dat in antwoord op die derde deel van vraag IV 67 persent van die hoofde van laerskole en 37.5 persent van die hoofde van middelbare skole beweer dat gedurende die onderrig van ander vakke ook op spraak gelet word. By 33 persent van die laerskole en 62.5 persent van die middelbare skole word by die onderrig van ander vakke deels op spraak gelet. Gedurende dié tyd kan die spraaktegniek in die spraaksituasies gebruik word wat gedurende die skooldag ontstaan, maar die spraaktegniek moet op een of ander tydstip doelbewus aangeleer word. Aangesien die hoofde, heelwaarskynlik in oorleg met die onderwyser van Afrikaans, in die antwoorde op hierdie vraelys min blyke gegee het dat hul veel kennis van spraakonderrig dra, val dit te betwyfel of veel onderwysers van ander vakke, soos geskiedenis, natuurwetenskap, wiskunde, bevoeg sal wees om die leerlinge se spraak te beoordeel en te verbeter.

Dit word erken dat die probleem van tyd in ons skole baie ernstig is, maar met doelgerigte onderwys, met spraakbewuste onderwysers en met 'n leerplan in besonderhede uitgewerk, kan veel verrig word, want gedurende die hele skooldag ontstaan spraaksituasies wat gebruik kan word om spraak te bevorder. Voor dit gedoen kan word, sal die hoofde eers moet besef van welke waarde doeltreffende spraak is, sodat hulle assistente sal uitsoek wat wel kennis van spraak en die metodiek van spraakonderrig dra.

4. Belangrikheid van Spraak.

,,Watter onderafdeling van Afrikaans beskou u van die meeste belang?" is die volgende samevatting gemaak.

T A B E L XXII.

LYS VAN AFDELINGS IN VOLGORDE VAN BELANGRIKHEID.

Volgorde	Laerskole	Middelbare skole
1.	Praat	Skriftelike Stelwerk
2.	Lees	Praat
3.	Skriftelike Stelwerk	Lees
4.	Spelling	Letterkunde
5.	Resitasie	Spelling
6.	Grammatika	Grammatika
7.	Letterkunde	Resitasie

Volgens die algemene mening van die hoofde van skole is praat een van die belangrikste afdelings, indien nie die belangrikste nie, van die taal.

Ook moes die redes aangegee word waarom die afdelings so gerangskik is. 'n Opsomming daarvan word in tabel XXIII gegee.

T A B E L XXIII.

Redes vir Volgorde van Afdelings.

Skole	Hoofde wat Praat as belangrikste afdeling beskou.		Hoofde wat praat nie as die belangrikste afdeling beskou nie.		
	Praat as hulpmiddel vir verwerwing van kennis van taal	Praat as beste middel vir Sosiale omgang.	Praat as hulpmiddel vir verwerwing van kennis.	Praat as beste middel vir Sosiale omgang.	Ander
Laerskole	37	72	2	11	9
Middelbare Skole	5	14	0	12	8
Alle Skole	42	86	2	23	17

Wat veral verblydend is, is dat soveel van die hoofde wat die vraag beantwoord het (64.1 persent), ingesien het dat praat die beste middel vir sosiale omgang is; dit is die minderheid wat praat alleen as 'n middel beskou om kennis te verwerf. Daar is deur die hoofde geskrywe: ,,Samelewing vereis praat" (H.A.16)[1], sommige gaan verder en sê: ,,Praat is die siel en wese van die taal" (P.F.9) en ook: ,,Praat is die grondslag van enige taal. Die lewe is daarom geweef" (H.B.8). Een sien dit nog dieper in: ,,Praat is die belangrikste geestelike aktiwiteit van die mens". (P.E.6). Ook van die skole wat praat nie eerste op hul lys geplaas het nie, erken dat praat essensieel is. So het hoofde geskrywe dat alhoewel praat belangrik is, die kind in die eksamen druip of slaag op die punte in skriftelike stelwerk behaal en daarom plaas hulle stelwerk eerste (H.C.5; H.A.18; H.A.9; H.A.3; Gr.II, 13 en so meer). 'n Ander hoof het geskrywe dat letterkunde die belangrikste is omdat die universiteite dit verlang (H.C.1). Een hoof het miskien die sienswyse van ander ook vertolk toe hy geskryf het: ,,Praat is essensieel maar hoef nie aan te leer nie". (P.F.5).

Die meeste hoofde erken dus dat praat in die alledaagse lewe baie belangrik is maar hulle is gebind deur die vereistes van eksamens en universiteite en daarom is praat in die skole van min belang. Die indruk word ook verkry dat baie hoofde van mening is dat leerlinge geen onderrig nodig het om te praat nie; die kinders leer dit self aan.

1. H.A.16 verwys na skool nr.16 in die groep hoërskool

H O O F S T U K VI.

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN IMPLIKASIES.

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die bespreking van die antwoorde op die vraelyste gegee; sekere gevolgtrekkings word daaruit gemaak en die implikasies van die gevolgtrekkings word bespreek.

1. Samevatting.

a. Belangrikheid van Spraakonderrig.

Die meeste hoofde beskou praat as een van die belangrikste taalaktiwiteite, indien nie die belangrikste nie. Hulle besef dat dit essensieel vir mense is om in die alledaagse lewe doeltreffend te kan praat, omdat spraak die gebruiklikste kommunikasiemiddel is. Daar bestaan egter by baie hoofde 'n sterk twyfel of spraak wel op skool onderrig moet word. Een hoof het onomwonde verklaar dat dit nie nodig is om 'n kind te leer hoe om te praat nie. Ander hoofde beweer dat in 'n skool, en veral in 'n middelbare skool, min tyd afgestaan kan word aan werk wat so min invloed uitoefen op die aantal punte wat die leerlinge in die eksamen behaal.

Hoe belangrik spraakonderrig vir hoofde is, kan uit die hoeveelheid tyd afgelei word wat vir die onderrig afgestaan word. Die meeste hoofde van laerskole beskou praat as die belangrikste afdeling van taalonderrig en tog word aan hierdie werk in die hoogste klasse nie veel tyd afgestaan nie. Die hoofde van middelbare skole plaas praat tweede op die lys en in weerwil daarvan word baie min tyd aan spraakonderrig afgestaan. Hoe hoër die

standerd, hoe minder tyd word deur die gemiddelde skool aan spraakonderrig afgestaan; in standerd X word gemiddeld ses-en-dertig minute per week vir die doel afgestaan en dit is te min om aan die kinders iets in verband met spraak te leer. Die meeste hoofde beweer egter dat op spraak gedurende die onderrig van ander vakke gelet word, maar dit word betwyfel of onderwysers van ander vakke baie waarde aan spraak sal heg aangesien die hoofde so min tyd daarvoor afstaan. Dit word verder betwyfel of die onderwysers van vakke soos die natuurwetenskappe of wiskunde voldoende kennis van spraakonderrig het om leerlinge in verband met hul spraakmoeilikhede te kan help.

b. Kennis van Spraakonderrig.

Uit die antwoorde op 'n paar vrae in die vraelys kan afgelei word of die hoofde 'n baie helder begrip van spraakonderrig het al dan nie. Die antwoorde word onder 'n paar opskrifte hieronder saamgevat.

(i) Keuse van Doelstellings.

Uit 'n lys van veertien doelstellings op die vraelys moes die hoofde van skole aandui welke doelwitte vir spraakonderrig in hul skole voorgeskryf word. Van hierdie doelstellings het agt betrekking op spraakonderrig en ses op taalonderrig in die algemeen. Geen hoof het tussen die twee groepe doelstellings onderskei nie en al die hoofde het een of meer van die doelstellings van taalonderrig voorgeskryf as 'n doel van spraakonderrig. Drie van die doelstellings van taalonderrig is elk deur meer as 90 persent van die hoofde beskou as doelwitte van

spraakonderrig. Dit is dus heeltemal duidelik dat daar heelwat hoofde is wat nie die aard van spraakonderrig goed begryp nie en wat die verskil tussen spreeklesse om kennis aan te bring en spreeklesse om spraak te verbeter nie voldoende besef nie.

(ii) Byvoeging van Doelstellings.

Die nege-en-sewentig skole wat van die geleentheid gebruik gemaak het om doelstellings by te voeg, het besef dat die lys doelstellings in die vraelys onvolledig is. Die grootste gedeelte van hierdie hoofde (58.2 persent) het egter doelstellings bygevoeg wat nie doelwitte van spraakonderrig is nie. Doelwitte wat deur die onderrig van ander „vakke" ook bereik kan word maar tot die bereiking waarvan spraakonderrig ook sy deel kan en moet bydra, is deur 41.7 persent van hierdie hoofde bygevoeg. Agt hoofde (10.1 persent) het doelwitte wat net deur spraakonderrig bereik kan word, bygevoeg.

Nieteenstaande die feit dat die woorde ,,Deurgaans moet frasering en intonasie aandag geniet" herhaalde kere in verband met poësie in die leerplan gebruik word; die feit dat in standerd VI kinders ,,Af en toe hardop (moet) lees terwille van frasering en intonasie" en die feit dat in standerds V en VI die gebruik van ,,intonasiewysies" ingeoefen moet word, om sekere gevoelens te vertolk en nieteenstaande die feit dat die woorde ,,frasering" en ,,intonasie" so dikwels in die leerplan voorkom, het net twee hoofde (ongeveer een persent) die gebruik van ,,frasering" en ,,intonasie" bygevoeg. Die leerplan vereis ook die aankweek van vlotheid in standerd IV, maar die doelstelling

word net deur sestien hoofde bygevoeg, terwyl antwoorde ontvang is van hoofde van skole waarvan 169 standerd IV klasse het. In die ,,Wenke in verband met Resitasie-Onderrig vernaamlik in die Tweede Taal in Laerskole", 1948, word melding van asemhaling gemaak en daar word beweer: ,,Juiste asemhaling is die basis vir alle goeie spraak"[1]. Geen hoof het die beheersing van asemhaling as n doelstelling bygevoeg nie. Miskien het sommige begryp dat dit ingesluit is onder stembeheer maar soveel doelstellings is hier herhaal dat dit opvallend is dat hierdie een nie genoem is nie. Geen hoof het van luisteroefeninge melding gemaak nie alhoewel die ,,na-vertel" van verhale in die leerplan vir standerds I, II, III, VI en VII voorgeskryf is.

Hoogstens 26 hoofde (12.6persent) het die ontwikkeling van karaktereienskappe as doelstellings bygevoeg. Omdat spraak die hele mens blootlê of vertolk, is dit noodsaaklik dat die spreker goeie eienskappe moet openbaar. ,,Om tegnies korrek te praat, is.....inderdaad n gimnastiek van die gees.,,Praat en ek sal sê wie u is'"[2]; te min hoofde begryp hierdie waarheid.

Daar kon nog heelwat ander doelstellings bygevoeg gewees het, soos die ontwikkeling van n mollige stemkleur en die regte gebruik van pouses. Ook kon die leerlinge deelgeneem het aan spraaksituasies soos besprekings en beraadslagings.

(iii) Hoe n Doel Bereik Word.

Nie alleen moes die hoofde die doelwitte van spraakonderrig aanwys nie, maar hulle

1. Sien bladsy 8.

moes kortliks beskrywe hoe dit bereik kan word. Die antwoorde op elke doelstelling van spraakonderrig word hieronder afsonderlik saamgevat. Die beskrywings van die metodiek van die verwesenliking van die doelwitte van algemene taalonderrig word nie hier bespreek nie.

Byna al die hoofde van skole (97.6 persent) skrywe korrekte uitspraak van die moedertaal (a.i) in hul skole voor. Hulle verstaan blykbaar wat met korrekte uitspraak bedoel word, maar nogtans het geen hoof 'n volledige antwoord ingestuur nie. Die belangrikheid van die verskerping van die gehoor, sodat die leerling sy eie uitspraak kan beoordeel, is deur baie min hoofde besef. Ook het betreklik min hoofde van assimilasie melding gemaak, alhoewel in die offisiële stukke 1.,,Wenke in verband met Taalonderrig, vernaamlik van die Tweede Taal in Laerskole"[1], 1946, 2. ,,Wenke in verband met Taalonderrig: Afrikaanse Spreekoefeninge vir Engelsmediumskole en - Klasse"[2], 1947, en 3.,,Wenke in verband met Resitasie - Onderrig Vernaamlik in die Tweede Taal in Laerskole"[3], 1948, daar 'n beskrywing van ,,klanksamevloeiing" gegee is by die bespreking van uitspraak. Van die antwoorde is 51.5 persent geklassifiseer as aanneemlik en dit is ook die hoogste persentasie aanneemlike antwoorde vir enige doelstelling van spraakonderrig.

Die waarde van duidelikheid (a.iii) is deur ongeveer al die hoofde (97.6 persent) besef, maar slegs iets meer as 'n kwart van

---

1. Sien bladsy 6.
2. Sien bladsy 32.

hulle (28.1 persent) kon 'n aanneemlike beskrywing gee van hoe die doelstelling verwesenlik kan word; ook is geen volledige antwoord ontvang nie. Die hoofde verduidelik nie dat sekere geesteseienskappe onontbeerlik vir doeltreffende spraak is nie. Om duidelik te praat, moet die kind vrymoedig wees; 'n beskroomde kind wat beveel word om ,,harder te praat", praat gewoonlik nog onduideliker as voorheen, alhoewel die kind skerp kan artikuleer, goeie gebruik van sy resonatore maak en oor voldoende asemdruk beskik.

Vyf-en-tagtig persent van die hoofde wil stembeheer aan die leerlinge in hul skole laat onderrig maar alleen 24.9 persent van daardie hoofde kon 'n aanneemlike verklaring gee hoe om kinders te leer om hul stem te beheers; dan ook was daar geen antwoord wat meer as die helfte van die faktore wat stembeheer beïnvloed, gemeld het nie.

So dikwels word vandag daaroor gekla dat die jong mense nie beleefd genoeg met ouer mense praat nie. Waaraan dit toe te skrywe is, is moeilik om vas te stel. In elk geval vind minder as drie-kwart van die hoofde (72.3 persent) dit nodig om kinders te leer om gesprekke met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes te voer. Van hierdie hoofde kon net 37.8 persent 'n aanneemlike beskrywing gee hoe die doel bereik kan word. Ook in hierdie geval was daar geen volledige antwoord nie. Die meeste hoofde het ook nie besef dat die houding en die gemoedstoestand van die leerling in hierdie spraaksituasies van die uiterste belang is nie want die gesindhede sal deur die ritmies-melo-

diese eienskappe van spraak vertolk word en die doeltreffendheid van spraak in hierdie gevalle hang hoofsaaklik van die gebruik van die eienskappe af. Baie leerlinge kom as bot en onbeleefd voor terwyl hulle net senuweeagtig is; hulle gebruik dus intonasiepatrone om hul senuweeagtigheid onder die dekmantel van botheid te verberg.

Die hou van toesprake (a.ix) word in die leerplan vir Transvaalse skole vir die leerlinge in standerd IV voorgeskryf: ,,Die aankweek van vrymoedigheid by die leerlinge deur hulle in die geleentheid te stel om op lewendige wyse toesprakies te hou.....". Van leerlinge in standerd V word verwag: ,,Kort voorbereide praatjies oor stokperdjies en liefhebberye" en van leerlinge in standerd VI: ,,Lesings oor onderwerpe van belang uit koerante, tydskrifte en ensiklopedieë en oor liefhebberye en beroepe". Van die skole wie se hoofde op die vraelys geantwoord het, is daar 169 met standerd IV klasse, 162 met standerd V klasse en 126 met standerd VI klasse. Alhoewel besef word dat die leerplan net suggestief is, is dit tog opvallend dat net 89 hoofde van skole die hou van toesprake in hul skole voorskryf, terwyl, as al die skole die leerplan gevolg het, daar ten minste 169 moes gewees het. Dit wil sê dat in alleen 52.7 persent van die skole met standerd IV klasse word die leerplan in hierdie opsig gevolg. Van die hoofde wat beskrywe het hoe die kinders geleer moet word om toesprake te hou, is alleen 11.8 persent aanneemlike antwoorde ontvang en daar is geen hoof wat 'n volledige antwoord ingedien het nie. Daar

bestaan dus blykbaar by die oorgrote meerderheid van die hoofde wat die doelstelling voorskryf, nog geen helderheid oor die metodiek nie en dit is miskien die rede waarom meer hoofde met standerds IV, V of VI klasse dit nie in hul skole voorskryf nie.

Die leerplan skryf voor dat leerlinge in standerds VI en VII geleer moet word hoe om te argumenteer. Aangesien 126 skole met standerd VI klasse antwoorde ingestuur het, het byna al hierdie skole (96 persent) die leerplan in hierdie opsig gevolg. As daar egter geoordeel word volgens die aanneemlike beskrywings van hoe argumentasie onderrig moet word, is daar min hoofde (12.9 persent) wat die kinders kan leer om die doel te bereik. Die meeste hoofde is blykbaar tevrede as hulle die kinders in die geleentheid stel om te argumenteer deur debatte te reël; hulle verduidelik nie hoe die kind moet argumenteer nie. Die argumenteerder wat die oortuigendste is, is die persoon wat die man met die ander sienswyse beleefd en hoflik behandel en wat self kalm en bedaard bly, want sterk gevoelens strem die denke. Geeneen van die hoofde het hierdie sy van die saak gestel nie met die gevolg dat daar geen volledige antwoord was nie.

In verband met hardoplees in standerds II tot V skryf die leerplan voor: ,,Vlot lees met intelligente vertolking van die inhoud". In standerd V moet leerlinge sekere gevoelens vertolk. Die vertolking van gevoelens (a.xi) word in 151 skole beoog, terwyl daar 171 skole met standerd II klasse is; 88.3 persent van die skole,volg met ander woorde die voorskrifte van die leerplan in hierdie

opsig. Die beskrywing van die hoofde hoe om die kinders te leer om gevoelens te vertolk, is nie baie geslaagd nie. Die leerplan skryf vir standerd V voor: ,,Inoefening van die intonasiewysies van Afrikaans om uitdrukking te gee aan die volgende: genot, beleefdheid, vriendelikheid, verbasing, afkeer, hartlikheid, spyt, meegevoel, berou, vermaning, verontwaardiging, vermaak, onverskilligheid, en ongeduld". Aangesien die antwoord wat net melding maak van die gebruik van intonasiepatrone om gevoelens te vertolk, as aanneemlik beskou is, is dit moeilik verklaarbaar waarom so min aanneemlike antwoorde (6.5 persent) ontvang is. Geen hoof het n volledige beskrywing van die metodiek gegee nie.

Die ontwikkeling van logiese denke (a.xii) deur middel van spraakonderrig word beoog in 144 skole. Die meeste ,,skoolvakke" bied geleenthede vir hierdie ontwikkeling[1)] , en dit is dus nie die funksie van spraakonderrig alleen nie. In antwoord op hierdie vraag is die persentasie aanneemlike antwoorde hoër as vir enige ander doel van spraakonderrig, met die uitsondering van korrekte uitspraak. Die persentasie (42.5) is egter te laag. Die hoofde behoort presies te weet hoe om een van die doelstellings van onderwys in die algemeen en van die meeste ,,vakke" in besonder te verwesenlik. Volledige beskrywings van hoe die doel bereik kan word, is van hoofde ontvang; dit is ook die enigste geval waar volledige beskrywings ontvang is.

Die hoofde se beskrywings van

1. Sien ook ,,Wenke oor die Onderrig van Rekenkunde in die Laerskool", 1946, 2.

die metodiek van spraakonderrig het aan die lig gebring dat daar onsekerheid bestaan oor wat alles onder n bepaalde doelstelling inbegrepe is en oor hoe so n doel bereik kan word. Die frekwensieverspreiding van aanneemlike antwoorde word in tabel XXIII aangetoon.

Aangesien die hoofde van skole nie almal die verwesenliking van eweveel doelstellings beskryf het nie, is die persentasie aanneemlike antwoorde bereken. Twee frekwensieverspreidings word aangegee: F waar al die doelstellings wat in die vraelys voorkom insluitende die wat doelwitte van taalonderrig is, in aanmerking geneem word (dit wil sê die persentasies is uit hoogstens 14 bereken) en f waar net die doelstellings van suiwer spraakonderrig in aanmerking geneem word; hierdie persentasies is uit hoogstens 8 bereken.

T A B E L XXIII.

FREKWENSIEVERSPREIDING VAN DIE PERSENTASIE AANNEEMLIKE ANTWOORDE OP VRAE IN VERBAND MET DIE METODIEK VAN SPRAAKONDERRIG.

Persentasie	F	f
90 - 100	2	1
80 - 89	5	4
70 - 79	19	7
60 - 69	18	10
50 - 59	35	20
40 - 49	30	17
30 - 39	30	30
20 - 29	40	38
10 - 19	12	29
0 - 9	15	40
Gemiddeld	42.7	29.9
Mediaan	42.0	26.3

Daar kan nie te veel waarde aan die eintlike persentasies geheg word nie, want sommige hoofde het die metodes in sommige gevalle as so vanselfsprekend beskou, dat hulle dit nie in besonderhede omskrywe het nie. Die bedoeling met die vraelys was nie om die hoofde 'n eksamen te laat skryf nie en daarom sou dit foutief wees om te beweer dat die 206 hoofde wat die vraelys beantwoord het, maar net 42.7 persent en 29.9 persent gemiddeld in vrae oor metodiek van taal- en spraakonderrig sou behaal het. Wat egter wel betekenisvol is, is die verskil tussen die gemiddeldes en mediane van F en f. Dit wys heeltemal duidelik dat die hoofde die bereiking van die doelwitte van algemene taalonderrig vollediger en noukeuriger beskrywe het as die verwesenliking van die doelstellings van spraakonderrig.

(iv) Die Voorskrifte in elke Standerd.

Die hoofde is gevra om aan te dui watter doelstellings hulle vir elke standerd in hul skool voorskrywe. Om 'n algemene indruk te kry, is die doelstellings wat deur 50 persent of meer van die hoofde vir 'n sekere standerd voorgeskryf is, beskou as die voorskrifte van die hoofde vir daardie besondere standerd. Net die doelstellings van spraakonderrig word hier behandel. Die voorskrifte van die meerderheid van die hoofde is:-

Grade I en II. Kinders moet geleer word om hul moedertaal korrek uit te spreek en om duidelik te praat.

Standerds I-III. Kinders moet leer om hul moedertaal korrek uit te spreek, duidelik te praat en hul stem behoorlik te beheers.

Standerd IV. Kinders moet leer om hul moedertaal korrek uit te spreek, duidelik te praat en hul stem behoorlik te beheers. Kinders moet geleer word om met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes gesprekke te voer.

Standerd V. Kinders moet leer om hul moedertaal korrek uit te spreek, duidelik te praat en hul stem behoorlik te beheers. Hulle moet geleer word om met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes gesprekke te voer. Die leerlinge moet leer om gevoelens te vertolk en die vermoë om logies te dink, moet ontwikkel word.

Standerd VI. Kinders moet leer om hul moedertaal korrek uit te spreek, duidelik te praat en hul stem behoorlik te beheers. Hul word geleer om met ouer mense ens., gesprekke te voer en om hul gevoelens te vertolk. Hulle word geleer om logies te dink en om te argumenteer.

Standerds VII - X. Kinders leer om hul moedertaal korrek uit te spreek, duidelik te praat en hul stem behoorlik te beheers. Hulle word geleer om met ouer mense ens., gesprekke te voer en om hul gevoelens te vertolk. Hulle word geleer om logies te dink, te argumenteer en om toesprake te hou.

Wat opvallend is, is dat korrekte uitspraak en duidelikheid in al die standerds voorgeskrywe word. Blykbaar is die hoofde van oordeel dat die onderrig van korrekte uitspraak en duidelikheid nie gedurende die kind se skoolloopbaan afgesluit kan word nie. So ook met al die ander doelstellings; dit word weliswaar nie so vroeg soos

,,korrekte uitspraak" en ,,duidelikheid" voorgeskryf nie, maar geeneen daarvan word ooit as afgehandel beskou en dus weggelaat uit die voorskrifte nie. Die tyd wat vir die bereiking van die doelwitte nodig is sal dus volgens die meerderheid van die hoofde soos volg wees:- korrekte uitspraak en duidelikheid, 12 jaar; stembeheer, 10 jaar; voer van gesprekke met ouer mense en andere, 7 jaar; en die vertolking van gevoelens, 6 jaar. Verder moet daarop gelet word dat stembeheer twee jaar later onderrig word as die verkryging van duidelikheid en dat die kind eers in standerd IV geleer word om gesprekke met ouer mense en andere te voer. Leerlinge word in standerd V geleer hoe om gevoelens te vertolk net soos in die offisiële leerplan voorgeskryf word, maar die leerplan skryf voor dié hou van toesprakies in standerd IV, terwyl die meeste hoofde dit eers in standerd VII voorskryf. Argumentasie word deur die hoofde en die offisiële leerplan albei in standerd VI voorgeskryf.

(v) Aansluiting van die Middelbare Skoolkursus by die Kursus van die Laerskool.

Blykbaar is daar n verskil van mening tussen die hoofde van laerskole en middelbare skole. Die verskil vergemaklik nie die aanpassing van die standerd VI leerling by die nuwe skool nie; die aanpassing van die leerling word reeds bemoeilik deur die ,,breking" van sy stem aan die begin van die adolessensietydperk. Die verskil van mening word aangetoon deur die persentasies hoofde wat sommige doelstellings in standaards V, VI, VII en hoër beoog. Die persentasies hoofde van groep III skole

wat korrekte uitspraak en duidelikheid in standerd VI voorskryf is hoër as die persentasie hoofde van laerskole of groep II skole. In standerd VII styg die persentasie verder en in standerd X is dit hoër as in standerd V. Dit kan wees dat die eise van die twee tipe skole van mekaar verskil, maar hierdie verskil sal die swakker leerling nadelig beïnvloed want hy vind nou uit dat wat blykbaar in die een skool goed is, in n ander skool onbevredigend beskou word.

Die hoofde van hoërskole beskou stembeheer egter as van minder belang: 81.7 persent van die hoofde van laerskole skryf dit in standerd VI voor maar net 58.1 persent van hoofde van hoërskole doen dit. Die persentasie styg n bietjie tot 81.4 in standerds VII en VIII en daal dan weer tot 72.4 in standerd X. Dit is n eienaardige verskynsel dat duidelikheid en stembeheer so verskillend behandel word terwyl stembeheer n vereiste is om duidelikheid te verkry.

Ten opsigte van die ontwikkeling van logiese denke is daar ook n groot verskil. Van die laerskoolhoofde beoog 52.5 persent dit in standerd V en 62.8 in standerd VI, maar net 41.4 persent van die hoofde van middelbare skole beoog dit in standerd VI; daarna styg die persentasie weer geleidelik. Dus sal sommige kinders die werk in die laerskool doen maar daarna sal hulle in die middelbare skool oers n jaar of wat oorslaan voordat hulle weer daarmee sal voortgaan.

2. Gevolgtrekkings.

a. Die hoofde is die mening toegedaan dat

dat dit nie van groot belang in die skool is nie en daarom word daar aan spraakonderrig min tyd toegeken, veral in die middelbare skool. Daar is sommige hoofde wat glo dat die kind nie geleer moet word hoe om te praat nie en die mening is miskien meer algemeen as wat uit die antwoorde afgelei kan word. Die ander rede wat baie meer algemeen is, is die feit dat praat so min in die eksamen tel en dat baie meer tyd aan die ander ,,vakke" afgestaan moet word, sodat die leerlinge kan slaag. Dit is dus heeltemal duidelik dat nie baie hoofde die waarde van spraak vir die ontwikkeling van die kind besef nie. Hulle besef nie dat hoe doeltreffender 'n leerling kan praat, hoe duideliker sy begrip van daardie onderwerp is, hoe beter hy dit sal onthou en hoe beter hy dus in die eksamen sal vaar nie. Dit het nog nie onder hul aandag gekom wat die Engelse geleerdes geskrywe het nie: ,,What a man cannot clearly state, he does not perfectly know and, conversely, the inability to put his thoughts into words sets a boundary to his thoughts[1]". Die hoofde besef nog nie dat daar 'n baie nou verband tussen taal en denke is nie: ,,the teacher who says he cares little for the language of his students has not raised to consciousness the interdependence of thought and speech"[2]. Te veel van die onderwysers is tevrede met enige spraakuiting solank daar 'n blyk is dat die leerling 'n bietjie kennis opgedoen het. ,,The continuous recognition on the part of the teacher of the close relation that exists between thought and speech will be conducive to better teaching"[3].

1. The Teaching of English in England, 20.
2. Guides to Speech Training in the Elementary

b. Uit die keuse van die doelstellings van spraakonderrig kan afgelei word dat die hoofde nie tussen spraaklesse vir kennis en spraakonderrig onderskei het nie. Al die hoofde het een of meer van die doelstellings wat nie doelwitte van spraakonderrig is nie, as n doel van spraakonderrig aangedui. Van die hoofde wat doelstellings bygevoeg het, het die grootste gedeelte doelstellings waar spraak gebruik word om iets anders te verrig, as doelstellings van spraakonderrig beskou. So is daar byvoorbeeld deur vier hoofde bygevoeg: ,,Spreeklesse help om algemene kennis uit te brei"[1]. Dit lyk of in hierdie geval die hoofde nie die instrument van sy funksie kan onderskei nie. Dit moet besef word dat hoe doeltreffender die spraak is, des te doeltreffender die onderwys sal wees. Gedurende spraakonderrig verwerf die leerling die vaardighede wat sy spraak sal verbeter en, om hierdie aangeleerde vaardighede gewoontehandelinge te maak, moet hy spraak gedurende die tyd wat aan ander vakke soos geskiedenis, natuurwetenskappe en wiskunde afgestaan is, kan gebruik.

c. Daar is min antwoorde wat wys dat die opstellers n deeglike kennis van spraak het. As die beskrywings van hoofde deurgewerk word van hoe hulle hul gekose doelstellings wil verwesenlik, word die indruk verkry dat daar nie baie hoofde is wat besef waardeur spraak gedurigdeur beïnvloed word nie. Geen hoof het volledig verduidelik hoe gevoelens vertolk kan word en wat nodig is om duidelikheid te verkry of waaruit stembeheer bestaan nie. Daar is heelwat aspekte van spraak wat nie in die lys van

1. Sien bladsy 182 hierbo.

doelstellings gemeld is nie en daarom is hoofde in die geleentheid gestel om byvoegings te maak, maar min hoofde kon op ander aspekte van spraak wys. Die grootste gebrek by die hoofde is dat hulle blykbaar nie besef watter invloed die geestesgesteldheid van die indiwidu op goeie spraakgebruik uitoefen nie. Al die bogenoemde laat 'n vermoede ontstaan dat die meeste hoofde nie baie kennis van spraak het nie en die vermoede word versterk deur die feit dat die meeste hoofde duidelikheid voorskryf twee jaar vroeër as stembeheer, terwyl stembeheer vir duidelikheid nodig is. So ook word die vertolking van gevoelens eers in standerd V deur die die meeste hoofde voorgeskryf, terwyl die leerling reeds in die grade gediggies moet voordra en terwyl die kind, voordat hy agttien maande oud was, alreeds intonasiepatrone gebruik het.

d. Uit die antwoorde kan afgelei word dat die hoofde oor die algemeen hulle nie duidelik en beslis uitgespreek het in verband met die metode van spraakonderrig nie. Die hoogste persentasie aanneemlike beskrywings van hoe 'n doel bereik kan word, is 51.5 en die laagste is 6.5. Die gemiddelde persentasie aanneemlike antwoorde per skool is 29.9. Dit moet nie beskou word dat die persentasies die ware kennis van die hoofde presies weergee nie, maar al wat die getalle aandui, is dat die kennis van die hoofde soos in hul antwoorde weergegee, nie heeltemal voldoende is nie. Daarby moet onthou word dat net vir een doelstelling uit die agt wat op spraakonderrig betrekking het, volledige antwoorde ontvang is. Antwoorde is as aanneemlik be-

skou as die hoof net een kenmerkende eienskap van daardie doel gemeld het, terwyl die doelstellings gemiddeld tussen vier en vyf sulke eienskappe het. Al is die antwoorde van sommige hoofde dus aanneemlik, is dit nog geen waarborg dat die hoofde die leerlinge so sal kan onderrig dat hulle die doel sal bereik nie.

e. Uit die antwoorde wil dit blyk dat die huidige onderrig van spraak ondoeltreffend is. Korrekte uitspraak en duidelikheid sou nie deur 86.2 persent van die hoofde van hoërskole in standerd X voorgeskryf word nie, as hulle nie oortuig was dat daardie leerlinge dit nodig het nie. Blykbaar is daar dus nog baie leerlinge in standerd X wat sekere woorde nie korrek kan uitspreek nie en wat nog onduidelik praat. As dit so is, het die onderwysers in die laerskool en dié van die laer klasse in die middelbare skool nie veel sukses op hul werk gehad nie. Korrekte uitspraak kan 'n kind in vier of vyf jaar aanleer en daarvoor is nie twaalf jaar nodig nie.

f. Blykbaar het die huidige offisiële leerplan nie veel invloed op spraakonderrig uitgeoefen nie. In die leerplan word aan die hand gedoen dat leerlinge in standerd IV geleer moet word om toesprake te hou, maar net 17.8 persent van die hoofde het hierdie werk in hul standerd IV klasse voorgeskryf. Argumentasie moet volgens die leerplan in standerds VI en VII onderrig word, maar 47.5 persent van die hoofde skryf dit in standerd V voor terwyl net 56.3 en 58.1 dit in standerds VI en VII respektiewelik voorskryf. Die vertolking van

gevoelens word van leerlinge in standerd V verwag, maar net 56.2 persent van die hoofde skryf dit in daardie klas voor.

Verder word in die leerplan dikwels van ,,frasering en intonasie" melding gemaak, maar net een persent van die hoofde het dit by die lys gevoeg. In standerd IV word die aankweek van vrymoedigheid voorgeskryf, hoewel net 7.8 persent van die hoofde dit bygevoeg het.

g. Baie hoofde kan blykbaar die voorskrifte van die leerplan vir sover dit spraakonderrig aangaan, nie uitvoer nie, want hulle lyk nie seker te wees van hoe om dit te doen nie. In die leerplan word drie van die doelwitte van spraakonderrig voorgeskryf wat in die vraelys verskyn. Die persentasie aanneemlike beskrywings hoe om die doelwitte te bereik, is soos volg: argumentasie, 12.9; die hou van 'n toespraak, 11.8; die vertolking van gevoelens, 6.5. Dit is die doelstellings met die minste aanneemlike beskrywings. Daar moet ook onthou word dat in die leerplan gesê word dat gevoelens vertolk moet word deur middel van intonasiewysies (sien standerd V). Blykbaar besef die hoofde nie dat die ,,na-vertel" van stories wat vir standerds I, II, III, VI en VII voorgeskryf is, 'n luisteroefening is nie, want geen een het die verbetering van luistergewoontes bygevoeg as 'n doel van spraakonderrig nie.

h. Vir sover dit spraakonderrig aangaan, sluit die kursus van die middelbare skool nie so mooi by die kursus van die laerskool aan nie. In verband met die vier doelstellings wat nader ont-

stembeheer en logiese denke, is daar gevind dat die opvattings van die hoofde van middelbare skole heelwat verskil met die laerskole. Wat presies die redes daarvoor is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Ongelukkig egter blameer 'n hoof van 'n hoërskool die onderwysers wat aan die laerskole is en beweer dat hulle nie hul werk doen nie.

i. Die wenke in verband met taalonderrig wat in die vorm van brosjures deur die Transvaalse Onderwysdepartement uitgegee is, het blykbaar op spraakonderrig in die moedertaal nie veel invloed gehad nie. Alhoewel baie nadruk in die wenke op ,,klanksamevloeiing " gelê is en daar op die belangrikheid van asembeheer gewys is, het baie min hoofde hierdie aspekte in hul antwoorde op die vraelys gemeld. Dit is wel moontlik dat die opskrif van die een brosjure, ,,Afrikaanse Spreekoefeninge vir Engelsmediumskole en -klasse", miskien daartoe aanleiding gegee het dat die hoofde van Afrikaansmediumskole nie veel aandag daaraan gegee het nie. Maar die ander twee brosjures, naamlik ,,Wenke in verband met Taalonderrig, vernaamlik van die Tweede Taal in Laerskole, 1946" en ,,Wenke in verband met Resitasie-Onderrig, vernaamlik in die Tweede Taal in Laerskole, 1948" is tweetalige pamflette en moet dus deur alle hoofde en onderwysers gelees word, aangesien die wenke ook op die onderrig van die moedertaal van toepassing is.

3. Implikasies.

Die hoofde besef dat spraak in die alledaagse lewe baie belangrik is, maar volgens die tyd wat daaraan bestee word, beskou hulle spraak-

onderrig op skool nie as van soveel belang nie. Die belangrikheid van taal vir die ontwikkeling van die leerling moet sterk onder die aandag van die onderwysers gebring word. Die gewoonte om die werk in die skool in ,,vakke" te verdeel, het van die moedertaal ook net 'n vak gemaak en die onderwysers het vergeet of is nie bewus daarvan dat alle vordering in watter ,,vak" ookal van die kennis van die moedertaal afhang nie. Coetzee skrywe: ,,Alles wat 'n mens in sy lewe aanleer, hang van sy beheer oor die taal af. Nie alleen veronderstel alle skoolaktiwiteite taalvaardigheid nie, maar die hele geestelike ontwikkeling van die kind veronderstel die bekwaamheid om die taal te gebruik"[1]. Beide die onderwysers en die leerlinge praat baie meer as wat hulle skryf, en daarom is taal hier feitlik sinoniem met spreektaal. Die argument dat 'n kind nie nodig het om te leer praat nie, verval sodra dit begryp word wat spraakonderrig alles insluit. Die beswaar dat geen tyd aan spraak afgestaan kan word nie omdat skriftelike antwoorde in die eksamen vereis word, bestaan. Daar bestaan egter altyd die moontlikheid dat die leerling, wat deeglike spraakonderrig ontvang het, beter in die eksamens sal presteer as sy maat wat geen spraakonderrig ontvang het nie. In elk geval, indien spraakonderrig die ontwikkeling van die leerling bevorder, moet die huidige eksamenvereistes nie toegelaat word om die ontwikkeling van die kind te strem nie; liewer moet die eksamens dan so gewysig word dat dit by die nuwe omstandighede aanpas.

Soos reeds hierbo gesê, is dit

moontlik dat 'n leerling wat 'n deeglike kursus in spraakonderrig deurloop het, nog beter in die eksamens sal vaar as hy wat nie sulke onderrig geniet het nie. 'n Leerling wat self stof versamel, uitgekies, gerangskik en dit in 'n toespraak of 'n lesing aan 'n gehoor voorgedra het, sal dit baie beter begryp en onthou as diegene wat passief in die klas sit. As die onderwerp bespreek word, kan al die lede van die klas aan die bespreking deelneem. Oor die beste oplossing vir 'n probleem in die natuurwetenskappe of wiskunde kan 'n debat gevoer word. Dit alles sal die selfwerksaamheid van die kind ontwikkel en op die manier sal hy baie meer kennis opdoen en 'n beter begrip van sake kry. Die leerlinge sal miskien nie soveel van die leerplan kan dek nie maar hulle sal ook baie minder tyd vir hersiening nodig hê. Dit sou die moeite loon om so 'n proefneming te doen. Al kan die eksamenvereistes nie verander word nie, is daar genoeg leerlinge wat geen publieke eksamen skrywe nie. Vir die laerskoolkind is daar geen eksterne eksamen nie en die proefneming kan met leerlinge in standerds IV en V uitgevoer word. So ook is daar baie leerlinge in die middelbare skool wat geen eksterne eksamen moet skrywe nie. Hierdie leerlinge kan dan 'n kursus in spraakonderrig deurloop en gedurende die tyd wat vir een of twee vakke afgestaan is, die spraak beoefen. Aan die einde van 'n jaar of twee kan dan vasgestel word of die leerlinge wat onderrig in spraak ontvang het, minder bevoeg is as diegene wat nie sulke onderrig ontvang het nie.

Noudat so baie hoërskole aandag

aan die sogenaamde ,,praktiese" rigtings bestee, is die aanhaling uit die verslag ,,The Teaching of English in England" van pas: ,,The Elementary school does not equip him with the chief tool of all trades and callings, clear and intelligible speech.....Correct and lucid speech is one of the first and last necessities of corporate existence. There is no more 'practical' subject in the whole range of school work; there is no subject more generally neglected"[1].

Die hoofde moet besef dat daar 'n verskil gemaak word tussen 'n spreekles met die doel gegee om kennis van 'n ander 'vak' aan te bring en spraakonderrig. Die verwarring lei tot die verkeerde begrip dat spraak wel onderrig word aangesien die leerling wel praat. Daar is egter 'n verskil tussen die verwerwing van 'n vaardigheid en die gebruik van die vaardighede in die diens van iets anders. Spraak sal nie verbeter word deur net te praat nie, want die foutiewe gebruike word dan ook ingeoefen. Eers moet daar aan die vaardighede van spraak as sodanig aandag bestee en daarna moet die vaardighede wat nou doeltreffender is, in baie spraakaktiwiteite aangewend word. Omdat daar stof moet wees waaroor gepraat word, kan die stof ontleen word aan enige van die ander skoolvakke. Dit moet egter goed begryp word, dat terwyl daar gepraat word, die vaardighede nie verwerf word nie maar die verworwe vaardighede ingeoefen word[2].

Die hoofde se kennis van spraak

1. Sien bladsy 48.
2. The Bulletin of the National Association of Secondary School Principals, Volume 32 No 151 Jan 1948

lyk onvoldoende te wees. Aangesien onderwysers persone is wat hul werk hoofsaaklik deur middel van spraak verrig, is dit essensieel dat hulle 'n diepgaande kennis van spraak moet hê. Die onderwyser word verwag om 'n deeglike kennis van sy vak te hê, maar dit is net so belangrik dat hy 'n deeglike kennis sal hê van die middel waardeur hy die kennis na die leerling oordra. Dit het seker al dikwels gebeur dat 'n leerling 'n sekere onderwerp nie kon begryp nie, nie omdat dit vir hom te moeilik was nie, maar omdat die onderwyser nie doeltreffend kan praat nie. Daar is seker ook baie leerlinge wat nie goed op skool vorder nie net omdat hulle luistergewoontes verkeerd is en as die gewoontes verbeter word, sal hulle goed kan begryp. Nie alleen is dit nodig dat die onderwyser kennis van spraak sal hê sodat hy die moeilikhede van die leerlinge kan diagnoseer en remediale werk kan doen nie, maar hy moet die kennis hê sodat hy sy eie werk doeltreffend kan doen. Baie onderwysers kry seerkele en word hees omdat hul nie hul stembande reg gebruik nie; ander weer het 'n nadelige invloed op die kinders, want hulle verstaan nie die sielkundige uitwerkings van 'n te hoë of lae toon, 'n te vinnige of 'n te stadige tempo nie en ander weer behaal nie die sukses wat hul verdien nie juis omdat hulle nie die stof by hul gehoor kan laat ingang vind nie. Die sukses van 'n onderwyser hang baie van sy behoer van die spraaktegniek af.

Elke onderwyser moet kennis van spraakonderrig dra. Die leerlinge sal in sy klas praat, wat die vak ook mag wees waarvoor hy verantwoordelik is, en as hulle praat, moet sy oor so ge-

oefen wees dat hy die afwykings kan hoor. Hy moet so opgelei wees dat hy kan begryp hoe die afwykings ontstaan en hy moet by magte wees om die leerlinge reg te help. As die fout baie algemeen is of as dit te veel van sy tyd in beslag sal neem, sal hy dit aan die onderwyser vir spraakopleiding rapporteer sodat dié dan die gebreke kan verwyder. Spraakonderrig is nie 'n nuwe ,,vak" nie; dit is 'n poging om die leerlinge op 'n natuurlike aantreklike en logiese manier te laat sê wat hulle weet. As die leerlinge dit kan doen, sal die onderwyser vir 'n vak soos geskiedenis gou agterkom of die leerlinge die werk ken en begryp. Op die oomblik druk die leerlinge hulle soms so swak uit dat die onderwyser 'n onvolledige en soms onduidelike antwoord as korrek aanvaar. In die laerskool moet elke onderwyser self die spraakonderrig in sy eie klas behartig en miskien net die moeilikste gevalle na die hoof verwys wat dan op sy beurt 'n spraakterapeut sal raadpleeg of die leerling na 'n spraakkliniek sal stuur. In die middelbare skool sal daar een of twee onderwysers vir spraakonderrig wees wat dan die spesifieke vaardighede by die kinders sal inoefen, maar elke lid van die personeel sal sorg dra dat die leerlinge die vaardighede in alle spreeklesse reg gebruik.

Die leerplan vir spraakonderrig moet in besonderhede opgestel word en die doelstellings moet duidelik omskrywe word, sodat daar geen misverstand kan wees nie. Waar voorbeelde van oefeninge gegee word, moet dit op so 'n manier beskrywe word dat daar geen moontlikheid van 'n misverstand

kan wees nie; byvoorbeeld ,,die aankweek van goeie luistergewoontes deur die na-vertel van verhale"; net die blote ,,na-vertel van verhale" kan miskien ten doel hê die uitbreiding van die leerling se woordeskat, want die onderwyser kan verwag dat die nuwe woorde wat hy gebruik het, ook weer deur die leerling gebesig moet word. Die leerplan moet vir alle standerds vanaf die grade tot en met standerd X uitgewerk word en die minimum vereistes vir elke klas moet duidelik gestel word, sodat die onderwyser sal weet wat in die vorige klas gedoen is, en sal kan verstaan wat van die volgende klas verwag word. So 'n breedvoerige leerplan sal die kursus van die middelbare skool makliker by die laerskoolkursus laat aansluit, want soms lê die verskil tussen die twee kursusse daarin dat die een hoof nie weet wat in die ander skool gedoen is nie en ook nie weet op watter peil die leerlinge op daardie stadium kan en behoort te wees nie. Die onderwyser aan die middelbare skool verwag soms te veel van die leerlinge omdat hy nie weet met watter probleme die onderwyser in die laerskool te kampe gehad het nie. In die middelbare skool sal die hoof 'n volledige uiteensetting van die werk in spraakonderrig vir 'n besondere klas gedurende 'n bepaalde tydperk opstel of laat opstel, sodat al die onderwysers wat aan daardie klas les-gee, presies sal weet met watter werk hulle in spraakonderrig besig is.

Die opstellers van wenke in verband met een of ander aspek van spraakonderrig moet begryp wat spraak is. Moorman sê: ,,Taal is de gewilde verbinding van menschelijk geluid met mensche-

lijk zielsinhoud.....De verklankte zielsinhoud is bestemd in de psyche van de hoorder herboren te worden"[1]. By die beskrywing van spraak moet die gebruik van bewegings, gebare en gelaatsuitdrukking gevoeg word; 'n persoon kan op 'n vraag antwoord deur alleen sy skouers op te trek. Die opstellers moet spraak dus so beskrywe dat al die onderwysers sal verstaan dat hardoplees, voordrag en koorpraat ook spraak is. Elkeen van hierdie spraakaktiwiteite het sy eie waarde maar die tegniek is vir almal min of meer dieselfde. Daar bestaan 'n vermoede dat die wenke in die brosjures deur die Transvaalse Onderwysdepartement uitgegee nie veel invloed op spraakonderrig as sodanig het nie, omdat die indruk geskep is dat hardoplees en resiteer aktiwiteite is wat baie van praat verskil.

Die meeste hoofde besef die belangrikheid van spraak, maar hulle word gedwing om die leerlinge vir eksamens af te rig en daarom kan hulle nie veel tyd aan spraakonderrig bestee nie. Op die oomblik is daar min aansporing om kennis van spraakonderrig op te doen, maar sodra spraakonderrig van owerheidswee meer beklemtoon word, sal daar talle hoofde en onderwysers wees wat spesiale kursusse in spraakonderrig sal bywoon. As spraakonderrig ernstig aangepak word, sal daar in baie skole 'n verandering ten goede teweeg gebring word. Doeltreffende spraakonderrig sal meebring dat die leerling 'n baie groter aandeel aan sy eie onderwys sal hê. Hy sal gedurende spraaklesse die vaardighede aanleer, maar gedurende die res van die skooldag sal aan hom so-

veel moontlik geleentheid verskaf moet word om die spraaktegniek te beoefen. In die laerklasse sal die leerlinge die verhale in Bybelgeskiedenis of geskiedenis vertel; hy sal die omgewing in die aardrykskundeles beskrywe of hy sal waarneem en beskrywe gedurende die lesuur vir natuurstudie; die leerling sal gebeurtenisse, verhale en gediggies dramatiseer. In die hoër klasse sal die leerling vir die lesse wat hulle daartoe leen, feite versamel, rangskik en aan sy medeleerlinge voordra; die leerlinge kan beraadslaag oor die volgorde van die skoolwerk of oor die roeling van buitemuurse aktiwiteite. Die onderwyser sal wel deeglik leiding moet gee, maar hy sal miskien nie soveel op die voorgrond wees en miskien nie soveel praat soos wat soms gebeur nie, want die leerlinge sal self aktief wees. Die kind sal op hierdie manier ook kennis opdoen maar die opdoen van kennis sal gepaard gaan met die ontwikkeling van die leerling self. Die leerling sal dan nie bloot 'n aantal feite van buite leer soos nog so dikwels die geval is nie. Miskien sal dit nodig wees om die eksamenvereistes te wysig vir die leerlinge wat 'n eksterne eksamen moet aflê, want die leerlinge sal moontlik nie soveel van die voorgeskrewe leerplan kan dek nie. Dit sal proefondervindelik vasgestel moet word of so 'n wysiging wel nodig sal wees.
Die onderwysers wat reg aan spraakonderrig wil laat geskied, moet die waarde van die moedertaal vir die ontwikkeling van die kind besef. Hulle moet self doeltreffend kan praat en moet so opgelei word dat hulle almal 'n geoefende oor en 'n doelmatige kennis van spraakonderrig het.

In die volgende afdeling word gepoog om die doelstellings van spraakonderrig so duidelik moontlik te omskrywe, terwyl die tegnieke van die onderrig nie behandel word nie. In die laaste hoofstuk word n leerplan vir spraakonderrig aan die hand gedoen waarin die hele veld gedek word en wat die aansluiting tussen die kursusse van die laer- en middelbare skole sal vergemaklik.

A F D E L I N G C.

KONSTRUKTIEWE DEEL.

H O O F S T U K VII.

DIE PROBLEEM VAN SPRAAKONDERRIG.

1. Spraakonderrig en Opvoeding.

Coetzee gee 'n volledige en omvattende omskrywing van opvoeding: ,,Die ware opvoeding is 'n ,,volkome toerusting" van die mens van God vir elke goeie werk. Die toerusting moet volkome wees. Die mens van God moet volkome biologies en sosiaal aangepas wees; sy liggaam en gees moet volkome volgroeid en ontwikkeld wees; sy kennis en verstandsvorming moet volkome wees; sy wil tot die goeie en sy smaak vir die skone moet volkome gevormd en ontwikkel wees; maar bo alles moet hy volkome toegerus wees vir die diens van sy Skepper."[1)]

Taal is 'n vereiste vir die verkryging van die ,,volkome toerusting". Vir die meeste mense is taal sinoniem met die gesproke taal, aangesien die spreektaal baie meer as die skryftaal gebruik word; kinders skrywe min en groot mense praat baie meer as wat hulle skrywe.

Sosiale aanpassing vind byna uitsluitlik deur spraak plaas. Vir die volgroeiing en ontwikkeling van die gees is die gesproke taal noodsaaklik. Min kennis word sonder taal opgedoen en dit word algemeen erken dat die denkakte en taal baie na aan mekaar verwant is. Deur die gebruik van spraakvaardighede en spraakeienskappe vir die vertolking van letterkunde word die smaak van die kind vir die skone ontwikkel. As 'n persoon goed kan praat sal hy sy invloed in die diens van sy Skepper

1. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoed-

kan laat geld. Coetzee beweer dat taal as die grondvoorwaarde vir die totale ontwikkeling van die mens beskou kan word.[1] Spraakonderrig kan en moet dus sy deel tot die ware opvoeding bydra.

2. Waarom Spraak Onderrig Moet Word.

Kinders praat voordat hulle skool toe gaan, maar hulle praat hoofsaaklik die taal van hul omgewing, hul ouers, hul maters, die taal wat op straat gehoor word. Dié taal is nie altyd die algemeen-beskaafde taal nie. Al is die uitspraak van die mense in die omgewing waarin die kind groot-word, suiwer en korrek, dan is daar nog geen waarborg dat daar nie afwykings of versteurings in die kind se spraak sal voorkom nie. Baie ouers dink dat hulle kinders versteurings, soos afwykende uitspraak, hakkel en stotter, sal ontgroei, maar ongelukkig gebeur dit heel dikwels dat met gedurige herhaling die afwykings n gewoonte by die kind word[2] en dat die versteurings vererger. Sommige kinders leer nie van kleins af om te praat nie, alhoewel hulle in ander opsigte normaal is. Omdat hulle gedurende die vormende jare geen doelgerigte onderwys ontvang het nie, word hulle later as minderwaardig bestempel. Daar is kinders in kranksinnige gestigte wat nie kan praat nie maar wat nie imbesiele is nie.[3]

Spraakonderrig sluit ook baie meer in as net die verbetering van foutiewe uitspraak. Die onderwyser beoog die ontwikkeling van die vermoë van die leerling om sy gedagtes volledig, duidelik en saaklik uit te druk, die ontwikkeling van

1. Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 118.
2. Raubicheck: How to teach Good Speech in the Elementary School, 6.
3. Stinchfield - Hawk: ,,Psychology of Speech Develop-

sy denke, persoonlikheid en skoonheidsgevoel, en so meer. Baie min leerlinge ontwikkel terloops al bogenoemde bekwaamhede ten volle terwyl hulle die skool besoek en die ouers is nie altyd by magte om die kind te help nie. Dit is proefondervindelik bewys dat die spraak van normale leerlinge deur doelgerigte onderrig verbeter kan word[1].

Al meer en meer opvoedkundiges besef dat spraak op skool onderrig moet word. Engelse geleerdes het geskrywe: ,,Plainly, then, the first and chief duty of the elementary school is to give to its pupils speech - to make them articulate and civilised human beings able to communicate themselves in speech and writing.....Indeed,until they have been given civilised speech it is useless to talk of continuing their education, for, in a real sense, their education has not been begun"[2].

Spraakonderrig moet nie net tot die taalles beperk word nie en moet ook nie net die verantwoordelikheid van die taalonderwyser alleen wees nie. Elke onderwyser moet gedurende elke les aandag aan spraak gee. In Engeland is van Engels geskrywe: ,,Every teacher is a teacher of English because he is a teacher in English"[3]. Verder is daar ook gewys op die verband tussen kennis en die weergee daarvan: ,,What a man cannot clearly state, he does not perfectly know....Impressions unless expressed remain vague and fade away - if expressed become clear to ourselves and others"[4]. Dit maak

1. Stinchfield - Hawk: ,,Psychology of Speech Development" in Guides to Speech Training in the Elementary School,113.
2. Teaching of English in England, 19.
3. Ibid., 25.
4. Ibid., 20.

nie saak of die vak wiskunde, geskiedenis of Afrikaans is nie; duidelike, korrekte spraak is van die allergrootste belang.

Die verwerwing van die vaardighede wat nodig is om goed te praat, vind nie toevallig plaas gedurende lesse oor ander onderwerpe nie. Die spraakonderrig moet doelgerig wees; sonder leiding sal ondoeltreffende asemhaling of 'n oormate van spanning van die stemlippe net bestendig word, want; ,,Practice does not make perfect. Practice makes permanent"[1].

(3) Doel met Spraakonderrig.

Daar moet steeds onthou word dat die doel van spraak is om 'n boodskap aan die luisteraar te bring, en om hom sodoende te beïnvloed. Die sukses van 'n spreker sal grotendeels van sy beheer van die spraaktegniek afhang. Die aanleer van die spraaktegniek moet egter nooit 'n doel op sigself word nie; die tegniek is alleen 'n middel tot die bereiking van die doel van spraak.

'n Spreker moet ook nooit 'n spraaksituasie gebruik om homself op die voorgrond te bring nie; hy moet besef dat hy maar net 'n middel is om die stof aan die luisteraar so voor te dra dat die luisteraar dit verstaan en begryp. 'n Knap spreker is 'n opregte mens wat emosioneel ewewigtig is en wat die regte gesindheid teenoor homself en teenoor die hoorder openbaar.

Voordat 'n leerling as spreker kan optree, moet hy onderrig word, en die onderwyser moet weet wat die doelstelling van spraakonderrig is,

1. Raubicheck: How to teach Good Speech in the Elementary School, 6.

sodat sy pogings altyd doelgerig kan wees. Die vernaamste doelstellings van spraakonderrig word hieronder aangegee.

1. Die fisiese spraakvaardighede moet verwerf word. Dit is nodig dat die asemhaling goed beheers word, dat die stem korrek voortgebring en omvorm word, dat die artikulasie maklik, korrek en duidelik geskied en dat uitspraak, met inagneming van assimilasie korrek is.

2. Die gebruik van die spraakeienskappe moet aangeleer word. Die leerlinge moet geleer word hoe en wanneer toonhoogtepatrone, tempo, tydsduur, klem of geluidsterkte en pouses gebruik word.

3. Die bewegings moet natuurlik wees en moet n eenheid met die inhoud vorm.

4. Die kinders se gehoor moet verskerp word en hulle moet geleer word hoe om te luister.

5. Die denke van die leerling moet ontwikkel word.

6. Die karakter van die leerling moet opgebou en sy persoonlikheid ontwikkel word.

7. Die kind moet geleer word hoe om in spraaksituasies op te tree.

8. Die waardering van letterkunde moet ontwikkel word.

4: <u>Spraakonderrig vir Normale Leerlinge</u>.

Elke onderwyser moet gedurig daarvan bewus wees dat spraak n uiting van die hele persoon is. n Geringe spraakafwyking kan dus moontlik die gevolg wees van n diepgaande sielkundige versteuring en enige psigiese steurnis sal die spraak beïnvloed. Die leerlinge moet dus simpatiek behan-

del word, maar moet geensins vertroetel word nie; gedurende spraakonderrig moet die leerlinge kalm, bedaard en vrymoedig wees. 'n Leerling met 'n hardnekkige spraakafwyking, al is dit ook hoe gering, moet so gou moontlik na 'n spraakterapeut verwys word.

a: Motivering.

Spraakonderrig moet altyd sterk gemotiveer word. Dit is gebiedend noodsaaklik dat die leerlinge sal weet wat die waarde van doeltreffende spraak is en wat die nadele van ondoeltreffende spraak is. Omdat spraak die uiting van die hele mens is, sal weinig vordering gemaak word as die samewerking en belangstelling van die leerlinge nie verkry word nie. Dit moet nie beskou word as 'n addisionele vak op die lesrooster nie, want dan sal die leerlinge onder die indruk verkeer dat goeie spraak alleen gedurende daardie les 'n vereiste is.

Gelukkig is die motivering van spraakonderrig nie moeilik nie. Die leerlinge praat heeldag met hul ouers tuis, met hul maats op die speelgronde en met hul onderwysers in die skool en hulle wil almal graag presteer deur 'n staaltjie of 'n grappie goed te vertel of 'n duidelike antwoord op 'n vraag te gee. Die meeste leerlinge het seker ondervind dat hulle by een of ander geleentheid nie geweet het wat om te sê nie, byvoorbeeld toe hul aan 'n ouer persoon voorgestel was, en hoe ongemaklik hulle gevoel het. As die onderwyser op sulke geleenthede wys, sal die kinders graag wil leer. 'n Onderwyser wat 'n verhaal so boeiend kan lees of 'n gedig so kan voordra dat die kinders saamleef en saamvoel, sal nie moeilikheid met die motivering van

spraakonderrig hê nie omdat die kinders hom graag sal wil nadoen.

Die leerlinge moet egter goed verstaan dat die verbetering van spraak 'n langsame proses is wat baie oefening vereis. Daarom moet leerlinge nie te gou 'n groot verbetering verwag nie en moet hulle nie moedeloos word nie. Die onderwyser moet onthou dat sommige leerlinge hulle hele lewensbeskouing moet wysig voordat hulle spraak kan verbeter.

b. Die Onderrig van Fisiese Spraakvaardighede.

(i) Asemhaling.

Asemhaling vir spraakdoeleindes verskil van gewone asemhaling. Terwyl gepraat word, word vinnig deur beide mond en neus ingeasem dog uitaseming geskied langsaam. Buik- en borsasemhaling word aanbeveel maar dit word beweer dat asemhaling deur die optrek van die skouers nie so doeltreffend is nie[1)]. Daar moet voldoende lug in die longe wees sodat die einde van 'n klankreeks ook duidelik geuiter kan word; die spreker moet nooit in die middel van 'n betekenisgroep sonder voldoende asem wees nie.

Die leerlinge moet dus geleer word om vinnig in te asem en tog voldoende lug in die longe te kry. Met hul hande op die buik sal hul kan voel of die spiere gebruik word terwyl hul skouers stil gehou word.

Dit is noodsaaklik dat uitaseming goed beheers word. Met hul hande moet die leerlinge voel of hul van die middelrif gebruik maak om die

1(a)Pienaar: Die Afrikaanse Spreektaal, 19.,
2(b)Gray en Wise: The Bases of Speech, 125 et seq.

asem uit te dryf. Op enige oomblik moet die leerlinge die uitaseming kan stopsit, nie deur die sluiting van die stemlippe nie maar deur die middelrif en tussenribspiere nie verder saam te trek nie. Gedurende uitaseming moet daar geen spanning van keel- of nekspiere wees nie. Dit is wenslik dat as leerlinge uitasem, hulle 'n klank sal uiter.

Daar die meeste spiere wat asemhaling beheers ook ander funksies het, moet die liggaam regop wees maar 'n natuurlik, gemaklike houding aanneem. Dit sal die spiere in staat stel om hul werk in verband met asemhaling so doeltreffend moontlik uit te voer. Daar moet dus by leerlinge gedurende hierdie oefening so min spierspanning moontlik wees.

Die spraakuiting moet so in betekenisgroepe verdeel word dat daar voldoende pouses vir asemhaling is. Leerlinge sal moet besef dat daar nie in die middel van 'n betekenisgroep asem gehaal kan word nie. As die leerlinge dus reeds asemhalingsoefeninge gedoen het sodat hul min of meer op die regte manier hul uitaseming kan beheers, behoort hulle dit gedurende spraak toe te pas. Die toepassing kan gedurende die lees van 'n bekende les geskied sodat aandag net aan asemhaling en die afbakening van betekenisgroepe bestee kan word.

Die onderwyser moet onthou dat onnodige spierspanning 'n sielkundige oorsaak kan hê, en daarom moet daarvoor gesorg word dat die leerlinge almal rustig, kalm en vrymoedig gedurende asemhalingsoefeninge is; vrees sal spanning veroorsaak.

(ii) Voortbrenging van Stem.

Die toonhoogte van 'n stem word bepaal deur die lengte, massa en spanning van die stemlippe. Omdat die bou van die sogenaamde spraakorgane van geen twee persone presies dieselfde is nie, sal die natuurlike toonhoogte van die spraak van persone verskil. 'n Mens praat met die minste inspanning as sy stem om sy natuurlike toonhoogte beweeg. Die natuurlike toonhoogte van die stem van 'n spreker pas gewoonlik by sy resonatore aan.

Die hoogste halftoon van die laagste kwart van die omvang van die stem is gewoonlik die natuurlike toonhoogte van die spreekstem.[1] 'n Onderwyser kan met behulp van 'n klavier die natuurlike toonhoogte van die stemme van die meeste leerlinge bepaal. Deur baie oefening kan die leerlinge gewoond gemaak word om op hul natuurlike toonhoogte te praat. Omdat afwisseling in spraak nodig is, moet leerlinge ook geleer word om die toonsleutel van hul spraak te verander. Die verandering van toonsleutel word ook gebruik om gevoelens uit te druk.

'n Onnatuurlike toonhoogte word veroorsaak deur 'n oordrewe sametrekking of verslapping van spiere. Die verslapping of spanning kan veroorsaak word deur onkunde, maar kan ook die gevolg van 'n sielkundige steurnis wees. Die onderwyser moet dus op sy hoede wees dat hy met sy remediale werk nie die sielkundige versteurings vererger nie.

Die resonatore wat sommige deel-

1. Pienaar: Die Afrikaanse Spreektaal, a.o.

tone versterk en andere uitskakel, bepaal die stemkleur. Deur die wysiging van die vorm en die geaardheid van die resonatore kan die stemkleur verander word. Gespanne wande van die resonatore versterk die hoë deeltone en maak die stem skel. Die leerlinge moet baie oefeninge doen om die spiere van die mond, keel en tong beweegliker te maak sodat hul die resonansholtes na willekeur kan wysig. Die oefeninge moet gepaard gaan met die voortbrenging van stem, sodat die leerlinge kan hoor watter invloed die resonatore op die klanke uitoefen. Leerlinge met n onaangename stemkleur moet aangemoedig word om hul resonansruimtes so te wysig dat hul stemme mollig word, en daarna die resonatore op dieselfde manier te gebruik sodat die spreekstem altyd mollig is. Al die leerlinge moet egter geleer word hoe om die stemkleur te verander, want die verandering van stemkleur is noodsaaklik vir die vertolking van gevoelens.

Leerlinge kan poësie lees waarin daar heelwat gevoelsveranderinge voorkom, sodat hulle oefening kan kry in die gebruik van stem met natuurlike toonhoogte en verandering van stemkleur. Te veel leerlinge verhoog die toon van hul stem as hul poësie voordra en beskou n onnatuurlike stem as n vereiste vir voordrag.

(iii) Artikulasie en Uitspraak.

Alhoewel die artikulasie van Afrikaans gekenmerk word deur slap spierspanning[1], moet dit nie slordig of onduidelik wees nie. Die leerlinge moet geleer word hoe om elke klank van die

1. Le Roux en Pienaar: Afrikaanse Fonetiek, 43.

gesproke taal afsonderlik te vorm. Dit is ook baie belangrik dat die leerlinge die klank sal herken as dit geuiter word sodat hulle hul eie artikulasie kan kritiseer. Leerlinge moet al die klanke afsonderlik artikuleer of hulle dit in hul gewone spraak korrek doen al dan nie. Indiwiduele leerlinge sal natuurlik baie oefening kry om klanke te artikuleer wat hulle verkeerd uitspreek. Die leerlinge moet weet waar en hoe die klank gevorm word, al leer hulle in die begin nie die wetenskaplike klassifikasie van klanke nie, sodat hulle deur die oefening die spiere van die mond en keel beweegliker kan maak en spiersin kan ontwikkel. Le Roux en Pienaar het elke Afrikaanse spraakklank in besonderhede beskrywe in hul boek ,,Afrikaanse Fonetiek".

Nie alleen moet die leerling die klanke afsonderlik korrek artikuleer nie, maar by die uitspreek van n klankreeks, n woord of n betekenisgroep, moet hy rekening hou met die gangbare assimilasiereëls[1]. Sommige klanke in onbeklemtoonde lettergrepe van n woord is geneig om onder invloed van naburige klanke veranderings te ondergaan. Wysigings kom ook voor gedurende die uiting van n betekenisgroep. Veral is klanke van die swak vorme geneë om deur naburige klanke beïnvloed te word. Gehooroefeninge is noodsaaklik, sodat leerlinge die spraakuiting van opgevoede persone kan waarneem en ook om die klanke in hul eie natuurlike spraak te hoor. Die onderwyser sal die leerlinge op uitspraak wys wat van die standaard uitspraak[2] verskil, en sal die besondere leerlinge

1. Pienaar: Die Afrikaanse Spreektaal, 69.
2. Vir die standaard uitspraak in Afrikaans sien

wat die afwykings toon, remediale oefeninge laat doen. Al die leerlinge sal egter gedeeltes hardop lees om die inhoud in betekenisgroepe in te deel, om die belangrikste woord (of woorde) te beklemtoon en om die assimilasie van die swak vorme te beoefen. Baie leerlinge beklemtoon elke woord van die stuk wat gelees word, met die gevolg dat die luisteraar hom moet inspan om die inhoud te begryp, want die belangrike en minder belangrike gedeeltes kry dieselfde nadruk. Die stem van die leser is dan noodgedwonge ook eentonig.

(iv) Duidelikheid.

Al die luisteraars moet kan hoor wat gesê word en daarom moet die stem voldoende draagkrag besit. Daar is egter baie mense wat te hard praat, en daarenteen baie wat weer te sag praat. Min ongeoefende sprekers kan so praat dat hul stem net die persoon bereik wat moet hoor, en nie verder gaan nie.

Die leerlinge moet eers duidelikheid verkry deur die sogenaamde spraakorgane sover moontlik oop te maak. Sprekers wat hul lippe naby mekaar hou, praat baie onduidelik. Die gewoonte om die mond goed oop te maak, moet by die leerlinge aangekweek word, en die gewoonte kan aangekweek word deur die leerlinge hardop te laat lees.

As die stem om die natuurlike toonhoogte beweeg, sal die volste gebruik van die resonatore gemaak kan word. Die versterking van die klank deur die meetrilling van lug is baie belangrik, want die stemlippe kan maar net 'n flou geluidjie voortbring. Die leerlinge moet dus oefen

om 'n klank al harder en duideliker te uiter terwyl die asemdruk onder die stemlippe onveranderd bly.

Die sonoriteit van verskillende klanke is nie altyd dieselfde nie[1]. Die konsonante is minder sonoor as die vokale en van die konsonante is die sonoriteit van die stemlose plofers die laagste. Die leerlinge moet weet watter klanke skerper geartikuleer moet word om hulle ook hoorbaar te maak.

Leerlinge sal dus oefeninge kry om met persone langs hulle te praat, met persone in die middel van die kamer en met persone agter in die kamer. Om hul stem so ver te laat dra, moet die leerlinge die mond oopmaak, die resonatore goed gebruik en duidelik artikuleer. Omdat meer moeite met artikulasie gedoen word, sal die tempo ook stadiger word. Dit behoort nie nodig te wees om die asemdruk baie te verhoog om in 'n klaslokaal gehoor te word nie.

As die asemdruk verhoog word, word die geluidsterkte vergroot. Sprekers in groot kamers, sale of in die buitelug moet ook die asemdruk verhoog om gehoor te word. Dit is 'n kuns om hard te praat en die stem tog mollig te hou. Die meeste mense skreeu as hulle hard moet praat. Leerlinge moet in die skoolsaal oefen om vir die luisteraar in die verste ry te lees sodat die persoon alles kan hoor, en sodat die stem tog nog vir die luisteraar aantreklik klink. Die leser moet die regte gebruik van die resonatore maak, duidelik artikuleer en sy asemdruk verhoog sonder om die klankkleur te verander.

(v) Algemeen.

Dit is baie belangrik dat asemhaling, voortbrenging van stem, artikulasie en verhoging van geluidsterkte sonder onnodige spierspanning geskied en dat die doeltreffendste gebruik van die spiere gewoontehandelinge sal word. Spiere wat te veel gespanne is, kan nie hul werk gemaklik, vloeiend en doeltreffend uitvoer nie. Leerlinge moet voor en na elke oefening geleer word om te ontspan.

Spierspanning is nie altyd aan 'n swak ontwikkelde spiersin te wyte nie, maar die spanning kan 'n uiterlike teken van 'n gemoedstoestand wees. 'n Skel stem, 'n onnatuurlike toonhoogte, swak asembeheer en 'n onduidelike of 'n te sagte stem kan almal simptome van emosionele versteurings wees. Kinders met sulke versteurings sal geen baat by bloot spraakoefeninge vind nie, en die onderwyser moet op sy hoede wees dat spraakoefeninge nie die psigiese versteurings vererger nie. Kinders wat hul spiere nie kan of wil verslap nie, behoort na 'n spraakkliniek gestuur te word.

c. Die gebruik van die Ritmies-Melodiese Eienskappe van Spraak.

Spraak is meer as net die artikulasie van 'n reeks klanke. Gedurende 'n uiting word die ritmies-melodiese eienskappe van spraak so gebruik dat die inhoud beter verstaanbaar gemaak word en dat die aandag van die luisteraar getrek word. Elke taal maak op sy eie manier gebruik van toonhoogte, klem en duur om sodoende sy eie karakteristieke ritme te ontwikkel. Die bogenoemde eienskap-

dig vir die vertolking van die gevoel. 'n Persoon wat verwag om deur spraak enige invloed op 'n luisteraar uit te oefen, moet weet hoe en wanneer om hierdie eienskappe van spraak te gebruik.

(i) Intonasie.

Die leerlinge moet altyd die karakteristieke toonhoogtewysies gebruik van die taal wat hulle praat. Hierdie wysies kan by die leerlinge ingeoefen word deur die leerlinge 'n groot verskeidenheid leesstof, beide prosa en poësie, hardop te laat lees of te laat voordra.

Gewoonlik kry die dele van 'n spraakuiting wat van mekaar deur 'n langer pouse geskei is, elkeen sy eie intonasiepatroon. Omdat die spreker 'n sekere reeks woorde as 'n eenheid aanvoel, gaan die uiting van die woorde gepaard met 'n selfstandige, volledige intonasiepatroon. Voordat 'n leerling dus 'n stuk hardop kan lees om die intonasie aan te toon, moet hy besluit watter reeks woorde sy betekenisgroepe gaan uitmaak, watter van hierdie betekenisgroepe afhanklik, beslissend of parentetics is, watter van hierdie groepe belangrik is, watter minder belangrik en of die betekenisgroep 'n feit, 'n bevel, 'n wens of onsekerte en twyfel uitdruk. Al hierdie faktore sal bepaal welke tipe toonhoogtewysie gebruik moet word: óf die dalende óf die stygende endintonasie. Die klem en 'n hoë toon val gewoonlik saam en daarom sal die leerling moet weet, voordat hy begin lees, watter woord in die betekenisgroep beklemtoon moet word en watter een onbeklemtoon is. Die posisie van die beklemtoonde woord sal die toonhoogtewysie beïnvloed.

Ander gevoelens, behalwe sekerheid en twyfel, word ook deur die intonasie vertolk. Die speling tussen die hoogste en laagste toonhoogtes gedurende 'n blye, opgewekte vertelling is baie groter as die speling gedurende 'n somber, treurige verhaal. Leerlinge moet betekenisverskille tussen die uitings van dieselfde reeks woorde maar met verskillende intonasiepatrone uitgespreek, kan beskrywe. Na heelwat van bogenoemde oefeninge moet die leerlinge self die betekenis van 'n reeks woorde kan verander deur die wysiging van die intonasiepatroon.

As 'n sprcker 'n gehoor toespreek, moet hy nie gedurig dieselfde toonhoogtewysie besig nie. Die speling van toonhoogte in die een wysie moet groter wees as die in 'n ander, maar hy moet soms sy toonsleutel ook verander sonder om sy klankkleur te wysig. Soms moet die toonhoogte waarom sy stem beweeg 'n bietjie laer wees as sy natuurlike toonhoogte en soms moet die toonsleutel 'n bietjie hoër wees. Die veranderings van toonsleutel moet nie so groot wees dat die toonhoogte heeltemal onnatuurlik vir die geslag en ontwikkeling van die spreker word nie, maar binne die grense van natuurlikheid moet daar soms ook afwisseling wees. Die leerlinge kan geleer word om hul toonsleutel te verander deur die swaar stem van hul vader of oom na te boots en dan die fyner stem van hul moeder of hul broertjie. 'n Onnatuurlike toonhoogte moet nie lank gebesig word nie, want die stemlippe kan daardeur beskadig word. As die toonsleutel net 'n bietjie hoër of laer verskuif word, bestaan daar nie veel

linge geniet die oefeninge.

(ii) Klem.

In woorde met meer as een klankgroep word een van die klankgroepe van die woord met meer krag uitgespreek as die ander; dit wil sê die klankgroep word beklemtoon. Soms verander 'n verskuiwing van klem die betekenis van die woord. Die klemgebruik in Afrikaans moet vir elke woord afsonderlik aangeleer word. Die leerling moet dus 'n lys van die woorde maak waarby hy die klem verkeerd gebruik en die regte gebruik deur herhaling inoefen.

Die belangrikste woord in die sin word ook met die grootste krag uitgespreek; die woord kry dan spesiale nadruk omdat dit skerper geartikuleer word en omdat dit op 'n hoë toon en met groter krag geuiter word. Behalwe die woord wat die hoofklem dra, kan daar ander woorde wees waarop die byklem val en wat dus duideliker as onbeklemtoonde woorde is. Die sinsklem is alleen betekenisaanduidend en daar is dus geen vaste reëls waar die klem moet val nie, behalwe dat die belangrikste woord die sterkste beklemtoon word. As 'n sekere woord in 'n sin beklemtoon moet word, val die sinsklem gewoonlik op die deel van die woord waarop die woordklem val. Leerlinge moet die betekenisveranderinge, deur die verskuiwing van die sinsklem veroorsaak, kan verklaar en hulle moet self 'n bepaalde betekenis aan 'n sin kan gee deur die gebruik van klem.

Die kraggebruik kan ook gevoelens vertolk. 'n Persoon wat skuldig is, ontken dikwels sy skuld met baie energie; die persone wat kwaad, opgewonde of opstandig is, gebruik baie meer

krag in hul spraak as persone wat bedroefd of moedeloos is. Deur 'n groot verskeidenheid van stof te lees of voor te dra sal die leerling in die geleentheid gestel word om klem vir al die doeleindes te gebruik.

(iii) Tydsduur en Tempo.

Die relatiewe duur van klanke hoort by artikulasie tuis maar die absolute duur is afhanklik van die spreker se tempo, wat grotendeels deur sy gemoedstoestand en persoonlikheid bepaal word. Die tempo van 'n spraakuiting en die duur van spraakklanke vertolk gevoelens: die ongeduldige spreker sal sy klanke kort afkap terwyl die geduldige persone hul spraakklanke langer sal maak; die vrolike spreker se spraakklanke sal ook korter wees as die klanke van 'n persoon wat treur. Aan leerlinge moet die geleentheid gebied word om deur verandering van tempo gevoel te vertolk.

Tempo is ook betekenisaanduidend. Parentetiese ondergeskikte sinsdele word dikwels vinniger geuiter as die res van die sin, sodat die gehoor die verband tussen die verskillende dele kan snap. Die duur van die klanke in 'n beklemtoonde woord is ook langer as die in onbeklemtoonde woorde. Duidelikheid is in 'n mate afhanklik van die tempo van spraak. In 'n groot saal of in die buitelug moet 'n spreker stadiger praat indien hy verlang dat al die mense moet hoor. Leerlinge moet dus leer om vinniger te praat en tog duidelik te artikuleer en dan weer stadiger maar tog opgewek te praat; die spraakuiting moet nooit temerig word nie. Dan moet leerlinge tempo gebruik om sinsverband aan te dui.

alleen deur rypere leerlinge probeer word. As die spanning oordrywe of verkeerd gebruik word, sal die spreker homself belaglik maak.

(v) Samevatting.

Die spraakeienskappe: toonhoogte, klem en tydsduur is hierbo duidelikheidshalwe afsonderlik behandel, maar in n spraakuiting is hulle deurmekaar gestrengel; n beklemtoonde woord word gewoonlik op n hoë toon geuiter, word skerp geartikuleer en omdat meer krag gebruik word, is die duur van die klanke ook langer as dieselfde klanke in onbeklemtoonde woorde[1]. Terwyl die leerlinge die gebruik van een eienskap inoefen, sal hy ook nie die ander heeltemal kan uitskakel nie. Die aandag van die onderwyser en leerling sal egter toegespits wees op die doel van die oefening, byvoorbeeld die inoefening van intonasiepatrone; as die leerling gedurende die oefening klem verkeerd gebruik, word hy terloops reg gehelp, want die klem beïnvloed die intonasiepatroon, maar die hoofsaak bly die inoefening van intonasiepatrone. So gou moontlik egter moet die leerlinge al die spraakeienskappe saam gebruik om nadruk op n woord te laat val, om die betekenis van die inhoud te verhelder en om gevoelens te vertolk.

Die aanleer van die gebruik van die spraakeienskappe moet nooit n doel op sigself word nie. Beide onderwyser en leerling moet altyd onthou wat die doel met spraak is, en dat die spraakeienskappe maar net gebruik word om daardie doel te bereik. Die spreker wat toonhoogtewysies, klem en tydsduur goed kan gebruik en wat hulle doeltreffend

1. Pee: Beitrag zum Studium der Niederländischen Intonation. 4.

kan afwissel, maar wat nie so veel belang in sy stof stel dat hy sal strewe om dit by sy luisteraar te laat ingang vind nie, het ,,n klinkende metaal of n luidende simbaal" geword.

d. Gelaatsuitdrukking, Gebare en Bewegings.

Die spreker se liggaam dra ook sy deel tot die spraakuiting by. Voordat die spreker nog n woord gepraat het, het sy bewegings alreeds boodskappe aan die gehoor gestuur, en gedurende die spraakuiting behoort die visuele prikkels die gehoorprikkels aan te vul; soms loënstraf die liggaam wat die stem sê, en dan maak die spreker homself belaglik. Doelgerigte bewegings help baie om die selfbewustheid van n spreker voor n gehoor te verminder; sulke bewegings bevorder die ontwikkeling van sy ewewigtigheid en laat hom op sy gemak voel. Senuweeagtige rukbewegings, doellose bewegings en gespanne spiere egter het net die teenoorgestelde uitwerking en verhoog die gevoel van vrees en angs.

Die taak van die onderwyser is om ongewenste handelinge deur ekspressiewe bewegings te laat vervang; die bewegings moet eg wees, doelgerig en moet die gedagtes en gevoelens vertolk. Dit baat niks om aan n leerling te sê dat hy dit of dat nie moet doen nie; dikwels word senuweeagtige bewegings vererger deur die aandag daarop te vestig. Die leerling moet ekspressiewe bewegings aanleer sodat die senuweeagtige, doellose bewegings verdring word. Om dit te kan doen, is n weldeurdagte werkskema vir die ontwikkeling van die beheer van spiere en die ontwikkeling van spiersin n vereiste. Die leerling kan die koördinasie van die bewegings van die spiere be-

oefen deur gedigte met sterk ritme te dramatiseer, aan poppespel deel te neem, die gevoelens soos toorn, droefheid, vreugde en moegheid deur bewegings alleen te vertolk en deur die bewegings van mense in hul alledaagse werk, soos die bakker, skrynwerker, messelaar en kleremaakster, na te doen.

Om die bewegings aan te leer wat vir alledaagse spraak nodig is, moet groepies leerlinge deur gebarespel alledaagse gebeurtenisse voorstel; die leerlinge kan wys hoe hulle soggens aantrek, borde was, grond spit, plantjies uit plant en so meer; hulle kan ook 'n voorval op die voetbalveld, 'n gesprek op die speelterrein of 'n onderhoud met die hoof in sy kantoor met gebare voorstel.

Leerlinge wat spraakafwykings toon, moet aan rustige, ontspannende speletjies deelneem, soos die nadoen van kalm en bedaarde persone. Die begrip van die waarde van bewegings moet ontwikkel word deur oefeninge waarin leerlinge wys hoe 'n verandering van gemoedstoestand die loop van 'n persoon beinvloed, hoe 'n mens hier en daar 'n blaar optel, hoe 'n mens eiers optel en in 'n mandjie pak, hoe 'n kaalvoetseun deur 'n veld met dubbeltjies loop en dergelyke oefeninge.

e. <u>Verskerping van Gehoor- en Luisteroefeninge</u>.

Vir die verbetering van spraak is 'n geoefende oor noodsaaklik. Dowe mense is gewoonlik ook stom nie omdat hulle die klanke nie kan uiter nie, maar omdat hulle die klanke nie kan hoor nie. Die uitspraak van baie mense wyk van die standaard-uitspraak af alleen omdat hulle nog nooit gehoor het dat hul uitspraak van dié van die mense in

hul omgewing verskil nie. Kinders moet geleer word om fyn te hoor sodat hulle hul eie spraak kan kritiseer. As hulle nie besef dat hulle spraak afwykings toon nie, is al die spraakonderrig tevergeefs, want dan ontstaan daar by die kinders n mate van verset teen veranderings wat vir hulle onnodig lyk. Alleen as die leerlinge oortuig is dat hul spraak nie ooreenkom met die standaard-uitspraak nie, kan spraak met vrug aan hulle onderrig word[1].

Dit sal baie help as leerlinge die fonetiese alfabet ken sodat hulle n klank of n reeks klanke presies kan aandui; hiervoor is die gewone ortografie ondoeltreffend[2]. Nie alleen moet die leerlinge die klank herken nie, maar hulle moet die intonasiepatrone, die kwantiteit van die klanke, die sterkte van die sinsklem[3] en die duur van die pouses kan waarneem en aanstip. Die tekens om hierdie eienskappe aan te dui, word in ,,Afrikaanse Fonetiek" van Le Roux en Pienaar gevind.

Te dikwels word as vanselfsprekend aanvaar dat dit in die aard van die mens is om te luister. Oorspesialiste het egter gevind dat daar by die helfte van die persone wat nie goed kan hoor nie, geen organiese gebrek is nie, maar dat die persone nie hoor nie omdat hulle hulle nie wil inspan om te luister nie[4]. En dit word dikwels van n mens verwag om te luister. Een skrywer beweer

1. Journal of Educational Research, Maart 1936: ,,Best method of Teaching Speech".
2. Le Roux en Pienaar: Afrikaanse Fonetiek, 4.
3. Schoonees en Van Bruggen: Inleiding tot die Studie van Letterkunde, 100.
4. Quarterly Journal of Speech 1947, 84.

dat grootmense vier-en-veertig persent van die dag aan luister bestee[1] en n ander skrywer sê weer dat volwassenes gewoonweg een-en n half maal soveel tyd aan luister bestee as aan praat, drie maal soveel tyd as aan lees en vyf maal soveel as aan skrywe[2].

Om doeltreffend te luister, is veeleisend en verg heelwat inspanning. Die waarneming geskied hoofsaaklik deur die oor wat gelyktydig die gesproke taal, toonhoogte en toonhoogtewysies, stemkleur, klem en tempo moet waarneem en onderskei. Derhalwe moet die luisteraar gedurig op sy hoede wees, want die spraak is kortstondig van duur en kan nie herhaal word nie. Die luisteraar moet die spreker volg teen watter tempo hy ookal praat. Die luisteraar kan nie soos die leser sy eie spoed bepaal, n sin of paragraaf weer lees, sy woordeboek raadpleeg en oor die inhoud nadink nie. Baie tyd het die luisteraar nie tot sy beskikking nie en om die stof te beoordeel en te waardeer, moet hy vinnig dink. Om doeltreffend te luister, moet die luisteraar in die regte stemming wees om te luister, skerpsinnig genoeg wees om die boodskap te begryp en te waardeer terwyl daar gepraat word en n goeie geheue hê, sodat hy die belangrikste feite kan onthou en in die regte verhouding tot mekaar kan bring.

Van die leerlinge word verwag om gedurende n groot gedeelte van die skooldag aandagtig te luister, die inhoud korrek te verstaan en die hooffeite te herroep; van die leerlinge word verwag om al hierdie dinge te doen sonder enige

1. Quarterly Journal Speech 1946, 505.
2. Ibid., 1948, 494.

doelgerigte onderrig. Die gevolg van hierdie gebrek aan onderrig is die feit dat min kinders kan luister soos soveel onderwysers kan getuig.

Spraakonderrig moet met luisteronderrig gepaard gaan. Wat vir een leerling 'n spraakoefening is, is vir al sy klasmaats 'n luisteroefening. Sy maats kan spesiaal oplet na sy uitspraak, sy gebruik van een of ander spraakeienskap of die rangskikking van sy stof. Van hulle kan verwag word om van die uiting af te lei wat die spreker homself ten doel stel, om die hoofpunte van sy toespraak weer te gee, of enige ander taak wat hulle sal dwing om te luister. Vir luisteronderrig is ook 'n weldeurdagte werkskema nodig, sodat al die aspekte van luister ingeoefen kan word.

Nie alleen moet leerlinge geleer word om aandagtig te luister nie, maar luisteraars moet geleer word om die regte gesindheid teenoor die spreker te openbaar. Hoflikheid is die minste wat 'n spreker van 'n gehoor kan verwag. Die gelag van leerlinge in die gehoor as 'n senuweeagtige spreker 'n flater begaan, moet ten strengste verbied word. Die luisteraars moet besef, en hulle sal as hulle ook as sprekers optree, dat 'n gehoor 'n spreker kan aanmoedig om sy saak baie goed voor te dra. Al stem luisteraars nie in met wat die spreker sê nie, moet hulle tog beleefd en hoflik na hom luister en sy standpunt probeer begryp.

f. <u>Die Ontwikkeling van die Denke</u>.

'n Belangrike deel van spraak is die stof. Om die tegniek van spraak te verbeter sonder om die waarde van die inhoud te verhoog, sal

net oppervlakkigheid, huigelary en aanstellerigheid in die hand werk. Die leerling sal dus baie aandag aan die inhoud moet skenk. In sy pogings om die boodskap eerlik en duidelik voor te dra, sal die leerling gegewens moet versamel en sal hy daarna moet oorweeg of die gegewens korrek is. Duidelikheidshalwe sal die stof behoorlik rangskik moet wees, en om dit te kan doen, sal hy die onderwerp moet deurdink, die minder belangrike dele aan die belangrike ondergeskik moet maak, die verwantskap tussen begrippe moet insien en die gegewens wat nie ter sake is nie, moet weglaat.

Al die stof sal so verwerk moet word dat die spreker sy doel kan bereik en dat dit sal aanpas by die kennis, ontwikkeling, vooroordele en sedes van die gehoor. Die verwerking van die inhoud word later in besonderhede behandel by die bespreking van die afsonderlike spraaksituasies in hierdie hoofstuk.

Om sy stof te versamel en in die regte vorm te kry, sal die leerling verplig wees om te dink en die logiese denke sal hom later in staat stel om hom intellektueel by die veranderde eise van die lewe aan te pas.

g. <u>Die Ontwikkeling van die Persoonlikheid</u>.

'n Doel van spraak is die aanpassing by en samewerking met die medemens. Enige leerling wil hom graag met sy groep vereenselwig. Om met sy gelykes maats te wees, moet hy met hulle kan praat oor sake waarin hulle belangstel. Die kind wil met sy eie mense goed oor die weg kom en, as hy vreemde mense ontmoet, wil hy weet wat om te

sê en wil hy dus op sy gemak wees. 'n Kind met 'n spraakgebrek word dikwels deur sy maats verstoot of word net in 'n groep geduld, maar kan nie sy drang na prestasie bevredig nie. Dit is dus waarskynlik dat 'n leerling wat nie normaal kan praat nie, nie 'n gesonde persoonlikheid sal ontwikkel nie.

Kinders moet nie alleen leer om goed te praat nie, maar dit is noodsaaklik dat hulle sal besef watter verantwoordelikhede daar op sprekers rus. Spraak moet nooit vir onwaardige doeleindes gebruik word nie. Jacobus[1] het die Christene ernstig vermaan om die tong te beheers; Salomo het ook daarop gewys dat die spraak nie verkeerd gebruik moet word nie toe hy geskrywe het: „Valse lippe is vir die Here 'n gruwel"[2]. Doeltreffende spraak kan groot invloed op luisteraars uitoefen en die spreker moet sorg dat spraak net ten goede gebruik word of soos Salomo gesê het: „Die lippe van die regverdige help baie mense reg"[3]. Veral met sy spraak moet die mens sy Skepper dien. Die mens is alleen vryheid van spraak waardig as hy sy naaste liefhet soos homself en altyd eerlik en opreg is. Die opbouing van die karakter van 'n leerling maak dus 'n deel van spraakonderrig uit; die leerling moet nooit spraak vir 'n eerlose doel gebruik nie.

By die bespreking van die verskillende spraaksituasies hieronder sal daarop gewys word watter karaktereienskappe nodig is en hoe die persoonlikheid van die leerling ontwikkel kan word. Eerlikheid, opregtheid, selfbeheer, nederig-

1. Jacobus 3: 1 - 12.
2. Spreuke 12: 22.

heid en samewerking kan gedurende debatte of beraadslagings aangekweek word; selfbeheer, gewig, moed en vindingrykheid sal ontwikkel word deur die optrede van leerlinge voor 'n gehoor om 'n toespraak te hou. As 'n spreker aansluiting soek met sy gehoor sal hy verdraagsaam en mensliewend wees, en as 'n spreker verlang dat sy toespraak die gewenste uitwerking sal hê, moet hy homself vergeet en in sy stof opgaan. Koorpraat en toneelspeel bied baie geleenthede om die beskroomde, teruggetrokke en skamerige leerlinge aan te moedig en die voorbarige leerling te dissiplineer.

h. Spraaksituasies.

Die onderwyser van spraakonderrig moet homself ten doel stel om by die leerlinge kennis van die belangrikste spraaksituasies aan te bring wat in die alledaagse lewe ontstaan, sodat hulle in sulke situasies op hul gemak kan voel en ook aktief kan deelneem. Ballard beweer: ,,Let me at once lay it down as a dogma that the function of the oral composition lesson is to train for public speaking and public debate"[1]. If this is not its sole function, it is at least its main function"[2]. Behalwe as 'n meer omvattende vertolking aan ,,public speaking" gegee word, is die doelstelling te beperkend. Dit is egter belangrik dat die onderwyser besef dat spraakonderrig nie net die verwerwing van die spraaktegniek is nie maar veral die gebruik van die spraaktegniek. Gedurende spraakonderrig moet 'n leerling dus leer om te gesels,

1. Skrywer kursiveer.

te vertel, sy saak te stel, te beraadslaag, te debatteer, om kennis mee te deel, om inligting in te win, om te oortuig; met ander woorde om deel te neem aan die menigvuldige spraaksituasies wat in die lewe voorkom. Die bespreking van die belangrikste situasies volg hieronder.

(i) Die Geselskuns.

Dit is 'n kuns om lekker te gesels[1] en alhoewel kinders in die loop van elke dag baie met hul maats gesels, is dit geen waarborg dat hul die kuns aanleer nie. Hulle moet begryp wat die doel van 'n geselsery is en waaraan die sukses van 'n aangename geselskap toe te skrywe is. Daarna moet hulle opgelei word om aan die geselsery deel te neem en ook as gasheer of leier van die groep op te tree.

Die doel van 'n geselskap is om te vermaak en om kameraadskap te bevorder. Die vernaamste eienskap wat die geselsers aan die dag moet lê, is welwillendheid. Hierdie spraakaktiwiteit word gekenmerk deur 'n blykbare doelloosheid, 'n natuurlikheid en vryheid. Daar moet 'n wisselwerking tussen die deelnemers bestaan en die onderwerp waaroor gepraat word, moet gedurig verander; die veranderinge berus op blote toeval; probleme word nie opgelos nie.

Om die geselskap te laat vlot, moet 'n gesellige atmosfeer geskep word. Die persone moet gemaklik sit, tuis voel en lyk asof hulle die gesprek geniet. Geen aanmerking wat die groep ongemaklik kan laat voel, moet toegelaat word nie.

1. Pienaar: Die Afrikaanse Spreektaal, 92.

Daar moet nie geredetwis word nie; 'n persoon kan sê dat hy van 'n ander verskil maar daaroor moet nie geargumenteer word nie. Om die aangename gees te bewaar, moet nie toegelaat word dat 'n persoon geterg word wat 'n fout begaan het nie. Leerlinge moet ook baie goed begryp dat dit onvriendelik en onwelvoeglik is om met die voorkoms van 'n persoon die spot te drywe en dat dit barbaars is om die draak te steek met iemand met 'n liggaams- of spraakgebrek.

Die lede van die geselskap moet in die onderwerp van die gesprek belangstel. 'n Lid moet in die geleentheid gestel word om te praat oor dinge waarin hy werklik belangstel. 'n Spreker moet nie oor homself of oor sy eie werk praat nie, want dit prikkel net eiewaan en verveel die luisteraars. Ook moet 'n persoon nie van sy kwale, siektes of moeilikhede praat nie, want gewoonlik stel die ander lede nie veel belang in sulke onaangenaamhede nie. Die persoon wat homself as alwetend wil voordoen, maak homself belaglik.

Die ander lede moet hoflik luister na die een wat praat, maar een persoon moet nie toegelaat word om alleen die woord te voer en homself op die voorgrond te dwing nie. Gesels is 'n wisselwerking tussen persone en dus moet elkeen hom inspan om sy bydrae te lewer en so aktief deel te neem. Geen lid van die geselskap moet die hele tyd net stil sit en niks sê nie.

Die gasheer het 'n baie moeilike taak. Hy kan geen dwang op enige persoon uitoefen

verstoor word nie. As hy sien dat die gesprek in 'n argument tussen twee persone wil ontaard, moet hy op 'n taktvolle wyse die gesprek in 'n ander rigting stuur. Die persoon wat te veel praat, moet op 'n mooi manier stil gemaak word en die stil persoon moet aangemoedig word om iets te sê. Die gasheer moet ook toesien dat die gesprek nie verflou nie.

Dit is leersaam vir die leerlinge wat as gashere opgetree het, om bymekaar te kom en hulle moeilikhede te bespreek. Die een vertel wat hy onder hierdie omstandighede gedoen het, en die ander weer onder daardie omstandighede; so leer hulle van mekaar se ondervindings.

'n Persoon wat lekker wil gesels, moet 'n ewewigtige persoonlikheid hê. Hy moet die gevoelens van ander persone respekteer; hy moet verstaan dat ander mense van hom kan verskil sonder dat hulle juis verkeerd is; hy moet begryp dat mense na 'n genoeglike bestaan strewe en hy moet gewillig wees om sy bydrae daartoe te lewer. Hy moet weet wanneer en hoe om te praat, wanneer om stil te bly, hoe om te luister, sodat almal in die genot kan deel, en hoe om die geselskap aan die gang te hou.

(ii) <u>Vertelling van 'n Verhaal</u>.

Kinders luister graag na 'n verhaal en hulle is gewoonlik gretig om 'n verhaal te vertel, maar hul vertelling het dikwels geen begin of einde nie en die volgorde van die gebeurtenisse is gewoonlik nie reg nie. Dit is moeilik om 'n verhaal goed te vertel, en die leerlinge moet die kuns aangeleer word. Wat baie belangrik is, is dat die

moet word nie maar liewer nog verder aangemoedig word; as die vertellus eers dood is, sal die onderrig tevergeefs wees.

Die hoofdoel van n vertelling is om genot aan n gehoor te verskaf en n vertelling moet nie n sedepreek word nie. Die luisteraars moet gemaklik sit en so naby moontlik bymekaar sodat die verteller gemeensaam kan praat. Daar moet n gees van afwagting by die luisteraars wees; n byna eerbiedige stemming moet heers. Die eerste sin moet die aandag van die gehoor trek en die regte gees skep; die laaste sin moet die verhaal doeltreffend afsluit.

Die verteller moet in die verhaal belangstel. Hy moet die storie baie goed ken sodat hy die gebeurtenisse self belewe. Hierdie belewing is nodig as die verteller die verhaal lewendig wil voordra. Verhale wat gelees is, kan oorvertel word, maar leerlinge moet aangemoedig word om uit hul eie ervaring te put. Leerlinge moet nie woorde van buite leer nie maar hulle moet die verhaal in hul eie woorde vertel; hulle moet egter sorg dra dat die woordkeuse, die ritmies-melodiese eienskappe en die bewegings by die inhoud van die verhaal aanpas. Vanaf die aanvangsklasse moet by die leerlinge aandag aan die ontwikkeling van die tydsbegrip bestee word; n grondige tydsbegrip sal die vervelige herhaling van ,,en toe" laat verdwyn.

Die verteller moet stilweg en duidelik praat; hy moet van die geselstaal, paslike gebare en mimiek gebruik maak en hy moet

geesdriftig en oortuigend wees. Van besondere waarde in 'n vertelling is die gebruik van die pouse; nie alleen moet die pouse gebruik word om begripsgroepe af te baken nie, maar ook om die dramatiese gedeeltes beter te beklemtoon en om die spanning te verhoog. Die verteller moet op die reaksies van die gehoor let, want daaruit sal hy kan aflei hoe geslaagd die vertelling is of waar verbetering aangebring moet word.

Die luisteraars moet geleer word om aandagtig, krities en hoflik te luister; daar moet 'n wisselwerking tussen die verteller en die gehoor wees. Leerlinge kan gevra word om die hoofpunte van die verhaal weer te gee; meer gevorderde leerlinge kan gevra word of die verteller in sy doel geslaag het en om redes te gee vir hul antwoord; ander leerlinge kan gevra word om aan te toon in watter opsigte die spreker sy verteltrant kan verbeter. So kan baie vrae aan luisteraars gestel word om te sien of hul werklik geluister het.

Die vertelling word gewoonlik gebruik om die gehoor te vermaak. In die skool kan dit gebruik word om leerlinge begerig te maak om 'n sekere boek te lees; die verhaal word boeiend vertel tot op 'n spannende oomblik en dan afgebreek en die leerlinge wat graag die verhaal enduit wil volg, word aangeraai om die boek te lees.

(iii) <u>Verslag Doen</u>.

'n Spraaksituasie wat dikwels in die alledaagse lewe voorkom, ontstaan uit die behoefte van 'n persoon om meer inligting in verband met 'n sekere saak te bekom. Hierdie persoon gee dan op-

drag aan 'n ander om ondersoek in te stel en verslag te doen.

Die eerste persoon moet sy opdrag duidelik hoorbaar en verstaanbaar gee sodat daar geen moontlikheid van 'n misverstand kan wees nie. Die spreker moet hier wel deeglik die intelligensie, peil van ontwikkeling en voorliefdes van sy luisteraar in aanmerking neem. Vir die tweede persoon is die opdrag eers 'n luisteroefening; nie alleen moet hy die doel van die opdrag besef nie, maar hy moet die belangrike dele van die opdrag baie duidelik van die minder belangrike dele kan onderskei en hy moet die opdrag kan herroep. As hy die saak ondersoek, moet hy korrek en volledig kan waarneem, logies kan dink en sy bevindings duidelik en noukeurig maar tog kort en saaklik kan stel; hy moet met so min woorde moontlik 'n helder beeld in die psige van die luisteraar laat ontstaan.

(iv) Beraadslaging.

In die samelewing vandag word die oplossing van probleme op die meeste gebiede aan 'n groep persone opgedra wat deur onderlinge bespreking en beraadslaging die geskikte oplossing moet vind. Nie alleen word die probleme van die land of die provinsie in die volksraad of in die provinsiale raad bespreek nie, maar die probleme in wyd uiteenlopende vertakkinge van die lewe word aan komitees of rade opgedra; so bestaan daar boereverenigings, vakbonde, onderwysersverenigings, rade wat die belange van die kerke, wetgeleerdes, medici en amptenare moet behartig. Al hierdie liggame soek die oplossing van hul probleme uit die samesprekings met

hul lede. As die leerling later in die lewe sy invloed behoorlik wil laat geld, moet hy die kuns van beraadslaging verstaan.

Die groep mense wat aan die beraadslagings deelneem, moet met net een doel bymekaarkom, naamlik om die beste oplossing van 'n probleem te vind. Om dit te doen, moet die groep saam dink en die probleem stap vir stap behandel. By elke stap is daar 'n bespreking. Elke lid stel sy sienswyse en bou voort op wat die vorige spreker gesê het, met die gevolg dat wanneer daar 'n besluit geneem word, die aanvaarde oplossing iets van die menings van elke lid bevat.

So 'n beraadslaging veronderstel dat die lede voorbereid is en dat hulle kennis dra van die saak onder bespreking; dat elke lid sy sienswyse duidelik en oortuigend kan stel en dat elke lid die gewenste eienskappe vir so 'n beraadslaging besit. So 'n lid moet eerlik en opreg wees, hy moet nie sy opvatting op ander wil afdwing nie maar moet nederig genoeg wees om te erken dat die ander ook 'n deel van die waarheid sien; hy moet bereid wees om saam te werk en om sy eie gevoelens opsy te stoot sodat die doel van die byeenkoms bereik kan word, naamlik om die beste oplossing te vind.

Dit is noodsaaklik dat leerlinge aan beraadslagings sal deelneem sodat hulle die tegniek sal kan verstaan en aanleer. As die leerlinge werklike probleme bespreek, sal hul houding teenoor maatskaplike probleme verander; sal hulle besef waarom goeie spraak so belangrik is; sal hulle in die geleentheid gestel word om spraak vir 'n ernstige

doel aan te wend, en sal hulle sekere goeie hoedanighede soos hierbo vermeld, kan aankweek. Beraadslaging is n oefening in diskursiewe denke en die leerlinge moet die denkoefening kry. Coetzee beskou die ontwikkeling van die denke as baie belangrik. Hy skrywe: ,,Ons verstandelike opvoeding bereik sy hoogste doel slegs in die ontwikkeling van die denkfunksie; ons moet die kind tot die oplossing van vraagstukke deur diskursiewe denke bring. Die essensiële taak van die skoolopvoeding is om die kind die regte denkoefening te gee."[1] Hierdie denkoefening word ook deur n beraadslaging verskaf en die deelnemers help mekaar om reg te dink; die maats kan miskien beter help as die onderwyser.

Voordat n leerling geleer word om aan beraadslagings deel te neem, moet hy eers sekere inleidende werk doen. Die leerling moet in die spraaktegniek geoefen wees, sodat hy met n mate van selfvertroue sy mening duidelik en oortuigend kan stel. Aangesien beraadslaging n gesamentlike denkakte is, moet die leerling reeds oefening in denke gehad het, sodat hy min of meer weet wat van hom verwag word. Die leerling moet ook sekere hoedanighede besit: hy moet eerlik en opreg wees; hy moet met sy maats kan saamwerk en hy moet homself kan verloor in die strewe om die beste oplossing te vind. Hy moet sy eie swakhede en tekortkominge besef en hy moet oppas dat sy vooroordele, gevoelens en gewoontes nie sy denke beïnvloed nie. Voordat n leerling aan n beraadslaging deelneem, moet hy die

1. Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 141.

doel van so 'n groep-bespreking verstaan en moet hy weet hoe om die bespreking aan te help en wat 'n bespreking vertraag; hy moet weet dat persone wat hul sienswyse op ander wil afdwing, of wat geen sienswyse het nie of wat nie oor die probleem nagedink het nie, maar wat baie praat, net die werk vertraag en belemmer. Hy moet ook begryp dat die beraadslaging nie geslaag kan wees as die verhouding van die lede van die groep onderling nie gesond is nie. Elke lid moet sy besliste oortuigings hê en daar moet gesonde verskille van sienswyse wees; elkeen moet die nodige agting vir die intelligensie en opregtheid van sy medelede hê. 'n Lid moet eerlik sy sienswyse stel maar die een wat van hom verskil, moet nie as 'n teenstander beskou word nie maar as 'n medewerker; daar moet 'n gees van kameraadskap bestaan en elkeen moet alles in sy vermoë doen om die gees te versterk.

Leerlinge moet hulle vir elke groep-bespreking voorberei. Eers moet gegewens versamel word. Die leerling kan die gegewens uit eie ervaring put, maar dan moet hulle oppas dat hul eie vooroordele hulle nie beïnvloed nie; of hulle kan die gegewens uit geskrifte kry maar dan moet hulle hulself verseker dat die skrywer die saak in sy geheel gesien het, eerlik is en die probleem objektief beskou. Daarna moet die gegewens getoets word. Die leerling moet homself afvra of die gegewens waar is, of dit op die probleem betrekking het en of dit belangrik is. Die gegewens moet dan op so 'n manier opgeteken word dat dit maklik gevind en gebruik kan word.

Die tweede deel van die voorbe-

reiding is die beredenering van die stof. Veral teen oorhaastige gevolgtrekkings moet gewaak word. Nadat die leerling lank en ernstig oor die saak gedink het, moet hy sy brein 'n kans gee om skeppend te werk. Sy verbeelding sal die opvallende feite raaksien en dit op 'n nuwe manier rangskik. Dit kan die ,,broeityd" genoem word.

Derdens moet die leerling hom voorberei om sy voorgestelde oplossing doeltreffend aan die groep voor te dra. Dit is heeltemal natuurlik dat, aangesien hy al die werk gedoen het, hy sy mening sal wil verdedig en op die ander sal wil afdwing, maar die versoeking moet hy weerstaan. Hy moet sy bydrae duidelik en doeltreffend voordra sodat die ander lede daarna sal luister en sy boodskap sal kan begryp, maar hy moet die waarheid in die menings van andere ook raaksien en moet help om 'n groep-mening saam te stel wat die beste uit elke bydrae bevat.

Die eintlike beraadslaging moet die denktrappe van 'n volledige denkakte volg, want die bespreking is 'n gesamentlike denke; elke lid moet die trappe en hul volgorde goed begryp. Coetzee stel die trappe min of meer soos volg:[1)]

(a) Die duidelike omskrywing van die probleem.
(b) Die ontleding van die probleem: hoe dit ontstaan het, waarom dit ontstaan het en al die gegewens wat nodig is.
(c) Die moontlike oplossings vir die probleem en die vergelyking van die een oplossing met die ander.
(d) 'n Aanneemlike oplossing word dan opgestel.

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 175.

(e) Die oplossing word getoets in al die gevalle wat onder bespreking is, en daar word op gelet of die oplossing prakties moontlik is.

(f) Die oplossing word ten laaste beoordeel volgens die toekomsplanne en die vraag word gestel of die toekomsplanne daardeur bevorder, vertraag of vernietig word.

Een van die grootste hindernisse van 'n geslaagde bespreking is die feit dat min persone werklik die beste oplossing soek. 'n Karaktertrek van mense wat moeilik is om te ontwortel, is die gewoonte om oorhaastig te oordeel en die oordeel dan hardnekkig te verdedig. 'n Amerikaanse geleerde beweer: ,,Intelligent public discussion is almost impossible for the reason that people ordinarily are not using their language habits to solve their problems. They are striving to vindicate their principles, not to verify their hypotheses"[1].

Leerlinge veral is tot oorhaastige veralgemening geneig omdat daar nie voldoende gegewens ingewin word nie. Voordat 'n moontlike oplossing aangebied word, moet 'n leerling al sy kennis van 'n saak deeglik sif en 'n verskil maak tussen kennis en sienswyses. Baie misverstande ontstaan en vrugtelose besprekings word gevoer omdat woorde verkeerd begryp en gebesig word. Dit kos heelwat inspanning en studie om woorde soos ,,kultuur" ,,opvoeding" ens. te verstaan.

Die leier of voorsitter van so 'n vergadering vir beraadslaging dra 'n groot verantwoordelikheid en het spesiale opleiding nodig. Hy moet

1. Avery: First Principles of Speech Traning, 165.

die probleem en alle aspekte daarvan duidelik en onpartydig stel. 'n Groot probleem moet ontleed word en elke onderdeel moet afsonderlik behandel word. Die leier moet sorg dra dat al die belangrikste feite beskikbaar is. Kort opsommings spaar tyd en dui aan hoeveel vordering gemaak is. Daar moet nie oorhaastig te werk gegaan word nie en gevoelens of vooroordeel moet nie die deurslag gee nie. Elke gevolgtrekking moet duidelik gestel word. Die leier moet sorg dra dat almal die uitdrukkings verstaan wat gebesig word. Hy moet ook beheer voer oor die lede van die groep; die verwaande spreker moet in toom gehou en die beskeie een moet aangemoedig word. Die leier moet toesien dat niemand seer gemaak word nie en hy moet met nougesetheid die regte van elke lid handhaaf. Onder geen omstandighede moet hy onbetaamlike of onwelvoeglike taal toelaat nie.

Die lid wat praat, moet die voorsitter aanspreek om die waardigheid en hoflikheid van die bespreking te bewaar; maar moet direk met die groep praat om te sien of hulle almal hoor en verstaan en om uit te vind watter indruk sy woorde op die luisteraars maak. Hy moet sover moontlik die gewone geselstaal gebruik.

Die onderwyser en leerlinge moet altyd onthou dat die hoofsaak met 'n beraadslaging die oplossing van 'n probleem is, met ander woorde dit is 'n oefening in diskursiewe denke. Spraak is alleen 'n middel en nie 'n doel nie.

(v) <u>Die Hou van 'n Toespraak</u>.

verwag om op een of ander tydstip 'n toespraak te hou en daarom moet leerlinge ook hierin onderrig word. Van owerheidswee word die noodsaaklikheid van hierdie onderrig besef en daarom word mondelinge stelwerk vir leerlinge voorgeskryf. Baie onderwysers begryp egter nie die doel van daardie voorskrif nie. Die antwoord op 'n vraag of die saamstel van 'n paar losstaande sinne is nie stelwerk nie. Sekere opvattings in verband met mondelinge stelwerk, naamlik dat dit makliker as skriftelike stelwerk is, dat dit onderrig word om skriftelike stelwerk te verbeter, dat dit in die hoër klasse stadigaan deur skriftelike stelwerk vervang moet word en dat dit geen voorbereiding van die leerling verg nie, wys dat die aard van mondelinge stelwerk nog nie begryp word nie. Ballard sê: ,,A child is not composing in any profitable sense unless he develops a theme".[1] Mondelinge stelwerk moet die kinders leer hoe om 'n toespraak te hou en in die hoër klasse is mondelinge stelwerk sinoniem met die hou van 'n toespraak. As mondelinge stelwerk so onderrig word, is dit baie moeiliker as skriftelike stelwerk en is dit nie 'n oefening wat die skriftelike stelwerk sal verbeter nie, want aandag word gegee aan die eienskappe van spraak soos uitspraak, intonasie, tempo en pouses wat glad nie in skriftelike stelwerk voorkom nie. In die hoër klasse eis mondelinge stelwerk baie voorbereiding van leerlinge; min belese volwassenes kan goed praat as hulle nie voorbereid is nie en as van leerlinge verwag word om sonder voorbereiding 'n toespraakie te hou, moet die onderwyser vooraf weet

1. Teaching and Testing of English, 51

dat die les 'n mislukking sal wees en dat die leerlinge niks daarby sal baat nie.

Voordat die leerling 'n toespraak kan hou, moet hy eers sy onderwerp kies. Die keuse van 'n onderwerp sal deur die belangstelling en die doel van die spreker, die geleentheid en die gehoor bepaal word. Die leerling moet 'n onderwerp kies waarin hy belangstel, sodat hy dit met entoesiasme kan voordra. As hy nie self in die onderwerp belangstel nie, sal hy nie eerlik en opreg die gehoor kan probeer beïnvloed nie. Ook sal die doel van die spreker die keuse van die onderwerp beïnvloed: 'n spreker wat die gehoor wil amuseer, sal gewoonlik nie dieselfde onderwerp kies as 'n spreker wat kennis wil aanbring nie. Die geleentheid moet ook in aanmerking geneem word by die keuse van 'n onderwerp: 'n onderwerp wat vir 'n bruilof geskik is, sal onvanpas op 'n politieke vergadering wees. Die onderwerp moet ook by die gehoor byval vind en daarom sal 'n spreker een onderwerp kies vir 'n toespraak vir 'n groep skoolkinders en 'n ander onderwerp vir 'n vergadering van wetenskaplikes.

Nie alleen sal die faktore hierbo genoem die keuse van die onderwerp bepaal nie, maar dieselfde faktore sal ook die keuse van die stof en die rangskikking daarvan bepaal, en die spreker moet dit wel deeglik in aanmerking neem by die voorbereiding van sy toespraak. Die inhoud sal afhang van die kennis, ontwikkelingspeil, gevoelens, gewoontes en sedes van die gehoor. Die spreker moet onthou dat die gehoor hom nie veel sal inspan om te luister en te verstaan nie en daarom moet hy

die stof so aantreklik en eenvoudig moontlik aanbied. Die inleiding moet die aandag van die gehoor trek, die toespraak motiveer en 'n goeie verhouding tussen spreker en gehoor skep. Die toespraak self word voorberei soos onder „Beraadslaging" hierbo beskryf[1] en die aard van die stof sal die indeling bepaal. Die spreker moet nie te veel stof behandel nie; van twee tot vyf hoofpunte is voldoende; hy moet sy doel voor oë hou en moet sorg dat die stof en die uiteensetting daarvan doelgerig is. Die slot moet kort maar treffend wees om 'n blywende indruk te laat; dit kan 'n kort samevatting of 'n toepassing op 'n spesifieke geval, 'n paslike staaltjie of iets dergeliks wees.

Terwyl die spreker sy toespraak voorberei, moet hy sorgdra dat die taal by die onderwerp, die geleentheid en die gehoor aanpas. Die woorde moet so gekies word dat daar geen misverstand kan wees nie en daarom moet hul gevoelswaarde deeglik in aanmerking geneem word. Baie meer sukses word met 'n konkrete uiteensetting as met algemene stellings behaal. Omslagtigheid moet vermy word. Die taal moet nie hoogdrawend of plat wees nie maar eenvoudig soos dit in 'n goeie gesprek gebruik word. Nadat die spreker sy voorbereiding voltooi het, kan hy 'n kort samevatting van sy toespraak skrywe om hom te help terwyl hy praat. Sulke aantekeninge is baie nuttig om selfvertroue te gee en om te sorg dat niks belangriks vergeet word nie; maar die aantekeninge moet net 'n opsomming wees en die toespraak moet nie woord vir woord uitgeskrywe word nie.

1. Sien bladsy 321.

Miskien kan net die eerste en laaste sinne volledig uitgeskrywe word.

As die spreker begin praat, moet hy 'n goeie verhouding tussen homself en die gehoor skep en dit kan gedoen word deur direk tot die gehoor te spreek, deur na die gehoor met belangstelling en sonder vrees te kyk en die luisteraars te beskou as mense wat na hom kom luister omdat hulle in sy boodskap belangstel. Die spreker sal die afsonderlike luisteraars tot 'n gehoor laat saamsmelt as hy hulle sover kan kry dat hulle op dieselfde manier reageer. Om die gehoor te kry om in sy boodskap belang te stel, moet sy stem helder en aangenaam wees, sy artikulasie duidelik en sy tempo stadiger as by 'n gewone gesprek. Die gehoor sal die stof beter verstaan as die sinne kort en ondubbelsinnig is.

Die gehoor bepaal sy aandag maar vir 'n kort tydjie, van ongeveer vyf tot agt sekondes,[1)] by een ding, daarom moet die spreker sorg dat daar verandering, afwisseling, beweging en herhaling is. As die spreker sy doel wil bereik, moet die gehoor die belangrikste punte van sy boodskap onthou en die geheue van die luisteraar moet gehelp word deur die rangskikking, deur die belangrikste punte aan die begin van die toespraak te behandel, deur herhaling en deur 'n samevatting aan die einde.

Die lede van die gehoor luister nie na elke afsonderlike woord nie en hulle word gehelp om die boodskap te verstaan deur die gebare,

1. Eisenson: Basic Speech, 302.

bewegings en gelaatsuitdrukkings van die spreker. Om doeltreffend te wees, moet al sulke bewegings behoorlik gemotiveer en spontaan wees. Bewegings is onvermydelik as die gevoel sterk is. Alle toesprake behoort van beheerste gevoel deurtrek te wees. Al is die bewegings nie ooglopend nie, trek hul tog aandag, verduidelik die boodskap en vertolk veral die gevoelens. Die oog is baie vinniger en kan baie fyner onderskei as die oor; die sigbare tekens word byna onwillekeurig waargeneem en die tekens skep by die gehoor die algemene indruk van die spreker. Die persoon wat voor 'n gehoor optree, moet heeltemal eerlik wees, want alleen as die sigbare en hoorbare tekens mekaar aanvul, sal die gehoor geneig wees om die spreker te glo. Onnatuurlike, selfbewuste bewegings moet vermy word, en daarom is dit onwenslik om enige voorskrifte in verband met die gebruik van gebare te gee. Enige beweging is goed as dit die spreker van spanning verlos, as dit help om die boodskap te vertolk, as dit spontaan is en as dit nie die aandag van die gehoor op die beweging self vestig nie deurdat dit gekunsteld, sonderling, lomp of hinderlik is.

Die leerlinge moet goed begryp dat die boodskap die moeite werd moet wees. Al die moeite word gedoen alleen om te verseker dat die gehoor die inhoud sal verstaan en begryp. Die spreker moet in sy stof belangstel en nie in die woorde of bewegings nie. As hy lank genoeg oor die inhoud van sy toespraak gedink het, sal die woorde en bewegings vanself kom. Wanneer die tyd aanbreek dat hy moet praat, moet hy homself sy

aantekeninge, alles vergeet en net op sy boodskap konsentreer en probeer om dit so duidelik moontlik aan die gehoor voor te stel. Dit sal hy alleen kan doen as hy homself heeltemal in die stof verdiep. Dit maak ook nie veel saak as hy soms na 'n woord soek nie solank hy net sy tema stelselmatig ontplooi. As 'n sprcker wil hê dat sy boodskap by die gehoor ingang moet vind, moet hy direk en intiem met die gehoor gesels, moet hy op sy gemak wees en vry van aanstellerigheid en hoogdrawendheid.

Die meeste mense word deur vrees beetgepak as hulle 'n toespraak moet hou. Die leerlinge moet verstaan dat die gevoel in die eerste plek deur die liggaam veroorsaak word; meer energie word beskikbaar gestel, met die gevolg dat die hart vinniger klop, dat die spierspanning verhoog word en dat die persoon bewe. Omdat die mens onder alle omstandighede as 'n geheel reageer,[1)] wek die versteuring van die normale werking van die liggaam 'n gevoel by die persoon op, in hierdie geval 'n gevoel van vrees. As die gevoel nie beheer word nie, word die werking van die verstand belemmer, met die gevolg dat die persoon nie kan dink nie en ook nie behoorlik kan praat nie. Sodra die leerlinge begryp dat die liggaam hom op daardie oomblik in staat stel om baie goed te praat deur meer energie beskikbaar te stel, sal die gevoel van vrees verdwyn. Om selfvertroue te ontwikkel, moet die oorsake verwyder word, die simptome moet beheers word en die gevoel van vrees moet nie toegelaat word om sterker te word nie.

1. Cootzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 250.

As die leerlinge verstaan dat gevoel ook onderworpe is aan natuurwette, as hy daaroor objektief kan dink en praat, neem die hewigheid van die gevoel af en verslap die spanning. Die pad van herwinning is lank en swaar, maar die leerling moet volhard.

Baie mense ly aan 'n minderwaardigheidsgevoel omdat hulle in die gewoonte geraak het om hulself tot hul eie nadeel met ander persone te vergelyk. Om van hierdie gevoel ontslae te raak, moet die leerling die feite op die keper beskou en homself afvra waarom hy dan minderwaardig moet wees. Hy moet aan die belangrikste dinge die meeste waarde heg; hy moet begryp dat, as hy 'n liggaamsgebrek het, 'n gesonde gees van baie meer waarde is as 'n volmaakte liggaam. Om vir die werklike of denkbeeldige tekortkominge te vergoed, moet hy ander talente ontwikkel. Dit is belangrik dat hy moet probeer om homself te vergeet deur ander ongelukkige mense te help, deur al sy kragte in te span om 'n saak of 'n inrigting te bevorder, deur op te gaan in sy boodskap.

Die onmiddelike oorsaak van die gebrek aan selfvertroue in 'n spraaksituasie is die vrees dat die spreker homself belaglik sal maak. Die leerling moet 'n onderwerp kies wat hy goed ken, waarin hy baie belangstel en wat hy so graag aan 'n gehoor wil verduidelik dat hy gewillig is om op te offer om die doel te bereik. Hy moet sy bewegings beheers want handelinge wat uitings van vrees is, wek vrees op. Hy moet diep asemhaal, sy spiere verslap, natuurlik loop en na die gehoor met belangstelling kyk. 'n Pouse voordat die spreker begin praat.

is baie goed, want dit trek die aandag van die gehoor. Die leerling moet leer om nie oor homself te dink nie maar oor die doel en inhoud van sy toespraak. Die moeilikheid lyk baie groter as wat dit werklik is en hy hoef hom nie oor sy senuweeagtigheid te bekommer of daaroor skaam te voel nie en hy moet besef dat die gehoor gewoonlik baie simpatiek teenoor hom staan.

Die leerlinge wat die gehoor uitmaak, moet ook geleer word om aandagtig, hoflik en kritiies te luister. Dit vereis heelwat inspanning om doeltreffend te luister en baie oefeninge moet gegee word om te bepaal hoeveel van die inhoud deur die gehoor gesnap en onthou is. Die oefening sal dien as 'n kontrolé van beide spreker en gehoor.

(vi) Debat.

Dit is nodig dat beide onderwyser en leerling 'n duidelike begrip sal hê van die doel van 'n debat. Dit het al gewoonte geword om die debat as 'n wedywering tussen twee groepe sprekers te beskou en dié beskouing het baie wanpraktyke veroorsaak.

'n Debat is nie 'n wedstryd en ook nie 'n geleentheid om met drogredenasies voor die dag te kom nie. Dit behoort meer as 'n spraaksituasie te wees waarin 'n spreker wys hoe goed hy kan praat, en dit is seker nie 'n geleentheid vir 'n spreker om sy ,,slimheid" ten toon te stel nie. In die debat word 'n voorgestelde oplossing van 'n probleem onder die soeklig geplaas; die voordele en nadele van die oplossing word gestel sodat die hele saak helder gesien word en daar geen

besluite geneem word nie. Die debat is dus 'n onderdeel van ,,beraadslaging"[1] en die debatteerders is nie opponente nie maar medewerkers.

Daar kan heelwat waarde vir leerlinge in 'n debat steek. Hulle leer om logies te redeneer en om steekhoudende, samehangende en volledige argumente te gebruik. Die gewoonte om tot oorhaastige gevolgtrekkings te kom, word teëgewerk en die vermoë om 'n stelling krities te beskou, word ontwikkel. Die debatteerders moet noukeurig en krities luister om onjuisthede in stellings en afleidings aan die lig te bring; daardeur word skerpsinnigheid en 'n vermoë ontwikkel om fyn te onderskei. Verdraagsaamheid en hoflikheid kan ingeprent word, want die teenstander het net soveel reg op sy mening as die beweerder. Die streng reëls waaronder 'n debat gehou word, leer die kinders selfbeheer.

Vir leerlinge is daar egter in debatte ook baie gevare opgesluit. Die neiging is om die uitslag as belangrik te beskou en nie die opleiding wat die leerlinge ontvang, nie; die kinders is nie begaan oor wat waarheid is nie, maar oor wie gaan wen. Wat wetenskaplike navorsing behoort te wees, word te dikwels 'n aggressiewe redenasie. Feite word soms verdraai om 'n standpunt te sterk; van die geleentheid moet nie gebruik gemaak word om te mislei, om verkeerd voor te stel of om 'n teenstander af te haal en verleë te maak. Die debat behoort edelmoedigheid aan te kweek, maar dikwels wil onrype deelnemers net op die voorgrond wees om te wys hoe slim hulle is. Leerlinge kan ook tot die gevolg-

1. Sien bladsy 323.

trekking kom dat die een groep debatteerders heeltemal reg is en die teenstanders heeltemal verkeerd is, terwyl in werklikheid beide kante gewoonlik iets van die waarheid het. Die leerlinge moet ook baie goed besef dat die meeste besluite in die samelewing geneem word na 'n onderlinge bespreking waar samewerking essensieel is, en nie na 'n intellektuele stryd soos 'n debat nie.

Dit is egter moontlik om die gevare te vermy as die doel met 'n debat onthou word en as die onderwyser gedurig waaksaam is. Geen leerling moet aan 'n debat deelneem wat nie reeds baie ondervinding van beraadslaging gehad het nie, wat nie reeds die fundamentele oefeninge in spraak, selfvertroue en organisasie van stof deurloop het nie, en wat nog nie die nodige gesindhede aangekweek het nie.

Daarom is dit nodig dat sekere voorbereidingsoefeninge gedoen word. Die eniese begrippe wat die grondslag van 'n debat is, moet by die kinders tuisgebring word. Tweedens moet die leerlinge verstaan wat die verskil tussen 'n feit en 'n mening is. 'n Feit wat teenstrydig met sy standpunt is, moet nie deur 'n debatteerder verswyg word nie. Ook moet die leerlinge geleer word wat 'n bewys is; hul moet die redes waarom hulle op een of ander tydstip van mening verander het, eerlik ontleed om uit te vind watter argumente die deurslag gegee het. Hul moet ook leiding ontvang in verband met die versameling van stof en hoe om die argumente oortuigend voor te dra.

Alleen die onderwerpe waaroor

daar 'n eerlike verskil van mening kan ontstaan wanneer al die feite bekend is, kan as onderwerp vir 'n debat gekies word. Daar moet ook 'n praktiese oplossing vir die probleem wees; leerlinge stel geen belang in die stelling dat 'n digter meer invloed as 'n staatsman uitoefen nie. Probleme wat belangstelling gaande maak, is dié wat uit die skoolaktiwiteite of uit die kinderlewe ontstaan. 'n Baie goeie oefening vir leerlinge is om 'n lys te maak van aktuele strydvrae in hul gemeenskap en dié dan te klassifiseer in (a) die vrae wat oor feite handel, en (b) die vrae wat uit 'n verskil van mening ontstaan.

Aan die eerste debatte behoort die klas as 'n geheel deel te neem. Een groep leerlinge kan die geskiedenis en omskrywing van die probleem bestudeer, 'n ander groep kan argumente ten gunste van 'n bepaalde oplossing vind en 'n derde groep kan die argumente weerlê. Daarop kan 'n paar leerlinge uitgesoek word om die saak te debatteer terwyl al die ander leerlinge krities luister en hul eie werk beoordeel.

Gedurende 'n debat moet die voorsitter toesien dat elke spreker billik en hoflik is; geen persoonlike opmerkings moet geduld word nie.

i. Vertolkende Funksie van Spraak.

Om die skoonheid van letterkunde ten volle te waardeer, moet die musikale woordklank gehoor word[1]. Leerlinge moet die spraaktegniek gebruik om letterkunde te vertolk ten einde hulself in staat te stel om letterkunde te waardeer, hul eie skoonheidsin te ontwikkel en genot aan ander te ver-

1. Gray & Wise: Bases of Speech. 319.

skaf. Schonees en Van Bruggen skrywe: ,,Taal is klank en die dooie woordereeks op papier is maar 'n swak fotografie van die lewende spraak van 'n kunstenaar. 'n Gevoelvolle vertolking van die lettersimbole deur 'n bekwame voordraer, wat hom heeltemal ingeleef het in die sfeer van die kunswerk, is nodig om dit sy volle effek te laat bereik"[1].

Die letterkunde kan deur hardoplees, resiteer, koorpraat en toneelspel vertolk word. Voordat 'n leerling dit kan doen, moet hy die inhoud begryp en self belewe. Die onderwyser sal die onderrig van die mondelinge werk vanuit 'n heeltemal ander standpunt moet beskou, want die vermoë om die regte klank op die regte tydstip te uiter, is nie lees nie. Die mondelinge werk word ook nie gedoen om die spraaktegniek aan te leer nie maar die reeds verworwe spraaktegniek word gebruik om letterkunde te vertolk. Prosa en poësie word soms gebruik om die kinders te leer hoe om die eienskappe van spraak te gebruik, maar dieselfde prosa en poësie moet nooit vir vertolking gekies word nie.

(i) Hardoplees.

Moorman sê van hardoplees: ,,We moeten herscheppen tot rijk leven, wat weergegeven is in dode letter"[2]. Om dit te kan doen, sal dit vir die vertolker nodig wees om die stuk te bestudeer sodat hy die inhoud wel deeglik begryp. Hy moet die betekenis sowel as die bybetekenis van elke woord in die besondere verband begryp. Hy behoort die inhoud te beoordeel, te bepaal of dit waarskynlik of onwaarskynlik is en daaruit intelligente

1. Inleiding tot die Studie van Letterkunde, 45.
2. De Moedertaal, 58.

afleidings te maak. Verder moet hy die rangskikking van die stof begryp en moet hy verstaan waarom dit juis so ingedeel is. Nie alleen moet hy die inhoud verstaan nie, maar hy moet dit ook beleef en daaromtrent voel soos die skrywer gevoel het en hy moet die gevoelswaarde van elke woord kan bepaal. Wat vir die vertolker ook besonder helder moet wees, is die doel van die skrywer, naamlik of hy sy lesers wil vermaan, aanspoor of oortuig, en ook hoe die skrywer sy doel wil bereik, deur 'n beroep op die verstand of die gevoel van die lesers te maak. Die vertolker moet hom kan indink in die psige van die skrywer toe hy die stuk geskrywe het.

Die vertolker moet van al die spraakeienskappe gebruik maak om die inhoud te vertolk, om die aandag van die gehoor by die inhoud te bepaal en om sy doel te bereik. Die tempo moet stadiger wees as by 'n gewone gesprek, want die gehoor moet in die geleentheid gestel word om te assimileer en saam te leef. Die omvang van die stem van die leser moet vergroot word sodat belangrike gedeeeltes beklemtoon kan word en daar afwisseling kan wees. Die vertolker moet met sy hele wese lees, dit moet 'n liggaamlik- siellike aktiwiteit wees. Die liggaam moet dus sy deel tot die lees bydra en van bewegings en gebare moet gebruik gemaak word. Die bewegings moet natuurlik, paslik en deurvoel wees; enige gemaaktheid sal die aandag van die gehoor van die inhoud aftrek.

Hardoplees veronderstel dat daar 'n gehoor is wat luister; nie persone wat dieselfde boek op dieselfde plek oop het en wat elke woord wat

geuiter word, met hul vingers aanwys nie. Om in voeling met die gehoor te bly, sal die leser dikwels opkyk sodat hy kan sien of die woorde deur almal gehoor kan word, of sy stem die gewenste indruk maak en wat die reaksies van die gehoor is. 'n Stuk word goed vertolk as die gehoor met die skrywer meeleef en saamvoel.

(ii) Resiteer.

Die resiteer van prosa of poësie sal geskied soos beskrywe is hierbo onder ,,Hardoplees". Die verskil is dat die vertolker wat resiteer die woorde van buite ken en dus 'n groter mate van vryheid het as die leser. Hy kan gemakliker beweeg en sal 'n groter mate van samewerking met sy gehoor kan verkry.

In verband met die voordra van poësie sal meer aandag aan ritme geskenk word wat hier 'n groter rol as in prosa speel; in liriese poësie word die stemming deur die ritme vertolk; in die sonnet is die ritme ondergeskik aan die inhoud.

Ook om te resiteer, moet die vertolker hom inleef in die stemming van die skrywer en werklik sien, voel, hoor en ruik wat beskryf is, op dieselfde manier soos die skrywer dit oorspronklik ondervind het.

Baie leerlinge beskou die individuele voordrag van prosa of poësie as die grootste straf wat hulle kan ondergaan. Hierdie teësin verydel die hele strewe met resitasieonderrig wat die verskaffing van genot en die aankweking van 'n skoonheidsin is.

(iii) Koorpraat.

Baie van die moeilikhede in verband met individuele voordrag word deur koorpraat uit die weg geruim. Terwyl die leerling nie genee" is om alleen op te tree nie, vind hy dit prettig om saam met 'n groep voor te dra. 'n Ander voordeel van koorpraat is dat die groter verskeidenheid van stemme wat aan die groep 'n groot omvang van stem gee, sekere gedigte baie beter kan vertolk.

Elke individuele lid van die koor moet die gedig bestudeer soos hierbo onder ,,Hardoplees" uiteengesit. As die koor die gedig goed wil vertolk, moet al die lede daarin opgaan. Samewerking tussen lede moet verkry word; die voorbarige leerling moet bedwing word en hy moet sy beurt afwag; die teruggetrokke leerling moet besef dat die geheel nie volmaak kan wees nie behalwe as hy ook sy deel daartoe bydra.

Die klas kan gevra word om saam te praat sodat die gevolge van onduidelike artikulasie of onbeheerste asemhaling aan die lig gebring kan word, maar die oefening is dan nie koorpraat nie maar 'n deel van spraakonderrig. Die hoofdoel met koorpraat is om deur selfwerksaamheid 'n waardering en liefde vir letterkunde aan te wakker. Tussen klassikale oefeninge van spraakonderrig en koorpraat moet 'n duidelike skeiding gemaak word.

(iv) Toneelopvoering.

Die waarde van toneelopvoerings lê daarin dat dit 'n spraaksituasie is waarin die leerlinge baie genot skep; dit is derhalwe 'n baie sterk motivering vir spraakonderrig. Baie hoë eise

word aan die spraak van spelers gestel maar die leerlinge sal gewilliglik 'n kursus in spraakonderrig deurloop om aan daardie eise te voldoen. Venter skrywe: ,,Een van die doeltreffendste hulpmiddels vir die verbetering van spraak is die instudering en opvoering van dramas.....Die belangrikheid van spraak as maatskaplike verskynsel is die onderwerp waarmee onderwysers en dosente hulle voortdurend besig hou, en baie middele is reeds aan die hand gedoen om 'n gekultiveerde spraak en uitspraak te verseker, dog die drama het nog steeds geblyk die doeltreffendste middel te wees"[1].

Die persoonlikheid van die leerlinge word ontwikkel deurdat hulle verplig word om die lewe vanuit 'n ander se standpunt te sien en om 'n ander se probleme aan te voel. Die speler vergeet homself in die uitbeelding van 'n ander persoon. Die terughoudende leerling word aangemoedig en die voorbarige word gedissiplineer. Elkeen moet besef dat die sukses van die onderneming afhang van die samewerking tussen die spelers onderling en tussen die spelers, regisseur en toneelhelpers. Proewe is met wanaangepaste kinders gedoen en dit is gevind dat toneelspel 'n doeltreffende middel is om goeie gesindhede en gedragslyne by kinders te ontwikkel.[2] Die kunssmaak van leerlinge kan ook deur toneelopvoerings ontwikkel word; sy liggaam, verstand, gevoelens, sy hele wese is betrokke in 'n skeppende proses. Sy skoonheidsin sal vinniger deur die selfwerksaamheid ontwikkel word as deur

1. Die Drama en die Skool, 220.
2. The Bulletin of the National Association of Secondary School Principals Vol. 32, No.151 Jan-

die passiewe ontvang van indrukke deur die oor soos dit dikwels op skool gebeur.

Omdat beide gesig- en gehoorsimbole gebruik word, sal die leerling leer om die twee tot 'n hegte eenheid saam te snoer. Die taal wat gebesig word, is gewoonlik die alledaagse taal op sy verhewenste: ,,want die kunstenaar gebruik..... die lewende spraak van die volk"[1]. Die leerlinge sal dus op die verhoog met mekaar gesels in die taal van 'n kenner en daarom is hulle in die geleentheid om goeie geselstaal aan te leer.

Vir formele toneelopvoerings moet toneelstukke oordeelkundig uitgesoek word, want leerlinge moet die inhoud goed kan begryp en die gevoelens moet binne die leerlinge se emosionele ondervinding val. Die toneelspeler moet die hele toneelstuk goed begryp en belewe. Die enigste toets vir 'n toneelopvoering is die indruk wat dit op die gehoor gemaak het en nie watter toneelstuk aangedurf is of wie daaraan deelgeneem het nie.

Veral in die laerskool behoort elke dag van informele dramatisering gebruik gemaak te word. Die onderwyser moet dikwels gebruik maak van die speeldrif wat so sterk by kinders van hierdie ouderdom is[2]. Met die woorde: ,,Sê nou maar....." kan verskillende tafereeltjies gedramatiseer word. Die dramatisering kan plaasvind gedurende die onderrig van feitlik al die vakke, seer seker in die geval van aardrykskunde, geskiedenis en ge-

1. Schonees en Van Bruggen: Inleiding tot die Studie van Letterkunde, 57.
2. (a) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 302.
   (b) Raubicheck: How to Teach Good Speech in the

sondheidsleer, maar ook in die geval van rekenkunde en natuurstudie.

5. Beoordeling van Spraak.

Een van die grootste moeilikhede in verband met spraakonderrig is die beoordeling van spraak. Omdat spraak so kortstondig is, is dit moeilik om te bepaal of n leerling vordering gemaak het al dan nie. Om n oordeel te kan vel, moet die onderwyser n geoefende oor hê, sodat hy noukeurig kan bepaal wat die werklike toestand is. Die tweede vereiste is dat die leerlinge se spraak van drie maande of drie jaar van tevore moet herroep kan word. Moderne uitvindings het dit moontlik gemaak om spraak te bewaar.

n Opvangapparaat kan die spraak van n leerling aan die begin van sy skoolloopbaan opneem. Die plate of klankdraad kan later vir die leerling teruggespeel word sodat hyself kan hoor hoeveel vordering hy gemaak het. Deur die spraak van leerlinge te bewaar, kan baie beter besluit word of daar vordering gemaak word. Die Onderwysdepartement sal heelwaarskynlik nie al die skole van die nodige apparaat kan voorsien nie, maar hoofde van skole wat in spraak belangstel, sal die apparaat uit hul skoolfondse kan aankoop.

Die verbygaande aard van spraak en die moeilikheid van beoordeling is heelwaarskynlik die rede waarom spraak in die verlede verwaarloos is. As die spraak van leerlinge meer objektief en gouer beoordeel kon word, sou spraak heelwaarskynlik al lankal n eksamenvak gewees het en sou daar net soveel tyd aan bestee gewees het soos aan enige ander

Hieronder volg 'n lys van eienskappe van spraak waarop die onderwyser moet let as 'n kind praat. As die lys voltooi word sodra die kind op skool kom en periodiek daarna, sal 'n taamlike getroue weergawe van die kind se vordering verkry word. By elke eienskap wat aangetref word, word net 'n merkie gemaak. Onder afdeling 2 ,,Artikulasie" moet al die vokale en konsonante van Afrikaans in fonetiese skrif aangedui word en elkeen wat deur die kind korrek uitgespreek word, word gemerk. Die klanke moet nie afsonderlik geuiter word nie, maar moet beoordeel word volgens hul verskyning in die kind se spraak.

LYS VAN VRAE OM SPRAAK TE BEOORDEEL.[1)]

Eienskap	Doeltreffend	Afwykend
1. Stem.		
Toonhoogte	Afwisselend...	Te afwisselend..Eentonig.
	Paslik.....	Te hoog.....Te laag....
Stemkleur	Paslik.....	Onryp...Hees...Nasaal....
	Aangenaam.....	Geen nasalering....Onaantreklik vir ander redes..
Intensiteit	Kan in gesels-situasie gehoor word.....	Te hard..Te sag..Buitengewone veranderings in intensiteit.....
Tydsduur	Paslik.....	Te lank.....Te kort...
2. Artikulasie		
Klinkers	Almal reg.....	Lys van klinkers en tweeklanke.....
Konsonante	Almal reg.....	Lys van konsonante.....
3. Ritme.		
Weifeling	Geen.....	Dikwels..Tussen woorde...
		Aan begin van sin.....
Herhaling	Baie min.....	Dikwels.....Herhaling van woord.....
		Herhaling van klank aan begin van woord....middel van woord.....
Algemeen	Vlot spraak...	Versteurde ritme.....
Tempo	Gemiddeld.....	Te vinnig....Te stadig...

1. Guides to Speech Training in the Elementary School, 118.

Eienskap	Doeltreffend	Afwykend
4. Gedrag gedurende Spraak Houding	Op gemak.....	Gespanne...Ongemaklik....
Gelaatsuitdrukking	Pas aan by inhoud.....	Onveranderd.....Verander sonder blykbare rede.....
Bewegings	Verstandig....	Te veel.....Onrustig..... Aanwensels Ruk van kop..... Vryf van hande..... Knip van oë..... Trek van mond..... Trek van gesig..... Trek van liggaam.....
Houding teenoor ander	Onafhanklik tog samewerkend...	Teruggetrokke..... Voorbarig.....
5. Algemeen		
Uiting van gedagtes	Doeltreffend vir ouderdom & klas.	Onryp.....Geen uiting van innerlike gevoelens.....
Woordeskat	Toereikend....	Onryp.....Beperk.....Verkeerde gebruik.....
Reaksie op spraak of vraag	gewone.....	Geen (as spreker se gesig sigbaar is).....Geen (as spreker se gesig nie sigbaar is nie).....

6. Onderrig aan Spraakversteurdes.

Omdat spraak die uitdrukking van die hele wese van die mens is, is dit moeilik om 'n eenvoudige omskrywing van spraakgebreke te gee. Spraak word deur 'n komitee van ondersoek beskou as gebrekkig, ,,wanneer dit een of meer van die volgende kenmerke openbaar:-

(1) Dit onverstaanbaar, onhoorbaar of verwarrend vir die luisteraar is.

(2) Dit die aandag weens sy opvallendheid trek.

(3) Dit onaangenaam is om te hoor, of gepaard gaan met onaangename byklanke of met bewegings, onaangenaam om te aanskou.

(4) Die uiting daarvan sukkelend en moeilik is, of gladheid en ritme mis.

(5) Dit nie pas by die ouderdom van 'n persoon in aard, omvang en tempo of graad van ontwikkeling nie"[1].

Die belangrikste doelwitte van spraak is die uitdrukking van innerlike gevoelens en doeltreffende kommunikasie. As 'n kind die doelwitte betreklik maklik kan bereik, kan sy spraak in geen belangrike opsig gebrekkig wees nie.[2]

Dit is egter baie moeilik om 'n definitiewe skeidslyn tussen gebrekkige en slordige spraak te trek[3].

Wat opvallend is, in al die omskrywings van gebrekkige spraak, is die gedurige verwysing na normale spraak. 'n Persoon sal dus eers normale, doeltreffende spraak goed moet ken voordat hy by magte sal wees om gebrekkige spraak te herken.

Dit is reeds in 1939 deur die Provinsiale Onderwyskommissie aanbevoel dat alle onderwysers 'n kursus in spraak behoort te deurloop[4].

Omdat 'n kind met sy liggaam en siel praat, moet die onderwysers baie versigtig wees met die behandeling van enige spraakafwyking, of dit gebrekkige of net slordige spraak is.

---

1. Verslag van die Inter-Departementele Komitee oor Afwykende Kinders, 114.
2. Johnson e.a. : Speech Handicapped School Children, 2.
3. Backus O : ,,Speech Defects" in The Bulletin of the National Association of Secondary School Principals Vol. 32 No.151 January, 1948, 127.
4. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 46, paragraaf 156.

Die onderwyser moet 'n spraakversteurde altyd met omsigtigheid behandel, want hy moet besef dat 'n spraakgebrek die oorsaak (of gevolg) van sielkundige afwykings is. 'n Verandering van spraak moet gepaard gaan met 'n verandering van die hele persoonlikheid van die mens. Enige oefening wat die gesondheid van die liggaam sal verbeter of wat die leerling 'n gesonder uitkyk op die lewe sal gee, sal help om die spraak te verbeter. Verbetering van spraak neem dus baie tyd in beslag, vereis geduld en kan alleen geskied as daar samewerking tussen die huis en skool is. Onderwysers vir hierdie werk moet spesiaal opgelei word.

'n Spraakversteurde moet altyd simpatiek behandel word. So 'n leerling voel gewoonlik dat hy verstote is, en dit is die plig van die onderwyser om die gevoel te verwyder. Die kind moet nooit ongeduldig behandel en nooit bespotlik gemaak word nie. As sy spraak in die teenwoordigheid van sy maats gekritiseer word, sal hy verkies om in die vervolg stil te bly en te maak asof hy nie 'n vraag kan beantwoord nie, liewer as om bespot te word; op die manier sal die minderwaardigheidsgevoel by hom al sterker word. Aan so 'n leerling behoort in die klaskamer verantwoordelike werk opgedra te word waarby hy nie hoef te praat nie; hy moet egter nie van lees en ander mondelinge werk uitgesluit word nie. Aan vinnige, mondelinge drilwerk kan hy egter nie deelneem nie. Die leerling moet egter nie vertroetel

beeld moet net so hoog (of hoër) wees as dié van die ander leerlinge in die klas.

Spraakonderrig behoort enige slordige spraak te verbeter. As daar egter 'n blykbaar nietige spraakgebrek is waarvan nie ontslae geraak kan word nie, moet die leerling na 'n spraakterapeut verwys word. Enige leerling met 'n ernstige spraakgebrek moet so gou moontlik deur so 'n deskundige behandel word of deur 'n bevoegde onderwyser onder leiding van 'n spraakterapeut.

H O O F S T U K VIII.

VOORGESTELDE LEERPLANNE VIR SPRAAKONDERRIG VIR NORMALE LEERLINGE.

(a) Aanlering van die Gesproke Taal.

Voordat leerplanne vir spraakonderrig opgestel kan word, is dit nodig om uit te vind hoe die voorskoolse kind die gesproke taal aanleer en op watter peil hy is as hy skool toe kom.

Coetzee onderskei drie stadia in die aanleer van die moedertaal[1].

1. Stadium van Voortaalkundige Beheer.

Gedurende die stadium kan twee trappe onderskei word:-

(i) Die kind is gebore met organe waarmee hy geluide kan voortbring. Die eerste geluid wat hy maak, is n teken dat hy asemhaal. Later ontwikkel die onderskeidingsvermoë. As hy ongemaklik voel, uiter hy n klaende geluid en vorm konsonante voor in die mond; as hy behaaglik voel, babbel hy en uiter keel konsonante.

Aan die end van die eerste maand huil hy as hy enige harde geluid hoor, maar terselfdertyd kan die stem van n mens hom sus. Grootmense praat gewoonlik met n kindjie met n stem wat deurtrek is van gevoel, en onder sulke omstandighede vind die ontwikkeling van die kind plaas. Hy begin die een intonasiepatroon van die ander onderskei en die insig is die fondament van sy taalbegrip.

(ii) Na n maand of wat begin die

1. Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 120, 121.

kind blykbaar doelloos babbel. Gedurende die derde maand word reekse geluide eindeloos herhaal wat voorheen gemak of ongemak uitgedruk het. Die kind babbel omdat hy van die bedrywigheid hou en omdat hy die klanke wil bemeester. Dit is 'n baie belangrike stadium in die taalontwikkeling van die kind omdat hy sy spiere oefen deur alle moontlike klanke te maak.

Die kind reageer doelbewus op intonasiepatrone vanaf omtrent die derde maand; hy is gelukkig as hy 'n vriendelike stem hoor maar het 'n afkeur aan 'n onvriendelike klank. Hy leer om te onderskei tussen die intonasiepatrone, omdat die hele situasie waarvan die intonasiepatroon net 'n deel is (dit is die gelaatsuitdrukking, die bewegings, die bevrediging al dan nie van sy behoeftes) aangenaam of onaangenaam is. Hy reageer nog nie op die betekenis van die gesproke woord nie.

Nadat hy 'n maand of wat ouer is, begin hy klanke naboots; die klanke wat hy uiter is geheel en al nie die klank wat hy hoor nie, maar as hy spraak hoor, uiter hy sy eie klanke.

Nog 'n rukkie later wil hy nie meer nadoen nie. Hy begin nou 'n begrip van die betekenis van woorde kry en hy reageer minder op die intonasie alleen omdat die omstandighede waaronder die woord geuiter word, vir hom nou belangriker is as die klank of die intonasie.

2. Oorgang na Eintlike Taal.

(i) Opsetlike Nabootsing.

Die kleuter begin so stadigaan spraak aan die omstandighede koppel waaronder hy dit

hoor; die omstandighede en nie meer intonasie nie gee nou die deurslag; as 'n ouer praat asof hy kwaad is en tog kos bring, glimlag die outjie byvoorbeeld.

Reeds vroeg leer die kind om intonasiepatrone wat baie van mekaar verskil, te onderskei. Die hele spraak, die fonetiese sowel as die tonetiese gedeelte, kry vir die kind betekenis van die meegaande handelinge. Mettertyd begryp die kind die intonasiepatroon waaraan die fonetiese gedeelte nou verbonde is. Deur verdere ontwikkeling word die fonetiese patroon deurslaggewend om 'n spesifieke antwoord te kry, hoewel die invloed van die intonasiepatroon nooit verdwyn nie.

Die kind se gehoor word verskerp en hy begin klanke doelbewus naseê.

(ii) Begin van Begrip.

As die kind dit sover gebring het dat die fonetiese vorm, afgesien van die intonasiepatroon, 'n bepaalde reaksie by hom teweeg bring, het hy die woord verstaan. Dit is baie moeilik om te bepaal presies wanneer die kind 'n woord verstaan, maar ongeveer teen die einde van die eerste jaar, word 'n kind se antwoorde op sekere woorde meer eenvormig en gebeur dit meermale en gereelder. Die kind moet eers die woord verstaan voordat hy dit doelbewus en korrek kan gebruik.

3. Verwerwing van Beheer oor die Gesproke Woord.

(i) Een Woord.

Die leeftyd waarop die kind 'n woord doelbewus gebruik, hang van oorerwing en van sy omgewing af. Die eerste woorde wat die kinders van alle rasse uiter, bevat die bilabiale, die labio-

wikkel die konsonante uit die suigbewegings van die kind. Die kind se eerste woorde druk 'n gevoel of strewe uit. As hy byvoorbeeld,,mama" sê, wil hy kos hê en eers later gebruik hy ,,mama" om een persoon uit 'n hele situasie aan te dui.

Die kind gebruik eers sy eie klanke om 'n gevoel aan te dui. Omdat hy ander persone daardeur wil beïnvloed, gee die kind daarna aan sy eie klanke 'n meer bepaalde betekenis. Nog later besef hy dat daar reeds 'n woord wat algemeen verstaan word, vir 'n bepaalde voorwerp is. Die kind is besig om 'n moeilike en ingewikkelde vaardigheid te bemeester, daarom verdraai hy die algemeen erkende woorde om by sy klankstelsel aan te pas; met meer oefening egter kom sy klanke meer en meer ooreen met die klanke soos deur volwassenes gebruik.

Eers word baie betekenisse aan 'n woord geheg. ,,Papa" byvoorbeeld kan na pa verwys, na pa se broek, na pa se portret, na 'n klokkie wat pa reggemaak het en eindelik na enige klokkie. Sodra 'n kind uitvind dat dinge name het, vind hy groot plesier daarin om alle voorwerpe name te gee, eers sy eie naam en later die konvensionele name. Hy gebruik woorde taamlik onnoukeurig en in 'n vreemde verband. Die woordeskat van kinders van ongeveer vyftien maande bestaan net uit selfstandige naamwoorde.

(ii) Een-Woord Sin.

Tot 'n ouderdom van ongeveer agtien maande is die behoeftes van die kind eenvoudig. Hy gebruik net een selfstandige naamwoord maar met 'n passende intonasiepatroon, en met 'n gebaar kan hy ouer mense laat verstaan wat hy nodig het. Tenself

dertyd sal hy n lang reeks betekenislose klanke uiter in navolging van die spraak van volwassenes.

(iii) Langer Sinne.

Sodra die kind die selfstandige naamwoorde goed ken en kan gebruik, leer hy ook werkwoorde aan. n Sekere kind van twintig maande se woordeskat het bestaan uit 78 persent selfstandige naamwoorde en 23 persent werkwoorde; op 23 maande was die persentasies van dieselfde kind se woordeskat soos volg:- selfstandige naamwoorde 63, werkwoorde 23, en ander woorde 14[1]).

Gedurende hierdie stadium let kinders op die kenmerkende eienskap van n voorwerp waarin hulle belangstel en sien betekenisvolle veranderinge raak byvoorbeeld ,,mama weg". Hoe meer die denke van die kind ontwikkel, hoe langer word die sin. Na die vierde jaar ontwikkel die volledige sinsbou geleidelik, die woordorde is korrek en vervoegings en verbuigings is aanwesig.

(b) Voorgestelde Leerplanne.

1. Inleiding.

Spraakonderrig is nie n addisionele ,,vak" wat ingevoer word nie; dit is alleen n doelbewuste poging om die gebruik van die voertaal in alle vakke te verbeter en daarom sal alle vakke daarby baat. Dit word erken dat daar reeds soveel werk vir skole voorgeskryf is dat min tyd aan spraakonderrig afgestaan kan word. As elke onderwyser egter n kursus in spraakonderrig deurloop het, sodat hy nie alleen self doeltreffend met sy klas sal praat nie maar dat hy ook leiding aan leerlinge kan gee, sal

1. Watts: Language and Mental Development of Chil-

betreklik min tyd vir die eintlike onderrig van spraak nodig wees. As die onderwysmoelgerig is en as die werk in elke klas getrou gedoen word, is dit moontlik dat ongeveer n uur en n half per week vir spraakonderrig voldoende sal wees. Gedurende die spraaklesse moet die kinders die vaardighede verwerf, moet hulle leer hoe om die spraakeienskappe te gebruik en moet hulle leer hoe om aan die verskillende spraaksituasies deel te neem. Die beoefening van die spraaktegniek vind dan gedurende enige ander les plaas waarin die leerlinge moet praat. Terwyl die leerlinge dan praat, sal die betrokke onderwyser nie alleen op die inhoud of die kennis van die kind let nie, maar hy sal ook aandag aan die spraaktegniek bestee.

Gedurende n skooldag ontstaan daar baie geleenthede vir die beoefening van spraak. Die onderwyser moet die kinders laat besef dat wanneer hulle hardop lees of resiteer hulle die spraaktegniek moet gebruik om die inhoud so te vertolk dat dit by die gehoor ingang vind. Gedurende n wetenskap- of wiskundeles kan die leerlinge deur beraadslaging probeer om die regte oplossing van n probleem te vind; n debat kan gevoer word oor n voorgestelde oplossing. Leerlinge kan nog onbehandelde gedeeltes van die geskiedenisleerplan voorberei en hul kennis aan die klas oordra deur n toespraak of n lesing te hou. So kan gedurende die meeste lesse geleenthede geskep word om aan leerlinge spraak te onderrig, terwyl die werk in daardie vak voortgaan. Die klagte sal gehoor word dat die hele leerplan nie deurgewerk sal kan word nie omdat die besprekings te veel tyd in beslag sal neem. Dit is nog nie n uitgemaakte saak dat die peil van werk oor die algemeen laer

sal wees as wat dit op die oomblik is nie, want die leerlinge sal die behandelde werk baie beter begryp en sal dit baie langer onthou. As die skrywers reg is wat beweer dat taal en denke baie na aan mekaar verwant is, moet die leerplanne gewysig word om toe te laat dat die ontwikkeling van die denke, die vernaamste plig van die skool, bevorder word. Die leerplan is daar terwille van die leerling en nie andersom nie. Daar is ook baie ander geleenthede buite die klaslokaal vir die beoefening van spraak. Die geselskuns kan gedurende oueraande of met die besoeke van spanne van ander skole beoefen word. Aankondigings in die skoolsaal kan deur leerlinge waargeneem word. Toesprakies met openings- of sluitingsfunksies of met konserte kan deur leerlinge gehou word. Die leerlinge kan beraadslaag oor die versiering van die klaslokaal of die verfraaiing van die terrein. Die buitemuurse aktiwiteite bied baie geleenthede vir beraadslaging; reëlings moet getref word in verband met Voortrekkers, voetbal, korfbal en baie ander aktiwiteite. Onderhoude kan met die hoof of onderwysers gereël word of leerlinge kan boodskappe aflewer. Gedurende die skoollewe van n kind is daar baie geleenthede vir die beoefening van goeie spraak.

In die laerskool waar daar gewoonlik net een onderwyser voor n besondere klas optree, moet die onderwyser sy werkskema vir spraakonderrig so opstel dat hy presies weet watter afdelings van spraakonderrig gedurende ander lesse, soos byvoorbeeld aardrykskunde, rekenkunde of natuurstudie, behandel sal word. In die middelbare skool sal die

besonderhede uitgewerk word dat die spraakonderwyser presies sal weet watter vaardighede hy die besondere klas sal moet aanleer en al die ander vakonderwysers sal weet wat hulle aandeel aan spraakonderrig gedurende daardie tydperk sal wees. Minder ernstige of individuele spraakafwykings sal deur elke onderwyser behandel word, maar as leerlinge ernstige afwykings toon of as n bepaalde fout algemeen voorkom, sal die onderwyser die spraakonderwyser van sulke foute en afwykings in kennis stel. Dit is dus n vereiste dat alle onderwysers deeglike en voldoende spraakopleiding sal ontvang.

Spraakonderrig moet altyd sterk gemotiveer word en dit moet altyd in verband met die vereistes van die alledaagse lewe gebring word. Die strewe moet altyd wees om spraak doeltreffend te maak maar om dit nogtans natuurlik te hou; spraakonderrig leer kinders nie om onnatuurlik of gemaak te praat nie. Die onderwyser moet sorg dat die leerlinge verstaan waarom hierdie of daardie oefeninge nodig is, sodat hulle daarin kan belangstel. Foute moet nooit verbeter word terwyl n leerling praat nie; die fouto kan na afloop van die oefening met die leerling bespreek word. Dit is ook wenslik dat as foute met die klas bespreek word, die naam van die kind wat die fout begaan het, nie genoem word nie. So n leerling wie se foute deur die klas bespreek word, kan al sy vrymoedigheid verloor om aan spraaksituasies deel te neem. Onsimpatieke, ongeduldige verbetering van spraakfoute kan baie erger afwykings veroorsaak.

Elke artikulasieoefening moet

gelyktydig vir die luisteraars n gehooroefening wees. Terwyl een leerling n klank of n reeks klanke uiter, moet die ander leerlinge in die klas sê watter klank verkeerd uitgespreek is, watter verandering n sekere klank ondergaan het of enige ander vraag wat betrekking op hul werk het, kan beantwoord. So ook moet elke spreekoefening ook gelyktydig n luisteroefening vir die kinders wees wat nie op daardie tydstip optree nie. Hulle kan gevra word om onder andere die asemhaling, uitspraak, gebruik van intonasiepatrone, die rangskikking van stof, die houding en die optrede van die spreker te beoordeel. As die kinders dit skriftelik doen, is daar minder kans dat hulle net sal probeer om iemand te verkleineer. Sodra die kind op skool kom, moet die gehoor verskerp word en moet met luisteroefeninge begin word.

As n onderwyser individuele leerlinge doeltreffend wil help, moet hy eers die bepaalde behoeftes van die leerlinge vasstel en daarna remediale oefeninge voorskryf en die leerling aan informele spraaksituasies laat deelneem. Gedurende spreekoefeninge moet die prestasie noukeurig waargeneem en opgeteken word, sodat daar bepaal kan word of daar vordering is; hierop sal n private bespreking met die leerling volg. Die spraaksituasies waaraan die leerling deelneem, moet behoorlik gegradeer word. Dit is betreklik maklik om in die klas te gesels; dit is moeiliker om aan n beraadslaging deel te neem, maar om hardop te lees en n toespraak voor n onbekende gehoor te hou, is nog die moeilikste.

Die doel met die vertelling is tweeledig; in die laer klasse moet die leerling aan-

gemoedig word om iets aan hul maats te vertel; dit wil sê hulle moet vrymoedigheid aankweek en die vertellus moet aangewakker word. Al gaande egter moet die leerling die vertelkuns bemeester. Bespreking word in die leerplan bygevoeg as n inleidende oefening tot beraadslaging en debat. Die leerlinge moet begryp dat sake uit verskillende oogpunte beskou kan word. Dit is noodsaaklik vir die algemene ontwikkeling van die kind dat hy noukeurig sal kan waarneem en dan suiwer sal kan weergee wat hy waargeneem het. Albei hierdie oefeninge is in beskrywing opgesluit en die werk sal dikwels in die natuurstudielesse gedoen word. Dramatisering is baie belangrik omdat gebruik van die speeldrif van die kind gemaak kan word om spraak te verbeter en om die kind te leer om natuurlike en paslike bewegings te maak terwyl hy praat.

Al heel vroeg in sy lewe gebruik die kind spraak vir beide praktiese en estetiese doeleindes[1]. Hierdie twee doelwitte met spraakonderrig moet die onderwyser nie vergeet nie. Daar is geen taaluiting in die alledaagse lewe wat so dikwels gebruik word en so belangrik is soos spraak nie, en daarom moet spraakonderrig in enige „praktiese rigting" opgeneem word. Die estetiese doel moet egter nie vergeet word nie: van kleins af stel die kind belang in die musiek van die taal, en dit is een van die redes waarom jong kinders die voordra van kindergedigies geniet.

2. Die Leerplan.

Spraak word in so n mate deur persoonlikheid, bekwaamheid, intelligensie en huislike

1. Lewis: Infant Speech, 69.

omstandighede van die leerling beïnvloed dat dit moeilik is om n leerplan vir alle leerlinge in die skole in Transvaal op te stel. Die leerlinge sal ook nie almal ewe lank neem om sekere vaardighede aan te leer nie. Die leerplan wat volg, is dus net suggestief en sal heelwaarskynlik by die bekwaamhede van die gemiddelde normale leerling aanpas. Hoofde van skole sal egter moet vrygelaat word om die leerplan te wysig volgens die behoeftes van hul besondere leerlinge.

G R A A D I.

1. Verwerwing van Fisiese Vaardighede.

(a) Asembeheer.

Asemhaling - bors en buikasemhaling, geen spanning. Oefeninge - ruik aan blom, nies en gaap. Teken aan enige afwykinge.

(b) Gebruik van Stembande en Resonatore.

Kind moet stem voortbring wat helder en duidelik is. Oefeninge soos die nabootsing van diergeluide kan gemaak word. Spiere van nek en keel moet ontspan wees. Teken aan enige afwykinge.

(c) Artikulasie en Uitspraak.

Die artikulasie moet duidelik en skerp wees. Klanke kan ingeoefen word deur die opsê van klankrympies. Waak teen die aanleer van verkeerde gewoontes. Teken aan enige afwykings van artikulasie en uitspraak.

2. Behoorlike Gebruik van Ritmies-Melodiese Eienskappe.

(a) Toonhoogte

derdom. Spiere van keel en nek moet nie onnodig gespanne wees nie. Teken aan enige afwykings.

(b) Intonasiepatrone.

Gewone intonasiepatrone word ingeoefen; vertolking van eenvoudige gevoelens wat die kind reeds ondervind het en wat in kleuterrympies voorkom.

(c) Stemkleur.

Stem moet mollig wees. Skryf name van leerlinge met hees, ru of skel stem op. Probeer vasstel of leerlinge senuweeagtig of bang is.

(d) Klem.

Let op woordklem en verbeter enige verkeerde gebruik van klem. Aandag word bestee aan sinsklem, veral by voordra van gediggies.

(e) Tydsduur.

Korrekte uitspraak van kort en lang klanke. Teken aan enige opvallende afwykings.

(f) Tempo.

Die name van leerlinge wat te vinnig of te stadig praat, moet opgeskrywe word. Probeer om rede vir afwyking van tempo vas te stel.

(g) Pouse.

Wys leerling op betekenisgroep veral by voordra van gediggies en by hardoplees. Inaseming moet gedurende n pouse geskied.

3. Verskerping van Gehoor.

Herkenning van klanke deur andere uitge-

spreek, eers aan die begin van n woord, dan aan die einde en ten laaste in die middel. Leerlinge moet kan hoor of n sekere noot laer of hoër is as n vorige.

4. Luisteroefeninge.

Luister na opdragte deur onderwyser gegee en uitvoering daarvan. Navertel van verhale deur onderwyser vertel, soos verhale uit Bybelse geskiedenis.

5. Gebruik van Spraaktegniek in Spraaksituasies.

(a) Gesels.

Die kinders word in groepies verdeel en gesels met mekaar onder leiding van n „gasheer" of leier. Baie keer sal n stryery ontstaan wat nie gekeer moet word nie, maar die leerlinge moet hul verskille kalm stel.

(b) Vertelling.

Die kinders vertel van hul eie ondervindings of van dinge waarin hulle belangstel. Vrymoedigheid en die vertellus moet aangekweek word. Verhale uit Bybelse geskiedenis kan vertel word of leerlinge kan vertel van n onderwerp wat in die aardrykskundeles behandel is.

(c) Beskrywing.

Kinders beskrywe voorwerpe wat gesien kan word, en handelinge wat uitgevoer word. Die beskrywing moet so noukeurig moontlik wees. Die werk kan veral gedurende die natuurstudieles gedoen word.

6. Vertolking van Letterkunde.

(a) Hardoplees.

In hierdie klas vind aanvangsleesonderrig plaas en dit kan dus feitlik nie as n spraaksituasie beskou word nie. Op asemhaling, uitspraak en frasering kan gelet word.

(b) Resiteer en Koorpraat.

Die leerlinge moet die voordra van gedigtjies geniet en die gedigtjies moet sover moontlik gedramatiseer word.

(c) Toneelopvoering en Dramatisering.

Dramatiseer soveel van die skoolwerk as moontlik. Alle vakke, in besonder aardrykskunde en natuurstudie bied stof hiervoor.

7. Aankweking van Regte Gesindhede.

Leerlinge moet in die skool tuis voel, hulle moet met mekaar saamwerk en n lus ontwikkel om vir mekaar of vir die onderwyser iets te vertel, maar hulle moet wag tot die geleentheid daar is.

8. Minimum Vereistes.

Leerlinge moet hulle in die nuwe omgewing aanpas en hulle moet vrymoedig wees om te praat. Die spraakafwykinge van alle leerlinge moet opgeteken word en met die hoof en n spraakterapeut besprek word. Pasop vir die moontlike sielkundige oorsake of gevolge van spraakgebreke.

G R A A D II E N S T A N D E R D I.

1. Verwerwing van Fisiese Vaardighede.

(a) Asembeheer.

~~uitaseming~~ uitaseming; gebruik van middelrif en nie keelspiere nie - uiter klank saam met uitaseming.

(a) Gebruik van Stembande en Resonatore.

Leerlinge moet duidelik praat. Verhoog draagkrag van stem sonder om asemdruk te verhoog; leerlinge praat met persoon by hulle, in middel van kamer en agter in kamer. Waarde van fluisteroefeninge.

(c) Artikulasie en Uitspraak.

Al die klanke in Afrikaans moet afsonderlik geuiter word en die artikulasiestand van elkeen moet bepaal word; vinnige artikulasie-oefeninge; swak en sterk vorme.

2. Behoorlike Gebruik van Ritmies-Melodiese Eienskappe.

(a) Toonhoogte.

Bepaal natuurlike toonhoogte van leerling; inoefening van natuurlike toonhoogte terwyl leerling praat, lees of voordra.

(b) Intonasiepatrone.

Inoefening van gewone spraakwysies; vertolking van gevoelens binne die ervaring van die leerling.

(c) Stemkleur.

Gebruik van 'n mollige stem moet nou 'n gewoonte by die leerling word.

(d) Klem.

Korrekte woordklem; sinsklem as betekenisdraende faktor in praat, lees en voordrag.

(e) Tydsduur.

Korrekte uitspraak van lang en kort klanke; tydsduur as hulpmiddel by vertolking van

(f) Tempo.

Normale rustige tempo in lees en praat; tempo as hulpmiddel by vertolking van gevoelens.

(g) Pouse.

Pouse en inaseming moet saamval; frasering moet aandag geniet by praat, lees en voordrag.

3. Verskerping van Gehoor.

Noukeurige weergawe van waargenome klanke; die klanke kan wees aan die begin, in die middel of aan die end van n woord. Leerlinge moet kan bepaal of n noot hoër of laer as n vorige een is.

4. Luisteroefeninge.

Leerlinge voer mondelinge opdragte uit. Navertel van verhaal wat vertel of hardop gelees is.

5. Gebruik van Spraaktegniek in Spraaksituasies.

(a) Gesels.

Gesels oor die ondervindings en oor dinge waarvan hulle hou en nie hou nie. Woordewisseling moet hoflik en kalm geskied.

(b) Vertelling.

Leerlinge vertel van persone wat hulle ontmoet het. Hulle vertel ook van gebeurtenisse of verhale wat gelees is. Die begrippe van gelyktydigheid en oorvleueling moet aangekweek word. Verhale uit geskiedenis- of Bybelse geskiedenislesse kan hiervoor gebruik word.

(c) Beskrywing.

In natuurstudie word noukeurige waarneming en getroue, saaklike beskrywings verlang

van wat gesien is. Beskrywing van eienskappe van voorwerpe en die verhouding tussen voorwerpe: bo, onder, ens.

(d) Bespreking.

Leerlinge bespreek woorde soos goedgemanierd, beleefd, hoflik, eerlik, selfsugtig ens., na aanleiding van die vertelling in 5 (b).

6. Vertolking van Letterkunde.

(a) Hardoplees.

Leerlinge leer nog lees maar hulle moet nou n begrip van die inhoud kry. Daar moet op uitspraak, intonasie, pousering en asemhaling gelet word.

(b) Resiteer en Koorpraat.

Die leerlinge moet die werk geniet; vir terughoudendes is koorpraat essensieel. Vertolking van gevoelens deur intonasie, klem en tempo.

(c) Toneelopvoering en Dramatisering.

Dramatiseer gesprekke tussen persone, verhale en voorvalle soos dit voorkom in die aardrykskunde- en geskiedenisleerplanne.

7. Aankweking van Regte Gesindhede.

Die kinders behoort nou al vrymoedig te wees en met hul maats saam te werk. Hulle ontvang leiding van die onderwyser in verband met dinge waarvan hulle hou en nie hou nie. Gevoelens word beheers.

8. Minimum Vereistes.

Die meeste leerlinge sal nou al die klanke reg uitspreek en sal probeer om swak en sterk

verme in lees en voordrag te gebruik. Die stem beweeg om n natuurlike toonhoogte en eg-Afrikaanse intonasiepatrone word gebruik. Enige spraakversteurdes word na n spraakterapeut verwys of word onder leiding van n spraakterapeut behandel.

S T A N D E R D S II E N III.

1. Verwerwing van Fisiese Vaardighede.

(a) Asembeheer.

Vinnige inaseming deur mond en neus, maak gebruik van bors- en buikspiere; beheerde uitaseming met uiting van klank; geen spierspanning.

(b) Gebruik van Stembande en Resonatore.

Leerlinge praat duidelik; stem het genoeg draagkrag om in alle dele van die klaslokaal gehoor te word sonder verhoogde asemdruk. Leerlinge moet resonatore kan aanpas by verandering van toonsleutel.

(c) Artikulasie en Uitspraak.

Klassifikasie van vokale en konsonante, onderwyser gebruik fonetiese alfabet. Toepassing van sandhi-reëls terwyl die leerling hardop lees.

2. Behoorlike Gebruik van Ritmies-Melodiese Eienskappe.

(a) Toonhoogte.

Natuurlike toonhoogte word ingeoefen. Leerlinge verander toonsleutel sonder oordrewe spanning van keelspiere.

(b) Intonasiepatrone.

Gebruik van intonasie vir nadruk. Vertolking van meer ingewikkelde gevoelens

(c) Stemkleur.

Verandering van stemkleur om gevoelens te vertolk en om ander persone na te doen.

(d) Klem, Tydsduur, Tempo en Pouse.

Die leerlinge word geleer om hierdie eienskappe te gebruik om betekenis te verduidelik en om gevoelens te vertolk. Spesiale aandag word bestee aan die gebruik van die pouse om spanning te verhoog.

3. Verskerping van Gehoor.

Die herkenning van klanke wat deur die leerlinge self of deur ander persone geuiter word. Die waarneem van sterk en swak vorme gedurende n gesprek.

4. Luisteroefeninge.

Navertel van verhale wat gehoor is. Uitvra in verband met n opdrag wat opsetlik onvolledig gestel is. Hoofpunte van les in geskiedenis, aardrykskunde of natuurstudie weergee.

5. Gebruik van Spraaktegniek in Spraaksituasies.

(a) Gesels.

Leerlinge word opgelei om as gasheer of leier van n groep op te tree. Leerlinge van n ander klas word uitgenooi om te kom gesels.

(b) Vertelling.

Gedurende hierdie stadium moet die tydsbegrip van leerlinge reg wees; dan sal die vervelige „en toe" verdwyn. Voorbereide verhale word deur leerlinge in geskiedenis- of aardrykskundeles vertel.

(c) Beskrywing.

Een leerling beskrywe n voorwerp wat nie in die klaslokaal is nie, en die ander leerlinge teken die voorwerp volgens sy beskrywing. Die karaktertrekke en invloed van geskiedkundige persone word beskrywe.

(d) Bespreking.

Leerlinge bespreek woorde vir karakteruitbeelding gebruik. Een leerling beskryf die voor- en nadele van handelinge, verskynsels, ens.

6. Vertolking van Letterkunde.

(a) Hardoplees, Resiteer en Koorpraat.

Spraaktegniek word gebruik om inhoud te vertolk m.a.w. leerlinge moet verstaan, belewe en dan probeer weergee. Die leerling moet opgaan in die stof en so sy selfbewustheid verloor.

(b) Toneelopvoering en Dramatisering.

Toneelstukkies word in die klas bespreek en opgevoer. Dramatisering van dele van ander werk word voortgesit.

7. Aankweking van Regte Gesindhede.

Die drang om iets goed te vertel, moet verder ontwikkel word. Die leerling moet sy selfbewustheid verloor en met ander kan saamwerk.

8. Minimum Vereistes.

Die spraak moet natuurlik, korrek (nie hiper-korrek nie), aangenaam en duidelik wees. Leerlinge moet doeltreffend kan luister. Sy gedrag in die klas en teenoor sy maats moet goed wees.

S T A N D E R D S IV E N V.

1. Verwerwing van Fisiese Vaardighede.

Die leerlinge behoort hierdie vaardighede, asembeheer, gebruik van stembande en resonatore, artikulasie en uitspraak onder die knie te hê, maar gereelde kort oefeninge is nodig om die korrekte gebruik daarvan gewoontehandelinge te maak. Waar individuele leerlinge nog hier en daar moeilikheid het, moet hulle afsonderlik leiding ontvang.

2. Behoorlike Gebruik van die Ritmies-Melodiese Eienskappe.

Die gebruik van hierdie eienskappe word gedurig hersien. Die eienskappe word gebruik in spreekoefeninge en vir die vertolking van letterkunde. Waar dit blyk dat die klas oor die algemeen een of ander eienskap nog nie goed kan gebruik nie, word die eienskap weer behandel.

3. Verskerping van Gehoor.

Die leerlinge gebruik die fonetiese alfabet om die klanke wat deur ander persone geuiter word, aan te dui. Die klanke van die tweede taal word beskrywe.

4. Luisteroefeninge.

Hoflikheid word aangemoedig terwyl ook die vermoë om kritiies te luister, ontwikkel word deur spesifieke oefeninge. Dit sal veral in beraadslaging toegepas word,

5. Gebruik van Spraaktegniek in Spraaksituasies.

(a) Gesels.

Aan leerlinge word nou doelbewus die beginsels van die gesels kuns en die pligte van n gasheer geleer. Ouers en onder-

wysers word na klas uitgenooi.

(b) Vertelling.

Die leerlinge se tydsbegrip behoort nou suiwer te wees. Die leerlinge vertel nou ook voorwaardelike verhale byvoorbeeld ,,As ek £1000 kry". Die vertelling van n staaltjie word beoefen.

(c) Beskrywing.

Die leerlinge moet nou korrek kan waarneem en noukeurig kan weergee. Hulle moet ook die verhouding tussen voorwerpe beskrywe.

(d) Bespreking.

Bespreking deur leerlinge van sake van belang. Elkeen gee sy eie mening. Hoflikheid moet by leerlinge aangekweek word.

(e) Beraadslaging.

Oplossing van werklike probleme i.v.m. klaswerk, klasversiering, verfraaiing van terrein ens., word aangepak.

(f) Toespraak.

Leerlinge word geleer om kort toesprakies te hou; voorbereiding; gebruik van aantekeninge. Vrymoedigheid word aangekweek.

6. Vertolking van Letterkunde.

(a) Hardoplees, Resiteer en Koorpraat.

Die leerlingt moet nou die inhoud van n geskikte boek of gedig goed voor sy klasmaats kan vertolk en hy moet leer

(b) Toneelopvoerings en Dramatisering.

Toneelopvoerings in klas, voor hele skool en voor publiek. Dramatisering word voortgesit.

7. Aankweking van die Regte Gesindhede.

Samewerking, hoflikheid, eerlikheid, verdraagsaamheid, selfvertroue en respek vir die mening van ander word aangekweek.

8. Minimum Vereistes.

Die hou van n toespraak van 3 minute en die vertolking van geskikte prosa en poësie.

S T A N D E R D VI.

(Eerste jaar van die middelbare skool)

1. Gebruik van Fisiese Vaardighede en Ritmies-Melodiese Eienskappe.

Alhoewel die leerlinge die fisiese vaardighede in die laerskool onder die knie gekry het en die ritmies-melodiese eienskappe van taal kon gebruik, verander die stem baie gedurende die puberteitsjare. Gepaard met die verandering van stem gaan sielkundige omwentelinge. Die leerlinge moet baie simpatiek behandel word maar hulle moet nie vertroetel word nie. Dit is die aangewese klas vir die behandeling van die sogenaamde spraakorgane, die voortbrenging van stem, die elementêre wette van geluid en die gehoorapparaat. Dit sal vir die leerlinge n wetenskaplike verklaring gee van die verandering van stem en hulle meer op hulle gemak laat voel.

Die vaardighede sal weer onder die nuwe omstandighede ingeoefen moet word maar dit sal nie veel tyd in beslag neem nie. Wat gedurende hierdie

tydperk baie verander, is die natuurlike toonhoogte van die stem van n seun, en terwyl sy stem „breek", moet stemoefeninge met versigtigheid vir hom voorgeskryf word.

2. Verskerping van Gehoor.

Transkripsie in fonetiese skrif van n eenvoudige gesproke gedeelte. Herkenning van klanke van die tweede taal. Leerlinge moet hul eie spraak krities kan beoordeel.

3. Luisteroefeninge.

Leerlinge word geleer om aandagtig, krities maar tog hoflik te luister.

4. Gebruik van Spraaktegniek in Spraaksituasies.

(a) Gesels.

Die beginsels van die gesolskuns en die pligte van n gasheer word hersien. Leerlinge word geleer hoe om hulle in n geselskap te gedra.

(b) Vertelling.

Die leerlinge verkort n verhaal uit n boek sodat die hoofpunte tog duidelik is. Leerlinge word gewys hoe om n staaltjie te vertel.

(c) Beskrywing.

Leerlinge beskrywe persone, gebeurtenisse en voorwerpe noukeurig.

(d) Bespreking.

Bespreking van werk in ander lesse gedoen; beoordeling en opsomming.

(e) Beraadslaging.

Oplossing vind van werklike probleme in verband met klaswerk of buitemuurse akti-

(f) Toesprake.

Die tegniek van toesprake hou word aangeleer en beoefen. Leerlinge hou toesprakies van omtrent 5 minute voor klas.

5. Vertolking van Letterkunde.

(a) Hardoplees, Resiteer en Koorpraat.

Voortsetting van die vertolking van die inhoud. Leerlinge wie se stemme ,,gegreek" het, moet nie belaglik gemaak word nie. In hierdie klas kan meer aandag aan koorpraat as aan individuele voordrag bestee word.

(b) Toneelopvoering.

Leerlinge voer toneel self op, doen self die werk van regisseur ens. onder leiding van die onderwyser.

6. Aankweking van Regte Gesindhede.

Samewerking met ander persone, beleefdheid, eerlikheid, opregtheid, verdraagsaamheid, respek vir die menings van ander en selfvertroue moet aangekweek of ontwikkel word.

7. Minimum Vereistes.

Die leerling moet hom by sy nuwe omgewing aanpas, sy standpunt duidelik kan stel en deelneem aan klubaktiwiteite.

S T A N D E R D S VII E N VIII.

(Vir die meeste leerlinge is standerd VIII die end van verpligte Skoolbesoek.)

1. Gebruik van Fisiese Vaardighede en Ritmies-Melodiese Eienskappe.

Met seuns wie se stemme ,,breek", moet baie

kings kan veroorsaak word. Enige leerling wat gedurende hierdie tydperk ernstige spraakversteurings opdoen, moet na n spraakterapeut verwys word. Waar moontlik moet die klasonderwyser remediale werk doen. Ander leerlinge kan voortgaan met die gebruik van die vaardighede en die spraakeienskappe in spreekoefeninge. Die draagkrag van die stem moet nou met verhoogde asemdruk vergroot word sodat die leerlinge ook in die skoolsaal kan praat. Al word die asemdruk verhoog, moet die stemkleur nog mollig bly.

2. Verskerping van Gehoor.

Spraakklanke van die huistaal, die tweede en die derde tale word deur die fonetiese alfabet aangedui.

3. Luisteroefeninge.

Die vermoë om kritiies te luister, word verder ontwikkel. Die leerling moet ook n opsomming van n argument kan maak. Hoflikheid word ook ontwikkel.

4. Gebruik van Spraaktegniek in Spraaksituasies.

(a) Gesels.

Leerlinge is bekend met die geselstegniek en geleenthede word geskep vir die gebruik daarvan.

(b) Vertelling.

n Verhaal moet vertel word asof dit self belewe is. Die beheersing van gevoel by die vertelling van n staaltjie.

(c) Beskrywing.

Herhaling van wat voorheen gedoen is. Van dié soort werk word heelwat in die wetenskaples gedoen.

(d) Bespreking.

Bespreking en waardering van letterkunde, geskiedenis, wetenskap, wiskunde en enige ander skoolvak.

(e) Beraadslaging.

Oplossing van probleme in verband met klaswerk, skool, sport en enige ander aktiwiteit waarin die leerling belangstel.

(f) Toespraak.

Logiese uiteensetting van feite en die tegniek om ander persone te oortuig.

(g) Debat.

Klas as geheel stel argumente voor en teen n sekere stelling op; die lede kritiseer self stoekhoudendheid van argument.

5. Vertolking van Letterkunde.

(a) Hardoplees, Resiteer en Koorpraat.

Vertolking van die inhoud van geskikte prosa of poësie.

(b) Toneelopvoerings.

Toneelopvoerings deur klas vir skool en publiek.

6. Aankweking van Regte Gesindhede.

Samewerking, eerlikheid in debat en beraadslaging, diensvaardigheid, erkentlikheid, nederigheid, verdraagsaamheid, selfbeheersing en opregtheid word ontwikkel.

7. Minimum Vereistes.

As die leerling die skool verlaat, moet hy met mense kan saamwerk, hulle kan verstaan en sy standpunt nederig, duidelik, eerlik en oortuigend

kan stel. Hy moet met n aangename stem praat en moet lekker kan gesels.

S T A N D E R D S IX EN X.

1. Gebruik van Fisiese Vaardighede en Ritmies - Melodiese Eienskappe.

Remediale werk word met die enkele leerling wat dit nodig het, gedoen. Die vaardighede en eienskappe word in alle spreekoefeninge gebruik.

2. Verskerping van Gehoor.

Die klanke van die tweede en derde ~~taal~~ tale word deur die fonetiese alfabet aangedui.

3. Luisteroefeninge.

Leerlinge moet aandagtig, hoflik maar krities luister.

4. Gebruik van Spraaktegniek in Spraaksituasies.

(a) Gesels.

Leerlinge moet lekker kan gesels en as gasheer (gasvrou) kan optree.

(b) Vertelling.

Leerlinge moet lewendig en boeiend kan vertel; hulle moet van die pouse gebruik kan maak om n staaltjie doeltreffend te vertel.

(c) Beskrywing.

Herhaling van werk voorheen gedoen.

(d) Bespreking.

Leerlinge moet verstandig en besadig oor n onderwerp kan praat.

(e) Beraadslaging.

Leerlinge moet as leier of voorsitter kan optree, lede beskerm en aanmoedig, samevattings gee en saak duidelik stel.

(f) Toespraak.

Leerlinge moet n toespraak kan hou om by die gehoor kennis aan te bring, hom te oortuig en te besiel. Spreker moet nie verwaand wees nie.

(g) Debat.

Leerlinge moet die prosedure goed ken en as voorsitter kan optree, orde handhaaf en taruggetrokkenes beskerm en aanmoedig.

5. Vertolking van Letterkunde.

(a) Hardoplees, Resiteer en Koorpraat.

Die leerlinge moet nou die voorgeskrewe letterkunde kan vertolk.

(b) Toneelopvoering.

Opvoering van toneelstukke vir skool, ouers en publiek.

6. Aankweking van Regte Gesindhede.

Nederigheid, hulpvaardigheid, grootmoedigheid, eerlikheid en opregtheid, hoflikheid en verdraagsaamheid moet aangekweek word.

7. Minimum Vereistes.

Nadat die leerling die skool verlaat, moet hy sy standpunt vrymoedig, nederig maar eerlik en duidelik kan stel. Hy moet kritiek verdra sonder om kwaad te word en hulpvaardig wees. Die leerling moet n Christen en n goeie burger wees.

3. Bespreking van Voorgestelde Leerplan.

Sodra die kleintjies vir die eerste keer skool toe kom, moet die onderwyseres vasstel watter spraakafwykings voorkom. Die onderwyseres moet n verslag oor die spraak van elke indi-

viduele leerling opstel soos hy dit gebruik as hy op sy gemak praat. Hierdie verslag moet bewaar word sodat dit van tyd tot tyd geraadpleeg kan word om uit te vind of die leerlinge vordering maak al dan nie. Volgens hul spraakuitings word die leerlinge in twee groepe ingedeel, naamlik 1. die leerlinge wat ernstige spraakafwykings toon en dus deur of onder toesig van n spraakterapeut behandel word en 2. die leerlinge van wie die spraak min of meer normaal is en dus deur die klasonderwyseres onderrig sal word.

Omdat spraak soveel deur die geestestoestand van die leerling beïnvloed word, is dit nodig dat die kind op skool eers tuis sal voel voordat met intensiewe spraakonderrig begin word. Die leeftyd egter, waarop spraak die maklikste verbeter kan word, is tussen twee en drie jaar en daarom moet so gou moontlik met korrektiewe oefeninge begin word voordat die gewoontes te vas gewortel word. Daarom sal speletjies ontwerp word om asembeheer te ontwikkel, die spiere te ontspan, regte gebruik van die stembande en resonatore te maak en om n natuurlike toonhoogte-aanslag te verkry. Die gebruik van intonasiepatrone word ingeoefen, want dit verstaan die kind al van ongeveer sy derde maand af en voor sy agtiende maand het hy dit reeds gebruik. Om die uitspraak te verbeter, sê die kleintjies klankrympies op waarin die klanke voorkom wat moeilikheid veroorsaak. Die verskerping van die gehoor wat noodsaaklik is voordat die uitspraak verbeter kan word, word ook met speletjies gedoen. Die leerlinge gesels met mekaar en met die onderwy-

seres sodat hulle hulle kan aanpas by die nuwe omgewing en sodat hulle vrymoedigheid kan ontwikkel. Die vertellus word aangewakker deur die leerlinge aan aan te moedig om enigiets uit hul eie ervaring te vertel. Die waarnemingsvermoë word ontwikkel deur die beskrywing van handelinge en voorwerpe. Goeie luistergewoontes word aangekweek deur aan die leerlinge boeiende verhale te vertel. Gedurende die eerste jaar op skool word vasgestel watter afwykings in die spraak van die leerlinge voorkom en word hulle gehelp om hulle by die nuwe omgewing aan te pas.

As die kind hom aangepas het, word die vaardighede en die gebruik van die spraakeienskappe gedurende die volgende vier jaar, dit wil sê in graad II en standerds I tot III, sistematies onderrig. Gedurende hierdie tydperk sal leerlinge wat tande wissel, spesiaal aandag moet geniet. Die vaardighede wat verwerf word, en die spraakeienskappe word in minder formele spraaksituasies gebruik en ook terwyl daar hardop gelees of gere[illegible] word. Die oefeninge vir die verskerping van die gehoor en die verbetering van luistergewoontes duur voort. As die onderrig doelgerig was, behoort die meeste leerlinge na hul vyfde jaar op skool genoeg kennis van die spraaktegniek te hê om hulself te behelp.

Daar word dus in standerds IV en V min aan die onderrig van die spraaktegniek klassikaal gedoen, maar individuele leerlinge sal hulp kry as hulle dit nodig het. Die meeste leerlinge maak nou gewoontehandelinge van die aangeleerde

vaardighede deur dit in soveel spraaksituasies moontlik te gebruik. Twee nuwe spraaksituasies word voorgeskryf, naamlik beraadslaging en die hou van toesprake. Nie alleen skep hulle nuwe en meer geleenthede vir die beoefening van die spraaktegniek nie, maar hulle stel die kinders in die geleentheid om hul denke te ontwikkel en om spraak te gebruik om n gehoor te beïnvloed. Tot dusver het die leerlinge die tegniek aangeleer en die gevaar bestaan dat hulle die verwerwing van die tegniek as n doel op sigself sal beskou. Daarom moet die leerlinge spraak gebruik om iets aan andere mee te deel sodra hulle die tegniek in n mate kan beheers. Die leerlinge in standerds IV en V is die senior leerlinge van die laerskool en hulle moet dus spraak gebruik om ernstige werk te doen of werklike probleme op te los. So kan hulle byvoorbeeld hulle maats aanspoor om te help om kersfeessëels te verkoop of hul maats daarop wys dat n sekere gedragslyn verkeerd is; hulle kan hulle eie buitemuurse aktiwiteite organiseer en baie meer sulke sake bespreek. Dan sal die leerlinge besef dat spraak alleen n middel tot n doel is en nie n doel op sigself nie. Omdat die leerlinge nou aan beraadslagings sal deelneem, moet hulle geleer word om krities te luister en nie net te onthou wat gesê is nie. Ook moet hulle gehoor nou so goed ontwikkel wees dat hulle die fonetiese alfabet kan gebruik om geuiterde klanke van hul moedertaal op te teken.

Die leerlinge in standerd VI klasse moet hulle weer by n nuwe omgewing, die hoërskool, aanpas en terselfdertyd sal die stemme van

sommiges groot veranderinge ondergaan. Dit sal dus nodig wees om weer aandag aan die verwerwing van vaardighede en die gebruik van eienskappe te skenk. Die adolessent wil graag weet waarom dinge gebeur en daarom behoort in hierdie klas n studie van die spraakorgane, ontvangapparaat en geluid gemaak te word terwyl die leerlinge wie se stemme breek, nie veel aandag aan spraak kan gee nie. Dit sal die stemverandering verklaar en help dat die leerlinge hulle gouer aanpas. Die leerlinge wat gou beheer oor hul stemme herwin, kan in spraaksituasies optree, maar die ander moet simpatiek behandel word, dog nie vertroetel word nie. Die behandeling sal van die geaardheid van elke leerling afhang.

In die volgende vier standerds, dit is standerds VII tot X, sal min tyd aan die onderrig van die vaardighede bestee word, maar dit sal beoefen word in n groot verskeidenheid spraaksituasies. Die gebruik van die spraakeienskappe moet nou ook doelbewus wees. Omdat die redenering van kinders vanaf ongeveer hul dertiende jaar vinnig verbeter[1)], word argumentasie en die hou van debatte ingevoer. Die gehoor moet so verskerp wees dat die klanke van die tweede en derde tale, indien die leerlinge n derde taal aanleer, in die fonetiese alfabet geskrywe kan word. Die leerlinge moet ook nou hoflik maar ook baie krities kan luister. Gedurende die laaste twee skooljare van die leerling, dit wil sê in standerds IX en X, moet die leerlinge opgelei word om voorsitter van n vergade-

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 146.

ring, 'n debat of 'n beraadslaging te wees en om as gasheer op te tree. Dit is moeilike take en hulle sal geleer word om die voorbarige in toom te hou, die beskroomde aan te moedig, om self onpartydig te wees en om hulself op die agtergrond te hou terwille van die saak. Dit sal dus 'n gulde geleentheid bied vir die ontwikkeling van leierskap.

Die leerplan sal egter alleen uitgevoer kan word as alle onderwysers kennis van spraak en spraakonderrig dra. As daar net een of twee onderwysers is wat spraak moet onderrig, sal baie meer tyd as wat vir die onderrig daarvan afgestaan kan word, nodig wees en dan bestaan die gevaar dat die leerlinge spraakonderrig as 'n blote mooidoenery sal beskou en nie as 'n noodsaaklike ,,praktiese" vak nie.

B Y L A E A.

Kantoor van die Inspekteur van Onderwys,
Posbus 115,
Lichtenburg.
23 Julie, 1951.

Die Hoofonderwyser (es)
.....skool,

SPRAAKONDERRIG.

Geagte Meneer/Mevrou/Mejuffrou,

'n Ondersoek na Spraakonderrig vir Afrikaanssprekende leerlinge in hul huistaal word ingestel. U word dus vriendelik versoek om die onderstaande vraelys te voltooi en in die gefrankeerde koevert terug te stuur nie later as 22 Augustus nie.

Die ondersoek is van heeltemal algemene aard en dit is dus nie nodig dat u naam of die naam van u skool op die vraelys verskyn nie.

Sal u asseblief u antwoorde in die daarvoor bestemde openinge invul; as die ruimte onvoldoende is, kan u 'n afsonderlike vel aanheg. As ink te veel op die papier vloei, kan u met 'n sagte potlood skrywe. In sommige gevalle kom die antwoorde na die vrae voor; haal dan asb. deur wat nie van toepassing is nie.

Baie dankie vir u samewerking.

Die uwe,

T. le Roux.

V R A E L Y S.

I. Algemeen.

1. Graad van u skool.....

2.a.(Vir laerskole en laerafdelings)

Aantal goedgekeurde onderwysposte aan u skool.....

b.(Vir middelbare skole en afdelings)

Aantal leerkragte verantwoordelik vir Afrikaans.....

(i) Voltyds.....

(ii) Vir net 'n gedeelte van hul lesure.

(Groep II skole d.i. laerskole met middelbare afdelings moet asb. beide vrae 2(a) en (b) beantwoord.)

3. Waar is u skool gelee? In 'n stad, dorp of op die platteland.

4. Watter voertaal (voertale) word in u skool gebesig? Afrikaans/Afrikaans en Engels.

II. Doel met Spraakonderrig in u Skool.

1. Daar kan heelwat algemene doelstellings wees. Hieronder volg 'n paar. Dié wat u beoog, moet u met 'n X aandui, en as daar ander is wat nie in die lysie voorkom nie, moet u hulle asb. onder (c) byvoeg.

(a) Die leerlinge moet geleer word om:

i. hul moedertaal korrek uit te spreek,

ii. hul moedertaal korrek (grammatikaal korrek) te besig,

iii. duidelik te praat,

iv. hul stem behoorlik te beheers,

v. hul woordeskat uit te brei,

vi. die inhoud van 'n gelese gedeelte weer te gee,

vii. hul kennis weer te gee,

viii. met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes te praat,

ix. toesprake te hou,

x. te argumenteer,

xi. hul gevoelens te vertolk, en

xii. logies te dink.

(b) Die spreekles is 'n voorbereiding vir:

i. 'n opstel wat later geskrywe word,

ii. 'n leesles wat later gelees word.

(c) Enige ander doelstellings (nommer soos hierbo asseblief)

i. .....

ii. .....

iii. .....

2. Dieselfde doelstellings sal nie in al die klasse van toepassing wees nie. Dui asb. aan watter doelstellings in elke afsonderlike klas beoog word. Gebruik die nommers hierbo bv. Gr.1 (a) i en v, (b) ii ens.

Gr. I.....Std. V.....
Gr.II.....Std. VI.....
Std.I.....Std.VII.....
Std.II.....Std.VIII.....
Std.III.....Std. IX.....
Std. IV.....Std. X.....

III. Prosedure by Spraakonderrig.

Dui asb. aan hoe u elk van die doelstellings onder II, i. genoem vir u skool probeer bereik.

(a) Die leerlinge moet geleer word om:

i. hul moedertaal korrek uit te spreek....
ii. hul moedertaal korrek (grammatikaal korrek) te besig.....
iii. duidelik te praat.....
iv. hul stem te beheer.....
v. hul woordeskat uit te brei.....
vi. die inhoud van n gelese gedeelte weer te gee.....
vii. hul kennis weer te gee.....
viii. met ouer mense, meerderes, gelykes en minderes te praat.....
ix. toesprake te hou.....
x. te argumenteer.....
xi. hul gevoelens te vertolk.....
xii. logies te dink.....

(b) Die spreekles is n voorbereiding vir:

i. n opstel wat later geskrywe word.....
ii. n leesles wat later gelees word.....

(c) Enige ander doelstellings.

i. .....
ii. .....

IV. Tyd Bestee aan Spraakonderrig.

1. Wat is die werklike klastye van u skool? (Sien Dept.Omsend,Nr.1 van 1951 bladsy4).
   (a) Grade.....uur per week.
   (b) Stds,I tot V (of VI).....uur per week.
   (c) Std.VI en hoër .....uur per week.

2. Hoeveel uur per week word in elke klas aan spraaklesse as sodanig bestee?(Net in Afrikaans as Huistaal).

Gr. I.....Std. II.....Std. V.....Std.VIII.....
Gr. II.....Std.III.....Std. VI.....Std. IX.....
Std. I.....Std. IV.....Std.VII.....Std. X.....

3. (a) Word daar op spraak gelet as ander vakke bv. aardrykskunde, wiskunde ens., onderrig word? Ja / Nee / Deels.
   (b) Is spraakonderrig uitsluitlik die verantwoordelikheid van die taalonderwyser? Ja / Nee.

V. Belangrikheid van Spraakonderrig.

1. Watter onderafdeling van Afrikaans beskou u van die meeste belang? Rangskik asb. in volgorde van belangrikheid deur syfers in die kolomme te plaas. Die belangrikste is 1, dan 2 ens.

	Laerskool of Laer afdeling	Middelbare skool of afdeling.
Spelling	.....	
Grammatika	.....	
Letterkunde	.....	
Lees	.....	
Praat	.....	
Resiteer of Voordrag	.....	
Skriftelike Stelwerk	.....	

2. Gee asb. redes waarom u die afdelings so rangskik.
   1. .....
   2. .....
   3. .....
   4. .....
   5. .....
   6. .....
   7. .....

B I B L I O G R A F I E.

Abelson, H.H.: The art of Educational Research. World Book Company,New York, 1933.

Atkinson, E. en Reinold, A.W.: Ganot's Physics. Longmans, Green and Company,London,1906.

Avery, E.,Dorsey, J.,en Sickles, V.S.: First Principles of Speech Training. Appleton, New York, 1928.

Backus, O.L.: Speech in Education, Longmans, Green and Company., New York, 1943.

Baird, A.C. en Knower, F.H.: General Speech. McGraw-Hill Book Company, 1949.

Baker, E.W.: Spoken English and How to Teach It. Rand McNally Co., New York, 1925.

Ballard, P.B.: Teaching and Testing of English. University of London Press, 1947.

Barker, M.L.: A Handbook of German Intonation. Cambridge University Press, 1925.

Barnett, P.A.: Common Sense in Education and Teaching. Longmans, Green & Co., London, 1926.

Bennett, R.: The Play way of Speech Training. Evans, London.

Boshoff, S.P.E.: Volk en Taal van Suid-Afrika. De Bussy, Pretoria, 1921.

Bot, A.K.: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal 1836-1936. Staatsdrukker,Pretoria,1936.

Bredell, H.C. en Preller, S.J.: Biologie. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1951.

Coetzee, J.Chr.: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde. Universiteits-Uitgewers & Bookhandelaars, Stellenbosch, 1948.

-do- Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde. Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1948.

-do- Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1944.

-do- Die Moderne Opvoeding. Van Schaik, Pretoria, 1939.

-do- Onderwys in Transvaal. Van Schaik, Pretoria, 1941.

-do- Experimentele Opvoedkundige Studies. Van Schaik, Pretoria, 1936.

Coetzee, J.Chr.: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal. Nasionale Pers, Bloemfontein, 1939.

-do- Ds. S.J. du Toit en die Onderwys. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1946.

-do- en Bingle, H.J.J.: Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys. Van Schaik, Pretoria, 1947.

-do- en -do-: Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys. Van Schaik, Pretoria, 1947.

Doman, F.H.: 'n Histories-Kritiese Studie van die Hollands-Afrikaanse Leergange van die Laer- en Middelbare Skole van Transvaal 1874-1942. Verhandeling vir M. Ed. Graad, Potchefstroom se Univ. Kollege vir C.H.O.

Du Plessis, C.N.J.: Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders. De Bussy, Pretoria, 1898.

Du Toit, J.D.: Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk. Paarl, 1917.

Du Toit, P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanje, 1652-1795. Juta, Kaapstad, 1937.

-do- Onderwys in Kaapland 1652-1939. Van Schaik, Pretoria, 1940.

Eisenson, Jon.: Basic Speech. Macmillan, New York, 1950.

Endemann, Ch.: Der Tonfall in den Südostafrikanischen Bantusprachen, Vox, 1916.

Engelbrecht, S.P.: Thomas Francois Burgers. De Bussy, Pretoria, 1933.

-do- Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika. De Bussy, Pretoria, 1920.

Faure, S.: Elokusie. Nasionale Pers., 1934.

Findlay, J.J.: Principles of Class Teaching. Macmillan, London, 1919.

Fischer, W.E.G.: Transvaal and the Boers. Chapman & Hall, London, 1900.

Fowler, J.H.: The Art of Teaching English, Macmillan, London, 1935.

Gardiner, A.H.: The Theory of Speech and Language. Oxford University Press, 1932.

Gates, A.I.: Psychology for Students of Education. Macmillan, New York, 1933.

Grierson, Sir G.A.: On the Representation of Tones in Oriental Languages. Journal of the Royal Asiatic Society, Oct.,1920.

Gray, G.W. en Wise, C.M.: The Bases of Speech. Harper, New York, 1934.

Guittart, L.J.: De Intonatie van het Nederlands.1925.

Hannum, E.C.: Speak! Read! Write! Pitman, 1935.

Harper, F.H.: Elements of Practical Statistics. Macmillan, New York, 1930.

Jeppe, C.: The Kaleidoscopic Transvaal. Chapman & Hall Ltd., London, 1906.

Jeppe, F.: Transvaal Almanac & Directory,1881. Davis, Maritzburg.

-do- Transvaal Almanac & Directory,1889.

Jesperson, O.: Language its Nature, Development & Origin. Allen & Unwin, 1923.

Johnson, Brown, Curtis & Keaster: Speech Handicapped School Children. Harper, N.Y. 1948.

King, H.E.: A First Book of Training. Newton,1949.

Koos, L.V.: The Questionnaire in Education. Macmillan, New York, 1928.

Kuhlmann, W.: Die Tonhöhenbewegung des Aussagesatzes. Heidelberg, 1931.

Lamborn, E.A.G.: Expression in Speech and Writing. Clarendon Press, Oxford, 1922.

Leest, J.: Het Voortgezet Onderwijs in de Moedertaal. Wolters, N.V.? 1932.

Le Roux, J.J.: Praatjies oor ons Taal. Nasionale Pers, 1939.

-do- Oor die Afrikaanse Sintaksis. Swets en Zeitlinger,Amsterdam,1923.

Le Roux, T.H. en Pienaar, P. de V.: Uitspraakwoordeboek van Afrikaans. Van Schaik, Pretoria, 1945.

Le Roux, T.H. en Pienaar, P. de V.: Afrikaanse Fonetiek. Juta, Kaapstad en Johannesburg, 1927.

Le Roux, T.H.: Afrikaanse Taalstudies. Van Schaik, Pretoria, 1943.

Lewis, M.M.: Language in School. University of

Lewis, M.M.: Infant Speech. Paul, Trench, Trubner, 1936.

Lichtenstein, H.: Travels in Southern Africa. The van Riebeek Society, Cape Town, 1928.

Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900. Van Schaik, Pretoria, 1925.

McCallister, J.M.: Remedial and Corrective Instruction in Reading, Appleton, New York, 1936.

Malherbe,E.G.: Education in South Africa 1652 - 1922. Juta, Kaapstad, 1925.

Mansvelt, N.: Het Onderwijs in Zuid-Afrika. Amsterdam, 1902.

Martin, F.: Manual of Speech Training. National Institute for Voice Disorders, Bristol, Rhode Island, 1945.

Monroë, W.S.: An Introduction to the Theory of Educational Measurements. Mifflin, Boston, 1923.

Moorman, J.G.M.:De Moedertaal. Dekker & van de Vegt, N.V., 1936.

Noel-Armfield, G.: General Phonetics, Heffers of Cambridge, 1924.

Odell, C.W.: Statistical Method in Education. Applcton, New York, 1935.

Palmer, H.E.: English Intonation with Systematic Exercises, Heffers, Cambridge, 1922.

Palmer, H.E. & Redman, H.V.: This Language Learning Business. Harrap, London, 1932.

Panconcelli-Calzia: Die experimentelle Phonetik. Zweite, völlig umgearbeited Auflage, 1924.

Pée, E en W.: Beitrag zum Studium der Nederländischen Intonation. Arch. Néerl, Phon. Exper. VII, 1932.

Peppard, H.M.: The Correction of Speech Defects. Macmillan, New York, 1931.

Pienaar, P. de V.: Die Afrikaanse Spreektaal. Van Schaik, Pretoria, 1947.

Pienaar, P. de V.: Praat U Beskaaf? Voortrekkerpers, 1939.

Preller, G.S.: Voortrekkermense, Dele 1, 5 en 6. Nationale Pers, 1920.

Pretorius, H.S.: Voortrekker Argiefstukke 1829 - 1849. Staatsdrukker, 1937.

Raubicheck, L.: How to Teach Good Speech in the Elementary Schools. Noble and Noble, New York, 1937.

-do- Teaching Speech in Secondary Schools. Prentice-Hall Inc., New York, 1935.

Rugg, H.O.: Statistical Methods Applied to Education. Harrap, London.

Rumsay, H. St. John: Speech Training for Children. Muller, London, 1939.

Sampson, Geo.: English for the English. Cambridge University Press, 1941.

Sarett, L. & Foster, W.F.: Basic Principles of Speech. Mifflin, Boston, 1946.

Schonees, P.C. en Van Bruggen, J.R.L.: Inleiding tot die Studie van Letterkunde. De Bussy, Pretoria, 1925.

Scripture, E.W.: Studies in the Melody of Speech. Vox, 1922.

Seth, G. & Guthrie, D.: Speech in Childhood. Oxford University Press, 1935.

Smith, F. & Harrison, A.S.: Principles of Class Teaching. Macmillan, London, 1937.

Steenkamp, L.S.: Onderwys vir Blankes in Natal, Van Schaik, Pretoria, 1941.

Stewart, R.W.: New Matriculation Sound. University Tutorial Press, London, 1933.

Steyn, H.A.: Moedertaalonderwys. Nas. Pers.

Stone, C.R.: Silent and Oral Reading. Harrap, New York, 1926.

Taute, Ben.: Opvoedende Onderwys. Unie-Volkspers, Kaapstad, 1938.

Theal, G.M.: Geschiedenis van Zuid-Afrika. Maskew Miller, Kaapstad, 1910.

Venter, E.A.: Die Drama en die Skool. Proefskrif vir D. Phil. Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O. 1948.

Vereeniging van Onderwijseressen en Onderwijsers in Zuid-Afrika: Gedenkboek. Van Schaik, Pretoria, 1918.

Ward, G.R.: How to Write a Thesis. Public School Publishing Co., Bloomington, Illinois, 1930.

Watts, A.F.: The Language and Mental Development of Children, Harrap, London, 1944.

Welton, J.: Principles and Methods of Teaching. University Tutorial Press, London, 1921.

West, M.: Language in Education. Longmans Green, London, 1932.

Whitney, F.L.: Elements of Research. Prentice-Hall Inc., New York, 1942.

-do- Statistics for Beginners in Education. Appleton, New York, 1929.

Wise, C.M., McBurney, J.H., Mallory, L.A., Strother, C.R. & Temple, W.J.: Foundations of Speech. Prentice-Hall, New York, 1941.

Wormser, J.H.: Een der Oorzaken van den Oorlog in Zuid-Afrika. Höveken en Wormser, Pretoria, 1900.

Wundt, W.: Völkerpsychologie. Erster Band, Die Sprache. 1921.

Zwaardemaker, H. en Eijkman, L.P.H.: Leerboek der Phonetiek. Haarlem, 1928.

Boeke vir Skoolgebruik.

Booysen, Marais, Steyn & Bonthuys: Nuwe Praktiese Grammatika. Nas. Pers, 1940.

Booysen & Marais: Oefeninge en Taalwerk by Nuwe Praktiese Grammatika, Nas. Pers, 1942.

Chapman: Speech Training & Practice. Oliver & Boyd, London, 1930.

Cramer Bastiaan: Trap der Jeugd. Juta, 1894.

Gullan, M.: Speech Training in the School. Evans, London.

Loubser, C.J.: Spraakopleiding. Juta, Kaapstad, Eerste, Tweede, Derde Boekies en n Handleiding.

Mascall Esmée: Speech House, Books I & II. McDougall's Educational Co. Ltd.

Pienaar, L.E.: Spraakopleiding in die Laerskool. Nasionale Pers, 1946.

Sanson & Bennett: Speech Training Books, Books I & II. University of London Press, 1939.

Swann, M.: An Approach to Choral Speech. Macmillan. London. 1946.

Volksleesboek voor Scholen en Huisgezinnen in Zuid-Afrika, 1868.

Tydskrifte.

Journal of General Psychology. July, 1934; Oct., 1934; April, 1934.

British Journal of Educational Psychology. Feb,1935 and June, 1935.

Elementary School Journal. May, 1935; May, 1938; April, 1941.

New Era. May, 1936.

Journal of Educational Research. March, 1936; January, 1938; November, 1945; April, 1947.

Pedagogical Seminary (Journal of Genetic Physchology). March, 1925.

,,The Quarterly Journal of Speech" vir die jare 1941, 1943, 1944, 1945, 1946, 1947 en 1948.

Language Learning. January, April, July & Oct.,1948; January to March, April to June, 1949.

Speech Monographs vir die jare 1934 tot 1949.

Die Huisgenoot.

Die Onderwysblad.

Tydskrif vir Middelbare Onderwys.

Verslae van Kommissies.

Die Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1939.

Verslag van die Inter-Departementele Komitee oor Afwykende Kinders, 1945.

Guides to Speech Training in the Elementary School - A report of the Elementary Committee of the National Association of Teachers of Speech, 1943.

The Teaching of English in England - Report of a Departmental Committee, 1921.

The Bulletin of the National Association of Secondary School Principals Volume 32, No. 151 January, 1948 - Speech for all American Youth.

Reports of the Advisory Council on Education in Scotland: Primary Education; Secondary Education.

Verslae van Onderwys-hoofde.

Transvaal and Orange River Colony, Public Education, Report of the Director of Education for the Period November, 1900 to February, 1904.

Transvaal Administration Reports for 1902, Part I.

Transvaalse Onderwysdepartement: Verslae vir die jare 1903 tot 1945 en 1948.

Algemeen.

Provinsiale Staatskoerante, Transvaal, 1900 - 1950.

Onderwyswette:-

Ordonansie Nr. 7 van 1903.

Onderwyswette van 1907, 1908 en 1909.

Ordonansies van 1911, 1912, 1914, 1915, en 1917.

Handboek van Onderwyswette 1922 en 1929.

Omsendbriewe van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Algemene Circulaires Nrs. 1 en 2 van 1908.

Departementele Circulaires Nrs. 1 tot 18 vanaf Julie, 1908 tot September, 1912.

Departements-Circulaires Nrs. 19 tot 25 vanaf Des., 1912 tot Junie, 1914.

Afgerolde Omsendbriewe vanaf 1923 tot 1951.

Algemene Omsendbriewe vanaf Maart, 1934 tot 29 Oktober, 1947.

Departementele Omsendbriewe Junie, 1923 tot November, 1951.

Leerplanne van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Die Kode van F. Ware 1903.

Die Bepalingen en Leergangen van 1909.

Wijziging van de Regulaties in zake Lagere Scholen voor Blanken Kinderen, 1911.

Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen, 1913.

Bepalingen voor Lagere Scholen voor Blanke Kinderen, 1914.

Leergangen (Grade tot Std. X) van 1917.

Bepalingen en Leergangen voor Buitenscholen, 1918.

Regulasies Betreffende Laerskole vir Blanke Kinders, 1929.

Voorgestelde Leerplanne (Grade tot Std.VIII) 1940, 1942 en 1948.

Vereistes vir Juniorsertifikaateksamen, Transvaal.

Administrateurskennisgewing Nr. 813 van 1929.

Administrateurskennisgewing Nr. 614 van 1930.

Omsendbrief Nr. 519 van 1932.

Regulasies en Sillabusse vir die Transvaalse Juniorsertifikaat, 1932.

Voorwaardes en Sillabusse vir die Transvaalse Juniorsertifikaat, 1934.

Handboeke vir die Transvaalse Juniorsertifikaateksamen, 1942 en 1947.

Vereistes vir die Eindsertifikaat van die Middelbare Skool, Transvaal.

Handboeke vir die Transvaalse Middelbareskool-Sertifikaat, 1921, 1924, 1926, 1929.

Handboek vir die Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare Skool, 1931, 1934, 1935, 1938, 1942, 1945 en 1949.

Opleiding van Onderwysers.

Education Department, Transvaal. Regulations for issuing Teachers' Certificates. March, 1905; August, 1906; February, 1908.

-do- The Normal College, Pretoria, 1907.

-do- Regulations Governing the Training of Teachers and the issue of Teachers' Certificates, 1911.

-do- Information for the use of Candidates desiring to enter Normal Colleges, 1913.

-do- Regulations Governing the Training of Teachers and the Issue of Teachers' Certificates, 1918 en 1922.

Departement van Onderwys, Transvaal. Programme vir die Onderwysersderde- en Tweede-klassertifikaatseksamens, 1925.

-do- Regulasies betreffende die Opleiding van Europese Onderwysers en die uitreiking van Onderwysersertifikate, 1926,1927,1930,1933.

-do- Sillabusse vir die Opleidingskursus vir die Transvaalse Onderwysersdiploma, 1934.

Departement van Onderwys, Transvaal. Voorwaardes betreffende die opleiding van Blanke Onderwysers en die uitreiking van Onderwysersdiplomas, 1937, 1940, 1944.

Leerplanne en Vereistes van Ander Provinsies.

Leerplan vir Afrikaanse Eerste Taal, Die Onderwysgaset van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop, Nr.27, 16 November, 1950.

Leerplan vir Afrikaans as Hooftaal, Onderwysdepartement, Natal, 1951.

Leerplan vir Afrikaans (Huistaal) Onderwysdepartement, Oranje Vrystaat (geen datum - leerplan is afgerol en nie gedruk nie).

Handboek vir die Juniorsertifikaat - Eksamen, Departement van Onderwys, O.V.S.Provinsie,1951.

Leerplanne en Regulasies vir die Skooleindsertifikaat, Onderwysdepartement, O.V.S., 1951.

Leerplan vir die Middelbare Skool, Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop, 1948.

Juniorsertifikaateksamen, Natalse Onderwysdepartement, 1951.

Handboek vir die Matrikulasie-Eksamen, Gemeenskaplike Matrikulasie Raad, 1952.

Argiefstukke.

Staatsekretaris (S.S.) R. stukke tot 1862 (Band 32).

Register Staatsekretaris - R stukke 1854 - 1863.

-do- -do- Supplementêre stukke 1865.

Staatskoerante 1857 tot 1899.

E.V.R. stukke tot Band 107 B 621/64.

Notule van Volksraad 1859 tot 1899.

Onderwysjaarverslag 1882 tot 1899.

Verslae van skoolinspeksies 1882 tot 1899.

Lautversameling, Bande 1 tot 18.

Schoolgids 1892, 1895, 1897 en 1898.

Algemene Bepalingen omtrent de Examens en de Toelatingen, 1893.

Kalender van die Raad van Examinatoren 1896,1898,1899.

Rapport van de Examens gehouden door den Raad van Examenatoren in de Z.A.R. 1888 tot 1894.